UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ‘N OPLEIDINGSPROGRAM VIR VOORNEMENDE PLEEGOUERS

deur

CHARMAINE FOURIE

Voorgelê ter vervulling van ‘n deel
van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE
(MAATSKAPLIKE WERK)

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

PROMOTOR: DR J.M.C JOUBERT

PRETORIA
2007

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DANKBETUIGINGS


Opregte dank word uitgespreek teenoor die volgende persone:

- Eerstens my opregte dank aan my Hemelse Vader vir Sy oorvloedige genade en geleenthede wat vir my geskep is.
- Die respondente wat my toegelaat het om 'n indruk op hul lewens te maak.
- Dr Kotie Joubert, my studieleier, wat my gelei het om my denke te hervorm en te skep, asook vir haar deurlopende ondersteuning en positiewe motivering.
- Al die kundiges wat vir die doel van hierdie navorsing genader is, vir hul kennisinsette en die gemak waarmee hulle my geakkommodeer het.
- Me Jacky Summerville van die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek, vir die hulp met die opstel van die vraelys.
- Die bestuur van die Ondersteuningsraad, wat my toegelaat het om hierdie navorsingstudie as deel van my werksverpligting binne die organisasie, te onderneem.
- My kollegas, vir hul opregte belangstelling, geduld en ondersteuning.
- Me Francina Smuts, vir die noukeurige taalkundige versorging van die proefskrif.
- My ouers, vir hul geloof en vertroue in my.
- Al my vriende, vir hul onbaatsugtige hulp en motivering.


***"Today we are paying homage to all foster families, who have demonstrated their courage and strength by opening their hearts and homes to share all that they have, in fostering children who have no other place to go"***

**- Oud-president Nelson Mandela (16 Julie 1998)-**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# OPSOMMING

**'N OPLEIDINGSPROGRAM VIR VOORNEMENDE PLEEGOUERS**

**deur**

**CHARMAINE FOURIE**

Promotor: Dr J.M.C. Joubert
Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie
Universiteit van Pretoria

Graad: Doctor Philosophiae

---

Misdade wat gemik is teen kinders veroorsaak tans 'n nasionale krisis wat geïllustreer word deur die feit dat daar 'n toename in die mishandeling en verwaarlosing van kinders is. Al hoe meer kinders word ook wees gelaat na die afsterwe van hul biologiese ouers weens MIV/VIGS-verwante siektes. Dit bring mee dat daar 'n geweldige toename in pleegsorgplasings in Suid-Afrika is. Welsynsorganisasies beskik egter nie oor 'n resente opleidingsprogram wat daarop gemik is om voornemende pleegouers op pleegsorg voor te berei nie.

Die doel van die studie het behels om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel, te implementeer en empiries te toets. Die doelwitte wat gestel is om die doel te bereik was om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel, die program by voornemende pleegouers te toets en om die impak van die program waar te neem deur die resultate van 'n voor- en natoets te vergelyk. Die inhoud van die opleidingsprogram wat vir die studie ontwikkel is, is beskryf. Gevolglik is van beskrywende navorsing gebruik gemaak.

Hierdie studie het berus op die volgende hipotese: Indien voornemende pleegouers hierdie opleidingsprogram deurloop het, sal die voornemende pleegouers se kennis rakende die omvang, wetlike implikasies, verwagtinge, motiewe, verantwoordelikhede en pligte ten opsigte van pleegsorg, en die profiel van die pleegkind verbeter. Die empiriese resultate van die studie het die hipotese as waar bewys.

‘n Kwantitatiewe enkelstelselontwerp, is die benadering wat gevolg is. Data is ingesamel met behulp van ‘n vraelys wat tydens ‘n voor- en natoets benut is.

Altesaam 53 respondente (ouer as 20 jaar) bestaande uit getroude pare en enkellopendes wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006, by die Ondersteuningsraad van Pretoria as voornemende pleegouers aangemeld het, is by die studie betrek. Die 53 respondente is in drie groepe ingedeel. Drie opleidingsessies met elk van die drie groepe is onderneem.

Rothman en Thomas se model vir intervensienavorsing is benut om die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel. Die model bestaan uit ses fases, waarvan die eerste vyf fases in die studie benut is. Tydens die eerste fase is die probleem ontleed; in die tweede fase is teoretiese inligting versamel en deelnemers by die studie betrek; by die derde en vierde fases, is die opleidingsprogram tentatief ontwerp en getoets om leemtes te identifiseer. Daarna is die program volledig geïmplementeer en die impak daarvan empiries getoets.

Die kwantitatiewe data (voor- en natoets) is met behulp van ‘n selfontwerpte vraelys ingesamel. Die vraelys is benut om inligting aangaande die respondente se kennis van pleegsorg te verkry. Individuele telefoniese onderhoude is een maand na afloop van die implementering van die program met die respondente gevoer om addisionele inligting te kry. Die resultate van die voor- en natoets het getoon dat die opleidingsprogram suksesvol was. Die respondente wat by die studie betrek is, het ‘n verbetering getoon ten opsigte van hul kennis van pleegsorg.

Na die evaluering van die opleidingsprogram, is ‘n samevatting van die vernaamste bevindings, en gevolgtrekkings vir die ondersoek in geheel, aangebied. Aanbevelings is gemaak en is temas vir verdere navorsing geïdentifiseer.

**Sleutelterme:**

Pleegsorg
Pleegkind
Pleegouers
Sisteemteorie
Sorgbehoewende kind
Opleidingsprogram
Kinderwet, Wet 38 van 2005
Pleegsorgtoesigdienste
Gesinsherenigingsdienste
Pleegsorgbeleid

**Keywords:**

Foster care
Foster child
Foster parents
Systems theory
Child in need of care
Training programme
Children’s Act, Act 38 of 2005
Foster care supervision services
Family re-unification services
Foster care policy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY

**A TRAINING PROGRAMME FOR PROSPECTIVE FOSTER PARENTS**

**by**

**CHARMAINE FOURIE**

Supervisor: Dr J.M.C. Joubert
Department of Social Work and Criminology
University of Pretoria

Degree: Doctor Philosophiae

---

Crime against children is currently causing a national crisis that is being illustrated by the fact that there is an increase in the abuse and neglect of children. There is a tendency that even more children are orphaned after the death of their biological parents due to HIV/AIDS-related illnesses. As a result of this, there is also a drastic increase in foster care placements in South Africa. Welfare organizations don't have training programmes at their disposal that focus on the prospective foster parents' adequate preparation regarding foster care.

The objective of this study was to develop, to implement and to empirically test a training programme for prospective foster parents. The goals of this study were to develop a training programme for prospective foster parents, to test this programme on prospective foster parents and to evaluate the impact of the programme by comparing the results of the pretest and the posttest. Descriptive research was used for this study as the content of the training programme was developed and described

The hypothesis of this study was the following: If prospective foster parents undergo this training programme, their knowledge regarding the extent, legal implications, expectations, motives, responsibilities and tasks of foster care, as well as the profile of the foster child, will be improved.

A quantitative single-system design was followed for this study. Data were collected with the aid of questionnaires that were utilized during a pretest and posttest.

A total of 53 respondents (above the age of 20 years), consisting of married couples and single persons, that had applied at the Ondersteuningsraad of Pretoria as prospective foster parents during the period February to June 2006, participated in this study. These 53 respondents were divided into three groups where three training sessions were held with them respectively.

Rothman and Thomas' model for intervention research was used to develop the training programme for prospective foster parents. This model is comprised out of six phases of which the first five phases have been used in this study. The research problem was analized during the first phase. Theoretical information was gathered, and applicants involved, during the second phase of this study. During the third and fourth phases, a theory-based programme was drafted and tested to identify shortcomings. During the fifth phase the programme was fully implemented and its impact tested empirically.

The quantitative data (pretest and posttest) were collected with the aid of a self constructed questionnaire. The questionnaire was used to gather information regarding the respondents' knowledge of foster care. Individual telephonic interviews were conducted with all the respondents one month after the implementation of the programme, with the aim to gather additional information. The results of the pretest and posttest indicated that the training programme was successful. The respondents that participated in this study, showed an increase in their knowledge regarding foster care.

A summary of the most distinctive findings was made after the evaluation of the training programme. Conclusions and recommendations were made and themes for further research were identified.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

### ALGEMENE ORIëNTERING TOT DIE STUDIE


1.1 INLEIDING 1

1.2 PROBLEEMFORMULERING 5

1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK 9
1.3.1 Doelstelling 9
1.3.2 Doelwitte 9

1.4 HIPOTESEFORMULERING 10

1.5 NAVORSINGSBENADERING 11

1.6 SOORT NAVORSING 12

1.7 NAVORSINGSONTWERP 13

1.8 NAVORSINGSPROSEDURE 14
1.8.1 Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning 15
1.8.1.1 Identifisering en inskakeling van kliënte 15
1.8.1.2 Verkry toegang en samewerking van betrokkenes 16
1.8.1.3 Identifiseer behoeftes en probleme van die populasie 16
1.8.1.4 Analisering van geïdentifiseerde probleme 17
1.8.1.5 Formulering van doelstellings en doelwitte 18
1.8.2 Fase 2: Data-insameling en ontwikkeling van 'n sintese 18
1.8.2.1 Benutting van bestaande inligtingsbronne 18
1.8.2.2 Bestudering van natuurlike voorbeelde 19
1.8.2.3 Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle 21
1.8.3 Fase 3: Ontwerp 21
1.8.3.1 Ontwerp 'n waarnemingsisteem 21
1.8.3.2 Spesifiseer die prosedure-elemente van die intervensie 22

1.8.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en voortoets 24
1.8.4.1 Ontwikkel 'n prototipe of voorlopige intervensie 24
1.8.4.2 Uitvoering van 'n voorondersoek 25
1.8.4.3 Pas ontwerpkriteria toe op voorlopige intervensieprogram 26
1.8.5 Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling 27
1.8.5.1 Selektering van 'n eksperimentele ontwerp 27
1.8.5.2 Insameling en analisering van data 27
1.8.5.3 Herhaling van intervensie onder natuurlike omstandighede 29
1.8.5.4 Verfyning van die intervensie 29
1.8.6 Fase 6: Verspreiding 29

1.9 BEGRENSING VAN DIE STUDIE 29
1.9.1 Universum 30
1.9.2 Populasie 30
1.9.3 Afbakening van die steekproef 30
1.9.4 Wyse van steekproefneming 30

1.10 ETIESE ASPEKTE 31
1.10.1 Vrywillige deelname 31
1.10.2 Geen skade aan deelnemers 32
1.10.3 Anonimiteit 32
1.10.4 Privaatheid en vertroulikheid 33
1.10.5 Verkeerde inligting of die weerhouding van inligting 33
1.10.6 Optrede en bedrewenheid van die navorser 34
1.10.7 Ontlonting 34

1.11 BEPERKINGS EN LEEMTES IN DIE ONDERSOEK 35

1.12 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE 37
1.12.1 Pleegsorg 37
1.12.2 Pleegouers 38
1.12.3 Pleegkind 39
1.12.4 Voornemende pleegouers 39
1.12.5 Opleidingsprogram 39
1.12.6 Welsynsorganisasie 40

1.13 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG 40

1.14 SAMEVATTING 41

## HOOFSTUK 2

### ALGEMENE SISTEEMTEORIE AS TEORETIESE FUNDERING IN PLEEGSORG

2.1 INLEIDING 43

2.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE BENUTTING VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE IN HIERDIE STUDIE 44

2.3 DIE INHOUD VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE 48
2.3.1 Die sisteembenadering 49
2.3.2 Omskrywing van 'n teorie 49
2.3.3 Die filosofie van die algemene sisteemteorie 50
2.3.4 Newtoniaanse denke 50
2.3.5 Kubernetika 51
2.3.6 Tweede-orde-kubernetika 51
2.3.7 Konstruktivisme 52

2.4 KONSEPTE VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE 53
2.4.1 Sisteem 53
2.4.2 Subsisteem 55

2.5 BEGINSELS VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE 57
2.5.1 Sirkulariteit 57
2.5.2 Inligting/Informasie 58
2.5.3 Dubbelbeskrywing/Geheel/Holisme 59
2.5.4 Patroon en vorm 60
2.5.5 Stabiliteit en verandering 60
2.5.6 Passing en konservasie/Interafhanklikheid 61

2.6 KENMERKE VAN SISTEME 61
2.6.1 Entropie 62
2.6.1.1 Positiewe entropie 62
2.6.1.2 Negatiewe entropie 62

2.6.2 Sisteme is relatief oop of geslote 63

2.6.2.1 Oop sisteme 63

2.6.2.2 Geslote sisteme 64

2.6.3 Grense 65

2.6.4 Georganiseerde hiërargiese verhouding 66

2.6.5 Inset-deurset-uitset en terugvoering 67

2.6.6 Ewewigstoestand (Ekwilibrium/Homeostase) 69

2.6.7 Ekwifinaliteit teenoor ekwipotensialiteit 69

2.7 VERSKILLENDE VLAKKE VAN SISTEME 70

2.7.1 Mikrovlak-sisteme 70

2.7.2 Middelvlak- of mesosisteme 71

2.7.3 Eksosisteem 71

2.7.4 Makrovlak-sisteme 72

2.8 TEGNIEKE VAN DIE SISTEMIESE BENADERING 73

2.8.1 Sirkulêre vraagstelling 73

2.8.2 Genogram en ekokaart 74

2.8.3 Metafore 74

2.9 DIE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER MET BETREKKING TOT DIE INTEGRERING VAN DIE SISTEEMBENADERING IN PLEEGSORGDIENSTE 75

2.9.1 Vasstelling van grense 75

2.9.2 Regulering van openheid of geslotenheid 75

2.9.3 Vennootskap 76

2.10 WAARDE VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE 77

2.11 SAMEVATTING 79

## HOOFSTUK 3

### DIE SORGBEHOEWENDE KIND

3.1 INLEIDING 81

3.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP SORGBEHOEWENDE KIND 81

3.3 HUIDIGE WETGEWING TEN OPSIGTE VAN SORGBEHOEWENDHEID VAN 'N KIND 82

3.3.1 Bepalings van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) 83

3.4 OUERSKAP EN OUERLIKE VERANTWOORDELIKHEID TEN OPSIGTE VAN HUL KINDERS 85

3.5 REGTE VAN KINDERS 88

3.6 BEHOEFTES VAN KINDERS 91
3.6.1 Behoefte aan liefde en sekuriteit 92
3.6.2 Behoefe aan nuwe ervarings 92
3.6.3 Behoefte aan goedkeuring en erkenning 92
3.6.4 Behoefte aan verantwoordelikheid en onafhanklikheid 93
3.6.5 Behoefte om iewers te behoort 93

3.7 DIE KIND AS KLIëNT 94

3.8 BESKRYWING VAN KINDERMISHANDELING EN –VERWAARLOSING 96

3.9 GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN KINDERMISHANDELING 98

3.10 SOORTE KINDERMISHANDELING 99
3.10.1 Fisiese mishandeling 99
3.10.1.1 Simptome van fisiese mishandeling 100
3.10.1.2 Gedragspatrone 102
3.10.2 Seksuele misbruik 102
3.10.2.1 Soorte seksuele misbruik 103
3.10.2.2 Fisiese simptome van seksuele misbruik 106
3.10.2.3 Gedragspatrone 106
3.10.3 Emosionele mishandeling 107
3.10.3.1 Soorte emosionele mishandeling 108
3.10.3.2 Gedragspatrone 108
3.10.4 Verwaarlosing 109
3.10.4.1 Simptome van verwaarlosing 110

3.11 GEVOLGE VAN DIE VERWYDERING VAN KINDERS 111
3.11.1 Gevoelens van kinders wat verwyder is 112
3.11.1.1 Onderbreking van identiteitsvorming 113
3.11.1.2 Verlaging in selfbeeld 113
3.11.1.3 Onstabiele selfkonsep 114

3.11.1.4 Emosionele probeleme 114
3.11.1.5 Gedragsprobleme 115
3.11.1.6 Sosialiseringsprobleme 115
3.11.1.7 Skolastiese of opvoedkundige probleme 115
3.11.1.8 Gesondheidsprobleme 115
3.11.2 Emosionele skeiding en binding 116

3.12 BINDING 117
3.12.1 Die bindingsteorie 117
3.12.1.1 Soeke na nabyheid 118
3.12.1.2 Basis van sekuriteit 118
3.12.1.3 Skeidingsgedrag 118
3.12.2 Bindingspatrone 119
3.12.2.1 Geborge binding 119
3.12.2.2 Insekure, angstige en ambivalente binding 119
3.12.2.3 Insekure, angstige en vermydende binding 120
3.12.2.4 Insekure, angstige en gedisorganiseerde binding 121
3.12.2.5 Geen binding 121
3.12.3 Die effek van gebrekkige bindings 122
3.12.3.1 Permanente losmaak 122
3.12.3.2 Volgehoue verplaaste woede 123
3.12.3.3 Chroniese depressie 123
3.12.3.4 A-sosiale en antisosiale gedrag 124
3.12.3.5 Lae selfkonsep 124
3.12.3.6 Chroniese afhanklikheid 124

3.13 SKEIDING 125
3.13.1 Reaksie op skeiding 125
3.13.1.1 Faktore wat reaksie op skeiding beïnvloed 126
3.13.2 Ontwikkelingsfases met betrekking tot die kind 130
3.13.3 Langtermyngevolge van skeiding 135

3.14 SUBSTITUUTSORG 136

3.15 SAMEVATTING 137

# HOOFSTUK 4

## PLEEGSORG IN SUID-AFRIKA


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | INLEIDING | 140 |
| 4.2 | DOEL VAN PLEEGSORG | 140 |
| 4.3 | PLEEGSORG IN SUID-AFRIKA | 142 |
| | 4.3.1 Omskrywing van die begrip pleegsorg | 142 |
| | 4.3.1.1 Korttermynpleegsorg | 143 |
| | 4.3.1.2 Langtermynpleegsorg | 144 |
| | 4.3.1.3 Verwante en nie-verwante pleegsorg | 145 |
| | 4.3.1.4 Aanneming | 147 |
| 4.4 | PLEEGSORG IN ANDER LANDE | 147 |
| | 4.4.1 Botswana | 147 |
| | 4.4.2 Japan | 148 |
| | 4.4.3 Verenigde State van Amerika (VSA) | 149 |
| | 4.4.4 Engeland | 150 |
| 4.5 | DIE WET OP KINDERSORG, 1983 (WET 74 VAN 1983) | 151 |
| | 4.5.1 Assessering van risiko | 152 |
| | 4.5.2 Voorkomingsdienste | 153 |
| | 4.5.3 Krisishantering | 154 |
| | 4.5.4 Bepaling van risikofaktore | 155 |
| | 4.5.5 Plek van veiligheid | 155 |
| 4.6 | DIE PLEEGKIND IN SUID-AFRIKA | 157 |
| 4.7 | DIE FILOSOFIE VAN PLEEGSORG | 159 |
| | 4.7.1 Die natuurlike bande tussen ouer en kind | 160 |
| | 4.7.2 Terugplasing van die kind by die biologiese ouers | 160 |
| | 4.7.3 Verantwoordelikheid van die staat na verwydering van kinders | 161 |
| | 4.7.4 Betrokkenheid van al die partye wat gemoeid is | 162 |
| | 4.7.5 Inhoud van die hofbevel | 163 |
| 4.8 | DIE WERWING, KEURING EN OPLEIDING VAN VOORNEMENDE PLEEGOUERS | 163 |

4.9 PASSING EN PLASING VAN KINDERS IN PLEEGSORG 166
4.9.1 Selektering en voorbereiding vir plasing 167
4.9.2 Plasing van die kind 169

4.10 VOORTGESETTE DIENSLEWERING NA PLASING 171
4.10.1 Pleegsorgtoesigdienste 172
4.10.2 Gesinsherenigingsdienste 173

4.11 TAAK VAN DIE PLEEGOUERS 176
4.11.1 Fisiese versorging van die pleegkind 177
4.11.2 Emosionele versorging van die pleegkind 178
4.11.3 Sosiale ontwikkeling van die pleegkind 179
4.11.4 Opvoedkundige ontwikkeling van die pleegkind 180
4.11.5 Samewerking met die maatskaplike werker 180

4.12 PERMANENSIEBEPLANNING 181
4.12.1 Afwesigheid van permanensiebeplanning 182

4.13 SAMEVATTING 183

## HOOFSTUK 5

### PLEEGSORGBELEID EN –PROSEDURES

5.1 INLEIDING 186

5.2 OMSKRYWING VAN BELEID 189

5.3 DIE DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING 189
5.3.1 Inleiding 189
5.3.2 Die pleegkind 190
5.3.3 Die pleeggesin 191
5.3.4 Die biologiese ouers 192
5.4.5 Seleksie kriteria vir voornemende pleegouers 193
5.4.6 Korttermyn- en langtermynpleegsorg 193
5.4.7 Permanensiebeplanning 193
5.4.8 Regte en verantwoordelikhede van pleegouers 194
5.4.9 Pleegkindtoelaag en gratis skoolonderrig 194
5.4.10 Evaluering 195

5.4 DIE ONDERSTEUNINGSRAAD 195
5.4.1 Inleiding 195
5.4.2 Verwagtinge wat ten opsigte van pleegsorg gestel wors 196
5.4.3 Doel van pleegsorg 196
5.4.4 Kinders wat op pleegsorg aangewese is 197
5.4.5 Tipes plasings 197
5.4.5.1 Plek van veiligheid 197
5.4.5.2 Korttermynplasing 198
5.4.5.3 Permanente of langtermynpleegplasing 198
5.4.6 Pleegsorgtoesigwerkers 198
5.4.6.1 Verantwoordelikhede 198
5.4.6.2 Regte 199
5.4.6.3 Vereistes 200
5.4.7 Pleeggesinne 201
5.4.7.1 Verantwoordelikhede 201
5.4.7.2 Regte 202
5.4.7.3 Vereistes 202
5.4.8 Biologiese ouers 203
5.4.8.1 Verantwoordelikhede 203
5.4.8.2 Regte 203
5.4.8.3 Vereistes 204
5.4.9 Pleegkinders 205
5.4.9.1 Verantwoordelikhede 205
5.4.9.2 Regte 205
5.4.9.3 Vereistes 206
5.4.10 Pleegouers se eie kinders 206
5.4.10.1 Verantwoordelikhede 206
5.4.10.2 Regte 207
5.4.11 Keuring van pleegouers 207
5.4.12 Pleegoueropleiding 208
5.4.13 Passing van die pleegkind en pleegouers (seleksie) 208
5.4.14 Pleegsorgtoesigdienste 208
5.4.15 Evaluering 209

5.5 DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD (CMR) 210
5.5.1 Inleiding 210
5.5.2 Beginsels 210
5.5.3 Kenmerke van die gesin 211
5.5.4 Motiewe vir pleegsorg 212
5.5.5 Vereistes 213
5.5.5.1 Gesinsamestelling 213
5.5.5.2 Ouderdom 213
5.5.5.3 Inkomste 214
5.5.5.4 Buitenshuise arbeid van die moeder 214
5.5.6 Algemene beleid 214
5.5.6.1 Permanensiebeplanning 214
5.5.6.2 Gesinsbande tydens plasing 215
5.5.6.3 Uitgangspunte ten opsigte van familiesorg 216
5.5.6.4 Keuring van familieouers 216
5.5.6.5 Aansoeke uit ander religieuse denominasies 217
5.5.7 Evaluering 217

5.6 KINDER- EN GESINSORGVERENIGING VAN SUID-AFRIKA 217
5.6.1 Inleiding 218
5.6.2 Oriëntering van voornemende pleegouers 218
5.6.3 Vereistes 218
5.6.3.1 Kinderlose egpare 218
5.6.3.2 Ouderdom 219
5.6.3.3 Aantal jare getroud 219
5.6.3.4 Dagmoeders wat as pleegouers wil optree 219
5.6.3.5 Plasing van ‘n pleegkind en aangenome kind in een huis 219
5.6.3.6 Ander 220
5.6.4 Werkswyse by privaatreëling 220
5.6.5 Passing en plasing (seleksie) 220
5.6.5.1 Riglyne 220
5.6.5.2 Beleid: Seleksie van ‘n pleeggesin 223
5.6.5.3 Beleid: Plasing 223

5.6.6 Besoekreëlings ten opsigte van biologiese ouers 224
5.6.6.1 Plek van veiligheid 224
5.6.6.2 Pleegsorg 224
5.6.7 Evaluering 224

5.7 SAMEVATTING 228
5.7.1 Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling 228
5.7.2 Die Ondersteuningsraad 229
5.7.3 Christelike Maatskaplike Raad (CMR) 231
5.7.4 Kinder- en Gesinsorgvereniging van Suid-Afrika 232

# HOOFSTUK 6

## ‘N OPLEIDINGSPROGRAM VIR VOOPLEEGOUERS

6.1 INLEIDING 233

6.2 DIE KONSEP “PROGRAM” 234

6.3 TAAK EN VAARDIGHEDE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER 235

6.4 OPEENVOLGENDE FASES VAN DIE INTERVENSIEPROSES 236
6.4.1 Assessering van die voornemende pleeggesin 237
6.4.2 Doelwitbepaling vir die program 238
6.4.3 Groepwerk 239
6.4.4 Herassessering 243

6.5 AANBIEDING VAN DIE OPLEIDINGSPROGRAM 243
6.5.1 Profiel van voornemende pleegouers (respondente) 243
6.5.2 Aanpassings vir die aanbieding van die program 244
6.5.3 Basiese struktuur enformaat van die opleidingsprogram 244

6.6 ‘N OPLEIDINGSPROGRAM VIR VOORNEMENDE PLEEGOUERS 245
6.6.1 Aanmeldingsonderhoud 246
6.6.1.1 Aansoekvorm 246
6.6.1.2 Insameling van inligting 246
6.6.1.3 Invul van vraelys 247
6.6.1.4 Behoeftebepaling 247
6.6.1.5 Aanvullende reëlings 247

6.6.2 Tuisbesoek om die behuisingsomstandighede en maatskaplike funksionering te evalueer 248

6.6.3 Aanbieding van opleidingsessies 249

6.6.3.1 Sessie 1: Algemene oriëntering en deurgee van inligting 250

6.6.3.2 Sessie 2: Regte, verwagtinge en verpligtinge 261

6.6.3.3 Sessie 3: Emosionele probleme en die rol van die gesinsisteem 269

6.6.4 Opvolg telefonise onderhoud met respondente – addisionele inligting 282

6.7 SAMEVATTING 282

# HOOFSTUK 7

## EMPIRIESE GEGEWENS

7.1 INLEIDING 285

7.2 OORSIG VAN DIE NAVORSINGSPROSES 285

7.2.1 Navorsingsprobleem 285

7.2.2 Doelstelling en doelwitte 286

7.2.3 Hipoteseformulering 286

7.2.4 Navorsingsmetodologie 287

7.3 KWANTITATIEWE DATA-INSAMELING 291

7.3.1 Vertrouenswaardigheid van die kwantitatiewe data 292

7.3.1.1 Betroubaarheid 292

7.3.1.2 Geldigheid 293

7.4 SOSIO-DEMOGRAFIESE KENMERKE VAN DIE RESPONDENTE 295

7.5 OPLEIDING IN GROEPSVERBAND 309

7.5.1 Opleidingsessie 1 310

7.5.1.1 Doelstelling 310

7.5.1.2 Doelwitte 310

7.5.1.3 Verloop 310

7.5.1.4 Resultate van die voor- en natoetse 311

7.5.1.5 Evaluering 337

7.5.2 Opleidingsessie 2 338

7.5.2.1 Doelstelling 338

7.5.2.2 Doelwitte 338

7.5.2.3 Verloop 339
7.5.2.4 Resultate van die voor- en natoetse 339
7.5.2.5 Evaluering 351
7.5.3 Opleidingsessie 3 351
7.5.3.1 Doelstelling 351
7.5.3.2 Doelwitte 351
7.5.3.3 Verloop 352
7.5.3.4 Resultate van die voor- en natoetse 352
7.5.3.5 Evaluering 356

7.6 SAMEVATTING 357

## HOOFSTUK 8

### SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

8.1 INLEIDING 359

8.2 ALGEMENE ORIëNTERING TOT DIE STUDIE 360

8.3 ALGEMENE SISTEEMTEORIE AS TEORETIESE FUNDERING IN PLEEGSORG 363

8.4 DIE SORGBEHOEWENDE KIND 366

8.5 PLEEGSORG IN SUID-AFRIKA 368

8.6 PLEEGSORGBELEID EN –PROSEDURES 371

8.7 ‘N OPLEIDINGSPROGRAM VIR VOORNEMENDE PLEEGOUERS 372

8.8 EMPIRIESE RESULTATE 374

8.9 AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN HIERDIE NAVORSING 378

8.10 TEMAS VIR VERDERE NAVORSING 382

8.11 EVALUERING VAN DIE DOEL EN DOELWITTE 382
8.11.1 Doel van die studie 382
8.11.2 Doelwitte van die studie 383

8.12 HIPOTESE 384

8.13 SLOTOPMERKINGS 385

**BRONNELYS** 386

**BYLAES**

# LYS VAN TABELLE EN FIGURE

## TABELLE

TABEL 3.1: EFFEKTIEWE DIENSLEWERING AAN DIE KIND 95
TABEL 3.2: ONTWIKKELINGSFASES VAN DIE KIND 131
TABEL 7.1: DATUMS VAN OPLEIDINGSESSIES 294
TABEL 7.2: GESLAGSVERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE 295
TABEL 7.3: KULTUURGROEPE VAN DIE RESPONDENTE 296
TABEL 7.4: OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE 297
TABEL 7.5: HUWELIKSTATUS VAN RESPONDENTE 298
TABEL 7.6: BIOLOGIESE KINDERS VAN RESPONDENTE 299
TABEL 7.7: HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE PEIL VAN RESPONDENTE 300
TABEL 7.8: RESPONDENTE WAT REEDS KINDERS IN HUL SORG HET (NIE BIOLOGIESE KINDERS NIE) 302
TABEL 7.9: VERWANTSKAP MET VOORNEMENDE PLEEGKINDERS 304
TABEL 7.10: FINANSIëLE PEIL VAN INDIVIDUELE RESPONDENTE 305
TABEL 7.11: REDES VIR DIE SORGBEHOEWENDHEID VAN DIE BETROKKE KINDERS 306
TABEL 7.12: GETAL PLASINGSOPSIE WAT DIE RESPONDENTE VIR HUL VOORNEMENDE PLEEGKINDERS IS 307
TABEL 7.13: SOORT PLASING MET BETREKKING TOT KINDERS REEDS IN RESPONDENTE SE SORG 309
TABEL 7.14: KENNIS AANGAANDE PLEEGSORG 311
TABEL 7.15: TYDPERK VAN ‘N PLEEGPLASING 313
TABEL 7.16: KENNIS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE ROL 314
TABEL 7.17: BYVOORDELE WAT PLEEGOUERS ONTVANG 316
TABEL 7.18: POSITIEWE MOTIEWE VIR PLEEGSORG 326
TABEL 7.19: KENNIS VAN KONTAK EN BESOEKE TUSSEN PLEEGKINDERS EN HUL BIOLOGIESE OUERS 340
TABEL 7.20: HANTERING VAN DIE PLEEGKIND SE EMOSIONELE BEHOEFTES EN PROBLEME 353
TABEL 7.21: MATE WAARTOE RESPONDENTE OP PLEEGSORG VOORBEREI IS 355

**FIGURE**

FIGUUR 2.1: PROSES VAN INSET-DEURSET-UITSET EN TERUGVOER 68
FIGUUR 5.1: VOORSTELLING VAN 'N PLEEGSORGMODEL BY NIE-VERWANTE PLEEGPLASINGS 226
FIGUUR 5.2: VOORSTELLING VAN 'N PLEEGSORGMODEL BY VERWANTE PLEEGPLASINGS 227
FIGUUR 7.1: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN GESLAGSVERSPREIDING VAN RESPONDENTE 295
FIGUUR 7.2: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN KULTUURGROEPE VAN DIE RESPONDENTE 296
FIGUUR 7.3: SKEMATIESE VOORSTELLING MET BETREKKING TOT KINDERS REEDS IN RESPONDENTE SE SORG 302
FIGUUR 7.4: SKEMATIESE VOORSTELLING MET BETREKKING TOT VERWANTSKAP MET VOORNEMENDE PLEEGKINDERS 304
FIGUUR 7.5: SKEMATIESE VOORSTELLING MET BETREKKING TOT DIE REDES VIR DIE BETROKKE KINDERS SE SORGBEHOEWENDHEID 306

**BYLAE**

BYLAE 1: AANSOEKVORM
BYLAE 2: SELFONTWERPTE VRAELYS
BYLAE 3: UITDEELSTUKKE
BYLAE 4: TOESTEMMINGSBRIEF VAN ONDERSTEUNINGSRAAD BESTUUR
BYLAE 5: BRIEF VAN TAALVERSORGER
BYLAE 6: BRIEF VAN NAVORSINGVOORLEGGINGS- EN ETIEKKOMITEE

# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE ORIëNTERING TOT DIE STUDIE

### 1.1 INLEIDING

Volgens Marshall (1991:20) en L. Smith (1996:12), is pleegsorg een van die doeltreffendste vorms van substituutsorg vir kinders wat weens verskeie redes, soos verwaarlosing en mishandeling, nie self deur hul ouers versorg kan word nie. Die doel en funksie van pleegsorg is dienslewering aan hierdie kind, waardeur voorsiening gemaak word vir 'n plaasvervangende gesinslewe in die tydperk wat sy ouers nie in staat is om hom te versorg nie. Marshall (1991:20) meen: "Foster care is a necessity when families are in crisis and/or for some reason are unable to provide the required nuturance, governance and support."

Misdade wat gemik is teen kinders, veroorsaak tans 'n nasionale krisis, wat geïllustreer word deur die feit dat daar 'n geweldige toename in fisiese en seksuele mishandeling van kinders is (*South African National Council for Child Welfare,* 2003:9 & 12). Volgens die *White Paper of Social Welfare* (Government Gazette, 1997:43), is dit baie moeilik om presiese statistiek te verkry as gevolg van die onderaanmelding van hierdie probleem. Volgens Snyman (2003), Kommissaris van Kindersorg, het die getal verlate sowel as weeskinders ook pandemiese gevolge weens 'n toename in MIV/VIGS. Die Staat het 'n verantwoordelikheid om van hierdie probleme aan te pak. Die *White Paper of Social Welfare* (Government Gazette, 1997:43) verklaar verder dat MIV/VIGS en misdade teen kinders die rede sal wees dat daar by die reeds hoë getal kinders in pleegsorg, groot getalle kinders gevoeg sal word vir wie pleeggesinne voorsien moet word. Daar is gevolglik bereken dat teen die einde van 2006, 2 264 364 kinders onder 15 jaar in Suid-Afrika wees gelaat sal wees weens MIV/VIGS (Schönteich, 2000; *Department of Social Development,* 2002:13).

Dit word algemeen aanvaar dat die Suid-Afrikaanse Kinderbeskermingsisteem onvoldoende is en lei tot oneffektiewe dienslewering aan kinders en gesinne (*South African National Council for Child Welfare,* 2003:9 &12; Meintjies, Moses, Berry & Mampane, 2007:iii). Die missie van die Regering om bogenoemde aan te pak, is: "… to enable the poor, the vulnerable and the excluded people in South African society to secure a better life for themselves, in partnership with them and with all those who are committed to building a caring society" (*Department of Social Development,* 2002:14). Streak en Poggenpoel

(2005:3) stem saam dat die Regering ‘n verantwoordelikheid teenoor weerlose kinders het en maak die volgende stelling: “Many government departments deliver services to protect and promote development of vulnerable children. Amongst these, the national and provincial departments of social development have a key role to play.” Soos verder verwys word in die jaarverslag van die *Department of Social Development* (2002:15) asook Schultz (2003), maatskaplike werker (pleegsorgwerker) van die Christelike Maatskaplike Raad, maak die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (RSA), 1996 (Wet 108 van 1996) voorsiening vir die reg van toegang tot voldoende maatskaplike hulpverlening aan daardie persone wat nie oor die vermoë beskik om hulself en hul afhanklikes te versorg nie.

Volgens die Grondwet van die RSA, 1996 (Wet 108 van 1996) en Snyman (2003), word kinders se regte geskend indien daar nie voldoende in hul behoeftes voorsien word nie en word hul biologiese ouers as die oorsaak daarvan gesien. In ernstige gevalle van mishandeling en verwaarlosing van kinders, waar voorkomingsdienste by die gesin nie gerealiseer het nie, kan statutêre intervensie volg, waar alternatiewe versorging vir die betrokke kinders aanbeveel word (*Department of Welfare,* 1998:8 & 17).

Street en Davies (1999:31) meen:

> The shift from placing children in larger, residential units to placing them in foster care has brought with it, its own set of problems. The number of placements are never enough and the number of children with complex needs appears to be increasing. In this situation there is a need to ensure the appropriateness and durability of all foster placements in order that children may derive all potential benefits.

Volgens Engelbrecht (2002), Direkteur van die Diakonale Pleegsorghuise van die Nederduitsch Hervormde Kerk, en Snyman (2003), maak pleegplasings van sorgbehoewende kinders ‘n groot deel van substituutsorg in Suid-Afrika uit, waar die kinders deur ander persone as hul biologiese ouers, versorg word. Pleegouers moet egter eers gewerf, gekeur en opgelei word alvorens die kinders in hul sorg geplaas word (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn,* 1990:9; Scholtz, 1997:14; *Department of Welfare,* 1998:17). Dit bied aan die biologiese ouers ‘n tydperk waartydens hulle poog om probleme op te los en die voorwaarde om uiteindelik hul maatskaplike funksionering te verbeter, sodat hul kanse op die terugplasing van hul kinders bevorder word (De Klerk, 1994:5).

Engelbrecht (2002) en Steenkamp (2003), Direkteur van die Ondersteuningsraad, het na aanleiding van die navorser se dienslewering as pleegsorgwerker binne die

Ondersteuningraad van Pretoria, waar die behoefte aan 'n opleidingsprogram vir pleegouers na vore gekom het, laat blyk dat daar 'n behoefte aan so 'n studie bestaan en dat so 'n program ook as beleid deur die Regering gesien word. 'n Konsepdokument vir die Department van Maatskaplike Ontwikkeling is deur Scholtz (1997:1) opgestel, waarin hierdie behoefte aan 'n program vir pleegouers weergegee is. Hierdie dokument is egter na tien jaar, nog steeds nie amptelik goedgekeur nie. Die betrokke organisasie van die navorser het ook 'n behoefte aan só 'n navorsingstudie te kenne gegee en aangedui dat hulle die program as praktiese werkwyse sou implementeer.

Uit die navorser se vorige navorsingsondersoek oor die aanpassing van die kind in pleegsorg, het dit duidelik geblyk dat kinders wat in pleegsorg geplaas word, selde volkome in hul pleegsorgsituasies aanpas (Fourie, 1999:126). Die aanpassing van sorgbehoewende kinders in hul pleeggesinne, word grotendeels belemmer deur hul traumatiese belewenis weens hul verwaarlosing en/of mishandeling deur hul biologiese ouers, asook weens hul verwydering uit hul ouers se sorg en die plasing in 'n vreemde en onbekende situasie (Fourie, 1999:130). "Few children in foster care receive adequate help in resolving the grief they experience when separated from their biological parents. These unresolved separations interfere with their formation of new attachments" (Fahlberg, 1994:17). Die aanpassing van kinders in pleegsorg en hulle verhouding met die pleegouers, is deurlopend 'n bron van bekommernis vir die maatskaplike werker wat die plasing gedoen het (Hobday & Lee, 1994:27; Warren, 1999:50; McAuley, 2000:50). Dit is dus die navorser se mening dat opleiding kan bydra tot meer kennis en insig by die nuwe pleegouers, wat plasing kan vergemaklik vir beide die pleegkind en pleegouers.

Volgens Testa en Rolock (1999:109) en Fick (2004), Bestuurder van Pleegsorgdienste by die Christelike Maatskaplike Raad, is 'n ander belangrike rede vir die mislukking van pleegplasings daarin geleë dat daar 'n tekort aan geskikte en/of gewillige pleegouers is, sodat kinders in die sorg geplaas word van die eerste beskikbare gekeurde gesin wat gewillig is, voordat deeglike voorbereiding en opleiding van die betrokke partye plaasvind, of 'n deeglike passing gemaak kan word. Onsuksesvolle pleegplasings is traumaties vir sowel die kind as die pleegouers, wat die werklas van die maatskaplike werker verhoog. Dit is dus om hierdie rede belangrik om te poog om onsuksesvolle pleegplasings te voorkom.

Van die belangrikste redes vir 'n tekort aan pleegouers kan uit die publiek se onkunde oor die aard en wese van pleegsorg spruit, en egpare dus versigtig maak om hulle daarin te

begewe (Fick, 2004). Volgens Steenkamp (2003), is die feit dat pleegouers ook gereeld met die kinders se biologiese ouers moet skakel, verantwoording moet doen aan 'n welsynsorganisasie en terselfdertyd die pleegkinders se emosionele probleme moet hanteer, 'n groot oorsaak dat egpare nie bereid is om hulself beskikbaar te stel om as pleegouers op te tree nie (L. Smith, 1996:55). Steenkamp (2003) meen dat die opleiding van pleegouers baie van hierdie probleemareas moet hanteer.

Die navorser is van mening dat, gesien in die lig van die feit dat pleegplasings om bogenoemde redes maklik kan misluk en dit tot verdere emosionele ontwrigting van die betrokke kinders kan lei, dit belangrik is om die oorsake hiervan te ondersoek en riglyne te ontwikkel om dit te probeer voorkom. Soos reeds vermeld, spruit die motivering vir die onderwerp van die studie ook daaruit dat daar 'n gebrek aan 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers by die Ondersteuningsraad bestaan (Steenkamp, 2003). Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het nog nie 'n nasionale pleegsorgbeleid gefinaliseer nie, en geen bepaalde pleegsorgopleidingsprogram is in plek nie. Elke welsynsorganisasie doen opleiding van voornemende pleegouers, soos benodig deur verskillende maatskaplike werkers aan hul organisasie verbonde (Fick, 2004).

Volgens Steenkamp (2003), veroorsaak die feit dat elke welsynsorganisasie sy eie beleid/programme rakende pleegsorg en pleegsorgtoesigdienste het, dat genoemde programme van mekaar verskil. Die gevolg is dat daar nie konsekwente riglyne bestaan rakende die spesifieke diens aan pleeggesinne asook die vereistes waarvolgens egpare as pleegouers opgelei word nie (Scholtz*,* 1997:1). Dit kan lei tot verwarring tussen organisasies en selfs kantore van dieselfde organisasie, waar pleegsorgtoesigdienste verwys moet word weens die verhuising van pleeggesinne (Schultz, 2003). Dit is nodig dat minimum standaarde (vereistes) vir welsynsorganisasies wat by pleegsorgdienste betrokke is, opgestel word, wat as riglyn vir maatskaplike werkers kan dien. Die doel is om konsekwente en professionele dienste te lewer wat voortsetting van die plasings vergemaklik, wat tot die bevordering van die beste belang van die betrokke kinders kan lei (*Department of Welfare,* 1999:1).

Binne die Ondersteuningsraad word 'n dringende behoefte aan 'n wetenskaplik gefundeerde opleidingsprogram vir pleegouers ervaar (Engelbrecht, 2002; Steenkamp, 2003). Die navorser wil deur middel van die studie poog om 'n praktiese handleiding saam te stel sodat dit uiteindelik ook deur ander welsynsorganisasies landwyd gebruik kan word, aangesien die

reeds gemelde probleme ten opsigte van pleegsorg, ook deur ander welsynsorganisasies ervaar word (Schultz, 2003; Fick, 2004). Vir die doeleindes van hierdie studie is egter slegs gefokus op pleegouerpare verbonde aan die Ondersteuningsraad van Pretoria.

Na aanleiding van gesprekke met kundiges van verskillende welsynsorganisasies, die literatuur wat bestudeer is en uit vorige navorsing wat onderneem is (Fourie, 1999:133-135), het die navorser bewus geword van die behoefte aan 'n nasionale pleegsorgmodel wat bestaan uit die werwing, keuring en opleiding van voornemende pleegouers. Hierdie taak is baie omvattend. Die navorser het dus vir hierdie studie gekonsentreer op die opleiding van voornemende pleegouers verbonde aan die Ondersteuningsraad van Pretoria, aangesien dit deel vorm van haar pligtestaat as maatskaplike werker, en daar 'n behoefte aan 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers ervaar word.

## 1.2 PROBLEEMFORMULERING

Volgens Bless en Higson-Smith (1995:29), is 'n navorsingsprobleem 'n algemene vraag oor die verhouding tussen twee of meer veranderlikes. Volgens Smit (1985:14), is 'n probleem 'n stelling, gewoonlik in vraagvorm, aangaande die probleemaspek wat ondersoek word, met ander woorde stellingvrae wat die probleemarea afbaken. Dit is belangrik dat hier aandag gegee word aan die oplosbaarheid en betekenisvolheid van die stellingvraag. Die formulering van die probleem, is ook die beginpunt van die navorsingstudie. Mark (1996:83) en Padget (1998:28) stem saam dat die probleme wat ondersoek word rakende maatskaplikewerknavorsing, voortspruit uit professionele maatskaplikewerkaktiwiteite.

Die fisiese verwaarlosing en mishandeling van kinders is al oor 'n tydperk van 200 jaar onder die aandag van die gemeenskap gebring. In die Westerse samelewing is die uitdrukking van sulke verwaarlosing deur elke samelewing op sy eie unieke manier verbied (Solnit, Nordhaus & Lord, 1992:3). Die eerste wetgewing ter beskerming van kinders in Suid-Afrika is reeds in 1856 deur die destydse Kaapse Parlement aanvaar. Die beskerming van die belange van die kind op 'n wye front was die motivering wat tot die wetgewing gelei het (Swanepoel & Wessels, 1992:1). Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) soos gewysig, het ontstaan uit die ontwikkeling van riglyne om kinders se regte te beskerm; dit is meer omvatted en die beskerming van kinders het voorrang geniet (Swanepoel & Wessels, 1992:6; Skelton, 1998:26-33).

Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005)[1] sal eers vanaf 2008 ten volle in werking tree. Slegs sekere Artikels van hierdie nuwe Wet is reeds sedert 1 Julie 2007 in gebruik (Venter, 2007). Hierdie nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) gee ‘n duidelike beskrywing van die regte en verantwoordelikhede van biologiese ouers (Artikel 18-21) teenoor hulle kinders, en word sterk gefokus op die beste belang van ‘n kind (Government Gazette, 2006:32 & 38).

Soos beskawings ontwikkel het, het kinderbeskermingsriglyne en -beleid ontwikkel ooreenkomstig die werks-, omgewings-, organisatoriese en bestuursveranderinge. In ‘n vinnig groeiende land soos Suid-Afrika, waar demokrasie slegs 13 jaar oud is, transformasie en werkloosheid aan die orde van die dag is en waar politieke en ekonomiese onsekerheid heers, word die welsynstruktuur as ondoeltreffend beleef weens die toename in behoeftige gesinne, onvoldoende mannekrag en ‘n tekort aan hulpbronne (*South African National Council for Child Welfare,* 2003:7).

Nasionale statistieke rakende die toename in gesinsverbrokkeling, mishandeling, verwaarlosing en seksuele misbruik van kinders, toon ‘n aansienlike groei, terwyl die stadige tempo waarteen die welsynsisteem ontwikkel om by genoemde veranderinge en tendense aan te pas, onvoldoende is (Steenkamp, 2003).

Volgens Snyman (2003), word baie kinders wees gelaat weens die toename in MIV/VIGS, en is dit die Regering se verantwoordelikheid om geskikte versorging vir hierdie kinders te reël. Wilhelmus (1998:117) meen dat, alhoewel daar ‘n toename in pleegkinders is, al hoe minder ouers bereid is om as pleegouers op te tree. Gevolglik word al hoe meer kinders in familielede se sorg geplaas. ‘n Ander gevolg van die toename in MIV/VIGS is dat ouer kinders die hoofde van gesinne moet word, weens die vroeë afsterwe van een of albei ouers, wat so ‘n gesin baie weerloos maak (Kleynhans, 2000:69; *Department of Social Development,* 2002:98-100; Meintjies, *et al*., 2007:iii). In ‘n toespraak, wat op 3 Julie 2007 deur die Vise-Minister van Maatskaplike Ontwikkeling in Durban gelewer is (*South African Government Information,* 2007:3), word melding daarvan gemaak dat Suid-Afrika een van die lande met die hoogste statistieke ter wêreld is rakende MIV/VIGS. Die hoë sterftesyfer van biologiese ouers, het die getal weeskinders van 2,5% tot 20% verhoog.

[1] Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) is sedert 1 Julie 2007 in werking, maar slegs daardie Artikels wat nie Regulasies het nie. Verwysings na die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) in hierdie studie, is dus slegs met betrekking tot daardie Artikels wat reeds geïmplementeer is.

Die uitdaging is daarin geleë dat slegs 'n klein gedeelte van hierdie kinders, pleegsorgdienste van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling ontvang.

Statistieke van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg ten opsigte van kinderbeskermingsaangeleenthede in Suid-Afrika, word soos volg weergegee:

- die gevalle van fisies mishandelde kinders het tussen 1997 en 2002 met 3 000 toegeneem;
- die gemiddelde maandelikse getal kinders wie se gevalle by die Kinder- en Gesinsorgvereniging geregistreer is en aan wie dienste gelewer is (tussen 2000 en 2002): 11 000;
- die getal seksueel mishandelde kinders het in dieselfde tydperk met 4 000 toegeneem;
- die getal verlate kinders het in die vier jaar van 1998 tot 2002 met 3 000 toegeneem, en tussen 2000 en 2002 is maandeliks gemiddeld aan 15 000 verlate kinders dienste gelewer; en
- weens die MIV/VIGS-pandemie het die getal weeskinders tussen 1999 en 2002, verdriedubbel: van 12 000 tot 40 000 (*South African National Council for Child Welfare,* 2003:13).

Volgens Snyman (2003), word die meeste sorgbehoewende kinders in Suid-Afrika in pleegsorg geplaas, eerder as in kinderhuise, sodat die kinders steeds binne 'n gesinsisteem kan funksioneer. Weens die aansienlik hoër getal kinders vir wie plasings gereël moet word, is daar 'n wesenlike tekort aan geskikte of gewillige pleegouers (Grogan-Kaylor, 2000:132). Die verdere gevolg is dat bereidwillige ouerpare wat wel kinders by hulle in pleegsorg neem, "oorlaai" word met kinders, wat 'n groot risikofaktor vir die suksesvolle verloop van die pleegplasing is (Engelbrecht, 2002; Schultz, 2003; Fick, 2004). Weens die land se onsekere ekonomiese en politieke omstandighede, die uitputting van bestaande hulpbronne, die feit dat mense meer bewus is van hul regte (byvoorbeeld die biologiese ouers van sorgbehoewende kinders) asook die lewenseise wat aan die individu gestel word, word die suksesvolle verloop van 'n pleegplasing verder bemoeilik (Steenkamp, 2003).

Weens die hoë gevallelading bestaande uit sorgbehoewende kinders, kan die betrokke welsynsorganisasies weens 'n groot tekort aan mannekrag, nie effektiewe dienste lewer nie (Fick, 2004; Naidoo & Kasiram, 2006:119-120; Engelbrecht, 2006:130). Die versorging van kinders wat aan trauma blootgestel is as gevolg van mishandeling en verwaarlosing in hul

ouerhuise, vereis baie emosionele insette en baie pleegouers voel ook nie opgewasse om dit te hanteer nie (De Klerk, 1994:23; Fourie, 1999:121). Die opleiding van pleegouers kan dus 'n bydrae lewer om diegene wat wel gewillig is om pleegsorgdienste te lewer, te bemagtig met kennis, insig en vaardighede, wat die kans vir suksesvolle pleegsorgplasings kan verhoog (Triseliotis, Sellick & Short, 1995:44-45).

***Die navorsingsprobleem van hierdie studie is die gebrek aan 'n resente, nagevorste program vir die opleiding van pleegouers vir die volgende betrokkenes, naamlik:***

- ***Maatskaplike werkers verbonde aan die Ondersteuningsraad van Pretoria***

Die Ondersteuningsraad het 'n beleid dat alle voornemende pleegouers eers opleiding moet ontvang, voordat 'n kind by hulle in pleegsorg geplaas kan word. Elke maatskaplike werker verbonde aan die organisasie het eie inligting en werkwyses waarvolgens pleegouers opgelei word, met die gevolg dat belangrike kennis vir die pleegouers verlore kan gaan. Dienslewering tussen die maatskaplike werkers onderling, word dus bemoeilik weens die verskillende inligting wat aan pleegouers deurgegee word. Daar kan ook nagelaat word om belangrike inligting deur te gee.

- ***Die pleegouers***

Dit is belangrik dat pleegouers opgelei word rakende die holistiese versorging van pleegkinders, om statutêre ingryping en kontak met die kinders se biologiese ouers te verstaan en om hul rol as hulpbron vir die welsynsorganisasie te begryp. Volgens Scholtz (1997:2), word die volgende doelwitte vir pleegouers gestel:

- om kinders te beskerm deur aan hulle 'n veilige en gesonde omgewing te bied;
- om in die ontwikkelingsbehoeftes van kinders te voorsien;
- om verhoudings tussen kinders, hul ouers en hul familie te ondersteun, aan te moedig en te fasiliteer;
- om lewensvaardighede by kinders te ontwikkel;
- om die individu en sy familie te respekteer deur respek vir hul kulturele, etniese en gemeenskapsdiversiteit te demonstreer; en
- om ekonomiese, opvoedkundige, maatskaplike en gesondheidsorg te voorsien wat die kind en sy familie se behoeftes bevredig.

Met die genoemde navorsingsprobleem as motivering, het die navorser dus hierdie studie onderneem.

## 1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Volgens Fouché en De Vos (2005:104-105), kan die doel van die ondersoek gesien word in die lig van verklarend, beskrywend of verkennend. Die inhoud van die program wat ontwikkel is, word beskryf, en daar is dus van beskrywende navorsing vir hierdie studie, gebruik gemaak. Volgens Yegidis en Weinbach (1996:93 & 110) asook Terre Blanche en Durrheim (1999:39), word beskrywende navorsing gebruik om 'n beter begrip van die gegewe te vorm, dit te meet en om 'n akkurate beskrywing daarvan te gee.

### 1.3.1 Doelstelling

Volgens Neuman (2000:23), kan 'n doelstelling omskryf word as: "… the end toward which effort or ambition is directed." 'n Doelstelling kan dus gesien word as die breër, meer langtermyn idee van wat bereik wil word, met ander woorde, 'n "droom."

***Die doelstelling van hierdie studie was om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.***

### 1.3.2 Doelwitte

Doelwitte behels 'n meer konkrete, meetbare, spesifieke en bereikbare plan wat geïmplementeer word om die uiteindelike breër doel te bereik. Dit impliseer dus die stappe wat binne 'n bepaalde tydperk, een vir een gevolg moet word, om die "droom" te bereik (Fouché & De Vos, 2005:104).

Die volgende doelwitte is gestel om die doel te bereik, naamlik:

- om 'n teoretiese raamwerk op te bou deur verkenning van:
  - die algemene sisteemteorie as teoretiese fundering in pleegsorg;
  - die sorgbehoewende kind met sy spesifieke kenmerke;
  - pleegsorg as substituutsorg;

- die implikasies van pleegsorg op welsynsorganisasies, maatskaplike werkers, pleegouers, pleeggesinne, pleegkind(ers) en biologiese ouers;
- die huidige pleegsorgbeleid binne die huidige maatskaplike welsynsbeleid van Suid-Afrika; en
- die inhoud van moontlike bestaande opleidingsprogramme vir voornemende pleegouers.

➢ om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel en te beskryf;

➢ om hierdie program te implementeer;

➢ om die benuttingswaarde van die program te evalueer; en

➢ om aanbevelings ten opsigte van die implementering van die program binne die Ondersteuningsraad van Pretoria, te maak.

## 1.4 HIPOTESEFORMULERING

Volgens Mouton (1996:47-50) en De Vos (2002:36), kan 'n hipotese as 'n voorlopige gevolgtrekking beskou word wat op voorgenome feite berus en waarvan die geldigheid nog bewys moet word. De Vos (2002:36) meen verder: "…a hypothesis is a conjectural statement of the relation between two or more variables. Hypotheses are always in declarative sentence form and they relate, either generally or specifically, variables to variables."

Daar kan aan die hipotese gedink word as 'n gevolgtrekking wat logies uit die literatuurstudie of die aanvanklike antwoord op 'n navorsingsvraag, voortvloei (Neuman, 2000:61). Bless en Higson-Smith (1995:11 & 37-38) meen: "Facts raise questions, these questions can in turn be condensed into a problem and this problem is then given a temporary solution, yet to be tested, which is a hypothesis." 'n Hipotese kan gevolglik ook beskryf word as 'n voorspelling deur die navorser van wat uit die analise van die navorsingsdata wat ingesamel is, verkry gaan word. Die doel van 'n hipotese is om rigting aan die ondersoek te gee en om die navorser se aandag op die probleem te fokus. 'n Hipotese is dus 'n leidraad vir die ontdekking en insameling van gegewens en kan impliseer dat die bevinding toetsbaar moet wees (Behr, 1988:5; Yegidis & Weinbach, 1996:73).

In die lig van die doel van hierdie studie, is die volgende navorsingshipotese geformuleer:

***Indien voornemende pleegouers hierdie opleidingsprogram deurloop het, sal die voornemende pleegouers se kennis rakende die omvang, wetlike implikasies, verwagtinge, motiewe, verantwoordelikhede en pligte ten opsigte van pleegsorg, en die profiel van die pleegkind, verbeter***

Die kennis sluit in:

- *kennis* van die doel van pleegsorg, omvang van pleegsorg, wetlike implikasies daarvan, en die proses van kontak met die pleegkinders se biologiese ouers;

- *kennis* ten opsigte van die identifisering en hantering van die pleegkind as 'n holistiese wese wat in verhouding met ander sisteme staan;

- *kennis* van die pleegkind se emosionele behoeftes en moontlike probleme wat in die pleegsorgsituasie kan voorkom;

- *kennis* van die rol van die maatskaplike werker as pleegsorgwerker in die welsynsorganisasie; en

- *kennis* van hul pleegouerrol en -taak as hulpbron vir die welsynsorganisasie.

## 1.5 NAVORSINGSBENADERING

"Benadering" verwys na die breë teoretiese perspektief op die navorsingsproses (Creswell, 2003:4). Vir die navorsingsdoeleindes van hierdie studie, het die navorser van die kwantitatiewe benadering gebruik gemaak. Kwantitatiewe navorsing behels die toetsing van voorspelbare hipoteses oor die sosiale werklikheid. Syfers word gebruik om konsepte in bruikbare definisies te verander. Kwantitatiewe navorsing word dus gebruik wanneer objektiewe feite gemeet word, daar op veranderlikes gefokus word en van statistiese analise gebruik gemaak word (Neuman, 1997:14 & 128). Volgens Bailey (1987:60), kan data tydens 'n kwantitatiewe studie ingesamel word deur middel van gestruktureerde onderhoude en sensusdata.

Volgens De Vos, Schurink en Strydom (1998:15), word alle inligting aan die navorser oorgedra hetsy in woorde of in syfers (getalle). Gesien in die lig hiervan, word die data van kwalitatiewe navorsing hoofsaaklik verbaal weergegee en word kwantitatiewe data hoofsaaklik *numeries* weergegee. De Vos, *et al*. (1998:15) meen verder: "… the quantitative approach is that approach to research in the social sciences that is more highly formalised as well as more explicitly controlled, with a range that is more exactly defined and which, in terms of the methods used, is relatively close to the physical sciences."

Die navorser het vir die doel van hierdie studie, data ingesamel deur middel van vraelyste wat numeries weergegee word. Die navorser het ook gebruik maak van veranderlikes (kennis van voornemende pleegouers). Data is ook vanaf 'n groter hoeveelheid eenhede bekom (53 respondente).

Die navorser het van 'n vraelys gebruik gemaak om die voortoetse en natoetse te doen. Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:51) definieer 'n vraelys as: "'n Stel vrae op 'n vorm wat die respondent invul ten opsigte van 'n navorsingsprojek." Fouché (2002:153) meen: "The choice of data collection methods for the researcher working from a quantitative approach can be categorised into questionnaires, checklists, indexes and scales." Die voornemende pleegouers se kennis van pleegsorg, is tydens die voortoets met behulp van 'n vraelys gemeet. Die impak van die opleidingsprogram is na die opleidingsessies (intervensie) weer deur middel van die vraelys geëvalueer. Hierdie resultate is met mekaar vergelyk ten einde die benuttingswaarde van die program te bepaal. Addisionele inligting is ook bekom deur 'n maand na afloop van die opleidingsessies, onderhoude met die respondente te voer. Die navorser het geoordeel dat mondelinge terugvoer verdere verheldering kan meebring.

## 1.6 SOORT NAVORSING

Hendrick, Bickman en Rog (1993:2-10) en Rothman en Thomas (1994:3) meld daar kan van basiese of toegepaste navorsing gebruik gemaak word. Vir die doeleindes van hierdie studie, het die navorser van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Toegepaste navorsing het ten doel om 'n bydrae te lewer tot praktiese probleme ten opsigte van probleemoplossing, besluitneming, gemeenskapsontwikkeling en beleidsanalises. Die bevindinge wat uit toegepaste navorsing verkry word, kan in praktyk aangewend word (Hendrick, *et al.*, 1993:2-10; Terre Blanche & Durrheim, 1999:40-41). Die navorser het dus

bestaande kennis benut om 'n probleem in die praktyk, naamlik die gebrek aan 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers, aan te pak.

Die navorser het ook tydens hierdie studie van intervensienavorsing gebruik gemaak. Intervensienavorsing word gebruik om die praktiese toepassing van navorsing te rig (De Vos, 2005:394). De Vos (2005:396) definieer intervensienavorsing as die proses waarvolgens nuwe tegnologie ontwikkel word om probleme op te los. Intervensie in maatskaplike werk behels dus die toetrede van 'n maatskaplike werker om die maatskaplike funksionering van 'n individu, groep of gemeenskap in stand te hou of te verbeter.

In De Vos (2005:394) word drie soorte intervensienavorsing geïdentifiseer, naamlik:

- empiriese navorsing om kennis van menslike gedrag in korrelasie met intervensiedienste te verhoog; verwysing na intervensie-kennisontwikkeling (ook genoem KD);
- die wyse waarop die bevindinge van intervensie-kennisontwikkelingsnavorsing prakties toegepas word; verwys na intervensie-kennisaanwending (ook genoem KU); en
- navorsing wat daarop gemik is om innoverende intervensies te ontwikkel; verwysing na intervensie-ontwerpontwikkeling (ook genoem D&D).

Vir die doel van hierdie studie het die navorser die D&D-model van intervensienavorsing gevolg, met die oog op die ontwikkeling van 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers, ten einde hul kennis te verbeter. Daarna is die program geïmplementeer (intervensie) en die effektiwiteit daarvan geëvalueer.

## 1.7 NAVORSINGSONTWERP

Volgens S.S. Smith (1996:35), is 'n navorsingsontwerp 'n plan waarvolgens navorsing gaan plaasvind. Babbie (1998:239) meen die begrip "ontwerp" verwys na die plan of bloudruk wat tydens 'n kwantitatiewe benadering gevolg word. Die navorsingsontwerp word geïmplementeer om antwoorde te probeer vind op die navorser se gefokusde vrae en om die hipotese te toets. Die navorsingsontwerp is dus 'n respons op 'n aantal besluite oor die wyse waarop vrae beantwoord en die hipotese getoets word (Bogdan & Taylor, 1994:300; Yegidis & Weinbach, 1996:89). 'n Navorsingsontwerp word ook gebruik om waarnemings te

rig en is behulpsaam met die insameling van inligting, waarna gevolgtrekkings gemaak word (Arkava & Lane, 1983:85).

Vir hierdie studie is van die enkelstelselontwerp gebruik gemaak. Volgens Strydom (2005a:145), gaan dit in die enkelstelselontwerp hoofsaaklik oor die integrering van navorsing en praktyk. Bloom en Fischer (1999:4) meen: "Single-system designs essentially involve continuing observation of one client/system before, during, and after some intervention. By client/system we mean one or more persons or groups being assisted by a helping professional to accomplish some goal."

Deur gebruik te maak van die enkelstelselontwerp, word die kliënt se behoeftes en potensiaal bepaal voordat intervensie plaasvind. Doelstellings word daarna opgestel wat fokus op die kliënt se spesifieke behoeftes. 'n Werkbare intervensieplan word op grond van die doelstellings wat bereik moet word opgestel en geïmplementeer, waarna die intervensieproses gemonitor word (Strydom, 1989:207; Bloom & Fischer, 1999:4).

Die navorser het die enkelstelselontwerp A-B-A (Strydom, 2005a:150) gevolg, naamlik:

- A die basislyn of voortoets;
- B die intervensiefase – aanbied van die opleidingsprogram; en
- A die natoets direk na intervensie.

Vir die doel van hierdie studie is die voornemende pleegouers se behoeftes, asook hul kennis van pleegsorg en die pleegkind, tydens die voortoets (A) geëvalueer, waarna 'n opleidingsprogram (intervensie) saamgestel is om aan hierdie behoeftes te voldoen. Die opleidingsprogram (B) is daarna geïmplementeer, waarna die impak van die program weer tydens die natoets (A) geëvalueer is. Deur van hierdie ontwerp gebruik te maak, was dit moontlik om die vlak van die pleegouers se kennis ten opsigte van die omvang, wetlike implikasies, verwagtinge, motiewe, verantwoordelikhede en pligte wat pleegsorg inhou, en die profiel van die pleegkind, te bepaal.

## 1.8 NAVORSINGSPROSEDURE

Yegidis en Weinbach (1996:52) meen: "A design is a plan for conducting research. It is implemented to attempt to find answers to the researcher's focused questions…"

Die navorsingsprosedure wat gebruik word, sal enersyds, die metode van verwerking van gegewens bepaal en andersyds, die manier waarop die gegewens verwerk gaan word. Die navorsingsprosedure is dus die prosedure wat in wetenskaplike navorsing geïmplementeer word ten einde moontlike foutvariansie te beperk. Die navorser is egter nie altyd bewus van alle moontlike faktore wat 'n differensiële uitwerking op die resultate kan hê nie (Smit, 1985:31-33).

Die D&D-model van Rothman en Thomas (1994:28) bestaan uit ses fases. Die navorser het vir die doel van hierdie studie slegs op die eerste *vyf* fases gefokus, aangesien die program nie vir *kommersiële* doeleindes beskikbaar gestel word nie.

Rothman en Thomas (1994:3-28) en De Vos (2005:392-407) se fases van intervensienavorsing, is soos volg in die navorsingstudie geïmplementeer:

### 1.8.1 Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning

Volgens De Vos (2005:395), word tydens hierdie fase 'n probleem rakende 'n menslike situasie geïdentifiseer wat die ontwikkeling van tegnologie of metodes om die spesifieke probleem te hanteer, voorafgaan. Die navorsingsprobleem van hierdie studie is reeds onder punt 1.2 bespreek. Samevattend kan die probleem gestel word dat daar 'n behoefte bestaan het aan 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers wat deur alle maatskaplike werkers verbonde aan die Ondersteuningsraad van Pretoria, benut kan word. Dit is ook belangrik om tydens hierdie fase te bepaal of daar reeds relevante intervensies bestaan en indien wel, dit te evalueer en te motiveer waarom verdere ontwikkeling nodig is. Die navorser het met kundiges van verskeie welsynsorganisasies onderhoude gevoer, en daar is bevind dat die probleem deur al die organisasies ervaar word.

Tydens die eerste fase van die model word die volgende stappe geïmplementeer, naamlik:

#### 1.8.1.1 Identifisering en inskakeling van kliënte

Hier kies die navorser 'n populasie wat by die studie betrek gaan word (De Vos, 2005:396). Hierdie populasie word geselekteer op grond van hul behoeftes wat relevant is tot die studie. Die navorsingsprobleem het daarop gefokus om 'n program te ontwikkel waarvolgens voornemende pleegouers opgelei kan word sodat hulle daartoe in staat sal wees om die

omvang, wetlike implikasies, verwagtinge, motiewe, verantwoordelikhede en pligte wat pleegsorg en die profiel van ‘n pleegkind insluit, te begryp.

Die populasie wat die navorser vir hierdie studie geïdentifiseer het, is alle egpare en individue (enkellopendes) wat hulself beskikbaar gestel het om as pleegouers vir die Ondersteuningsraad van Pretoria, op te tree.

**1.8.1.2 Verkry toegang en samewerking van betrokkenes**

Dit is belangrik om tydens hierdie fase ‘n samewerkingsooreenkoms met die verteenwoordigers en betrokke partye te sluit. Hulle kan betrek word by die identifisering van die probleem, die beplanning van die projek en die implementering van die gekose intervensie (De Vos, 2005:396). Weens die statutêre implikasies van pleegsorg, het die navorser outomatiese toegang tot en samewerking met voornemende pleegouers verkry, aangesien hulle vanaf hul aansoek reeds onder ‘n statutêre verpligting is om met die betrokke welsynsorganisasie saam te werk. Gesprekvoering met die pleegouers het gefokus op die moontlikheid van die ontwikkeling van die program. Pleegouers was verplig om die opleiding te deurloop, maar het wel die keuse gehad om aan die navorsingstudie deel te neem of nie.

**1.8.1.3 Identifiseer behoeftes en probleme van die populasie**

Tydens hierdie fase moet die navorser verhoed om eksterne insigte van die probleem en die oplossing daarvan, af te dwing. Sodra die navorser toegang tot die betrokke veld verkry het, moet ‘n begrip verkry word van die belangrikheid van die probleme wat deur die populasie ervaar word (De Vos, 2005:397). Soos reeds gemeld, is ‘n behoefte vir so ‘n program reeds deur die bestuur van die navorser se organisasie en ander welsynsorganisasies uitgespreek.

Alle voornemende pleegouers wat by die Ondersteuningsraad van Pretoria aanmeld, word op deurlopende basis deur medekollegas direk na die navorser verwys vir ondersoek en opleiding, aangesien dit deel van haar posomskrywing is. Die voornemende pleegouers se aansoeke (Bylae 1) is saam met hul gesinsopset en maatskaplike omstandighede, moontlike behoeftes, en behuisingsomstandighede op individuele vlak geëvalueer.

### 1.8.1.4 Analisering van geïdentifiseerde probleme

'n Belangrike aspek van hierdie fase is om daardie situasies wat persone as probleme identifiseer, te analiseer. Die verskil tussen die ideale en ware situasies moet ook geanaliseer word. Die proses van die probleemanalise word ook meegehelp deur die redes te bevraagteken waarom die probleem bestaan of waarom vorige intervensies nie aangepak is of geslaag het nie. Die probleem van die sukses van 'n pleegplasing al dan nie, is tydens hierdie studie behandel. De Vos (2005:397) meen die volgende vrae is hier van toepassing: Vir wie is die situasie 'n probleem? Wat is die negatiewe gevolge van die probleem vir die individu? Watter gedrag van die kliënt moet verander?

Weens die beperkte kennis van voornemende pleegouers rakende pleegsorg, die wetlike implikasies daarvan en die hantering van die pleegkind met sy spesifieke emosionele behoeftes, ontstaan problematiese pleegsorgsituasies wat 'n probleem skep vir:

- <u>Die pleegkind</u>: Daar word nie voldoende in sy behoeftes voorsien nie of die plasing kan misluk omdat die pleegouers nie langer kans sien om voort te gaan met die pleegplasing nie. Dit bring mee dat die pleegkind na ander substituutsorg moet verskuif, wat verdere emosionele ontwrigting vir hom beteken.

- <u>Die pleegouers</u>: Die pleegouers voel nie opgewasse om in die pleegkind se behoeftes te voorsien nie en gevolglik ly hulle gesinslewe onder hul emosionele inspanning en emosionele uitputting, sodat hulle gevoelens van mislukking ervaar.

- <u>Welsynsorganisasies</u>: Weens 'n beperkte aantal beskikbare pleegouers, word die plasing van pleegkinders vanuit hul huidige pleegsorgsituasies na ander versorging, bemoeilik.

Die doel was dus om die kennis van voornemende pleegouers rakende alle aspekte van pleegsorg te verbeter, sodat hulle meer voorbereid en toegerus sal wees om die pleegkind in hul gesinsisteem te akkommodeer en om hul rol as hulpbron vir die welsynsorganisasie, doeltreffender te kan vertolk. Dit is nodig dat voornemende pleegouers kennis moet neem dat hulle as 'n kleiner sisteem (gesinsisteem), deel word van 'n nuwe groter sisteem (welsynsisteem).

#### 1.8.1.5 Formulering van doelstellings en doelwitte

Nadat die probleem geformuleer is, word doelstellings en doelwitte geformuleer. Dit gee 'n verklaring vir die beoogde resultate van die intervensienavorsing. Hierdie stap is behulpsaam met die strukturering van die volgende fase van insameling van inligting en sintese (De Vos, 2005:398).

Die doelstelling en doelwitte van die studie is onder 1.3.1 en 1.3.2 geformuleer.

### 1.8.2 Fase 2: Data-insameling en ontwikkeling van 'n sintese

Tydens hierdie fase is dit belangrik om vorige pogings tot intervensie te ontdek, om sodoende die probleem te identifiseer en te behandel. Dit behels dat relevante kennis geïdentifiseer en geselekteer word en dat bruikbare bronne van inligting en kennis, gebruik en geïntegreer word. Die uitkoms van hierdie fase is 'n lys van moontlike funksionele elemente wat by die ontwerp van die intervensie geïnkorporeer kan word (De Vos, 2005:398). 'n Literatuurstudie is deur die navorser geloods. Kundiges is ook deurlopend geraadpleeg, om 'n verwysingsraamwerk op te bou. Vorige navorsing wat onderneem is, is ook benut.

Tydens die tweede fase van hierdie model is drie stappe gevolg, naamlik:

#### 1.8.2.1 Benutting van bestaande inligtingsbronne

'n Literatuuroorsig bestaan uit die bestudering van geselekteerde empiriese navorsing, aangemelde praktyk en geïdentifiseerde innoverings wat relevant is tot die spesifieke geïdentifiseerde probleem wat bestudeer word (Grinnell, 1993:55). Relevante inligting ten opsigte van verskeie velde moet bestudeer word. Daar moet nie slegs op die maatskaplike veld gefokus word nie, aangesien die bestudering van sosiale problematiek nie net op die menslike wetenskap gegrond is nie (De Vos, 2005:399).

'n Bibliografiese soektog is voor die aanvang van die studie geloods. Bestaande literatuur, nasionaal en internasionaal in verskillende dissiplines, soos aangedui in doelwit een, is geraadpleeg. Vir die doel van hierdie ondersoek is handboeke, vaktydskrifte, afgehandelde

navorsingsbronne, die internet, en persberigte wat oor pleegsorg handel, bestudeer. Verskeie databasisse is benut om soektogte te loods.

### 1.8.2.2 Bestudering van natuurlike voorbeelde

‘n Bruikbare hulpbron is om deur middel van waarneming te bepaal op watter wyse die groep of populasie met die spesifieke probleem wat bestudeer word, poog om self die spesifieke probleem op te los (De Vos, 2005:399). Die navorser is reeds vyf jaar in die spesialiteitspos as pleegsorgwerker werksaam. Die navorser het vooraf deur middel van gesprekvoering met *bestaande* pleegouers, inligting bekom oor probleme wat hulle met hul pleegsorgsituasies ervaar. Hierdie stap kon maklik geïmplementeer word, aangesien die navorser as deel van haar pligte as maatskaplike werker, op deurlopende basis reeds bestaande pleegsorgplasings moet moniteer. Verdere inligting is ook bekom deur middel van die analisering van redes vir mislukte pleegplasings binne die welsynsorganisasie. Die navorser het ook met kenners in die veld gekonsulteer met die oog daarop om inligting te bekom oor hul pogings om die probleem van problematiese pleegplasings, te hanteer.

As doelwitte van hierdie studie, het die navorser kenners, asook ander welsynsorganisasies geraadpleeg, om sodoende die behoefte aan ‘n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te bepaal. Weens die feit dat die opleiding van voornemende pleegouers slegs by die maatskaplike werkers van welsynsorganisasies berus - aangesien formele opleidingsprogramme nie bestaan nie - is inligting ingewin oor die moontlike *inhoud* van so ‘n program, sowel as die redes vir problematiese bestaande pleegsorgsituasies. Gesprekke is onder andere met die volgende kundiges gevoer om die inhoud van die program saam te stel:

- me S. Snyman: Kommissaris van Kindersorg (Pretoria);
- me S. Hitchcock: Kommissaris van Kindersorg (Pretoria);
- mnr P.J. Venter: Kommissaris van Kindersorg (Secunda);
- me S.P. Fick: Bestuurder van Pleegsorgdienste by die Christelike Maatskaplike Raad (Pretoria);
- me R. Schultz: Pleegsorgwerker by die Christelike Maatskaplike Raad (Pretoria);
- me M.S. Steenkamp: Direkteur van die Ondersteuningsraad (Pretoria);
- dr. J.F.P. Engelbrecht: Direkteur van die Diakonale Pleegsorghuise van die Nederduitsch Hervormde Kerk (Pretoria); en

- me S. Scholtz: Assistentbestuurder van Maatskaplike Werk by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Pretoria).

- ***Onderhoude met kundiges***

Uit die onderhoude met die bogenoemde persone, het die volgende temas na vore gekom:

- ‘n oorweldigende meerderheid aanmeldings van voornemende pleegouers was in familieverband;
- die meeste van hierdie familie wat aangemeld het, was enkelouer grootmoeders;
- dit wil voorkom of die rede vir die aanmeldings was om in aanmerking vir ‘n pleegkindtoelaag te kom;
- geen nasionale opleidingsprogram vir voornemende pleegouers bestaan nie;
- elke maatskaplike werker betrokke by hierdie opleiding, doen dit volgens haar goeddenke;
- daar is ‘n grootskaalse verskil ten opsigte van die inhoud en tydsduur van opleiding by elke kantoor van elke welsynsorganisasie;
- daar is geen verskil in die opleiding van verwante en nie-verwante plasings;
- die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) moet as basis dien vir die opleiding van voornemende pleegouers, veral met die klem op pleegsorg asook die wetlike implikasies daarvan;
- die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) moet as toekomstige basis dien vir die opleiding van voornemende pleegouers, sodra hierdie Wet gedurende 2008 ten volle geïmplementeer word (hierdie Kinderwet vervang dus die vorige Wet op Kindersorg);
- die regte van al die partye betrokke (pleegouers, pleegkinders en biologiese ouers) moet duidelik uiteengesit word;
- tipes kontak wat plaasvind tussen biologiese ouers en die pleegkinders, asook die redes daarvoor moet beklemtoon word;
- dit is belangrik dat die profiel van die pleegkind deel van die opleidingsprogram uitmaak, aangesien hierdie kind oor spesifieke emosionele probleme en behoeftes beskik; en
- pleegouers moet toegerus word om emosionele probleme van pleegkinders te kan identifiseer en om daaraan aandag te kan skenk.

Uit vorige navorsing wat deur die navorser onderneem is (Fourie, 1999:121-134), het dit duidelik geblyk dat pleegkinders aanpassings- en emosionele probleme ondervind, selfs by

pleegplasings wat oënskynlik suksesvol verloop. Weens hierdie bevindings, het die navorser duidelikheid verkry dat voornemende pleegouers beter opgelei en voorberei moet word op pleegplasings, sodat hierdie probleme onder die loep geneem kan word.

#### 1.8.2.3 Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle

Sodra inligting ingesamel is, word die belangrike kenmerke van die programme en praktyke ten opsigte van die probleem wat voorheen ondersoek is, deur die navorser geanaliseer. Deur die bestudering van suksesvolle en onsuksesvolle programme wat al gepoog het om aandag aan die probleem te skenk, kan die navorser potensieel bruikbare elemente van intervensie identifiseer. Bestaande kennis is behulpsaam in die rig, ontwerp en ontwikkeling van aktiwiteite (De Vos, 2005:400). Die navorser het die volgende welsynsorganisasies in Pretoria genader om te bepaal watter programme reeds by hulle bestaan en aangewend word, asook wat hul leemtes ten opsigte van pleegsorgdienste is:

- die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling;
- die Christelike Maatskaplike Raad;
- die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie;
- die Kinder- en Gesinsorgvereniging van Suid-Afrika; en
- die Ondersteuningsraad.

### 1.8.3 Fase 3: Ontwerp

Ontwerp kan gesien word as die beplande en sistematiese aanwending van relevante wetenskaplike, tegnologiese en praktiese inligting om innoverings tot stand te bring. Die navorser moet tydens hierdie fase duidelike aanduidings gee van die spesifieke plan van optrede. Die navorser stel hier haar ontwikkeling op skrif (De Vos, 2005:400). Die navorsingsontwerp wat gevolg is vir hierdie intervensienavorsing, is die enkelstelselontwerp, soos beskryf onder 1.7.

#### 1.8.3.1 Ontwerp ‘n waarnemingsisteem

Die navorser moet ‘n waarnemingsmetode ontwikkel waarvolgens die probleem, die omvang van die probleem en die gevolge van die intervensie, op natuurlike wyse geobserveer kan word. Die waarnemingsisteem dien as terugvoer vir vorige konsepte. Die doel van die

enkelstelselontwerp is om potensiaal voor intervensie te bepaal. Intervensie vind daarna volgens doelstellings plaas, wat dan gemoniteer word (De Vos, 2005:400). Die intervensie vir hierdie navorsing is die toepassing van die opleidingsprogram. Die effektiwiteit van die program is met behulp van gestruktureerde vraelyste vasgestel. Moontlike vrae wat in die vraelys ingesluit kon word, is saamgestel uit die literatuurstudie.

#### 1.8.3.2 Spesifiseer die prosedure-elemente van die intervensie

Die prosedure-elemente sluit in: die gebruik van inligting, opleiding en vaardighede wat bekom word, en strategie vir omgewingsverandering (De Vos, 2005:401). Tydens hierdie studie, is die intervensie wat die navorser gebruik het, die opleidingsprogram wat sy aan voornemende pleegouers aangebied het.

Die (intervensie) opleidingsprogram vir voornemende pleegouers sluit die volgende in, ook volgens die riglyne van PATH-Parents as "tender healers" (Foster parent quotes, 2005):

- Sessie 1:
  - Pleegsorg en plek van veiligheid:
    - wetlike aspekte;
    - verlenging van bevele;
    - doel van pleegsorg en plek van veiligheid;
    - toelaes en hulp beskikbaar; en
    - ander kwessies: mediese behandeling en mediese onkostes, aanspreeklikheid, vakansies oor landsgrense heen.

  - Motiewe vir pleegsorg:
    - positiewe teenoor negatiewe motiewe.

  - Redes vir die verwydering van kinders:
    - profiel van disfunksionele gesinne; en
    - gronde vir verwydering van kinders volgens die Kinderwet.

  - Fases van rou na die verwydering van kinders:
    - wittebroodsfase;

- trauma en rou; en
- aanvaarding.

- Sessie 2:
  - Verwagtinge wat gestel word aan:
    - die betrokke maatskaplike werkers;
    - die pleegouers; en
    - die biologiese ouers.

  - Regte van:
    - die pleegkinders;
    - die pleegouers; en
    - die biologiese ouers.

  - Strafmaatreëls rakende pleegkinders:
    - onwettigheid ten opsigte van lyfstraf en redes daarvoor; en
    - alternatiewe metodes om pleegkinders te dissiplineer.

  - Besoeke en kontak met biologiese ouers:
    - wetlike verpligting ten opsigte van kontak tussen die pleegkinders en hul biologiese ouers; en
    - tipes kontak wat kan plaasvind: gestruktureerde en ongestruktureerde kontak (telefonies, met of sonder toesig van die maatskaplike werker, dag-, naweek- en vakansiebesoeke).

- Sessie 3:
  - Emosionele probleme en behoeftes van pleegkinders en die hantering daarvan:
    - lae selfbeeld;
    - gebrek aan ‘n eie identiteit;
    - aggressie;
    - gebrek aan binding;
    - leuentaal;
    - enurese en enkoprese;
    - psigosomatiese siektetoestande; en
    - depressie.

- Hantering van die kind met MIV/VIGS.

- Opvoeding van pleegkinders en die taak van pleegouers.

- Gebruik van die gesinsisteem/familiestruktuur om kinders te heel.

- Hoe om die kind te help om deel van 'n nuwe gesin te word.

- Hulpbronne:
    - 'n lys van hulpbronne, wat sielkundiges, psigiaters, arbeidsterapeute, pediaters en hospitale insluit, word beskikbaar gestel.

### 1.8.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en voortoets

Hierdie fase van intervensienavorsing behels die volgende:

#### 1.8.4.1 Ontwikkel 'n prototipe of voorlopige intervensie

Tydens hierdie fase word 'n basiese ontwerp verander en verbeter tot 'n konsep wat in die veld geëvalueer kan word. Hierdie fase van intervensienavorsing sluit in: die ontwikkeling van 'n prototipe, loodsing van 'n voortoets en aanwending van kriteria vir ontwerp by die aanvanklike intervensie konsep (De Vos, 2005:402). Die navorser het tydens hierdie fase 'n konsep van die gestruktureerde vraelys ontwikkel, wat sy voor en na afloop van die opleidingsprogram geïmplementeer het. Die navorser het tydens hierdie fase ook die inhoud van 'n konsepopleidingsprogram wat sy tydens die opleidingsessies wou implementeer, opgestel. Die inhoud van die opleidingsprogram en vraelys is uit die literatuurstudie saamgestel, met die hulp van die kundiges wat geraadpleeg is sowel as deur die bestudering van moontlike bestaande nasionale en internasionale programme.

Volgens Fouché (2002:156), is dit nodig om te bepaal presies watter inligting benodig word, alvorens 'n vraelys saamgestel word. Die navorser het 'n lys van vrae saamgestel volgens die inligting wat benodig word, waarna 'n standaardvraelys saamgestel is. Die finale vraelys is in samewerking met die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek onder leiding van me. Summerville, gefinaliseer. Die respondente het elk hierdie vraelys tydens hul eerste individuele aanmeldingsonderhoud en direk na afloop van hul laaste opleidingsessie, ingevul.

### 1.8.4.2 Uitvoering van 'n vooronderSoek

Volgens die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:70), word die vooronderSoek soos volg beskryf: "Proses waarvolgens die navorsingsontwerp vir 'n beoogde ondersoek getoets word." Die vooronderSoek is ook die wyse waarop die navorser haarself ten opsigte van die beplande projek kan oriënteer. Die vooronderSoek is dus die voorwaarde vir die suksesvolle verloop en afhandeling van 'n navorsingsprojek (Bless & Higson-Smith, 1995:43).

Dit is noodsaaklik om 'n vooronderSoek te loods, ongeag of 'n kwalitatiewe of kwantitatiewe benadering gevolg word. Die doel is om te bepaal of relevante data van die respondente verkry sal word. 'n Statisties korrekte vooronderSoek speel nie so 'n belangrike rol in kwalitatiewe navorsing as in kwantitatiewe navorsing nie (Poggenpoel, 2002:337).

- ***Uitvoerbaarheid van die ondersoek***

Dit is belangrik dat die navorser die uitvoerbaarheid van 'n studie sal bepaal voordat die navorsing 'n aanvang neem. Die studie moet beperk word tot veranderlikes wat ondersoek kan word in die beskikbare tyd, koste vir die ondersoek moet gedra kan word, samewerking van al die betrokkenes moet verkry kan word en die studie moet kan voldoen aan die etiese aspekte verbonde aan 'n navorsingstudie (Strydom, 2005b:56).

Die navorsing wat onderneem is, was uitvoerbaar ten opsigte van die tyd wat benodig was en die minimum koste daaraan verbonde. Die navorser het hierdie studie onderneem in haar hoedanigheid as pleegsorgwerker van haar organisasie, naamlik die Ondersteuningsraad van Pretoria, en die navorsingsprojek het ook deel van haar taak en pligte as maatskaplike werker, uitgemaak. Die onkostes is dus ook deur die organisasie self gedra rakende die administrasie, brandstof en gebruik van fasiliteite en skryfbehoeftes. Die nodige skriftelike toestemming van die bestuur van die navorser se organisasie is ook vooraf verkry vir die implementering van die program (Bylae 4).

Aansoekers vir pleegsorg is onder 'n statutêre verpligting om aan 'n welsynsorganisasie verbonde te wees en by hul programme in te skakel, aangesien dit ook so deur die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) vereis word. Weens die feit dat voornemende pleegouers hulself vrywillig bereid verklaar om as pleegouers op te tree, en dus 'n keuringsproses moet deurloop, het dit die respondente vir hierdie studie toeganklik gemaak.

Voornemende pleegouers wat ‘n familie- of vriendskapsband het met ‘n spesifieke kind betrokke by ‘n bestaande ondersoek, het ook outomaties deel van die organisasie se gevallelading uitgemaak, en hulle was dus beskikbaar vir hierdie studie.

Pleegsorg is ook ‘n belangstellings- en spesialiteitsveld van die navorser, wat bygedra het tot die gewilligheid om die studie te voltooi. ‘n Vorige studie is reeds deur die navorser gedoen om die aanpassing van die kind in pleegsorg te bepaal. Daardie studie het ook die belangrikheid van die opleiding van pleegouers duidelik getoon.

- ***Voortoets van vraelys en program***

‘n Voortoets kan, volgens Strydom (1989:202) en Poggenpoel (2002:337), leemtes in die meetinstrument uitwys en die inhoud van vraelyste en onderhoude kan aangepas word voordat die hoofondersoek ‘n aanvang neem. Die navorser het ‘n voortoets van die *vraelys* gedoen wat behels het dat dit voor die aanvang van die program aan drie individuele respondente wat nie in die hoofondersoek betrek is nie, beskikbaar gestel is. Hierdie resultate het nie deel van die hoofondersoek uitgemaak nie. Veranderinge is aangebring na aanleiding van die terugvoer wat ontvang is, waarna die vraelys gefinaliseer is. Oop vrae is verander na geslote vrae wat gekoppel is aan skale, sodat die inligting statisties makliker bereken kon word. Geen ander veranderinge was nodig nie.

Die navorser het die *program* vir pleegouers deeglik beplan en die program is daarna op ‘n klein skaal prakties op dieselfde drie individuele respondente getoets. Hierdie respondente is aan dieselfde omgewingsfaktore en program blootgestel as die respondente in die hoofondersoek. Terugvoer is ook in ag geneem in ‘n poging om die effektiwiteit van die intervensie te bepaal. Die drie betrokke respondente se bydraes het geen veranderings aan die program genoodsaak nie. Die navorser het egter die program deurlopend aangepas volgens die mondelinge vrae en insette wat tydens vorige opleidingsessies in haar hoedanigheid as pleegsorgwerker, gelewer is.

### 1.8.4.3 Pas ontwerpkriteria toe op voorlopige intervensieprogram

Na die voltooiing van genoemde voorondersoek, is die program en vraelys gereed gemaak vir die hoofondersoek, deur die nodige veranderinge aan te bring.

### 1.8.5 Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling

Volgens De Vos (2005:403), is die gebruik van navorsingsmetodes in die evalueringsfase nie daarop gemik om erkenning te verkry of 'n bydrae te lewer tot kennis van menslike gedrag rakende die program nie. Evaluering word gedoen om uitkomsgebaseerde inligting te bekom as 'n belangrike deel van die navorsingsproses.

#### 1.8.5.1 Selektering van 'n eksperimentele ontwerp

Drie opleidingsgroepe van drie sessies elk is aangebied, waartydens 'n totaal van 53 individuele respondente (egpare is as individue hanteer) ingeskakel is (20 respondente by die eerste groep, 15 by die tweede groep en 18 by die derde groep). Hierdie groepe is gedurende Februarie tot Junie 2006 aangebied. Hierdie respondente het bestaan uit al die nuwe aansoekers vir pleegsorg wat tydens hierdie tydperk aangemeld het by die Ondersteuningsraad van Pretoria. Die program en vraelys is op presies dieselfde wyse by die verskillende groepe aangebied, om veranderlikes sover as moontlik uit te skakel.

#### 1.8.5.2 Insameling en analisering van data

- ***Insameling van data***

Evaluering en gevorderde ontwikkeling is deel van die vyfde fase van intervensienavorsing. Kwantitatiewe data-insameling vorm deel van hierdie fase. Data is ingesamel deur die een-groep voortoets-natoets. Die prosedure was soos volg:

- Invul van 'n vraelys (A) om voornemende pleegouers se vooraf of bestaande kennis rakende pleegsorg te bepaal:
  - die vraelys is voor die aanvang van die opleidingsessies, anoniem deur elke deelnemer (respondent) ingevul, waarvan egpare ook individueel vraelyste moes voltooi; en
  - die vraelys is vooraf gestruktureer rondom inligting rakende pleegsorg, persepsies, verwagtinge, wetlike aspekte en die profiel van die sorgbehoewende kind.

- Inskakeling van aansoekers in opleidingsgroepe wat drie sessies van drie ure elk beloop het, met ander woorde die intervensie (B):

- drie groepe is gedurende Februarie tot Junie 2006 aangebied en alle nuwe aansoekers is gedurende hierdie tydperk, by hierdie opleidingsessies betrek; en
- hierdie groepe is na-ure by die kantoor van die navorser se organisasie aangebied, in 'n konferensielokaal wat reeds vir hierdie doeleindes aan die navorser beskikbaar gestel was.

- Na voltooiing van die opleidingsessies, is 'n vraelys (A) weereens ingevul:
  - dieselfde gestruktureerde vraelys is direk na afloop van die laaste (derde) sessie, weereens aan die respondente beskikbaar gestel, wat hulle anoniem ingevul het.

- Verkryging van data:
  - deur die vraelyste (A) se inligting te verwerk en met mekaar te vergelyk, is gepoog om te bepaal wat die impak van die program op die respondente se kennis rakende pleegsorg is; en
  - deur 'n maand na afloop van die opleidingsessies, individuele onderhoude met die respondente te voer, is aanvullende inligting rakende hul kennis van pleegsorg bekom (dit was nie moontlik om weer die vraelys te voltooi nie), en van die belangrikste aspekte wat bespreek is, is in die empiriese hoofstuk opgesom.

Die inligting wat uit die vraelyste verkry is, is na afloop van die navorsing met die respondente bespreek. Die navorser het ook hoofsaaklik sterk gefokus op inligting en terugvoer wat mondelings vanaf die respondente verkry is. Verdere evaluering van die program is dus gedoen deur ongeveer een maand na afloop van die opleidingsessies, individuele onderhoude met die betrokke respondente te voer. Hierdie inligting het 'n duidelike beeld kon gee, nie net rakende die inligting wat hulle tydens die sessies verkry het en kon benut nie, maar ook om hul insig daar rondom te bepaal.

- ***Analisering van data***

Kwantitatiewe data-analisering behels dat data in grafieke, statistieke en/of tabelle weergegee en geïnterpreteer moet word. Betroubaarheid en geldigheid moet gewaarborg kan word. Na voltooiing van die studie is 53 vraelyste wat as voor- en natoets benut is, dus 106 vraelyste, se data geanaliseer. Statistieke is bereken deur 'n statistikus. Beskrywende statistiek en aanbieding geskied met behulp van die benutting van grafieke, tabelle, teoretiese begrondings van die vraelys, verantwoordings en interpretasies.

Die mondelinge terugvoer uit die onderhoude met respondente 'n maand na afloop van die sessies, is kortliks weergegee.

#### 1.8.5.3 Herhaling van intervensie onder natuurlike omstandighede

Die program is slegs tydens die hoofondersoek met die drie groepe respondente gedoen.

#### 1.8.5.4 Verfyning van die intervensie

Na afloop van die evaluering, is die program aangepas vir die verfyning van die intervensie, om die program sodoende gereed te kry vir verspreiding binne die Ondersteuningsraad van Pretoria en formulering van beleid.

### 1.8.6 Fase 6: Verspreiding

Volgens De Vos (2005:404), is 'n program gereed om aan ander teikengroepe en organisasies versprei te word sodra die veldtoets voltooi is en die program daarvolgens geëvalueer is. 'n Behoefte is geïdentifiseer vir die ontwikkeling van 'n eenvormige program waarvolgens voornemende pleegouers opgelei en gekeur word, met die oog daarop om hulle te bemagtig en toe te rus met die nodige kennis rakende die wetlike implikasies van pleegsorg en die hantering van die pleegkind met sy spesifieke emosionele behoeftes.

Hierdie fase van verspreiding is die laaste fase van die intervensienavorsing. Verspreiding van die voornemende pleegoueropleidingsprogram sou dus behels dat die program na voltooiing, aan ander welsynsorganisasies beskikbaar gestel word. Hierdie fase is egter nie deel van hierdie navorsing nie, en word gevolglik nie bespreek nie.

## 1.9 BEGRENSING VAN DIE STUDIE

Die begrensing van die studie word aan die hand van die universum, die afbakening van die steekproef en die wyse van steekproefneming, beskryf.

### 1.9.1 Universum

Die universum verwys na die individue of groepe wat by die studie ingesluit gaan word en wat oor die eienskappe beskik waarin die navorser geïnteresseerd is (Arkava & Lane, 1983:27; Mouton, 1996:134). Die universum vir hierdie studie behels dus alle voornemende pleegouers wat aanmeld by welsynsorganisasies in Pretoria.

### 1.9.2 Populasie

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:49) beskryf populasie as die "totale getal eenhede waaruit 'n steekproef geneem word." Populasie kan dus gesien word as die grootste eenheid van analisering, wat al die persone wat oor die gedefinieerde eienskappe beskik, insluit (Jupp, 1992:19; Babbie & Mouton, 1998:173). Die populasie van hierdie studie bestaan uit egpare en individue (enkellopendes) wat belangstel om as pleegouers vir die Ondersteuningsraad van Pretoria op te tree.

### 1.9.3 Afbakening van die steekproef

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:61) omskryf 'n steekproef as 'n getal eenhede wat verteenwoordigend is van die totale getal eenhede in die betrokke populasie. Volgens Arkava en Lane (1983:27), is 'n steekproef: "… the element of the population considered for actual inclusion in the study." Die steekproef word bestudeer om die populasie waaruit dit geselekteer is, te verstaan (Huysamen, 1987:6; Mouton, 1996:135; Babbie & Mouton, 1998:174).

Alle egpare en individue (enkellopendes) wat hulself aangemeld het as voornemende pleegouers van die Ondersteuningsraad van Pretoria in die tydperk Februarie tot Junie 2006, is in die opleidingsgroepe betrek. Die steekproef vir hierdie studie bestaan dus uit egpare en individue wat gewillig was om as pleegouers vir die Ondersteuningsraad van Pretoria op te tree.

### 1.9.4 Wyse van steekproefneming

Vir die doel van hierdie navorsing is van ewekansige steekproefneming gebruik gemaak. By ewekansige steekproefneming kan die waarskynlikheid van seleksie bereken word (Yegidis & Weinbach, 1996:117). Alle egpare en individue wat gedurende Februarie tot Junie 2006

as pleegouers by die Ondersteuningsraad van Pretoria aansoek gedoen het, is by die studie betrek en maak deel van die steekproef uit. Dit is dus alle beskikbare respondente, dus is beskikbaarheidseleksie gebruik (Yegidis & Weinbach, 1996:135).

Verdere seleksie het nie plaasgevind nie, aangesien alle aangemelde voornemende pleegouers gewillig was om by die navorsing betrek te word.

## 1.10 ETIESE ASPEKTE

Volgens Rubin en Babbie (1989:50) is etiek: "… typically associated with morality, and both deal with matters of right and wrong" en "conforming to the standards of conduct of a given profession or group." Etiek kan verder beskryf word as die morele beginsels van 'n groep of individu wat wydverspreid aanvaar word en wat reëls en 'n spesifieke gedragskode neerlê rakende die mees korrekte optrede teenoor respondente, werkgewers, donateurs, ander navorsers, studente en assistente. Etiese optrede berus dus by die navorser betrokke, wat verantwoordelik is vir die positiewe en negatiewe gevolge van elke besluit (Bailey, 1987:406; Strydom, 2005b:56).

Die navorser is 'n maatskaplike werker by 'n welsynsorganisasie en dus geregistreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe. Gevolglik is die navorser onderworpe aan haar etiese beroepskode, wat ook deur die welsynsorganisasie waar sy werk, verwag word.

Die volgende etiese aspekte word aan die hand van Rubin en Babbie (1989:50-55) bespreek:

### 1.10.1 Vrywillige deelname

'n Belangrike vereiste vir deelname aan eksperimentele navorsing, is dat dit vrywillig moet wees. Niemand moet dus geforseer word om deel te neem aan 'n navorsingsprojek nie (Strydom, 2005b:59). Alhoewel die voornemende pleegouers wat by opleidingsprogramme inskakel, onder 'n wetlike verpligting is om samewerking aan die betrokke welsynsorganisasie te gee en gekeur word volgens spesifieke kriteria soos in welsynsbeleid voorgeskryf, was die voornemende pleegouers onder geen verpligting om hulself beskikbaar te stel as respondente vir hierdie navorsing nie. Die voornemende pleegouers van hierdie

studie is wel almal betrek by dienslewering en 'n opleidingsproses wat verpligtend is vir die welsynsorganisasie, maar hulle is onder geen verpligting geplaas om deel van die navorsingsprojek uit te maak nie. Vrywillige, skriftelike ingeligte deelname aan die studie is vooraf van elke respondent verkry.

### 1.10.2 Geen skade aan deelnemers

Navorsing wat onderneem word, moet nooit enige skade vir die deelnemers tot gevolg hê nie, ongeag of hul deelname vrywillig is of nie. Hierdie etiek in navorsing sluit ook in dat deelnemers nie blootgestel moet word aan enige eksperimente wat vir hulle 'n verleentheid is of wat inligting bekendmaak wat 'n negatiewe invloed op hul werk, verhoudings met familie en vriende of gemeenskapsverhoudinge het nie. Volgens Strydom (2005b:58), is 'n navorser eerder onder 'n verpligting om die wyse van navorsing te verander, as om die respondente bloot te stel aan fisiese beserings of emosionele skade.

Die navorser was bewus van haar etiese verantwoordelikheid om haar respondente te beskerm teen enige fisiese of emosionele skade. Die navorsing het in die beskermende omgewing van die navorser se kantoorgebou plaasgevind. Inligting wat 'n verleentheid kon bied of emosionele pyn kon veroorsaak, is ook nie tydens die navorsing in groepsverband hanteer nie. Indien die navorser sou merk dat enige emosionele skade aan 'n respondent berokken sou word, sou hy/sy van die navorsing onttrek word. Indien terapie benodig sou word, sou dit gratis gebied word deur maatskaplike werkers van die Ondersteuningsraad van Pretoria. Dit was egter nie nodig om enige onttrekkings of verwysings vir terapie tydens hierdie studie te doen nie.

### 1.10.3 Anonimiteit

Dit is die navorser se verantwoordelikheid om die *identiteit* van die respondente te beskerm, veral wanneer hul navorsingsinligting negatiewe gevolge vir hulle inhou. Volgens Bless en Higson-Smith (1995:103), is respondente soms slegs geneë om inligting te verskaf indien hul anonimiteit verseker kan word. Anonimiteit beperk egter nie die navorsingsproses nie, aangesien die bevindinge van 'n groep eerder as dié van 'n individu, verlang en bestudeer word.

Alle respondente se besonderhede is vir die doel van hierdie studie met vertroulikheid hanteer. Hierdie beginsel is ook deel van die beleid van die welsynsorganisasie waar die navorsing gedoen is. Referente wat gekontak is om as verwysings vir die voornemende pleegouers op te tree, het geskied met die skriftelike toestemming van die aansoekers. Die opleiding is in groepe gedoen, waar die respondente op streng vertroulikheid gewys is. Waar nodig, is skuilname in die navorsingsverslag gebruik.

### 1.10.4 Privaatheid en vertroulikheid

Tydens 'n navorsingsprojek identifiseer die navorser antwoorde en inligting vanaf respondente, maar onderneem om nie die *inligting* publiek te maak nie. Die respondent moet verseker word dat die inligting wat uit die studie verkry word, ook slegs aangewend sal word vir die doel soos aangedui (Bless & Higson-Smith, 1995:103). Die navorser het dus nie die reg om die respondente se reg op privaatheid te skend nie. Volgens Bailey (1987:413), kan vrae wat spanning en skuldgevoelens veroorsaak, ook gesien word as 'n inbreuk op privaatheid.

Die navorser het ook vraelyste en aansoekvorms wat van die respondente ontvang is, asook inligting uit individuele onderhoude, met die nodige vertroulikheid en met skriftelike toestemming hanteer. Die toestemming sluit in dat die bevindinge ook aan eksaminatore wat hierdie studie moes evalueer, bekend gemaak kon word. Alle identifiserende besonderhede is anoniem en vertroulik hanteer om nie die privaatheid van respondente te skend nie.

Ander etiese aspekte soos deur Strydom (2005b:56-69) geïdentifiseer, word ter aanvulling soos volg bespreek:

### 1.10.5 Verkeerde inligting of die weerhouding van inligting

Dit sluit in dat die navorser inligting van die respondente weerhou of verkeerde inligting verskaf om deelname van die respondente aan die studie te verseker.

Redes waarom deelnemers bedrieg kan word, sluit in:

- versluier die doel van die studie;
- versteking van die funksie van optrede van deelnemers; en
- versteking van die ervaring wat deelnemers sal deurmaak.

Die deelnemers aan hierdie navorsing is vooraf in kennis gestel van die doel en prosedures van hierdie studie waarby hulle betrokke sou wees. Hul insluiting en deelname aan hierdie studie, was vrywillig van aard.

Pleegouers word as 'n groot hulpbron vir welsynsorganisasies beskou, en daarom het die navorser daarop gelet om geen verkeerde inligting deur te gee of om inligting van die respondente te weerhou nie.

### 1.10.6 Optrede en bedrewenheid van die navorser

By die besluit om 'n navorsingsprojek te onderneem, is die navorser eties verplig om te verseker dat sy oor die nodige vaardighede beskik. Die navorser moet deurlopend bewus wees van haar verantwoordelikheid om die studie op 'n eties korrekte manier te voltooi. Dit is ook belangrik dat die kultuur, geloof en sienswyses van die respondente gerespekteer word, sodat goeie samewerking verseker kan word. Risiko's moet deurlopend geëvalueer word. Die navorser van hierdie studie het al die bogenoemde aspekte onderneem en daarop gefokus om deelnemers met die nodige respek te behandel. Die navorser werk reeds 11 jaar lank as maatskaplike werker by die Ondersteuningsraad, waarvan vyf jaar in hierdie spesialiteitspos. Die navorser het reeds 'n paar opleidingsgroepe met voornemende pleegouers hanteer.

### 1.10.7 Ontlonting

Ontlonting is aan die einde van elke byeenkoms deur die navorser gedoen. Indien enige terapie gedurende of na die opleiding benodig sou word, was daar 'n kollega of sielkundige wat deur die welsynsorganisasie benut word, beskikbaar om hierdie dienste te lewer; daar is vooraf reeds met hulle gereël. Dit was egter nie nodig om enige verwysings vir ontlonting te doen nie.

## 1.11 BEPERKINGS EN LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

Die belangrikste beperkings en leemtes wat die navorser tydens die studie ervaar het, is die volgende:

- In Suid-Afrika bestaan daar beperkte resente wetenskaplike literatuur wat relevant is tot pleegsorg. Daar was ook beperkte relevante literatuur rakende die wetlike implikasies van pleegsorg. Hierdie probleem is in 'n redelike mate oorbrug deur van buitelandse literatuur gebruik te maak, konsultasie met kundiges asook om ongepubliseerde literatuur te bekom vanaf staatinstansies en ander welsynsorganisasies.

- Tydens die proses om skriftelike *beleid* rakende pleegsorg by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en by verskillende welsynsorganisasies te bekom, is bevind dat meeste organisasies nie oor skriftelike dokumentasie beskik nie, die beleid verouder is en/of in proses van hersiening is, of dat daar weens personeelwisseling geen dokumentasie gevind kon word nie. Dit was veral moeilik om enigsins skriftelike beleid en *opleidingsprogramme* by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te bekom; die navorser is ingelig dat hulle nie oor die nodige dokumentasie beskik nie. Die gevolg is dat *aangepaste* inligting rakende pleegsorg vanaf 'n staatsinstansie bekom moes word.

- Die aanvanklike doel was om al die aansoekers vir pleegsorg elke twee maande in opleidingsessies te betrek. Weens die inkorting van staatsubsidies, is daar vir 'n geruime tyd geen nuwe gevalle by die navorser se organisasie ingeneem nie. Dit het teweeggebring dat daar in hierdie tydperk ook nie pleegouerondersoeke na die navorser verwys is nie. Gevolglik het daar na die herinstelling van die subsidies, wel opleidingsessies plaasgevind, wat tussen Februarie tot Junie 2006 gespasieer moes word om almal te kon akkommodeer.

- Die navorser se hoë werklading en verantwoordelikhede het tot gevolg gehad dat die individuele onderhoude wat met die respondente na afloop van die opleidingsessies gevoer is, meestal telefonies plaasgevind het. Van die respondente was nie so geletterd dat die vraelys vir 'n verdere natoets ingevul kon word nie.

- Weens die hoë toename in syfers van MIV/VIGS in Suid-Afrika, beteken dit dat 'n groot deel van die navorser se werklading daaruit bestaan om pleegplasings van VIGS-wesies in families se sorg te doen. Gesien in die lig daarvan dat die riglyne vir die keuring van hierdie pleegouers verskil van dié van ander pleegouerkeurings, het dit tot gevolg gehad dat die program aangebied moes word vir persone wat oor verskillende vlakke van intellektuele vermoëns beskik. Dit was selfs nodig dat die navorser van die vraelyste namens sommige respondente moes invul, weens sommige van hierdie respondente se beperkte geletterdheid. Die navorser het hierdie probleem in 'n mate oorbrug deur die deelnemers aan die opleidingsessies min of meer volgens hul intellektuele vermoëns in te deel. Die gevolg was dat sommige groepe se sessies ook langer aangehou het. Verwante pleegplasings, asook nie-verwante plasings, moes dus ook beide in ag geneem word tydens die bespreking en by die navorsing.

- Slegs voornemende pleegouers wat by een welsynsorganisasie (die Ondersteuningsraad) aangemeld het, is by die studie betrek. Tog was kultuur en godsdiens in ag geneem.

- Die intervensie het na-ure in 'n lokaal van die welsynsorganisasie waar die navorser werksaam is, plaasgevind, wat meegebring het dat vervoer vir van die respondente wat hoofsaaklik van busvervoer en van taxi's gebruik maak, moeilik was. Hierdie probleem is in 'n mate oorbrug deur alternatiewe vervoerreëlings onder die respondente onderling te reël, wat verdere administrasie meegebring het. Een groep se opleidingsessies is ook geskuif sodat dit tydens kantoorure plaasgevind het.

- Die invloed van die opleidingsprogram is onder andere aan die hand van die pleegouers se kennis rakende pleegsorg gemeet. Sommige respondente het vooraf redelike goeie inligting ten opsigte van pleegsorg gehad, wat die impak van die program by hierdie respondente nie baie duidelik kon meet nie. In hierdie gevalle moes die navorser sterk steun op die mondelinge terugvoer wat 'n maand na afloop van die opleidingsessies, van die respondente verkry is.

## 1.12 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Ten einde onduidelikheid oor die aard van die ondersoek te voorkom, word die konsepte van pleegsorg, pleegouers, pleegkind, voornemende pleegouers, opleidingsprogram en welsynsorganisasie vir die doel van hierdie studie gedefinieer.

### 1.12.1 Pleegsorg

Pleegsorg word in die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), soos gewysig deur die Wet op Kindersorg, 1996 (Wet 96 van 1996) soos volg gedefinieer: "Die plasing van 'n kind, ingevolge 'n bevel uitgereik deur die kinderhof, in die sorg van 'n geskikte familie of individu wat gewillig is om op te tree as pleegouers vir die kind." 'n Pleegkindtoelaag word deur die staat aan die pleegouers betaal vir die versorging van die kind, met 'n finansiële verpligting op die biologiese ouers in die vorm van 'n kontribusie-bevel (Skelton, 1998:137).

Volgens Colton en Williams (1997:45), word pleegsorg soos volg gedefinieer: "Foster care is provided in the carer's home, on a temporary or permanent basis, through the mediation of a recognised authority, by specific carers, who may be relatives or not, to a child who may or may not be officially resident with the foster carers." Daarvolgens beskryf die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:37) pleegsorg as: "statutêre substituutsorg binne gesinsverband vir kinders wat op kort-, medium- of langtermyn nie deur hulle ouers versorg kan word nie, terwyl dienste aan die ouers voortgesit word om die kinders binne 'n bepaalde tydsbestek weer in hulle sorg terug te plaas."

Volgens die *White Paper of Social Welfare* (Government Gazette, 1997:105), is pleegsorg 'n kindergesentreerde diens. Dit kan 'n kostedoeltreffende, gesinsgesentreerde en gemeenskapsgebaseerde wyse wees om vir kinders te sorg wie se ouers nie daartoe in staat is om dit toereikend te doen nie.

Statutêr is pleegsorg een van die vorme van substituutversorging, naas inrigtingversorging en aanneming. Pleegsorg is vir kinders wat deur die kinderhof sorgbehoewend bevind is en behels die skepping van 'n terapeutiese of remediërende omgewing waarin die kind kan herstel en ontwikkel (Theron, 1982:9). Volgens Human (1994:65), kan pleegsorg verder omskryf word as 'n belangrike kinderbeskermingsdiens wat substituut gesinsversorging aan

'n kind bied vir 'n beplande tydperk op 'n kort- of langtermynbasis, terwyl sy biologiese ouers nie na hom kan omsien nie.

Vir die doel van die navorsing word pleegsorg dus gesien as 'n vorm van substituutsorg vir kinders wat ingevolge 'n hofbevel uit hul ouers se sorg verwyder word en by 'n ander ouerpaar geplaas word wat aan sekere keuringsvereistes voldoen, en wat in hul emosionele, fisiese, geestelike en intellektuele behoeftes sal voorsien. Dit is 'n tydelike plasing vir slegs die duur van die hofbevel en die biologiese ouers behou hul voogdyskap, al is die kinders nie meer in hul sorg nie. Pleegsorg dien dus ook as 'n hulpbron waarbinne 'n veilige terapeutiese, remediërende, kognitiewe, normatiewe en sosiale milieu vir die kinders weg van hul ouers af, geskep en in stand gehou word.

**1.12.2 Pleegouers**

Volgens Theron (1982:8), is 'n pleegouer 'n wettig daargestelde of gekose ouer in die plek van 'n afwesige of ontoereikende ouer wat nie self vir hul kind kan sorg nie. 'n Pleegouer is 'n persoon, uitgesonderd die natuurlike ouer, wat teen vergoeding al dan nie, die tydelike versorging van 'n kind onderneem wat kragtens 'n bevel van 'n kinderhof in sy bewaring geplaas word. Dit is belangrik om te meld dat pleegouers egter nie voogdyskap oor die kind verkry nie (De Klerk, 1994:6; Skelton, 1998:137).

Volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), kan 'n pleegouer omskryf word as: "…'n persoon, behalwe 'n ouer of voog, in wie se bewaring 'n kind geplaas is…" Die behoorlike keuring en opleiding van pleegouers is van kardinale belang en hulle moet aan al die standaarde van aanneemouers voldoen (Swanepoel & Wessels, 1992:17).

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word pleegouers dus gesien as daardie egpaar of persone in wie se sorg 'n kind op tydelike basis wetlik geplaas word en wat betrokke is by die kind se dissiplinering, opvoeding en sosialisering, aangesien sy biologiese ouers onbevoeg gevind is om langer sy versorging waar te neem. Die biologiese ouers behou egter hul regte as wettige voogde van die kind, al verkeer die kind vir 'n onbepaalde tydperk nie meer in hul sorg nie.

### 1.12.3 Pleegkind

Volgens die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:49), kan 'n pleegkind omskryf word as 'n kind wat volgens wetgewing in die sorg van iemand anders as dié van sy ouers geplaas word. 'n Pleegkind is ook daardie kind wie se versorging en opvoeding by sy ouerhuis onvoldoende is en as gevolg daarvan, in die sorg van 'n ander ouerpaar geplaas word (Stein, Gambrill & Wiltse, 1978:9; *Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn,* 1990:3).

Volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), is 'n pleegkind: "… 'n kind wat in die bewaring van 'n pleegouer geplaas word." Die pleegkind word tydelik weg van sy ouers versorg vir slegs die duur van die hofbevel, omdat voogdyskap steeds by die biologiese ouers gesetel is (Swanepoel & Wessels, 1992:17).

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word 'n pleegkind dus gesien as 'n kind wat deur 'n kinderhof sorgbehoewend bevind word en vir tydelike versorging, hetsy teen vergoeding al dan nie, in die bewaring van ander ouers as sy biologiese ouers, geplaas word.

### 1.12.4 Voornemende pleegouers

"Voorneme" kan, volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal,* verklaar word as dit wat mens van plan is, of besluit om te doen (Odendal & Gouws, 2005:1341). Soos reeds vermeld, kan 'n pleegouer beskou word as 'n persoon, behalwe 'n ouer of voog, in wie se sorg 'n pleegkind geplaas is (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk,* 1995:49).

Die navorser noem dat voornemende pleegouers dus beskryf kan word as persone wat hulle as toekomstige ouers vir pleegkinders beskikbaar stel, met ander woorde wat beplan om in die toekoms as ouers vir kinders op tree wat nie langer deur hul eie ouers versorg kan word nie.

### 1.12.5 Opleidingsprogram

Volgens Kirkpatrick (1985:789), word 'n opleidingsprogram soos volg gedefinieer: "A training program is a course of instruction by book or teaching machine in any profession by means

of paper or booklet, with relevant details and items and in which the subject matter is broken down into logical sequence of short items of information, and a student can check immediately the suitability of his response."

'n Opleidingsprogram kan dus beskryf word as 'n gestruktureerde oorsig ten opsigte van spesifieke materiaal wat met 'n spesifieke onderwerp te make het en aan 'n spesifieke teikengroep aangebied word.

### 1.12.6 Welsynsorganisasie

Volgens die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:71), word 'n welsynsorganisasie beskryf as: "['n] instelling wat deur private inisiatief in die lewe geroep is om welsynsdienste te lewer." 'n Welsynsorganisasie is 'n organisasie wat 'n sterk tradisionele plek in welsynsdienslewering beklee en is in 'n groot mate verantwoordelik vir welsynsdienslewering rakende kinders, bejaardes, agtergeblewe gemeenskappe en gestremdes (Anderson, 1989:54).

Die navorser is van mening dat welsynsorganisasies privaat instansies is wat in samewerking met die staat, poog om die maatskaplike omstandighede van die individu, groepe en gemeenskappe te verbeter.

## 1.13 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die indeling van die navorsingsverslag is soos volg:

Hoofstuk 1: Algemene oriëntering tot die studie, probleemformulering en navorsingsmetodologie.

Hoofstuk 2: Algemene sisteemteorie as teoretiese fundering in pleegsorg.

Hoofstuk 3: Die sorgbehoewende kind.

Hoofstuk 4: Pleegsorg in Suid-Afrika.

Hoofstuk 5: Huidige beleid van verskillende welsynsorganisasies ten opsigte van opleiding en vereistes vir voornemende pleegouers.

Hoofstuk 6: Opleidingsprogram.

Hoofstuk 7: Resultate van die navorsing.

Hoofstuk 8: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

## 1.14 SAMEVATTING

- Die navorser het uit praktykervaring en interaksie met ander maatskaplike werkers en welsynsorganisasies, die behoefte aan ‘n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers geïdentifiseer. Die doel van die navorsing het behels om ‘n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel, te implementeer en empiries te toets.

- Die hipotese vir die navorsingstudie is soos volg: Indien voornemende pleegouers hierdie opleidingsprogram deurloop het, sal die voornemende pleegouers se kennis rakende die omvang, wetlike implikasies, verwagtinge, motiewe, verantwoordelikhede en pligte ten opsigte van pleegsorg, en die profiel van die pleegkind, verbeter.

- Die volgende doelwitte is gestel ten einde die doel te bereik: om ‘n teoretiese raamwerk op te bou oor pleegsorg en die implikasies daarvan; om ‘n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel; die program uiteindelik by 53 voornemende pleegouers te implementeer; en om die impak van die program waar te neem deur die resultate van ‘n voor- en natoets te vergelyk.

- Die enkelstelselontwerp is gebruik, deurdat die potensiaal van kliënte getoets is voordat intervensie plaasgevind het. ‘n Program is ontwerp om aan hierdie behoeftes te voldoen. Die kwantitatiewe navorsingsbenadering is gebruik om data in te samel vir hierdie studie. Die respondente is aan ‘n voortoets en natoets onderwerp. Kwantitatiewe data is met behulp van ‘n selfontwerpte vraelys ingesamel, voor die program ‘n aanvang geneem het. Dieselfde selfontwerpte vraelys, soos gebruik tydens die voortoets, is na afloop van

die laaste opleidingsessie, weer deur die deelnemers voltooi. Die data van die twee vraelyste is daarna met mekaar vergelyk om die impak van die program te bepaal. Addisionele inligting is ook verkry deur middel van opvolgonderhoude met die respondente, ongeveer een maand na afloop van die program.

- Die respondente is op ‘n ewekansige wyse by die studie betrek, deurdat alle voornemende pleegouers wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 as pleegouers by die Ondersteuningsraad van Pretoria aansoek gedoen het, betrek is.

- Rothman en Thomas se model vir intervensienavorsing is benut om die program te ontwikkel. Hierdie model bestaan uit ses fases, waarvan die eerste vyf toegepas is. Tydens die eerste fase is die probleem ontleed; in die tweede fase is inligting versamel en deelnemers by die studie betrek; by die derde en vierde fases is die opleidingsprogram tentatief ontwerp en getoets om leemtes te identifiseer. Daarna is die program volledig geïmplementeer en die impak daarvan empiries getoets.

# HOOFSTUK 2

## ALGEMENE SISTEEMTEORIE AS TEORETIESE FUNDERING IN PLEEGSORG

### 2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie navorsing is die ontwikkeling van 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers, tot voordeel van die pleegplasing en in die beste belang van die pleegkind.

Die maatskaplikewerk-professie werk met menslike sisteme, soos individue, gesinne, werkgroepe, speelgroepe, organisasies, omgewings en gemeenskappe. Daar word gefokus op die verhoudings wat bestaan tussen lede van die menslike sisteme, asook tussen hierdie sisteme en hul onmiddellike omgewings (Du Bois & Miley, 1996:61).

Die sisteemteorie word in 'n toenemender mate in maatskaplike werk gebruik en bied aan die maatskaplike werker 'n bepaalde raamwerk waarbinne maatskaplikewerk-kennis en -denke georden en georganiseer kan word (Compton & Galaway, 1998:123; Potgieter, 1998:54). Die sisteemteorie is dus 'n denkraamwerk waarop 'n verskeidenheid en veelheid van inligting en data op 'n logiese en geïntegreerde wyse georganiseer kan word om 'n sinvolle geheel te vorm. Die sisteemteorie lê dus klem op die oor-en-weer-beïnvloeding van sisteme onderling en ook van hulle omgewing (Schoeman, 1980:173; Nichols & Schwartz, 1998:109).

Hierdie hoofstuk het ten doel om 'n uiteensetting van die algemene sisteemteorie te bied, met spesifieke verwysing na die omskrywing en ontwikkeling van die sistemiese benadering, asook die beginsels, kenmerke, tegnieke en die vier vlakke van sisteme. Daar sal ook aandag geskenk word aan die benutting van die sisteemteorie as denkraamwerk van die maatskaplike werker betrokke by pleegsorg.

## 2.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE BENUTTING VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE IN HIERDIE STUDIE

Volgens Bless en Higson-Smith (1995:11), Neuman (2000:39) en De Vos (2002:46), is die doel van 'n teorie om enersyds, verskynsels te verklaar deur die verwantskap tussen die konsepte van sodanige fenomeen uit te klaar, en andersyds om die toekomstige gedrag van die eienskappe te voorspel. Die navorser is oortuig dat die algemene sisteemteorie, wat op die holistiese benadering gebaseer is, dus geskik is om as denkraamwerk te benut om die verwantskap tussen die lede van die pleeggesin en biologiese gesin te begryp. Die sisteemteorie leen homself as fundamentele vertrekpunt vir die opleiding van die pleeggesin as sisteem, om die kind uit 'n ander disfunksionele sisteem te akkommodeer.

Die ekologiese beskouing het 'n nuwe perspektief tot die menslike wese se plek in die omgewing meegebring. Die sisteemteorie word ook internasionaal aanvaar en gebruik. Payne (2002:292) meld: "Systems theory had a major impact on social work in the 1970's and developed in the USA in ecological theory and more broadly as 'n contribution to networking."

DiNitto en McNeece (1997:67) en O' Donoghue en Maidment (2005:33) noem dat die sisteemteorie reeds 'n vroeëre poging was om idees en konsepte in die maatskaplikewerk-veld toe te pas. Hierdie teorie het die volgende ingesluit:

- die erkenning van die invloed wat sisteme in die lewens van mense het;
- die identifisering van drie soorte sisteme wat tot mense se gesonde funksionering bydra, naamlik informele of natuurlike sisteme, formele sisteme en gemeenskapsisteme;
- duidelik geïdentifiseerde stadia en metodes van sistemiese praktyk; en
- die konseptualisering van die vier basiese sisteme in maatskaplikewerk-praktyk, naamlik die veranderingsagent-sisteem, kliëntsisteem, doelsisteem en aksiesisteem.

O' Donoghue en Maidment (2005:33) meld verder dat die eerste Britse artikel ten opsigte van die sisteemteorie, die gebruik van die sisteemteorie met individue en families ontwikkel het deur die interaksie tussen die kliëntsisteem en die omgewingsisteem, asook die rol van inset, terugvoer, transformasie en uitset ten opsigte van verandering in beide sisteme, te bestudeer.

Du Bois en Miley (1996:61) beskryf die sisteemteorie soos volg: die sisteemteorie is gebaseer op die veronderstelling dat alle dinge in al hul vorms, lewend en nie-lewend, as sisteme beskou kan word en dat sisteme spesifieke eienskappe het wat dit moontlik maak om hierdie sisteme te bestudeer. Du Bois en Miley (1996:61) meld verder dat individue, klein groepe (insluitend families en organisasies) en ander komplekse menslike organisasies (soos omgewings en gemeenskappe), dus al die entiteite waarmee maatskaplike werk gemoeid is, as sisteme met spesifieke eienskappe beskou kan word.

Volgens Goldenberg en Goldenberg (1996:25) en Levy en Orlans (1998:159), is die sisteemteorie op drie basiese beginsels gebou wat die maatskaplike werker help om sy/haar denke oor mense en die oorsprong van disfunksionele funksionering te orden, naamlik:

- <u>Konteks</u>: Geen verhouding kan buite die konteks waarbinne dit funksioneer, verstaan word nie. Gevolglik is die navorser van mening dat met die pleegkind terapeuties gewerk word binne die konteks van die gesinsverhoudings van die pleeggesin en die pleegkind se biologiese ouers.

- <u>Liniêre en sirkulêre oorsake</u>: Tradisionele geesteswetenskaplike modelle is gebaseer op die aanname dat verhoudings liniêr is. Daar is dus ‘n oorsaak en gevolg. Die gesinsisteemteorie gaan van die veronderstelling uit dat verhoudings sirkulêr is. Dit is gebaseer op voortdurende, wedersydse interaksiepatrone, waar die onderskeie partye se gedrag beide ‘n sneller en ‘n respons verteenwoordig.

- <u>Organisering</u>: Gesinsisteme is rondom reëls, rolle, grense en subsisteme georganiseer.

Dit is juis die gesin as eenheid se reaksie op probleme, asook die mate waartoe die gesinsfunksionering deur probleme beïnvloed word, wat bepalend is vir die benadering van die sistemiese denkwyse.

Die maatskaplikewerk-professie steun dus baie sterk op die sisteemteorie. Hierdie teorie word gebruik om die kompleksiteit van gesinsisteme te verduidelik, en is gevolglik ‘n belangrike maatskaplikewerk-hulpmiddel (Ronnau & Poertner, 1993:20). Hepworth en Larson (1982:201) noem verder: “Because families play key roles in meeting (or failing to meet) the needs of constituent members, it is vital that practitioners be skilled in assessing the functioning of families.” ‘n Begrip van die sisteemteorie kan ook besonder waardevol

wees vir die assessering en behandeling van die multi-probleem gesin. Dit kan die maatskaplike werker ook help om strukture en probleme wat gesinne kenmerk, beter te begryp. Die veronderstelling is dat die gesin as 'n sisteem gesien word wat as 'n geheel funksioneer en dat interaksie sowel binne die gesin as tussen die gesin en die gemeenskap plaasvind (Engelbrecht, 1997:62; Houston, 2002:301).

Ronnau en Poertner (1993:20) meen verder: "Systems theories provide an important framework for making sense of a family's critical elements and interactions." Indien die gesin gesien word as 'n sisteem, kan die eienskappe van sisteme daarop van toepassing gemaak word. Die gesinsisteem organiseer homself dus sodanig dat dit kan voortbestaan (Louw, 1989:593). Dit sal dus vir die maatskaplike werker belangrik wees om die kritiese elemente en interaksie binne die voornemende pleeggesin te begryp met die oog op die plasing van 'n kind.

Wanneer na die interaksie tussen gesinslede gekyk word, is dit duidelik dat daar herhalende gedragsreekse en gedragspatrone bestaan. Sodanige herhalende gedragsreekse en gedragspatrone reflekteer die reëls wat die gedrag van gesinslede reguleer. Die sisteemteorie beklemtoon die kompleksiteit en interafhanklikheid van verskynsels, waar elke sisteem weer 'n element van 'n groter sisteem verteenwoordig. Die identifisering en begrensing van 'n sisteem berus op die waarneming dat die uitruil van informasie en/of energie tussen sekere elemente groter is as dié tussen daardie en ander omliggende elemente (Louw, 1989:593).

Volgens Louw (1989:592-593) en Engelbrecht (1997:63), is daar veral drie klemverskille tussen gesinsterapie en individuele hulpverlening, naamlik:

- Die assessering is gesinsgesentreerd. Dit beteken dat die assessering nie bestaan uit 'n studie van individuele lede van die gesin nie. Daar word gefokus op hoe die gesinsisteem funksioneer en gedrag word gekoppel aan die gedrag en interaksie tussen gesinslede.

- Die intervensie is gesinsgesentreerd. Dienste is daarop gemik om die funksionering van die gesinsisteem te verander. In teenstelling met individuele terapie wat daarop gerig is om die kliënt te help om insig in sy probleem te bekom, is gesinsterapie daarop gemik om die gesin te help om hul interaksiepatrone beter te verstaan.

- Die intervensie word op die gesinsisteem gerig. Die intervensiesproses fokus op die hele gesin, eerder as op geïsoleerde individue binne die gesin. Al die gesinslede word by die dienslewering betrek en daar word verwag dat almal 'n bydrae sal lewer tot die intervensie.

Die voornemende pleeggesin as sisteem, vorm dus die grondslag vir hierdie studie. Maatskaplike dienslewering word aan die voornemende pleeggesin as sisteem gelewer. Dit is belangrik om daarop te let dat die suksesvolle verloop van 'n pleegplasing afhang van hoe die hele pleeggesin as sisteem funksioneer. In pleegsorg kan die pleegkind se biologiese gesin as sisteem ook nie buite rekening gelaat word nie. Dit beteken dat die pleegkind beïnvloed word deur die onderskeie gedragspatrone van twee verskillende gesinsisteme, met unieke lede wat 'n unieke karakter aan elke gesin verleen.

Intervensie met familiesisteme fokus op families as eenhede. Die sisteemteorie neem die dinamika van verhoudings tussen gesinslede en hul omgewing in ag. Spanning ontwikkel wanneer 'n individuele gesinslid moeilikhede/probleme ervaar, wanneer gesinslede onderlinge verhoudingsprobleme ervaar of wanneer 'n gesinslid of die gesin as geheel probleme met die omgewing ervaar (O'Connor, 1997:59).

Die pleeggesin is as gesin uniek en die lede voortdurend in wisselwerking met mekaar. In die beste belang van die kind en met die oog op hereniging met sy biologiese gesin, kan positiewe wisselwerking tussen die pleeggesin en biologiese gesin as sisteme tot voordeel van die kind wees.

Die motivering vir die keuse van die algemene sisteemteorie as fundering vir die studie, spruit verder uit:

- die erkenning en benutting van die teorie in maatskaplike werk;
- die erkenning en benutting van die teorie in die gedragswetenskappe;
- die bepaalde denkwyse wat fokus op holisme en interverwantskap van die dele van die sisteem; en
- die invloed daarvan in gesinsterapie in besonder (Meyer, Moore & Viljoen, 1997:557-559; Goldenberg & Goldenberg, 1998:19-21; Becvar & Becvar, 2000:1-2).

## 2.3 DIE INHOUD VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE

Die algemene sisteemteorie van Von Bertalanffy, wat hy ongeveer in die middel van die twintigste eeu bekend gestel het, het wegbeweeg van 'n reduksionistiese na 'n holistiese siening (Goldenberg & Goldenberg, 1996:20; Meyer, *et al*., 1997:585).

Volgens die algemene sisteemteorie, bestaan sisteme enersyds uit kleiner elemente of subsisteme en andersyds vorm dit weer deel van groter suprasisteme (Schoeman, 1980:179). Von Bertalanffy het 'n sisteem gedefinieer as 'n kompleks van interaktiewe elemente wat saam 'n eenheid vorm (Malherbe, 1995:215). Dit impliseer byvoorbeeld dat die individu 'n subsisteem van die groter gesinsisteem uitmaak en dat die gesin weer deel is van die gemeenskap as suprasisteem (Greif & Lynch, 1983:40; Meyer, *et al*., 1997:585; DiNitto & McNeece, 1997:52).

Die sisteemteorie word soos volg deur die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:59) omskryf: "Verbandhoudende formele stellings en konsepte oor die realiteit van onderlinge verhoudings, interaksie en 'n mate van gereguleerdheid en ordelikheid wat die samestellende eenhede van sisteme kenmerk." Die sisteemteorie lei dus die aandag weg van die individu en individuele probleme wat geïsoleerd bestudeer word, na verhoudings en verhoudingsprobleme tussen individue (Becvar & Becvar, 2000:8). Garvin en Seabury (1984:38) meen: "One problem of any general discussion of 'systems theories' is that there are almost as many 'systems theories' as there are authors writing on the subject" en "systems theories have been applied to casework, to group work, to family work, as well as to generic practice models."

Goldenberg en Goldenberg (1998:20) sluit hierby aan as hulle verduidelik wat die invloed van die sisteemteorie op gesinsorgdienste is, naamlik dat wegbeweeg word van intervensie net met die individuele lid van 'n gesin. Dienste word verkieslik binne gesinsverband gelewer.

Wanneer 'n soektog geloods word na kernaspekte van die sisteemteorie, is dit duidelik dat hierdie teorie gedurende die afgelope vyftig jaar deur verskillende wetenskapsvelde en/of dissiplines aanvaar en benut word, byvoorbeeld die rekenaarwetenskap, ingenieurswese, ekonomie, mediese wetenskappe, psigologie, sosiologie en maatskaplike werk (O'Connor, 1997:235; *Wikipedia,* 2007; Systems theory, 2007). Daar is dus meer as dertig teoretiese

konsepte binne die sistemiese konteks, wat die bespreking van konsepte vir 'n bepaalde vakdissipline bemoeilik. Die navorser stem saam met Compton en Galaway (1998:123) en Potgieter (1998:54) dat die sisteemteorie wel 'n fundamentele raamwerk bied vir maatskaplike werk, wat met die wisselwerking tussen die mens en sy omgewing werk.

### 2.3.1 Die sisteembenadering

Volgens die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:59) word die sisteembenadering soos volg omskryf:

> Benadering in die maatskaplike werk wat gebaseer is op die sisteemteorie en 1) op die konfigurasie kliënt-omgewing-maatskaplike probleem as eenheid fokus en 2) ses sisteme in die maatskaplikewerkpraktyk onderskei, naamlik die verandering-, kliënt-, teiken-, aksie-, professionele en probleemidentifiseringsisteem.

Skidmore, Thackeray en Farley (1994:67) som die sisteembenadering soos volg op: "As the name implies, this approach affirms the interrelationships of the individual to an interlocking network of systems each influencing the other."

Dit is dus vir die navorser duidelik dat vir die doeleindes van hierdie studie, dit belangrik is om oor 'n dieptekennis van die teorie van die algemene sisteembenadering te beskik. Die sisteemteorie kan dus beskou word as 'n teorie wat die gesin en sy interaksie met sy omgewing as geheel bestudeer. 'n Benadering is dus die werkwyse wat op 'n teorie gebaseer is. Die sisteme in die maatskaplikewerk-praktyk soos in die definisie genoem en op hierdie studie van toepassing is, word later bespreek.

### 2.3.2 Omskrywing van 'n teorie

Wetenskaplike teorieë behels 'n algemene beginsel en veronderstelling wat sistematies verband hou en empiries toetsbaar is. 'n Teorie kan dus beskryf word as 'n stel gevolgtrekkings wat impliseer dat dit gefinaliseer, gepubliseer, gedebatteer en getoets kan word (Bless & Higson-Smith, 1995:11). De Vos (2002:40) meen dat 'n teorie 'n poging is om 'n bepaalde verskynsel te verduidelik en/of te voorspel. 'n Teorie is dus die insameling van feite van 'n realiteit. Die feite word sistematies bestudeer en kan verklarings bied oor moontlike toekomstige gebeure.

Die wetenskaplike bestudeer dus die sisteem as geheel en fasette van menslike funksionering word waargeneem en beskryf. Voorspellings van moontlike toekomstige

gedrag kan dus gedoen word. Op grond van die bestudering van fasette van menslike funksionering (sisteemteorie en pleegsorg), wil die navorser 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers daarstel om disfunksionering van die pleeggesin en pleegkind te voorkom.

### 2.3.3 Die filosofie van die algemene sisteemteorie

Volgens Grobbelaar en Louw (1990:16) is maatskaplike werk en ander geesteswetenskaplike professies geneig om mense en hul omgewing as twee aparte entiteite te beskou. In die twintigste eeu het daar verandering in hierdie denkwyse ingetree. Die wetenskappe het die eenheid, interaksie en onderlinge afhanklikheid en beïnvloeding tussen sisteme al hoe meer begin aanvaar en dat die mens en sy omgewing in totaliteit gesien moet word.

### 2.3.4 Newtoniaanse denke

Meyer, *et al.* (1997:584) meld dat wetenskaplike denke tot aan die einde van die negentiende eeu, oorheers is deur die Newtoniaanse manier van dink. Die Newtoniaanse denke word ook onderlê deur 'n bepaalde beskouing oor wat bestaan en wat die mens dus kan weet. Newton het 'n uitgangspunt gehuldig waarvolgens objektiewe werklikheid bestaan wat ontdek kan word. Dit veronderstel dat die werklikheid deur objektiewe waarneming bestudeer kan word en die 'waarheid' ontdek kan word. Dit het daartoe gelei dat die Newtoniaanse denke op die volgende drie basiese aannames berus, naamlik:

- *reduksionisme of atonisme,* waarvolgens objekte tot hul mees basiese elemente gereduseer word ten einde die geheel te verstaan (individuele lede binne die groep/gesinsisteem);
- *liniêre oorsaaklikheid,* waarvolgens aanvaar word dat die elemente deur oorsaak en gevolg aan mekaar verbind is ('n pleegkind wat deel word van 'n pleeggesin as gevolg van sekere voorafgaande gebeure in die biologiese gesin); en
- *neutrale objektiwiteit,* waarvolgens die waarheid slegs ontdek kan word indien die objekte op objektiewe wyse waargeneem word en nie deur die waarnemer beïnvloed word nie - die rol van die maatskaplike werker as pleegsorgwerker word beklemtoon (Meyer, *et al.*, 1997:584).

### 2.3.5 Kubernetika

Die term kubernetika is afgelei van die Griekse woord *kubernétés,* wat verband hou met die woord 'steersman' of 'governor.' Die term is in 1948 deur die wiskundige Norbert Wiener geskep om te verwys na die beginsels wat die verspreiding van *inligting* of boodskappe reguleer (Nichols & Schwartz, 1998:116). Goldenberg en Goldenberg (1998:23) definieer kubernetika as die metode van kontrole van 'n sisteem deur die resultate van vorige optrede weer in te voer.

Nichols en Schwartz (1998:116) is van mening dat die beginsel van kubernetika geskoei is op die proses waardeur 'n sisteem die nodige inligting verkry om self verandering aan te bring, met die oog daarop om stabiliteit te handhaaf en na 'n vooraf beplande doelwit te beweeg. Nichols en Schwartz (1998:116) meen verder dat hierdie terugvoer, inligting ten opsigte van die sisteem se optrede insluit, wat relatief is tot sy omgewing sowel as die verhouding tussen die dele van die sisteem. Goldenberg en Goldenberg (1996:27) sluit hierby aan as hulle terugvoer (*feedback*) beskryf as 'n sisteem se funksionering wat teruggevoer word om verandering teweeg te bring.

Becvar en Becvar (2000:65) noem dat, volgens eenvoudige kubernetika, beteken dit dat 'n persoon homself buite die sisteem plaas as 'n waarnemer van wat besig is om binne die sisteem te gebeur. Hierdie vorm van kubernetika staan as eerste-orde-kubernetika bekend. Alhoewel die klem hier op die waarneming van patrone, vorms of organisasie van gebeure, ervarings of fenomene gerig is, is die veronderstelling dat die waarnemer buite die waargenome sisteem staan (Meyer, *et al.*, 1997:586).

Die invloed van kubernetika is duidelik in die ekosistemiese benadering te bespeur, omdat klem geplaas word op relasies en konneksies, met ander woorde op die bestudering van interaksionele, rekursiewe patrone binne en tussen sisteme (Meyer, *et al.*, 1997:586).

### 2.3.6 Tweede-orde-kubernetika

Volgens Meyer, *et al.* (1997:586), veronderstel 'n hoërorde-kubernetika dat die waarnemer deel van die sisteem word. Soos vroeër vermeld deur Becvar en Becvar (2000:65), beklemtoon eerste-orde-kubernetika dus beskrywings van interaksies binne en tussen sisteme. Die waarnemer staan egter buite die sisteem, waar hy die interaksies op objektiewe wyse waarneem en beskryf. Tweede-orde-kubernetika behels dat die waarnemings nie

objektief is nie, maar beïnvloed word deur die waarnemer se optrede en manier van waarneem. Die rekursiewe verbindings tussen sisteme sluit ook die verbinding tussen die waarnemer en die waargenome sisteem in (Goldenberg & Goldenberg, 1996:43; Meyer, *et al.*, 1997:586).

Vir die doeleindes van hierdie studie moet die navorser daarteen waak om subjektiewe waarnemings ten opsigte van die pleegsituasie te maak. Die navorser as waarnemer moet ook nie *deel* van die sisteem word nie en dit is noodsaaklik dat die inligting wat aan die pleeggesin deurgegee word, sover moontlik objektief sal wees. In hierdie navorsing word die algemene sisteemteorie, en dus die eerste orde, gebruik.

Die navorser is van mening dat dit belangrik is om die interaksiepatrone, norme en waardes, organisasie van gebeure en ervarings van die voornemende pleegouers te evalueer. Dit sal ‘n aanduiding wees van watter opleiding (intervensie) moet plaasvind om die pleegkind te help om binne hierdie nuwe sisteem aan te pas en holisties weer gesond te kan funksioneer. Hierdie opleidingsprogram (intervensie) word met die pleegouers bespreek vir toepassing binne die pleeggesin. Dit is belangrik dat die verhouding tussen die maatskaplike werker en die voornemende pleegouers toeganklik en gemaklik moet wees, sodat die nodige inligting ten opsigte van hul interaksies, wedersyds deurgegee kan word.

### 2.3.7 Konstruktivisme

Meyer, *et al.* (1997:587) meld: “Volgens die *konstruktivisme* skep persone hulle ‘werklikhede’ deur die betekenisse wat hulle aan die waargenomene koppel” en “Dit wat waargeneem word, besit dus nie ‘n onafhanklike, objektiewe betekenis nie, maar neem die betekenis aan wat die waarnemer daaraan toeken.”

Alhoewel daar met die algemene sisteemteorie van reduksionisme weggebreek is, het dit steeds ‘n objektiewe waarnemer geïmpliseer wat buite die sisteem gestaan het, wat in ‘n magsposisie verkeer en die sisteem van buite kon beïnvloed. Konstruktivisme verwerp dus objektiwiteit en die klem word op die outonomie van sisteme geplaas (Meyer, *et al.*, 1997:588).

Die navorser ondersteun die uitgangspunt dat dit moeilik is om as waarnemer objektief te bly, aangesien mense beïnvloed word deur eie sienswyses, ervarings asook kennis. As terapeut, is dit dus belangrik om die sisteem as geheel te sien, met sy eie besondere en

unieke eienskappe om probleme te kan identifiseer en hanteer. Dit is belangrik dat elke sisteem beskou sal word as 'n entiteit met sy eiesoortige karaktereienskappe en unieke samestelling, wat steeds outonoom is. Alhoewel van die terapeut verwag word om objektief te bly, kan eie ervarings en emosies egter die terapeut se objektiwiteit beïnvloed.

## 2.4 KONSEPTE VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE

### 2.4.1 Sisteem

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:59) definieer 'n sisteem soos volg: "Geheel van komplekse eenhede in 'n bepaalde interaksionele verhouding waar wedersydse beïnvloeding plaasvind, en wat gekenmerk word deur 'n mate van gereguleerdheid en ordelikheid." Volgens Schoeman (1980:174) en Opperman (1995:14), verwys 'n sisteem na 'n groepering van eenhede wat as 'n verbandhoudende geheel beskou word.

Du Bois en Miley (1996:61) omskryf 'n sisteem as "… an organized whole made up of components that interact in a way distinct from their interaction with other entities and which endures over some period of time." Volgens die algemene sisteemteorie bestaan sisteme enersyds uit kleiner elemente of subsisteme en andersyds vorm dit weer deel van 'n groter suprasisteem. Sisteme vorm dus 'n hiërargie van verwante sisteme, en menslike funksionering word in terme van die interaksionele patrone binne en tussen sisteme bestudeer (DiNitto & McNeece, 1997:52; Meyer, *et al.*, 1997:585; Nichols & Schwartz, 1998:113).

'n Sosiale sisteem word deur Potgieter (1998:54) omskryf as: "…a unit of people who are connected through some form of relationship with one another in a particular context, space and time. A system operates through rules that control the relationship between its parts and organises itself into a whole that is more than the sum of its parts." Garvin en Seabury (1984:38) meld verder dat 'n sisteem 'n entiteit is wat grense en eienskappe het wat dit van ander entiteite onderskei. Schoeman (1980:174) beskryf 'n sisteem verder soos volg: "… a set of objects together with relationships between the objects and between their attributes."

Die ordelikheid en gereguleerdheid van 'n lewende sisteem kan egter intern en ekstern deur 'n veelheid van faktore versteur word, wat dan spanning en ontwrigting in die interaksie en

verhouding in die sisteem self, tussen die sisteem en sy onderdele en tussen die sisteem en ander sisteme tot gevolg kan hê (Compton & Galaway, 1984:112). Die navorser is van mening dat die pleeggesin as sisteem dus intern en ekstern deur faktore ontwrig kan word soos die aanpassing van die pleegkind in pleegsorg, besoeke tussen die pleegkind en sy biologiese ouers, die betrokkenheid van 'n formele welsynsisteem en ook die samewerking tussen die pleegouers en die biologiese ouers. Sodanige faktore kan moontlik ekstra spanning in die pleeggesin as sisteem self, teweegbring. Voornemende pleegouers moet hiervan bewus wees.

Die kleinste sisteem kan dus gesien word as die individu, in hierdie geval byvoorbeeld die pleegkind. Volgens die sisteemteorie, is dit dus nodig om holisties na hierdie sisteem te kyk, naamlik na die pleegkind se behoeftes, sterk- en swakpunte en ontwikkelingsfase. Al die aspekte rakende die pleegkind, soos fisiese, emosionele, kognitiewe, religieuse en juridiese aspekte, moet in ag geneem word. Hierdie pleegkind is egter verbonde aan twee groter sisteme, naamlik die biologiese gesin en die pleeggesin, wat noodgedwonge 'n interaksie tussen verskillende sisteme teweegbring (2.9.3).

Hepworth en Larson (1982:201) is van mening dat alle lede in familiegroepe mekaar wedersyds beïnvloed, wat gevolglik 'n sisteem tot stand bring met sy eie unieke karaktereienskappe wat onderhewig is aan reëls wat rolle, kommunikasiepatrone, probleemoplossende vermoëns en onderhandelingstegnieke spesifiseer. Hepworth en Larson (1982:201) meld verder dat 'n sistemiese denkraamwerk ontwikkel moet word, om sodoende die gedrag van individue in verhouding met die voortdurende handelinge van die familiegroep, te kan analiseer en verstaan. Die pleeggesin wat as aksiesisteem ("hulpmiddel") vir die maatskaplike werker dien (2.9.3), kan deur opleiding bemagtig word om verhoudings in hul gesin beter te verstaan.

Volgens Walsh (1983:468), is 'n gesin dus ook 'n sisteem wat handel volgens bepaalde reëls en beginsels wat ook op alle sisteme van toepassing is. Walsh (1983:468) noem verder: "A family system can be defined as 'n group of individuals interrelated such that a change in any one affects all other members and the group as a whole, which in turn affects the first individual in a circular chain of influence."

Dit is duidelik dat 'n sisteem, dus ook die pleeggesin, uit verskillende komponente kan bestaan wat met mekaar in voortdurende interaksie verkeer en mekaar beïnvloed. Die

verskillende komponente van die sisteem is dus ook in verhouding tot mekaar. Dit het dus implikasies vir die invordering van inligting en relevante data in die assesseringsproses. Die gevolg is dat individuele gesinslede se gedrag en optrede ‘n invloed op mekaar en die gesin as geheel het. Tydens ‘n pleegplasing, word die pleegkind en sy biologiese ouers by ‘n gesinsisteem bygevoeg, wat ‘n invloed sal uitoefen op die hele sisteem. Verder beteken die verwydering van ‘n kind ‘n verlies vir die biologiese gesin, wat ook ‘n invloed op daardie sisteem sal uitoefen. Deur die verwydering van ‘n kind, poog die maatskaplike werker om die biologiese gesin te rehabiliteer sodat die kind weer met hulle herenig kan word. Voornemende pleegouers moet dus bewus wees van moontlike invloede van hierdie aard.

### 2.4.2 Subsisteem

Hepworth en Larson (1982:213) maak die volgende stelling: “Members of a family may simultaneously belong to a number of subsystems, entering into separate and reciprocal relationships with other members of the nuclear family, depending upon the subsystems they share in common.” Du Bois en Miley (1996:62) meld: “Human systems are nested within each other: The larger the system, the more are its component parts. Each system, itself comprised of smaller units, is a part of a larger network of systems” (Becvar & Becvar, 2000:69). Becvar en Becvar (2000:70) noem verder: “The concept of boundary connotes the separateness of a system from a larger system and yet a belongingness to that suprasystem.” Dit beteken dus dat die gesin ‘n sisteem is en dus ook deel is van ‘n groter sisteem wat meer as een familie kan insluit. Goldenberg en Goldenberg (1996:32) beskryf subsisteme as dele van die sisteem wat sekere take/funksies uitvoer of prosesse deurgaan binne die sisteem om die sisteem as geheel in stand te hou, naamlik egpare, ouer-kind en sibbe onderling.

Die individu neem egter steeds die sentrale posisie binne die sisteem in en bestaan op sy of haar beurt uit ander bepaalde subsisteme (Meyer, *et al.*, 1997:589). Alle gesinne ontwikkel netwerke van ko-bestaande subsisteme wat gevorm word op grond van geslag, belangstelling, generasie of funksies wat moet plaasvind vir die gesin se oorlewing (Hepworth & Larson, 1982:213). Volgens die sistemiese benadering word die mens as ‘n subsisteem binne ‘n hiërargie van groter sisteme, soos die gesin en die gemeenskap, gesien (Meyer, *et al.*, 1997:589).

Die navorser is van mening dat elke individu (mikrosisteem) reeds deel van ‘n subsisteem (mesosisteem) en ook van ‘n groter sisteem (makrosisteem) is. Dit is ook moontlik dat ‘n

individu deel kan wees van meer as een subsisteem binne 'n groter sisteem, byvoorbeeld broers en susters in die gesin, ma-dogter, pa-dogter, portuurgroep op skool, lid van netbalspan, ensovoorts. Om hierdie rede maak maatskaplike werkers grootliks gebruik van 'n genogram en ekokaart om hierdie sisteme en subsisteme van 'n kliënt te verstaan.

Volgens Becvar en Becvar (2000:198), word drie subsisteme geïdentifiseer, naamlik die egliede-subsisteem, ouerlike-subsisteem en die sibbe-subsisteem. Die reël vir hierdie subsisteme vir 'n funksionele gesin, is dié van hiërargie. Die onderskeie subsisteme word vervolgens kortliks bespreek:

- Egliede-subsisteem: Dit word gevorm wanneer twee persone met mekaar in die huwelik tree en dus so 'n nuwe gesin skep. Die prosesse waarvolgens die egliede-subsisteem gevorm word, staan bekend as akkommodasie, wat aanpassing impliseer, asook onderhandeling. Die egliede bring beide hul basiese vaardighede as ouers en egliede, vanaf hul onderskeie gesinne van oorsprong, wat dit soms moeilik maak om nuwe rolle wat relatief tot mekaar is, te akkommodeer en te onderhandel. Dit is belangrik dat nuwe gesinsfunksies geskep en onderhou moet word. Die egliede moet ook ondersteunend teenoor mekaar optree. Die egliede moet egter daarteen waak om in die proses hul individualiteit te verloor (Hepworth & Larson, 1982:213; Becvar & Becvar, 2000:199).

- Ouerlike-subsisteem: 'n Sisteem word onmiddellik getransformeer met die geboorte van 'n kind. Indien akkommodering en onderhandeling suksesvol in die egliede-subsisteem plaasgevind het, sal hierdie vaardighede waardevol wees vir die ontwikkeling van die ouerlike-subsisteem. Nuwe kompleksiteite ontwikkel wanneer die gesin uitgebrei word, met die gevolg dat ouers verskillende idees kan hê oor die grootmaak en versorging van hul kinders. Met die totstandkoming van die ouerlike-subsisteem, moet die egliede-subsisteem ook steeds voortbestaan as 'n sisteem wat apart van hul rolle as ouers staan. Dit is belangrik dat ouers moet poog om die nodige balans tussen die twee sisteme te handhaaf (Hepworth & Larson, 1982:213; Becvar & Becvar, 2000:199). Die navorser meen dat daar tydens die opleiding van voornemende pleegouers, juis baie duidelike riglyne gestel moet word om as ouerlike-subsisteem, 'n nuwe pleegkind in hul reeds bestaande ouerlike-sisteem te akkommodeer, aangesien dit baie aanpassings teweegbring.

- Sibbe-subsisteem: Hierdie sisteem laat kinders toe om slegs kinders te wees en om met hul onderskeie portuurgroepe te identifiseer en te eksperimenteer. Die ideaal is dat ouers hul kinders se vermoëns respekteer om te kan onderhandel, te kompeteer en om verskille op te los. Die sibbe-subsisteem is dus 'n 'laboratorium', waar kinders kan eksperimenteer sonder die verantwoordelikhede van volwassenes (Hepworth & Larson, 1982:213; Becvar & Becvar, 2000:200).

Subsisteme kan daartoe bydra dat individue bemagtig word en vaardighede ontwikkel na aanleiding van die onderskeie rolle wat hulle vertolk. Die verhoudings binne die onderskeie subsisteme definieer die struktuur van die gesin, en dus ook die pleeggesin as sisteem. Met die plasing van 'n pleegkind in pleegsorg, kan die pleegkind deel word van een of meer subsisteme in die pleeggesin, byvoorbeeld deur 'n sterker emosionele band met sy pleegmoeder te vorm, of deur baie goed met die pleegouers se eie seun (eerder as dogter) oor die weg te kom. Veral in die geval waar pleegouers wil kompenseer vir 'n pleegkind se traumatiese verlede, kan die pleegouers se eie kinders beleef dat die pleegkind voorgetrek word, en dit kan konflik in die pleeggesin veroorsaak – 'n belangrike aspek wat in 'n program vir voornemende pleegouers in ag geneem moet word. By verwante pleegplasings is verhoudings tussen die pleegkind en sy pleegouers reeds vooraf gevorm, sodat die verhoudings van die subsisteme, onveranderd kan bly.

## 2.5 BEGINSELS VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE

Die sistemiese benadering beskik oor verskeie beginsels en dit word soos volg bespreek:

### 2.5.1 Sirkulariteit

Goldenberg en Goldenberg (1996:11) en *Meyer, et al*. (1997:592) meld dat die beginsel van sirkulariteit, wat aanneem dat lewende sisteme mekaar beïnvloed, sentraal is tot die sistemiese benadering. Haley in Rohrbaugh en Eron (1982:252), meld dat die groot waarde van die sisteemteorie daarin geleë is dat terapeute leer om herhalende vorme van interaksie te herken en dus sodoende voorspellings kan maak. Deur 'n sisteem vanuit 'n sirkulêre epistomologie te bestudeer, word die terapeut daartoe in staat gestel om die onderskeie subsisteme binne 'n siklus van interaksies waar te neem (Levy & Orlans, 1998:159). Becvar en Becvar (2000:10) beklemtoon die eienskappe van wederkerige, herhalende en gedeelde verantwoordelikheid in die algemene sisteemteorie tot gesinsisteme.

Van der Westhuizen (1998:127) meld dat die beginsel van sirkulariteit die terapeut dus help om te verstaan dat gedrag en interaksies tussen gesinslede en wyer sosiale sisteme, onderling verbind is met mekaar en nie in terme van oorsaak en gevolg verklaar kan word nie. Wanneer dus vanuit 'n sirkulêre epistomologie na 'n pleeggesin gekyk word, kan hipoteses, volgens Van der Westhuizen (1998:127), rondom die volgende temas ontwikkel word:

- Hoe word die gedrag binne die pleeggesin as sisteem - waarvan die simptoomdraer (byvoorbeeld die pleegkind) 'n deel is - deur die ander lede van die sisteem en wyer sosiale sisteme (byvoorbeeld biologiese ouers, portuurgroep) in stand gehou?
- Wat is die funksie van die simptoomdraer se gedrag vir elke gesinslid?
- Watter interaksies in die gesin hou die simptoom in stand?

Van der Westhuizen (1998:127) meld dus verder: "Die beginsel van sirkulariteit help dus die terapeut om in te sien dat probleme nie soseer 'n oorsaak en gevolg het nie, maar dat dit verweef is met interaksies, geloofsoortuigings en gedrag van gesinslede." Die navorser meen dat probleme wat dus in 'n pleegsituasie kan ontstaan, toegeskryf kan word aan die interaksie tussen die pleegkind met sy pleegouers of die pleegkind met die pleegouers se eie kinders onderling, en dat dit nie hanteer word op grond van dít wat die probleme moontlik kon veroorsaak het nie. Dele van 'n sisteem beïnvloed mekaar wederkerig en is gesamentlik verantwoordelik vir gedrag wat tussen die dele ontstaan.

### 2.5.2 Inligting/Informasie

Die uitruil van inligting vind plaas wanneer sisteme met mekaar interaksie het. Die prosessering van inligting is fundamenteel vir die operasionele werking van enige sisteem (Goldenberg & Goldenberg, 1996:53). Bateson in Goldenberg en Goldenberg (1996:54), definieer inligting as "a difference that makes a difference." Die navorser is van mening dat inligting altyd in verband met 'n spesifieke konteks bestaan. Van der Westhuizen (1998:128) meld dat die afwesigheid van gedrag ook informasie kan wees, maar dit is die ontvanger wat kan kies hoe hy op die informasie wil reageer en watter betekenis hy daaraan wil heg.

Volgens Van der Westhuizen (1998:128), het die beginsel van informasie die volgende terapeutiese implikasies:

- in die werk met gesinne is dit nodig dat informasie ingewin sal word deur vrae te vra wat betekenisvolle verskille uitlig;
- die terapeut moet onthou dat die betekenis wat hy aan die gesinslede se gedrag heg altyd deur die waarnemer geskep word; en
- assessering van die kliënt of gesin binne sy konteks, kan as intervensie dien.

Die sirkulêre aard van die terugvoeringsnetwerk kom na vore in die gedagte dat inligting oor die sisteem na die sisteem terugkeer (Goldenberg & Goldenberg, 1996:51; Meyer, *et al.*, 1997:595). Sodra terugvoer lei na verandering in 'n sisteem, word dit gesien as positiewe terugvoer en as dit geen verandering teweegbring nie, staan dit as negatiewe. Die aankoms van 'n nuwe pleegkind kan dus 'n wesenlike invloed op hierdie terugvoeringsnetwerke uitoefen en dit is belangrik dat positiewe terugvoering moet plaasvind, sodat die pleegkind makliker in die nuwe gesinsisteem opgeneem kan word.

Terugvoering (*feedback*) verwys na die proses waardeur 'n sisteem die inligting en energie wat dit uitstuur, weer in die sisteem kan terugvoer deur die sirkulêre oorsaaklikheidsproses (Becvar & Becvar, 2000:66). Terugvoer is 'n selfregulerende meganisme waardeur 'n sisteem aanpassing in sy funksionerings kan maak en toekomstige optrede kan wysig (Potgieter, 1998:56).

**2.5.3 Dubbelbeskrywing/Geheel/Holisme**

Keeney in Van der Westhuizen (1994:152) noem dat: "… double description is an epistomological tool that enables one to generate and discern different orders of pattern. As two eyes can derive depth, two descriptions can derive pattern and relationships." Volgens die algemene sisteemteorie, word die konteks gevind in die idee dat gehele (*wholes*) ontstaan wanneer twee of meer dele interverwant is aan mekaar (Becvar & Becvar, 2000:75). Die verhouding wat tussen die dele gevorm word, bepaal die basis waarvolgens die gedrag van die gehele en die dele daarvan verstaan behoort te word (Potgieter, 1998:54).

Van der Westhuizen (1994:153) beklemtoon die belangrikheid om soveel as moontlik individue in te sluit wanneer met 'n gesin as sisteem gewerk word. Op hierdie wyse kan elke individu in die sisteem sy eie definisie en beskrywing van die probleem gee, sodat 'n volle prentjie verkry kan word van die interaksies en gedragspatrone binne die sisteem. Verbale

en nie-verbale inligting moet ook met mekaar vergelyk word. Hierdie gedagte sluit aan by die holistiese beginsel van die sisteemteorie.

Die navorser meen dat individue eie sienswyses van probleme kan hê vanweë hul eie emosionele betrokkenheid. Deur soveel as moontlik lede van die pleeggesin te betrek, kan verskeie scenario's van die probleem aan die terapeut duidelik word. Dit dra daartoe by dat hulpverlening meer direktief kan wees en die werklike probleem aangeraak kan word. Om probleme te probeer voorkom, is dit nodig dat alle lede van die voornemende pleeggesin by opleiding betrek sal word.

### 2.5.4 Patroon en vorm

Bateson in Van der Westhuizen (1994:152), omskryf patroon en vorm soos volg: "It is the relationship between the parts of anything that gives it meaning as a system; the organization of these parts is the pattern that connects." Om sisteme te verstaan, is dit dus belangrik om nie na die subsisteme as aparte komponente te kyk nie, maar ook om die wedersydse verhoudings in ag te neem.

Om verandering in die sisteem teweeg te bring, is dit nodig om die interaksiepatrone te identifiseer en te verander, en nie die spesifieke eienskappe van die subsisteme nie. Alhoewel spesifieke gedragswyses in elke sekwensie verskillend is, is die patroon van organisasie dieselfde (Van der Westhuizen, 1998:131). Volgens die navorser, is die klem van intervensie aan 'n pleeggesin, nie net die pleegkind as kliënt alleen nie, maar is dit belangrik om die onderlinge verhoudings in die pleegsituasie waar te neem en daarvolgens te handel. Ten einde verandering binne die pleeggesin as sisteem teweeg te bring, moet die interaksiepatrone geïdentifiseer en verander word, en nie die spesifieke persoonlikheidstrekke van die onderskeie gesinslede van die pleeggesin nie.

### 2.5.5 Stabiliteit en verandering

Volgens Van der Westhuizen (1994:155), komplementeer stabiliteit en verandering mekaar. In enige sosiale sisteem moet verandering plaasvind om die nodige stabiliteit te kan handhaaf (Compton & Galaway, 1998:130). Bateson in Van der Westhuizen (1994:155), omskryf stabiliteit en verandering soos volg: "… all change can be understood as the effort to maintain some constancy and all constancy as maintained through change."

Die beginsel van stabiliteit en verandering word gehandhaaf deur die proses van terugvoer (2.5.2). Negatiewe en positiewe terugvoering in 'n sisteem, hou met die stabiliteit en verandering in die sisteem verband (Meyer, *et al.*, 1997:595). Veranderinge in die gesin is ook nodig om, byvoorbeeld, aan te pas by veranderinge in die lewensiklus van die gesin en by eise van die omgewing (Van der Westhuizen, 1998:132). Soms is 'n meer buigsame en dinamiese benadering nodig, waardeur veranderings nie as reg of verkeerd beskou kan word nie. Die belangrikste is 'n patroon van herhalende interaksie wat 'n sisteem oor 'n tydperk vorm (Potgieter, 1998:59).

Die navorser meen dat daar met die voornemende pleegouers dus 'n oop gesprek moet plaasvind oor die invloed wat die pleegkind op die funksionering van die gesin en gesinslede onderling sal hê, byvoorbeeld die posisie wat die pleegkind inneem as moontlik die oudste of die jongste, of waar die generasiegaping tussen die pleegouers en die pleegkind baie groot is. Dit is dus nodig dat hierdie inligting oor die pleeggesin as sisteem na die sisteem deurgegee word, sodat die nodige verandering kan plaasvind. Verandering kan bydra tot groei, wat dan daartoe lei dat die pleeggesin as sisteem steeds stabiliteit toon.

### 2.5.6 Passing en konservasie/Interafhanklikheid

Hartman in Van der Westhuizen (1994:156), noem die volgende aangaande passing en konservasie: "We have learned that all living things are dependant on each other for survival. We have learned that the unforseen consequences of progress have too often disrupted these important relationships and we know that even the most well-intentional intervention may lead to further destruction."

Volgens die navorser, dien die sosiale netwerk van die gesin as 'n ondersteuningsisteem, wat uiters belangrik is wanneer 'n terapeut tot die spesifieke gesin toetree. Dit is dus belangrik om soveel as moontlik sisteme te betrek by intervensie en assessering van die pleeggesin en om in gedagte te hou dat die individue deel is van 'n groter totaliteit.

## 2.6 KENMERKE VAN SISTEME

Volgens Schoeman (1980:179), het sisteme besondere kenmerke wat die funksionering daarvan in 'n groot mate bepaal. Dit word vervolgens bespreek:

### 2.6.1 Entropie

Natuurwetenskaplikes het die werking en betekenis van entropie die eerste keer beskryf. Entropie is 'n toestand van wanfunksionering of disorganisasie wat in 'n sisteem kan ontwikkel as gevolg van wanordelike en ongereguleerde vloei van energie in die sisteem (Schoeman, 1980:180). Hearn in Schoeman (1980:180), beskryf die ontwikkeling van entropie soos volg: "… unattended systems proceed relentlessly toward disorder, evenness, high probability, disorganization, randomness and continuity or what is technically called as increase in entropy." Die sisteem waarin hierdie proses plaasvind, kan in twee rigtings ontwikkel, naamlik positiewe of negatiewe entropie (Becvar & Becvar, 2000:71).

#### 2.6.1.1 Positiewe entropie

Met positiewe entropie, word die proses van disorganisasie of wanfunksionering vermeerder tot sy maksimum grens waarin hierdie sisteem 'n finale toestand van selfvernietiging bereik. Hierdie proses kan ook deur lewende sisteme ervaar word. Daar word na hierdie sisteme as *geslote* sisteme verwys. Hierdie sisteem kan of wil hom nie oopstel vir nuwe energie of inligting uit sy omgewing nie (Schoeman, 1980:180; Becvar & Becvar, 2000:71).

#### 2.6.1.2 Negatiewe entropie

Met negatiewe entropie word verwys na die herstelproses wat plaasvind uit die disorganisasie of wanfunksionering van die sisteem. Negatiewe entropie is dus die teenoorgestelde van positiewe entropie. Negatiewe entropie word ook deur lewende sisteme ervaar. Daar word na hierdie sisteme as *oop* sisteme verwys. Die sisteem stel hom dus oop vir beïnvloeding uit die omgewing, met die doel om wanfunksionering uit te skakel en om 'n ordelike en gereguleerde funksionering te bereik en te vestig (Schoeman, 1980:182; Becvar & Becvar, 2000:71).

Die navorser meen dat pleeggesinne dus oor negatiewe entropie moet beskik, deurdat daar deurlopend insette en terapie gelewer word. Pleeggesinne met negatiewe entropie stel hulself dus bloot vir beïnvloeding uit die omgewing, soos sielkunde en opvoedkunde, om sodoende optimale funksionering te bereik. Dit is vir 'n maatskaplike werker moeilik om enige insette te lewer by 'n pleeggesin wat oor positiewe entropie beskik, aangesien hierdie gesinne nie enige insette uit die omgewing kan of wil benut nie.

### 2.6.2 Sisteme is relatief oop of geslote

Hepworth en Larson (1982:212), Compton en Galaway (1994:20) en Potgieter (1998:55) meld dat gesinne baie van mekaar verskil, in die mate waartoe hulle oop is vir interaksie met ander sisteme, asook die buigsaamheid ten opsigte van hul grense. Becvar en Becvar (2000:70) noem: "The extent to which a system screens out or permits the input of new information is what we refer to as the openness or closedness of that system." Oop en geslote sisteme dui dus op die bereidwilligheid van 'n sisteem om inligting van buite op te neem en te gebruik.

#### 2.6.2.1 Oop sisteme

Schoeman (1980:183) en Goldenberg en Goldenberg (1996:30) meld dat dit algemeen aanvaar word dat lewende sisteme oop sisteme is en dat die potensiaal tot groei, verandering en ontwikkeling, dus aanwesig is. Dit beteken dus dat die oopheid of geslotenheid van 'n sisteem relatief is en van verskillende grade afhang. 'n Aanvaarbare balans tussen die twee word dus verlang (Becvar & Becvar, 2000:70). Daar word dus van 'n oop sisteem gepraat wanneer daar 'n uitruiling van goedere, idees, energie of inligting tussen die sisteem en sy omgewing plaasvind. Volgens Hepworth en Larson (1982:212), word die grensbewegings van individue in 'n oop sisteem gereguleer deur die proses van groepkonsensus.

Compton en Galaway (1984:119) beskryf 'n oop sisteem soos volg: "… the central concept in the theory of social systems is the view of the system as open, which means that an essential factor of a system's continuity and change is its engagement in interchanges with the environment." Die sisteem se voortbestaan lê juis daarin opgesluit dat dit in noue kontak met sy omgewing is, vanwaar dit sekere insette ontvang, dit omskakel in deursette en sodoende uitsette aan sy omgewing terugbesorg. Sisteme is dus interafhanklik van mekaar en in 'n voortdurende wedersydse beïnvloeding betrokke (Schoeman, 1980:183). In 'n oop sisteem word individue die vryheid toegelaat om hul eie inkomende en uitgaande verkeer te reguleer, sonder die gevaar dat dit 'n impak op ander gesinslede of die gesin se normes kan hê (Hepworth & Larson, 1982:212). Die gevaar bestaan egter dat 'n sisteem te oop kan wees en dat hierdie oopheid van die sisteem sy stabiele funksionering kan bedreig (Schoeman, 1980:183).

Die navorser meld dat oop sisteme inligting verkry van ander sisteme, dit benut en internaliseer sodat groei en ontwikkeling kan plaasvind. ‘n Sisteem moet egter nie te oop wees nie, aangesien dit daartoe kan lei dat grense vervaag of disintegreer en dat daar dus verwarring in die onderskeie rolle kan intree. Die sisteem kan dan sy eie unieke identiteit in die proses verloor. Verder is dit ook belangrik dat die pleeggesin as sisteem oop moet wees om die biologiese ouers van die pleegkind te kan akkommodeer. Die mate waarin voornemende pleegouers as sisteem oop is vir die biologiese gesin, bepaal of hulle as pleegouers gekeur kan word, al dan nie. Die rede hiervoor is dat die pleegkind se gesin van herkoms ‘n belangrike deel uitmaak van die terapeutiese proses.

Die navorser is verder van mening dat ‘n geslote sisteem die aanpassing van ‘n pleegkind in hul sisteem sal bemoeilik, aangesien geslote sisteme moeilik invloede, asook ander persone van buite binne hul sisteem kan akkommodeer. Die ideaal sou wees wanneer ‘n meer oop sisteem hulself bereidbaar stel om as pleegouers op te tree.

#### 2.6.2.2 Geslote sisteme

Volgens Schoeman (1980:183), Compton en Galaway (1984:119) en Goldenberg en Goldenberg (1996:30), verkeer ‘n geslote sisteem nie in wisselwerking met sy omgewing nie. So ‘n sisteem ontvang dus geen insette van sy omgewing nie en kan dus ook geen uitsette lewer nie. Hepworth en Larson (1982:212) omskryf ‘n geslote sisteem soos volg: “Those who hold authority in families perform the bounding functions in such a way that they create discrete family space that exists apart from the larger space of the neighbourhood and community.”

Die streng en rigiede grense van geslote gesinne het ten doel om territorialiteit in stand te hou, die gesin teen ongevraagde indringing te beskerm, privaatheid te behou en geheimhouding in stand te hou. Die bindingsfaktore word nooit opgegee nie en ook nie met buitestanders of soms selfs met ander gesins- of familielede gedeel nie (Hepworth & Larson, 1982:212). Gesinsgeslotenheid in ineengevlegte (*enmeshed*) gesinne bestaan wanneer elke individu dieselfde voel en dink. Outonomie in so ‘n gesin word opgeoffer en individue word ontmoedig om te eksploreer, probleemoplossend te dink en onafhanklik op te tree (Becvar & Becvar, 2000:202).

Die oopheid of geslotenheid van 'n sisteem kan, volgens Becvar en Becvar (2000:7), ook bepaal word weens spesifieke omstandighede, byvoorbeeld waar 'n sekere godsdienstige groep in die minderheid verkeer binne 'n groter kulturele sisteem. Vir die lede van daardie godsdienstige groep om hul eie unieke identiteit te behou, word inligting en insette wat tot verandering binne die sisteem kan lei, beperk.

Dit is dus moeilik om tot 'n geslote sisteem toe te tree. Veral in gesinne waar terapeuties toegetree moet word, word insette moeilik deur geslote gesinne aanvaar. Dit is dan nodig dat 'n lang proses gevolg moet word, waar vertroue gebou moet word om die nodige toegang tot hierdie sisteme te kan verkry. Indien dit soms gebeur dat 'n individu uit 'n geslote sisteem om hulp aanklop, gebeur dit soms dat die betrokke individu as dislojaal beskou word, wat dan verder kan bydra tot problematiese gesins- of familieverhoudings. Juis vanweë genoemde redes, kan voornemende pleegouers wat binne 'n geslote sisteem funksioneer, verkieslik nie as pleegouers gekeur word nie.

### 2.6.3 Grense

Sisteme beskik oor grense wat die ordelikheid, struktuur en gereguleerdheid van elke sisteem bepaal (DiNitto & McNeece, 1997:54). Greif en Lynch (1983:43) meld die volgende: "The first of the structural concepts, *boundaries*, implies that any system that is distinct in its own right has either spatial or dynamic boundaries that in some form separate it from the rest of the environment and give it a distinct identity." Compton en Galaway (1984:120) omskryf grense soos volg: "A boundary may be defined as a closed circle around selected variables, where there is less interchange of energy or communication across the circle than there is within the circle."

Die grense beskerm as 't ware die ordelike funksionering van die sisteem en dien as 'n beheermaatreël ten opsigte van dit wat tot die sisteem toegelaat mag word en wat die sisteem mag verlaat. Die grense word egter in 'n groot mate bepaal deur eie waarde-oordele en normstelsels van die sisteem, met ander woorde godsdiens en kultuur kan die tipe interaksie met ander sisteme bepaal (Schoeman, 1980:183). Goldenberg en Goldenberg (1996:37) en O' Donoghue en Maidment (2005:41) meld verder dat sisteme van mekaar geskei word deur grense, wat *nie*-fisiese verdelings is. Grense verskil in tipe asook in die hoeveelheid inligting wat ontvang en teruggestuur word. Grense kan ook te rigied of te buigsaam wees.

Volgens Schoeman (1980:184), beskik oop sisteme meestal oor deurdringbare of redelik deurdringbare grense. Dit kan egter gebeur dat die grense van ‘n oop sisteem te maklik deurdring word en dat die te maklike beïnvloeding uit die omgewing die ordelike funksionering van die sisteem kan ontwrig. Geslote sisteme se grense is weer meestal rigied en ondeurdringbaar. Die maatskaplike funksionering van hierdie sisteme kan juis as gevolg van hierdie ondeurdringbare grense ontwrig en gestrem word (Hepworth & Larson, 1982:213; Goldenberg & Goldenberg; 1996:38; DiNitto & McNeece, 1997:54; Becvar & Becvar, 2000:80).

Die duidelikheid van die grense van ‘n sisteem is ‘n bruikbare parameter om gesinsfunksionering te evalueer. Gesonde sisteme het goed gedefinieerde grense en het wyses om hierdie grense te handhaaf, en sal gevolglik ideale pleeggesinne kon uitmaak. By sisteme met geslote grense, kan verwag word dat die gesin probleme kan ervaar weens gebrek aan insette ten opsigte van inligting en energie.

### 2.6.4 Georganiseerde hiërargiese verhouding

‘n Verdere kenmerk van lewende sisteme is hulle georganiseerde hiërargie. Die interaksie of wisselwerking tussen sisteme of tussen sisteem en subsisteem geskied binne hierdie georganiseerde struktuur van die sisteemnetwerk. Sisteme kan dus nie geïsoleerd voortbestaan nie; dus is hulle in werklikheid nie van mekaar skeibaar nie. Die verhouding waarin hierdie sisteme staan, is egter georganiseerd en die interaksie, wisselwerking en kommunikasie wat onderling geskied, moet altyd beoordeel word teen die funksionering van die totale sisteemnetwerk. Dit is egter belangrik dat die individu steeds as die belangrikste komponent van die gemeenskap as sisteem gesien word (Schoeman, 1980:185; Greif & Lynch, 1983:42).

Die gesin se hiërargie verwys na die verskillende statusposisies van individuele lede of die gesin se subsisteme. Die lede van ‘n gesin is nie gelyk nie, wat hiërargiese verhoudings tot gevolg het. Dit kan daartoe lei dat lede volgens belangrikheid en mag ten opsigte van gesinsdinamiek in rangorde geplaas kan word (Greif & Lynch, 1983:43).

Die onderskeie sisteme en subsisteme staan dus in hiërargie tot mekaar. Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie sisteme saamgestel is uit individue wat elk ‘n belangrike bydrae tot die betrokke sisteem in sy geheel het. Die pleegkind as ‘n sisteem op sy eie, word met ‘n pleegplasing deel van ‘n groter sisteem, waar hy ook ‘n bepaalde rol moet inneem. Dit

is belangrik dat die pleegkind as 'n 'eie' kind beskou moet word en as sulks ook hanteer en behandel moet word. Die pleegkind moet as 'n gelyke in die gesin beskou word. Dit is ook belangrik dat hy en die voornemende pleeggesin vooraf hieroor ingelig moet word, sodat die pleegkind die nodige sekuriteit en geborgenheid in sy nuwe gesin kan beleef. Die pleegkind kan ook die hiërargie in die pleeggesin beïnvloed, byvoorbeeld waar die pleegkind die plek van die oudste of die jongste kind kan inneem. Dit kan rolverwarring en/of spanning in die pleeggesin as sisteem teweegbring.

### 2.6.5 Inset-deurset-uitset en terugvoering

Wanneer daar in terme van sisteme en veral maatskaplike sisteme gedink word, is die komponente van inset, deurset, uitset en terugvoering baie belangrik om 'n begrip te kan vorm van die funksionering van 'n spesifieke sisteem. Hierdie begrippe verwys na die wisselwerking wat plaasvind tussen die sisteem en die omgewing ten opsigte van inligting, energie en ander materiaal (Schoeman, 1980:185). Volgens Du Bois en Miley (1996:62), beteken dit die volgende: "Energy is sent and received within one human system or between one human system and another." Hierdie proses word in die onderstaande figuur 2.1 weergegee.

**FIGUUR 2.1: PROSES VAN INSET-DEURSET-UITSET EN TERUGVOER**

| ***Inset*** |
|---|
| ❑ Energiebeweging binne sisteem<br>❑ Energie en inligting word verkry van komponent- en omgewingsisteme<br>❑ Hulpbronne en geleenthede word vir die sisteme beskikbaar gestel |

| ***Prosessering*** |
|---|
| ❑ Selektering, analisering, organisering en gebruik van energie en inligting |

| ***Uitset*** |
|---|
| ❑ Uitkoms van energie-uitruiling<br>❑ Houdings, gedrag en rolvervulling<br>❑ Energie en inligting word oorgedra na komponent- en omgewingsisteem |

| ***Terugvoer*** |
|---|
| ❑ Respons<br>❑ Evaluering<br>❑ Aanpassing |

(Du Bois & Miley, 1996:63; Schoeman, 1980:185)

DiNitto en McNeece (1997:55) meen dat die sisteem insette ontvang uit die omgewing, die insette intern verwerk as deursette en as uitsette aan die omgewing lewer in die vorm van inligting en energie wat weer deur ander sisteme gebruik kan word. Dit is dus 'n kringloop van gebeure (Schoeman, 1980:185). Terugvoering is 'n verdere belangrike kenmerk van lewende sisteme. Du Bois en Miley (1996:63) meld: "Feedback transmits further information." Terugvoer is 'n kontrolemaatreël om te verseker dat die ekwilibrium van die sisteem gehandhaaf word. Terugvoering veronderstel dus dat daar voortdurende evaluasie van insette, deursette en uitsette moet wees. Die evaluasie fokus dus op *wat* gebeur het, *hoe* dit gebeur het en of dit *moes* gebeur het (Schoeman, 1980:185; Greif & Lynch, 1983:44; Du Bois & Miley, 1996:63).

Die navorser is van mening dat nie uit die oog verloor moet word nie dat, alhoewel die prosesse waardeur mense deurlopend hul omgewing skaaf en verander, mense ook deur hul omgewing geskaaf en verander word. Dit simboliseer dus 'n interaktiewe verhouding tussen byvoorbeeld die pleeggesin en hul omgewing, wat die skool, bure, gemeenskap, ensovoorts, insluit.

### 2.6.6 Ewewigstoestand (Ekwilibrium/Homeostase)

DiNitto en McNeece (1997:56) en Potgieter (1998:59) beskryf ekwilibrium/homeostase soos volg: "A system remains in relative balance with itself and with other systems in its environment." Die ewewigstoestand gaan dus om die behoud of herstel van ‘n gunstige en harmoniese toestand van ‘n sisteem. Die dinamiese interaksie tussen sisteme of dele van ‘n sisteem en sy omgewing is dikwels juis die oorsaak dat die ewewigstoestand voortdurend aan die verander is. Oop sisteme bereik in werklikheid nooit ‘n volkome staat van ekwilibrium nie. Dit is dus ‘n ideale toestand waarna die sisteem streef. Verwagtinge, konflik, stremming en spanning tussen sisteme is oorsake vir disekwilibrium. Indien ‘n sisteem se ewewigstoestand versteur word, sal dit poog om die toestand te herstel of daartoe oorgaan om ‘n nuwe ewewigstoestand te soek, te ontwikkel en aan te neem (Schoeman, 1980:186; Greif & Lynch, 1983:44). Die ewewigstoestand veronderstel ook dat die energie binne die sisteme sodanig tussen die dele van die sisteem versprei word, dat ‘n toestand van ekwilibrium bereik word (Meyer, *et al.*, 1997:595).

Walsh (1983:470) meld dat homeostase die wyse is waarop norme toegepas word om ‘n stabiele en standvastige situasie in die hele interaksionele sisteem te handhaaf. Die prosesse van stabilisering en groei veroorsaak dus ‘n beweging in die sisteem wat dinamies is, maar die twee prosesse skakel mekaar uit sodat ‘n dinamiese ekwilibrium in die sisteem gehandhaaf word. Daar word dus gepraat van ‘n homeostasebeginsel (Meyer, *et al.*, 1997:595). Compton en Galaway (1984:130) beklemtoon die noodsaaklikheid van homeostase, wat orde in die gesin bewerkstellig.

Die navorser is van mening dat die bereiking van ‘n totale ewewigstoestand in ‘n sisteem onbereikbaar is, weens die aanhoudende verandering wat plaasvind weens die sisteem en die omgewing se invloed op mekaar. Dit is egter die ideaal waarna gestreef word. Die pleegkind gaan ook nadat hy by sy nuwe pleeggesin geplaas is, deur ‘n aanpassingsfase, wat daartoe bydra dat die ewewigstoestand van die pleeggesin versteur word. Soos wat die pleegkind in sy nuwe omgewing (pleeggesin) aanpas, word die ewewigstoestand geleidelik herstel.

### 2.6.7 Ekwifinaliteit teenoor ekwipotensialiteit

Die algemene sisteemteorie word ook deur die beginsels van ekwifinaliteit en ekwipotensialiteit onderlê. In die geval van ekwifinaliteit, is die finale posisie of resultaat

dieselfde of ekwivalent, alhoewel die beginposisie dieselfde kan wees (DiNitto & McNeece, 1997:57; Meyer, *et al.*, 1997:595; Nichols & Schwartz, 1998:113). Becvar en Becvar (2000:71) beskryf ekwifinaliteit as "the tendency towards a characteristic final state from different initial states and in different ways based on upon dynamic interaction in an open system attaining a steady state."

Teenoor ekwifinaliteit, word ekwipotensialiteit deur Becvar en Becvar (2000:71) beskryf as "the notion that different end states may be arrived at from the same initial conditions." Dit beteken dat dit nie moontlik is om voorspellings te maak ten opsigte van ontwikkelingsprosesse nie. In die geval van ekwipotensialiteit, is die aanvanklike posisie of potensiaal dieselfde, terwyl verskillende finale toestande of effekte verkry kan word (Meyer, *et al.*, 1997:595).

Die beginsels van ekwifinaliteit en ekwipotensialiteit impliseer dus 'n dinamiese proses wat veronderstel dat verskillende 'paaie' na soortgelyke eindpunte kan lei en dat soortgelyke beginpunte totaal verskillende eindtoestande tot gevolg kan hê (Meyer, *et al.*, 1997:595).

Tydens die werk met pleeggesinne, is dit belangrik om te besef dat verskillende oorsake (metodes) tot dieselfde uiteinde (oplossing van probleme) kan lei, maar dat dieselfde oorsake (metodes) na verskillende eindpunte (oplossings) kan lei. Dit is dus duidelik dat die maatskaplike werker nie rigied moet wees in die behandeling en toetrede tot 'n pleeggesin nie.

## 2.7 VERSKILLENDE VLAKKE VAN SISTEME

Volgens O'Connor en Ammen (1997:7-8) en Houston (2002:307), word die samelewing uit vier sisteme saamgestel wat interafhanklik van mekaar is. Hierdie verskillende vlakke van sisteme word vervolgens bespreek:

### 2.7.1 Mikrovlak-sisteme

Wakefield (1996:28) en Du Bois en Miley (1996:71) noem dat mikrovlak-intervensie beteken dat daar met individue gewerk word hetsy afsonderlik, binne gesinsverband of in klein groepe. Die doel is om verandering in individue se gedrag of verhoudings te fasiliteer.

Individue benodig maatskaplike dienste wanneer hulle probleme beleef ten opsigte van persoonlike aanpassing, interpersoonlike verhoudings of omgewingstressors.

Verandering op hierdie vlak fokus daarop om verandering in individue se funksionering teweeg te bring. Om met mikrovlak-kliënte te werk, is dit egter nodig dat die maatskaplike werker kennis moet dra ten opsigte van die individuele, interpersoonlike, gesins- en groepsdinamika sowel as menslike ontwikkeling en die individuele effek van omgewingsinvloede. Dienslewering deur maatskaplike werkers op hierdie vlak vereis die fasilitering van tegnieke soos krisisintervensie en terapie (Du Bois & Miley, 1996:72). Houston (2002:307) noem die volgende: "Several micro-systems, when they engage or overlap, collectively constitute the meso-system."

### 2.7.2 Middelvlak- of mesosisteme

Die middelvlak- of mesosisteem van maatskaplike werk, bestaan uit werk met formele groepe of komplekse organisasies. Voorbeelde van komplekse organisasies sluit in: maatskaplike diensorganisasies, gesondheidsorgorganisasies, opvoedkundige instansies en korrektiewe fasiliteite. Intervensie met formele groepe behels werk met spanne, werkgroepe, taakgeoriënteerde groepe, gemeenskapsdiensklubs en selfhelpgroepe (Morse, 1993:322).

Middelvlak-intervensie het dus te make daarmee om verandering binne groepe of organisasies teweeg te bring. Faktore soos hul besluitnemingsprosesse, funksies, struktuur, rolle en wyses van interaksie, beïnvloed die proses van verandering. Dit is dus belangrik dat die maatskaplike werker kennis en begrip moet hê van die dinamika van formele groepe (Du Bois, & Miley, 1996:73).

### 2.7.3 Eksosisteem

Volgens Houston (2002:307), is die eksosisteem 'n meer gedistansieerde sisteem as die mesosisteem en sluit dit sisteme in soos ouers se werkplek of skoolrade. Hierdie sisteme is *indirek* betrokke by die kind of individu se ontwikkeling. Die individu is nie 'n aktiewe deelnemer in die sisteem nie.

### 2.7.4 Makrovlak-sisteme

Volgens Du Bois en Miley (1996:75), behels makrovlak-intervensie dat gewerk word met woonbuurte en gemeenskappe met die oog daarop om maatskaplike verandering teweeg te bring. Houston (2002:307) definieer die makrovlak-sisteem as "…the overarching structure of society as reflected in spheres of law, economy and politics."

Die hoofsaaklike doel is om maatskaplike en sosiale verandering teweeg te bring, om sodoende die kwaliteit van lewe te verbeter. Burgerlike betrokkenheid is baie belangrik tydens hierdie intervensie om ander te help om kennis te dra, 'n keuse uit te oefen en om deel te neem aan besluitneming. Tydens intervensie op makrovlak, is dit die taak van die maatskaplike werker om behulpsaam te wees om gemeenskapsprobleme te behandel deur die inisiëring van sosiale aksies en sosiale verandering. Dit is dus belangrik dat die maatskaplike werker kennis sal dra van die gemeenskappe se onderskeie norme en standaarde en dat sy oor die nodige kennis sal beskik om probleemoplossend te kan optree indien nodig (Morse, 1993:322; Du Bois & Miley, 1996:75).

Die navorser is van mening dat die meeste maatskaplike werkers in die veld, grootliks op al vier vlakke intervensie toepas, vanweë die staat se vereistes dat alle werkers op individuele, groep- en gemeenskapsvlak moet dienste lewer. Die gevolg is dat gelyktydig met verskeie subsisteme, sisteme en suprasisteme gewerk word, wat dit soms onmoontlik maak om die werkslading doeltreffend te kan hanteer. Die deelname van die pleeggesinne tydens die navorsingstudie, word grootliks op die mikrovlak- (individueel), middelvlak- (opvoedkundige instansies) en eksosisteem (werkplek) toegepas. Verder kan die opleidingsgroepe van die voornemende pleegouers ook as mesosisteme gesien word. Pleegouers ontvang pleegkindtoelaes vanaf die staat, wat gevolglik bydra tot hul interaksie met die staat (makrovlak). Dit is duidelik dat geen sisteem op sy eie funksioneer nie en dat dit interafhanklik van mekaar is.

## 2.8 TEGNIEKE VAN DIE SISTEMIESE BENADERING

Die volgende tegnieke is gebaseer op die beginsels van die sistemiese benadering:

### 2.8.1 Sirkulêre vraagstelling

Sirkulêre vraagstelling verskil van direkte vraagstelling aan ‘n persoon oor homself. Dit behels die stel van vrae aan byvoorbeeld een lid van ‘n groep oor ‘n ander lid of lede van die groep. Hierdie tipe vraagstelling is daarop gerig om die verhoudings in groepe te verken. Dit lei uiteindelik tot ‘n beter begrip van die self, asook van ander persone (De Meillon & Wiechers, 1993:101; Van der Westhuizen, 1994:158). Goldenberg en Goldenberg (1996:244) ondersteun hierdie stelling en noem: “The technique focuses attention on family connections rather than individual symptomatology, by framing every question so that it addresses differences in perception by different family members about events or relationships.”

Sirkulêre vraagstelling kan byvoorbeeld gebruik word om:

- die verhoudings tussen lede van ‘n groep te verken;
- die verskille in persepsies, oor gebeure of verhoudings, van verskillende lede van ‘n gesin uit te wys; en
- bepaalde inligting oor ‘n gesin te bekom (Goldenberg & Goldenberg, 1998:327).

Meyer, *et al*. (1997:602) noem ook: “Sirkulêre vraagstelling veronderstel in die eerste plek ‘n wederkerige kommunikasiepatroon tussen die terapeut en die sisteem waarin die terapeut ‘n vraag stel en dan versigtig na die terugvoering van die sisteem luister voordat ‘n verdere vraag gestel word.” De Meillon en Wiechers (1993:101) is van mening dat die feit dat die vrae op sirkulêre wyse gestel word, dit reeds impliseer dat daar patrone ten opsigte van gedrag in gesinne of groepe bestaan. Dit impliseer verder dat die patrone effektief blootgelê kan word deur hierdie bepaalde tipe vraagstelling.

Tydens die tuisbesoeke wat deur die navorser onderneem is (as deel van die program wat volledig in hoofstuk ses bespreek word), is onderhoude met die hele voornemende pleeggesin gevoer. Vrae is aan individuele gesinslede gerig asook aan die onderskeie gesinslede oor mekaar, sodat soveel moontlik inligting oor die gesin en hul funksionering ingewin kon word.

### 2.8.2 Genogram en ekokaart

Die genogram word deur Goldenberg en Goldenberg (1996:181) beskryf as: "… a useful tool for allowing therapist and family members alike to examine the ebb and flow of the family's emotional processes in their intergrational context." Die ekokaart, soos ontwikkel deur Hartman (1978), is die mees algemeen gebruikte visuele hulpmiddel wat deur maatskaplike werkers gebruik word en is behulpsaam om die kompleksiteit van persoons- en omgewingsinligting uiteen te sit (Van der Westhuizen, 1994:160; O' Donoghue & Maidment, 2005:41). Die navorser sien die ekokaart as 'n diagrammatiese hulpmiddel om die bestaande komponente van ondersteuning, wat 'n sisteem omsirkel, te illustreer.

Bowen in Nichols en Schwartz (1998:173), beskryf die genogram as 'n 'gesinsdiagram' wat behulpsaam is om belangrike inligting in te samel en te organiseer. Die hoofdoel van die genogram is om die data tydens die evalueringsfase te evalueer en om verhoudingsprosesse te volg.

Die navorser het nie hierdie tegniek tydens hierdie studie benut nie, maar dit kan wel as hulpmiddel aangewend word wanneer met gesinne en/of pleeggesinne gewerk word, veral waar die pleegouers familie van die pleegkind is en die verwantskap tussen die pleegkind, pleegouers en die biologiese ouers, dus baie kompleks kan wees. Dit kan selfs as hulpmiddel in die opleidingsprogram ingewerk word as die tyd dit toelaat.

### 2.8.3 Metafore

Levy en Orlans (1998:149) definieer 'n metafoor soos volg: "A metaphor is the application of a word or phrase to something that it does not apply to literally, in order to indicate a comparison with the lateral usage." 'n Metafoor is dus 'n parallelle situasie wat geskep word om die verbalisering van sekere emosies minder angsvol te maak, byvoorbeeld waar 'n kind bang is vir 'n monster onder die bed, kan die terapeut 'n storie vertel oor hoe bang die monster is omdat hy niemand ken nie en verdwaal het.

Hierdie tegniek is nie tydens hierdie studie aangewend nie, maar kan baie sinvol aangewend word tydens maatskaplike werkers se dienslewering by pleeggesinne. Pleegkinders kan emosionele probleme ervaar wat deur trauma veroorsaak is, met die gevolg dat hierdie pleegkinders met vrese kan worstel. Deur hierdie tegniek te gebruik, kan hierdie vrese verminder word.

## 2.9 DIE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER MET BETREKKING TOT DIE INTEGRERING VAN DIE SISTEEMBENADERING IN PLEEGSORGDIENSTE

Volgens Schoeman (1980:186), is die rol van die maatskaplike werker ten opsigte van maatskaplike sisteme ten nouste aan die kenmerke van ‘n sisteem gekoppel.

Die rol van die maatskaplike werker kan dus soos volg aangestip word:

### 2.9.1 Vasstelling van grense

Dit is die taak van die maatskaplike werker om ‘n sisteem behulpsaam te wees om sy grense vas te stel. Dit kan nodig wees dat die maatskaplike werker en die kliënt gesamentlik die grense duidelik moet afbaken en beskryf. Die taak en funksionering van die sisteem word beklemtoon om ordelikheid, struktuur en gereguleerdheid in die sisteem te vestig. Die sisteem moet dus sy eie grense ken voordat dit sinvol in interaksie tot ander sisteme kan tree (Schoeman, 1980:186; Greif & Lynch, 1983:51). Die navorser meen dat dit dus die taak van die maatskaplike werker is om tydens die voorbereidingsfase van die pleegplasing, reeds die nodige grense en reëls daar te stel. Dit is veral belangrik omdat die pleegkind uit ‘n ander sisteem (biologiese gesin) kom, waar sy biologiese gesin se grense meer of selfs minder rigied was. Dit kan verwarring veroorsaak as die pleegkind en die pleeggesin nie gehelp word om die nodige grense vas te stel nie.

### 2.9.2 Regulering van openheid of geslotenheid

Volgens Schoeman (1980:186), is daar vir elke sisteem ‘n optimum graad van openheid en geslotenheid. Indien dit oorskrei word, kan dit die ordelike funksionering van die sisteem nadelig beïnvloed. By sisteme wat te oop is, bestaan die gevaar dat hul integriteit ingeboet kan word. By sisteme wat weer te geslote is, word groei en ontwikkeling belemmer. Dit is dus die taak van die maatskaplike werker om die sisteem daarmee behulpsaam te wees om uiteindelik self sy grense te beheer, self te bepaal wat as insette tot die sisteem toegelaat kan word en as uitsette gelewer kan word, sonder om die ewewigstoestand nadelig te versteur.

### 2.9.3 Vennootskap

Tydens die hulpverleningsproses, moet die maatskaplike werker met die kliënt in vennootskap tree om te poog om 'n ordelike en gereguleerde ewewigstoestand te bereik. Daar moet dus besondere aandag gegee word aan die interaksie en verhoudings tussen sisteme en die handhawing van 'n balans in die sisteemnetwerk (Schoeman, 1980:187). Dit is dus belangrik dat die biologiese ouers, pleegouers, pleeggesinne asook die pleegkind as sisteme, soos volg deur die maatskaplike werker benut word:

- Veranderingsisteem: Maatskaplike werkers se taak is, volgens Zastrow (1992:71), om verandering teweeg te bring en kan dus as die veranderingsisteem gesien word. In die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:66) word die veranderingsisteem omskryf as: "Welsynsinstansies wat maatskaplike werkers en ander persone aanwend om deur middel van maatskaplike welsynsprogramme en programme vir gemeenskapsontwikkeling die maatskaplike funksionering van kliënte en groepe te verbeter."

- Aksiesisteem: Die biologiese ouers word gesien as die kliëntesisteem ten opsigte van wie die maatskaplike werker intervensietake het. In 'n pleegsorgsituasie, is dit die maatskaplike werker se taak om ook die biologiese ouers as aksiesisteem aan te wend, in samewerking met die pleegouers tot suksesvolle aanpassing van die kind in pleegsorg en dus uiteindelike gesinshereniging. Die pleeggesin kan ook deur die maatskaplike werker as hulpmiddel binne die gemeenskap benut word. Die pleeggesin word in hierdie navorsing ook gesien as die aksiesisteem. Zastrow (1992:72) omskryf aksiesisteem as: "The term is used to describe those with whom the social worker works to accomplish the tasks and achieve the goals of the change effort."

- Teikensisteem: Die biologiese ouers word ook gesien as die teikensisteem met die oog op gesinsherenigingsdienste. Die teikensisteem word beskryf as: "Persone, groepe en/of gemeenskappe wat in belang van die kliëntesisteem beïnvloed moet word of verandering moet ondergaan om die doelwitte van maatskaplikewerk-hulpverlening te bereik" (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk,* 1995:63).

- Kliëntesisteem: Die pleegkind word gesien as die kliëntesisteem aan wie dienste gelewer word. Zastrow (1992:71) definieer kliëntesisteem as saamgestel uit "…the people who sanction or ask for the change agent's services, who are the expected beneficiaries of the service and who have a working agreement or contract with the change agent."

Die navorser is van mening dat die maatskaplike werker die eienskappe van 'n sisteem moet ken en oor die nodige vaardighede moet beskik om die sisteem as geheel en die individue afsonderlik te kan assesseer. Sisteme maak dus 'n integrale deel uit van die pleegouerkeuringsproses. Dit sal daartoe bydra dat die maatskaplike werker oor die nodige inligting beskik om haar intervensie te kan beplan, die voornemende pleegouers te leer ken en hulle te bemagtig met opleiding rondom pleegsorgbeleid.

## 2.10 WAARDE VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE

- Ronnau en Poertner (1993:22) meld dat die maatskaplikewerk-professie baie afhanklik is van die sisteemteorie. Hierdie teorie word benut om die kompleksiteit van gesinsisteme te verklaar, en is dus 'n belangrike maatskaplike hulpmiddel. Die sisteemteorie verskaf 'n raamwerk om die nodige inligting te verkry ten opsigte van 'n gesin se komplekse elemente en wisselwerking. Daar vind dus 'n verskuiwing plaas van 'n liniêre perspektief na 'n sistemiese perspektief in die bestudering van die situasie (Schoeman, 1980:187; DiNitto & McNeece, 1997:60; O' Donoghue & Maidment, 2005:43).

- Maatskaplike werkers kan egter verplig voel om aan al die komponente en subsisteme aandag te gee, maar dit is 'n onmoontlike taak (Ronnau & Poertner, 1993:23). Ronnau en Poertner (1993:23) meen verder: "Research on problem solving suggests that when systems are very complex it is extremely difficult if not impossible to determine exact relationships between the elements of the system." Dit kan ook gebeur dat 'n gesin byvoorbeeld tydens intervensie, oor multi-probleme beskik en dit is baie moeilik om aan al die probleme aandag te gee.

- Die sisteemteorie beklemtoon die afhanklikheid tussen sisteme en subsisteme en bepaal dus dat 'n probleem nie geïsoleerd kan staan of geïsoleerd behandel kan word nie. Die sisteme en subsisteme met wie die betrokke kliënt in interaksie is, moet dus as vennote (pleeggesin) deel hê aan die hulpverleningsproses (Schoeman, 1980:187; Roux, 1998:28).

- Die sisteemteorie beklemtoon die moontlikheid van die sisteem tot groei en ontwikkeling. Besondere klem word daarop geplaas om die sisteem na 'n ewewigstoestand te begelei. Die sisteem is dus in staat om by sy omgewing aan te pas (Schoeman, 1980:188; Roux, 1998:28).

- Die sisteemteorie beklemtoon die geïntegreerde benadering in maatskaplike werk. Die sisteemteorie kan dus op al die metodes in maatskaplike werk van toepassing gemaak word (Schoeman, 1980:188; DiNitto & McNeece, 1997:60).

- Van Rooyen en Combrink (1980:65) meld dat die teorie nie riglyne en voorskrifte vir optrede bied nie en is nie bedoel om 'n behandelingsmetode in die maatskaplike werk te wees nie. Hierdie teorie bied juis die plek en ruimte vir enige ander benadering, teorie of behandelingsmetode in die maatskaplike werk (Schoeman, 1980:189).

- Thomas (1996:390) is van mening dat die suksesvolle aanwending van die sisteemteorie daarvan afhang of die terapeut daartoe in staat is om te bepaal waar die verskillende komponente of individue binne die vier vlakke van sisteme, funksioneer. 'n Persoon se persepsie van sy omgewing verskil van sy persepsie van homself.

- Nichols en Schwartz (1998:173) meld dat die sisteemteorie wegbeweeg van die simptome in sisteme en eerder fokus op die sisteemdinamiek. Dit verhoed dat terapeute poog om die sisteem te 'herstel' en dra eerder daartoe by dat kliënte gemotiveer word om te werk aan persoonlike ontwikkeling.

- Hartman in Greif en Lynch (1983:53), is van mening dat 'n probleem met die sisteemteorie ervaar word weens die hoë abstrakte vlak waarop die hele teorie gefundeer is. Dit bemoeilik die taak om die teorie in die praktyk te integreer. Verskillende sienswyses ten opsigte van die teorie bestaan, wat dit dus ooplaat vir interpretasie (DiNitto & McNeece, 1997:60).

- Nichols en Schwartz (1998:171) noem dat die effektiwiteit van die uitgebreide gesinsisteemterapeute, hoofsaaklik berus op hul persoonlike ervarings en kliniese verslae. Dit kan veroorsaak dat terapeute in hul optrede en besluitneming subjektief beïnvloed kan word.

- Kommer bestaan oor die moontlikheid dat die klem wat op groter sisteme geplaas is, daartoe kon bydra dat die individu verlore sou gaan. Die gevaar bestaan dus dat soveel aandag aan interaksionele patrone gegee word en daar so op betekenispatrone gekonsentreer word, dat die mens met sy emosies wat by die interpersoonlike verhoudings betrokke is, uit die oog verloor word (Meyer, *et al.*, 1997:613).

Die navorser is van mening dat, wat die terapeutiese praktyk betref, dit beklemtoon moet word dat die algemene sisteemteorie besonder waardevol is in 'n tyd waar die nood van so baie mense eenvoudig nie op individuele basis aangepak kan word nie. Die sisteemteorie is dus baie waardevol om komplekse gesinne (soos pleeggesinne) te evalueer en op te lei, aangesien die individu nooit los staan van ander sisteme nie. Die holistiese beginsel moet dus as vertrekpunt benut word met die oog op die bestudering van individuele lede as deel van 'n groter geheel. Die waarde van die sisteemteorie vir hierdie studie is dat die pleeggesin nie in terme van individuele persoonlike eienskappe en optrede, geëvalueer word nie.

## 2.11 SAMEVATTING

- Die maatskaplikewerk-professie werk hoofsaaklik met sisteme wat bestaan uit individue, groepe, gesinne, organisasies en omgewings. Daar word dus gefokus op die verhoudings tussen lede van die lewende sisteme en hul omgewings. Die sisteemteorie word in 'n toenemende mate in die maatskaplikewerk-veld gebruik en bied 'n raamwerk waarbinne kennis georganiseer kan word.

- 'n Sisteem is 'n groepering van eenhede in 'n verbandhoudende geheel. 'n Sisteem bestaan uit subsisteme wat deel is van 'n groter sisteem en ook bestaan uit kleiner sisteme. Drie subsisteme word geïdentifiseer, naamlik die egliede-, ouerlike- en sibbe-subsisteem. 'n Sisteem beskik oor eienskappe en grense wat dit van ander entiteite onderskei. Die sisteemteorie lei die aandag dus weg van die individu en fokus op die groter geheel, wat die gemeenskap en omgewing insluit. Die filosofie van die sisteemteorie behels dat die interaksie en onderlinge afhanklikheid en beïnvloeding tussen sisteme erken word. Die mens en sy omgewing word dus in totaliteit gesien.

- Kubernetika dui daarop dat ‘n persoon van buite die sisteem ‘n waarnemer is om te sien wat binne die sisteem gebeur. Tweede-orde-kubernetika dui daarop dat die waarnemer deel is van die sisteem. Dit is belangrik dat die waarnemer ojektief moet wees.

- Die beginsels van die sisteemteorie sluit in: sirkulariteit, verkryging van inligting, dubbele beskrywing, patroon en vorm, stabiliteit, verandering en passing. Tegnieke wat benut kan word, behels sirkulêre vraagstelling (wederkerige kommunikasie), die genogram en ekokaart (visuele hulpmiddel), en metafore.

- Die kenmerke van sisteme sluit die volgende in: positiewe en negatiewe entropie, relatiewe oop en geslote sisteme, grense is rigied of buigsaam, ‘n hiërargiese verhouding bestaan tussen die lede van die sisteme en daar word deurlopend gepoog om ‘n ewewigstoestand te handhaaf. Intervensie vind op mikro-, meso-, ekso- en makrovlak plaas en ‘n geïntegreerde benadering word grotendeels gevolg.

- Die rol van die maatskaplike werker word grootliks gekoppel aan die kenmerke van sisteme. Intervensie behels dus, onder andere, die vasstelling van grense, regulering van die openheid of geslotenheid van sisteme en die vestiging van ‘n vennootskap met die onderskeie sisteme en individue.

- Die sisteemteorie word positief beleef, weens die feit dat ‘n geïntegreerde benadering gevolg kan word wat behulpsaam is om die kompleksiteit van sisteme te kan hanteer. Ander benaderings kan met gemak in hierdie teorie geïmplementeer word. Verder word ook daartoe bygedra dat die kliënte gemotiveer word om te werk aan hul eie persoonlike ontwikkeling. Kritiek teen die sisteemteorie behels dat die maatskaplike werker verplig kan voel om aan al die sisteme aandag te wil gee en dit is ‘n onmoontlike taak. Weens die feit dat die teorie ook abstrak is, kan dit te veel ruimte laat vir eie interpretasie.

# HOOFSTUK 3

## DIE SORGBEHOEWENDE KIND

### 3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om die leser bekend te stel aan die sorgbehoewende kind, met spesifieke verwysing na die geskiedkundige oorsig van kindermishandeling, kinders se basiese behoeftes en regte, soorte mishandeling, oorsake van sorgbehoewendheid, asook probleme wat by hierdie kinders kan voorkom.

In hierdie hoofstuk word die begrip "sorgbehoewendheid", gronde vir sorgbehoewendheid, asook die regte en behoeftes van alle kinders eerstens bespreek. Daarna sal diepte-aandag gegee word aan oorsake van sorgbehoewendheid, asook die spesifieke probleme wat by hierdie kinders kan voorkom.

Maatskaplikewerk-intervensie se hoofdoel behels dat hoofsaaklik daarop gefokus word om die gesinslewe van individue in stand te hou. Die gevolg is dat die gesinseenheid (sisteem) as geheel tydens dienslewering onder die loep geneem word, eerder as die individue in die gesin (Gibelman, 1995:82). Volgens die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:20), is die gesin die: "kleinste maatskaplike eenheid in die samelewing bestaande uit 'n man en sy vrou en kind, 'n vrou en kind of 'n man en kind, gewoonlik onder een dak." Human (1994:57) meen: "Die gesin is en was nog altyd die basiselement in enige maatskaplike bestel. Dit vorm die sentrale en grondliggende opvoedingsmilieu van enige kind en die ouers dra die eerste verantwoordelikheid vir die fisieke, psigiese, geestelike en sosiale welsyn van die kind."

### 3.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP SORGBEHOEWENDE KIND

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:60) definieer sorgbehoewende kind soos volg: "Kind wie se maatskaplike funksionering asook fisiese, psigiese en emosionele ontwikkeling belemmer is deur verwaarlosing of mishandeling, of gebrek aan uitoefening van beheer deur die ouer of voog." Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:62)

meld ook dat substituutsorg dui op die versorging van kinders weg van hul ouers. Substituutsorg behels dus, volgens die navorser, dat kinders deur middel van ‘n hofbevel in alternatiewe sorg, wat nie hul biologiese ouers is nie, versorg word.

Volgens Fourie (1999:16), is ‘n kind sorgbehoewend indien daar deur ‘n Kommissaris van Kindersorg bevind word dat hy fisies, seksueel en/of emosioneel deur sy ouers of voogde verwaarloos en/of mishandel word. Die kind se veiligheid word dus bedreig indien so ‘n kind in sy ouers of voogde se sorg sou aanbly.

## 3.3 HUIDIGE WETGEWING TEN OPSIGTE VAN SORGBEHOEWENDHEID VAN ‘N KIND

Ryan (1994:156) meld verder: "Enabling children to be involved properly in discussions and decisions means making sure that they have information and explanations so that they are able to reach an informed view."

Die navorser steun hierdie stelling dat die kind geken moet word in sy toekomsbeplanning en die behandelingsplan wat deur die maatskaplike werker opgestel is. Die gebrek aan gesprekvoering met die kind self, asook onvoldoende kennis oor die behoeftes van die kind en die hantering daarvan, is dikwels probleme wat daartoe bydra dat die maatskaplike werker nie aan die verwagtinge van die kind in nood, voldoen nie. Dit gebeur gereeld dat die maatskaplike werker wat pleegsorgtoesigdienste lewer, hoofsaaklik met die pleegouers kontak maak, sodat direkte kontak met die pleegkind nie bewerkstellig word nie. Oorhoofs gesien, som die navorser pleegsorgtoesigdienste dus soos volg op: Deurlopende dienste wat die maatskaplike werker aan die pleeggesin as geheel, asook aan die individue afsonderlik in die pleegsorgsituasie lewer, wat terapeutiese, bemiddelings-, ondersteunings-, adviserende, sowel as organisatoriese dienste insluit. Hierdie dienste duur voort totdat die kind in sy ouers se sorg herstel word of die ouderdom van 18 jaar bereik.

Die uitgangspunt dat die gesinseenheid van kardinale belang is, maak dit noodsaaklik dat daar in maatskaplikewerk-dienslewering steeds daarna gestreef word om die gesinseenheid te behou, met die gevolg dat pleegsorgtoesigdienste hand aan hand gaan met dienste aan die biologiese gesin van die pleegkind (Starke, 1989:37; Schultz, 2002:9).

#### 4.10.2 Gesinsherenigingsdienste

Gesinshereniging word deur Maluccio, Fein en Davis (1994:489) soos volg beskryf: "…the planned process of reconnecting children in out-of-home care with their biological families to help them achieve and maintain their optimal level of reconnection…" Die *Department of*

*Welfare* (1998:22) omskryf gesinsherenigingsdienste soos volg: "The goal-directed plan of restorative action shall include activities to promote an environment condusive to the development of the strengths and skills of the parent or guardian and child. The parent or guardian should, furthermore, be introduced to the relevant resources for utilisation during the period of the child's placement. "

Die oogmerk van die herstel van die pleegkind in sy biologiese ouers se sorg, is tydsgebonde en hang saam met die pleegkind se ouderdom, die ouers se vermoë tot herstel en die pleegkind se gebondenheid aan en vestiging van 'n verhouding met die pleegouers (Human, 1994:91). Dit is dus belangrik dat dienste gefokus moet wees op die hereniging van die gesin, waar die ouers by die pleegplasing betrek moet word (Fourie, 1999:19). De Bruyn (1984:20) noem dat om hierdie oogmerk te bereik, is dit ook belangrik om kontak tussen die ouers en hul kind aan te moedig, sodat die ouer-kind-verhouding nie skade ly nie (Fahlberg, 1994:187; Schultz, 2002:80).

Uit die Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad (2000) is dit duidelik dat die verwydering van 'n kind uit sy ouers se sorg, nie die einde van emosionele en psigologiese bande is nie; dus is kontak met die gesin van herkoms baie belangrik. Kontak tussen 'n pleegkind en sy biologiese ouers beteken, volgens die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), die volgende:

- om 'n persoonlike verhouding met die kind te handhaaf; en
- indien die kind deur iemand anders versorg word, moet kommunikasie op deurlopende basis plaasvind deur middel van besoeke, briewe, telefoonoproepe of enige vorm van elektroniese kommunikasie (Government Gazette, 2006:20).

Die nut van kontak tussen ouers en die pleegkind behels die volgende:

- gereelde kontak vergemaklik en bespoedig terugplasing van die kind by sy ouers;
- dit bevorder die kind se gevoel van eiewaarde, en die kind beleef nie dat sy ouers hom verwerp het nie;
- die kind sal nie vir verdere verwerping bang wees indien hy in sy ouers se sorg herstel word nie, aangesien hy hulle reeds goed ken;
- gereelde kontak dra by tot die ontwikkeling van 'n gesonde identiteitsvorming by die kind;

- die kind begryp al meer waarom hy nie meer by sy ouers kan bly nie en verstaan die realiteit van sy pleegsorgsituasie beter;
- gereelde kontak hou die band van gehegtheid in stand tussen die kind en sy biologiese ouers;
- kontak help ook die kind om gouer deur sy roufase te kom en aan te pas in sy nuwe versorgingsposisie; en
- dit help die ouers om steeds met hulle rol as ouers vir hul kind geïdentifiseer te bly (De Bruyn, 1984:229; Fahlberg, 1994:171; Fourie, 1999:20).

Volgens Starke (1989:50) en Human (1994:94), word gesinsherenigingsdienste op die volgende maniere by die welsynsinstansies in Suid-Afrika gelewer:

- gesinsherenigingsdienste word slegs gelewer as die biologiese ouers beskikbaar is;
- dienste word nie aan die ouers gelewer as die ouers nie daarin belangstel nie;
- dienslewering neem 'n aanvang sodra die kinders verwyder is, maar word na 'n tydperk gestaak indien die ouers nie hul samewerking bied nie;
- gesinsherenigingsdienste word gestaak indien die pleegkind laat blyk dat hy nie meer emosioneel van sy ouers afhanklik is nie;
- maatskaplike werkers verwissel dikwels, en daar is gevolglik 'n gebrek aan kontinuïteit in dienslewering aan die ouers;
- hoë gevalleladings lei daartoe dat maatskaplike werkers selde by doelgerigte beplanning en dienslewering uitkom; en
- weens die feit dat die maatskaplike werker die kind uit sy ouers se sorg verwyder het, gee dit aanleiding tot 'n gebrekkige vertrouensverhouding tussen die ouers en die maatskaplike werker.

Uit die navorser se ervaring, is die gebrek in die lewering van gesinsherenigingsdienste daarin geleë dat by die verwydering van 'n kind uit sy ouerhuis, daar geen voorwaardes aan die ouers gestel word nie. Ouers is dus oningelig of onseker oor wat van hulle verwag word. Gesinsherenigingsdienste duur soms jare en gaan dus onbepland voort, ongeag die ouers se behoeftes, hul potensiaal vir rehabilitasie of die wenslikheid van terugplasing vir die kind. Lae intellektuele vermoëns van die biologiese ouers, asook hul gebrek aan insig rakende hul aandeel in wat tot die verwydering van hul kind gelei het, dra daartoe by dat die prognose van die ouers swak is. Alhoewel die betrokkenheid en kontak van hierdie ouers met hul kind egter gereeld kan wees, kan terugplasing van die kind nie geskied nie. Dit lei dus daartoe

dat intensiewe dienste wel op langtermyn en deurlopend aan hierdie ouers gelewer word, sonder enige verandering in die biologiese ouers se omstandighede.

## 4.11 TAAK VAN DIE PLEEGOUERS

Volgens die *South African National Council for Child and Family Welfare* (1987:88), verskil die take van onderskeie pleegouers van mekaar, aangesien die behoeftes van hul pleegkinders van mekaar verskil. Die oorhoofse doel van pleegsorg is om alternatiewe versorging aan ‘n kind te voorsien binne die milieu van ‘n normaal funksionerende gesin. Die taak van die pleegouers is egter baie moeilik, omdat hulle daarvoor verantwoordelik is om al die verantwoordelikhede van ‘n ouer op hulle te neem, sonder die regte van die biologiese ouers en met die wete dat hulle die kind in die toekoms kan verloor indien die kind in sy ouers se sorg herstel word (Snyman, 2003). Fahlberg (1994:170) meen: “It is important that new parent figures be empowered to behave like parents both in terms of emotional nurturing and in terms of providing structure and discipline.”

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:69) definieer voogdyskap soos volg: “Gesag van ‘n voog, aangestel volgens wetgewing, oor die persoon en eiendom van ‘n ander.” Volgens Hitchcock (2006), verkry pleegouers egter nie *voogdyskap* oor hul pleegkind nie, aangesien die biologiese ouers steeds voogdyskap oor hul kinders behou, selfs na die verwydering van hul kind. Volgens Bosman en Van Zyl (1997:56), word die Hooggeregshof as die oppervoog van minderjarige kinders gesien en word voogdyskap slegs deur hierdie hof toegewys en nie die *kinderhof* nie.

Weens die feit dat die biologiese ouers voogdyskap behou, word ouers se toestemming, volgens die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), in die volgende gevalle steeds benodig, selfs al verkeer hul kinders in pleegsorg:

- tot hul kind se aanneming;
- tot hul kind se huwelik, indien onder die ouderdom van 18 jaar;
- tot die kind se vertrek of verwydering uit die Republiek
- tot die kind se aansoek om ‘n paspoort;
- tot die vervreemding of die verkoop van enige vaste eiendom;
- tot die kind se verwydering uit die land; en

- mediese versorging waar die kind narkose nodig het (Bosman & Van Zyl, 1997:52; Government Gazette, 2006:38; Hitchcock, 2006).

Pleegouers word deur die kinderhof aangewys as alternatiewe versorgers van sorgbehoewend kinders, en gevolglik word daar ook bepaalde verantwoordelikhede aan hulle opgelê. Dit behels dat die pleegouers wel die magtiging het om toestemming te gee vir aspekte rakende die algemene versorging van die kind, naamlik:

- algemene mediese versorging waar die kind nie narkose nodig het nie;
- skolastiese opvoeding, byvoorbeeld eie keuse van kleuterskool en skool (sluit in die gee van toestemming vir skooluitstappies, buitemuurse aktiwiteite en skooltoere en -kampe);
- algemene dissiplinering van die kind; en
- oopmaak van bankrekening vir die kind (Hitchcock, 2006).

Die welsynsorganisasie wat die pleegouers gewerf het, het 'n belangrike taak en verantwoordelikheid om die pleegouers te help om 'n duidelike besef van hul rol te verkry en dit doeltreffend te vervul (Fourie, 1999:27). Volgens Kleynhans (2000:27), verskil die take van pleegouers, afhangend van die pleegkind se behoeftes. Die algemene take van pleegouers maak wel 'n deel van hierdie opleidingsprogram (hoofstuk ses) uit, maar word nie diepgaande hanteer tydens die opleidingsessies met die voornemende pleegouers nie. Weens 'n gebrek aan tyd, moes die program oor 'n tydperk aangepas en verkort word. Aanvullende dokumentasie is dus aan die voornemende pleegouers uitgedeel sodat hulle dit self verder kon bestudeer. Vir 'n volledige oorsig, word die algemene take van pleegouers vervolgens aan die hand van die *South African National for Child and Famliy Welfare* (1987:88-90) soos volg bespreek:

### 4.11.1 Fisiese versorging van die pleegkind

Die duidelikste en ooglopendste taak van die pleegouers behels die fisiese versorging van die pleegkind. Voordat die pleegouers aan 'n hegte emosionele band met die pleegkind kan bou, is hulle daarvoor verantwoordelik om in die fisiese en materiële behoeftes van die pleegkind te voorsien, wat behoeftes aan voldoende voeding, kleding, beskutting en veiligheid insluit. Die fisiese versorging van die pleegkind sluit ook alle gesondheidsorg en skolastiese opvoeding in. Volgens Kleynhans (2000:27), is die fisiese versorging van 'n kind 'n belangrike komponent in die ontwikkeling van die verhouding met die kind. Sodra die kind

fisiese sekuriteit in sy omgewing beleef, kan verhoudings met die pleeggesin gevestig word (Scholtz, 1997:2).

Die navorser is van mening dat die gevaar kan bestaan dat pleegouers wat uit 'n hoë sosio-ekonomiese klas kom, die sukses van die pleegsorgplasing meet aan die hoë lewenstandaard waaraan hulle die pleegkind blootstel. Gevolglik kan dit gebeur dat warmte en liefde agterweë bly. Indien die herstel van die pleegkind in sy ouers se sorg oorweeg sou word, kan die gevaar dan ook bestaan dat hulle 'n onbegrip toon vir die kind se behoefte aan sy ouers en kan hulle dit as ondankbaarheid van die pleegkind, beleef. Die hoë lewenstandaard waaraan die pleegkind in sy pleegsorgsituasie blootgestel is, kan ook die terugplasing van hierdie kind in sy ouers se sorg bemoeilik, deurdat die kind 'n onwilligheid kan toon om van sy leefwyse by sy pleegouers af te sien of weer moeilik in sy ouers se armer omstandighede kan aanpas.

#### 4.11.2 Emosionele versorging van die pleegkind

Alle kinders benodig nie net fisiese versorging nie, maar ook liefde en sekuriteit. 'n Kind wat in pleegsorg geplaas word, is gewoonlik emosioneel geskaad weens sy vorige onstabiele huislike omstandighede, sy traumatiese belewenis van die redes vir sy verwydering uit sy ouers se sorg, asook sy belewenis van die statutêre proses (McMahon, 1992:185; Plumer, 1992:106-108; Hayes & Pineus, 2003:1). Indien die pleegkind emosionele of gedragsprobleme ervaar, is die pleegouers meestal eerste om hierdie probleme te identifiseer. Dit is dan ook hul taak om hierdie probleme onder die maatskaplike werker se aandag te bring, wat gevolglik die nodige reëlings sal tref vir behandeling en terapie. Volgens Kleynhans (2000:27), word die pleegouers meestal betrek by hierdie behandelingsprogram. Dit is ook verder die taak van die pleegouers om die pleegkind te ondersteun solank hy in hul sorg verkeer en om hom te help om die verlies aan sy biologiese ouers te bowe te kom. Dit kan 'n moeilike taak wees, omdat die kind verdeelde lojaliteite tussen sy ouers en sy pleegouers kan ervaar, met die gevolg dat die kind nie altyd onmiddellik op die pleegouers se toegeneentheid reageer nie. Die pleegouer "vervang" nie die pleegkind se ouer in die oë van die kind nie. Die pleegkind sal later uit eie reg tot hierdie besluit oorgaan, al dan nie (Human 1994:287).

Die navorser noem dat die daarstel van 'n struktuur aan die pleegkind se lewe en die betoning van liefde en aanvaarding deur die pleegouers, eindelose geduld en

deursettingsvermoë van die pleegouer verg. Die maatskaplike werker moet juis die pleegouers hierin ondersteun deur hulle daarop te wys dat hierdie kind reeds ‘n behoefte aan struktuur en liefde het en dat die kind moet leer om aan die nuwe gesin se leefwyse gewoond te raak. Die pleegouers moet ook besef dat die pleegkind verliese ervaar het en deur die verskillende fases van die rouproses sal beweeg.

### 4.11.3 Sosiale ontwikkeling van die pleegkind

Die pleegkind betree die huis van sy pleegouers as ‘n individu met die behoefte om te sosialiseer, sosiaal aanvaarbaar te wees en om sy eie identiteit te behou. Dit impliseer dat die pleegouers die kind moet aanvaar soos wat hy tans is, maar met erkenning van sy verlede en agtergrond (Kleynhans, 2000:28). Een van die belangrikste aspekte hiervan, is dat die pleegouers dus ook die biologiese ouers moet aanvaar. Indien die pleegkind beleef dat die pleegouers sy ouers verwerp, kan dit lei tot ‘n mislukte pleegplasing. ‘n Verdere taak van die pleegouers behels dat hulle die pleegkind help om positiewe en hegte bande met hul eie kinders te vestig. Die pleegkind se identifikasie met die ander kinders in die huis, kan dien as ‘n korrektiewe leerproses, waardeur die pleegkind gesonde interaksies met sy portuurgroep kan aanleer. Slegs as die pleegkind beleef dat hy deur die gesinsisteem, wat die pleeggesin en ook die uitgebreide familie insluit, aanvaar word, sal hy gemaklik voel en met sy nuwe omgewing begin identifiseer. ‘n Pleegkind wat onvoorwaardelik deur sy pleegouers aanvaar en geken word, is ‘n kind wat dit sal waag aan vriendskappe met lede van sy portuurgroep, die teenoorgestelde geslag en ander volwasse persone. Die rol wat die voorbeeld van die pleegouer speel, is vir die pleegkind van onskatbare waarde, omdat die pleegkind meer geredelik daarop ingestel is om deur die voorbeeld van sy pleegouers te leer, as uit formele onderrig (Human, 1994:331).

Die navorser is hier van mening dat die pleegouers hul waardes en norme en die sosiale vaardighede waaroor hulle beskik, in hul alledaagse lewe behoort uit te beeld, byvoorbeeld deur te let op hulle optrede teenoor die maatskaplike werker, die kind se biologiese ouers of deur die kind te vergeef vir sy oortredinge. Die pleegouers moet ook let op konsekwente en regverdige optrede teenoor al die kinders, deur die stel van grense, positiewe dissiplinering, asook ‘n veilige struktuur van aanvaarding.

### 4.11.4 Opvoedkundige ontwikkeling van die pleegkind

Skoolgaande pleegkinders moet nie net aanpassings maak rakende 'n nuwe huis nie, maar moet ook gewoonlik in 'n nuwe skool aanpas. Aanpassing in 'n nuwe skool sal vir die pleegkind vergemaklik word wanneer die pleegouers die kind op sy eerste dag by die nuwe skool, vergesel. Die pleegouers moet die skoolhoof en onderwysers inlig oor die kind se omstandighede en die rol wat hulle as sy pleegouers vervul (Kleynhans, 2000:28). Die pleegouers kan ook belangstelling in die kind toon deur hom te help met sy huiswerk, reëlings te tref vir remediërende klasse en deur die kind aan te moedig om deel te neem aan sport en ander skoolaktiwiteite. Enige leerprobleme wat die kind het as gevolg van onderstimulering en/of die verwydering, moet onder die maatskaplike werker se aandag gebring word. Die opvoedingstake van die pleegouer kan ook die aanleer van sosiaal aanvaarbare gedrag, maniere, padveiligheid en higiëne behels (Human, 1994:318).

Die navorser is van mening dat, in die geval van skoolgaande kinders, dit belangrik is om die skool as ondersteuningsisteem vir die pleegkind sowel as vir die pleegouers te mobiliseer. Buitemuurse aktiwiteite impliseer geleenthede wat deur die pleegouers geskep word vir die gebalanseerde fisieke ontwikkeling van die pleegkind, die verwerwing van sosiale vaardighede en inskakeling by ander sisteme wat kan help met sosialisering en kognitiewe stimulering.

### 4.11.5 Samewerking met die maatskaplike werker

Dit word van die pleegouers verwag om hul volle samewerking aan die betrokke maatskaplike werker te gee. Slegs indien daar 'n goeie verhouding tussen die pleegouers en die maatskaplike werker bestaan, kan effektiewe dienste gelewer word, waarby die pleegkind kan baatvind. Dit beteken dat pleegouers hul beperkinge moet erken en hulle tot die maatskaplike werker om hulp moet wend. Inligting vanaf die pleegouers rakende die pleegkind se aanpassing en algemene gedrag en optrede is van groot waarde vir die maatskaplike werker met betrekking tot die beplanning van verdere dienslewering (Fick, 1991:78).

Volgens die navorser, moet die verhouding tussen die maatskaplike werker en die pleegouers as 'n vennootskap gesien word. Dit gebeur egter in die praktyk dat maatskaplike werkers pleegouers as bevoeg beleef om self probleme op te los, en onttrek hulle dan aan

verdere intensiewe dienslewering. Pleegouers is soms ook huiwerig om die betrokke maatskaplike werker te nader vir hulp en leiding, uit vrees dat hulle as onbekwaam beskou sal word.

## 4.12 PERMANENSIEBEPLANNING

Uit navorsing deur die *Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn* (1990:13), is bevind dat pleegsorg in die praktyk, oorwegend 'n langtermynversorgingsposisie is, maar dat weinig aandag aan permanensiebeplanning gegee word. Die uitgangspunt in permanensiebeplanning is dat 'n kind stabiliteit, sekuriteit en 'n permanente betekenisvolle verhouding met sy versorgers nodig het vir gesonde groei en ontwikkeling. Permanensiebeplanning is dus 'n proses van sistematiese beplanning wat aan 'n vasgestelde tydperk gekoppel is. Daar word van die standpunt uitgegaan dat, indien die kind nie in sy ouerhuis kan aanbly nie, moet dit steeds prioriteit geniet dat 'n kind in die kortste moontlike tydperk in sy ouers se sorg herstel word. Dit is slegs wanneer 'n lang periode van plasing verloop het en dit vir die kind emosioneel nadelig sal wees om bande met sy pleegouers te verbreek, dat die fokus verskuif word na permanensiebeplanning (Schultz, 2002:87).

Volgens die *Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn* (1990:11) en Swanepoel en Wessels (1992:157), is die begrip permanensiebeplanning gebaseer op die volgende uitgangspunte:

- vir gesonde ontwikkeling het 'n kind sekuriteit, stabiliteit en geborgenheid nodig en moet hy veral permanentheid ervaar in sy verhouding met sy versorgers;
- die kind se biologiese ouers is die aangewese persone om permanensie in sy lewe te bewerkstellig deur die geborgenheid wat hulle hom bied en die hegtheid en deurlopendheid van sy verhouding met hulle;
- alles moontlik moet gedoen word om te verhoed dat 'n kind uit sy ouers se sorg verwyder word;
- indien die verwydering van 'n kind onvermydelik is, moet dit 'n goed beplande en doelgerigte aksie wees, wat gegrond is op die volledige assessering en prognose van al die betrokke partye;

- solank terugplasing die doelwit is, moet alles moontlik gedoen word om vervreemding tussen ouers en hul kind te voorkom tydens plasing;
- al is die kind uit sy ouers se sorg verwyder, moet steeds erkenning gegee word aan die feit dat hulle die belangrikste persone in die kind se lewe is; en
- indien dit nie binne die vooraf beplande tyd moontlik is om ‘n kind in sy ouers se sorg te herstel nie en dit vanweë tydsverloop nie meer in die kind se belang is om in sy ouers se sorg teruggeplaas te word nie, moet op ‘n ander wyse permanensie vir die kind bewerkstellig word.

### 4.12.1 Afwesigheid van permanensiebeplanning

Volgens die *Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn* (1990:13) en Human (1994:105), skep die feit dat weinig aandag aan permanensiebeplanning gegee word, probleme vir al die betrokke partye, wat die volgende insluit:

- <u>Die pleegouers</u>: Die pleegouers besef na ‘n aantal jare dat die pleegkind reeds deel van hul gesin geword het en kwalik weer uit hierdie omstandighede verwyder kan word, maar moet steeds voortgaan asof dit ‘n tydelike situasie is wat enige tyd beëindig kan word.

- <u>Die pleegkinders</u>: Daar is eerstens die groep wat nooit ‘n ander tuiste as dié van hul pleegouers geken het nie en vir wie die moontlikheid van ‘n terugplasing ‘n bedreiging inhou, en tweedens is daar die groep wat goeie bande met hul ouers het en negatief gestrem word deur die onsekerheid van die situasie.

- <u>Die ouers</u>: Die ouers bly hoop dat hul kind teruggeplaas sal word en voel veronreg en is onseker oor wat van hulle verwag word.

- <u>Die maatskaplike werkers</u>: Die maatskaplike werkers glo dat die kind na sy ouers moet teruggaan, maar weet nie hoe om die situasie te hanteer nie omdat die kind vanweë ‘n lang tydsverloop, gevestig geraak het by sy pleegouers.

## 4.13 SAMEVATTING

Na aanleiding van genoemde literatuurstudie is dit duidelik dat pleegsorg 'n omvattende onderwerp is en kan die volgende punte uitgelig word:

- Die pleegkind is 'n kind met unieke behoeftes en so 'n kind is aangewese op die beskikbaarheid van ouerpare wat bereid en geskik is om as pleegouers op te tree. Weens die fisiese en emosionele eise wat pleegsorg stel, is daar 'n tekort aan voornemende pleegouers, en kan daar dus nie deeglike keuring van voornemende pleegouers plaasvind nie. Die gevolg is dat onoordeelkundige plasings van kinders dan gedoen word, wat weer kan lei tot die mislukking van pleegplasings. Dit veroorsaak weer dat verdere alternatiewe versorging vir die kind gevind moet word.

- Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) is in gebruik omdat die staat die verantwoordelikheid het om die regte van kinders te beskerm. Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) tree eers 2008 heeltemal in werking. Die staat het die verantwoordelikheid om kinders te beskerm, selfs nadat hulle uit hul ouers se sorg verwyder is. Tydens die assessering van risiko is dit nodig om voldoende inligting en gegewens aangaande 'n gesin te bekom, sodat bepaal kan word of voorkomingsdienste aan die gesin gelewer moet word en of die kind uit sy ouers se sorg verwyder moet word. Daar word van die staanspoor af van die beginsel uitgegaan dat kinders in hul ouers se sorg moet aanbly en slegs in uiterste gevalle verwyder moet word, weens die emosionele trauma wat verwydering vir 'n kind veroorsaak.

- Gronde vir die verwydering van kinders is vervat in die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) in Art 14(4), wat verlating deur ouers, dood van ouers of voogde, fisiese, emosionele of seksuele verwaarlosing en/of -mishandeling van 'n kind behels. Indien 'n kind sorgbehoewend bevind word, word die kind in pleegsorg geplaas volgens Art 15(1)(b) van genoemde Wet. Die hofbevel is slegs vir twee jaar geldig en die fokus is dat die kind so gou moontlik in sy ouers se sorg herstel moet word. Aanneming van pleegkinders vind selde plaas en behels dat die voogdyskap van die kind aan die pleegouers oorgedra word.

- Die kenmerk van die pleegkinders in Suid-Afrika behels dat die meerderheid hul moeders verloor weens oorsake soos MIV/VIGS en aanverwante siektes. Die ratio van

kinders teenoor volwassenes is ook groter, wat lei tot 'n gebrek aan geleenthede vir opleiding en 'n tekort aan voldoende gesondheidsorg. Wêreldwyd word kinders blootgestel aan risiko's soos deprivasie, hongersnood, armoede, misdaad, alkohol- en dwelmmisbruik en verwaarlosing.

- Die filosofie van pleegsorg behels dat die natuurlike bande tussen ouer en kind erken word, dit fokus op die terugplasing van die kind in sy ouers se sorg, erken dat die staat steeds verantwoordelikheid het vir kinders selfs na verwydering, dat al die betrokke partye in besluitneming betrek moet word en dat die inhoud van die hofbevel volledig moet wees en ook aan die ouers beskikbaar gestel moet word.

- Pleegouers moet oor die nodige eienskappe beskik, wat kennis oor, begrip van en liefde vir kinders insluit. Dit is dus nodig om voornemende pleegouers op te lei rakende pleegsorg, die wetlike implikasies daarvan en die regte en verpligtinge van pleegouers. Die opleidingsprogram moet nie net fokus op die deurgee van feitelike gegewens ten opsigte van pleegsorg nie, maar moet ook daarop fokus om die ouerpare se kennis en vaardighede rakende die hantering van die kind in nood, uit te brei, asook hoe om probleme te kan identifiseer en te hanteer.

- Die selektering van 'n pleeggesin en die gevolglike plasing van die kind, moet met oorsigtigheid hanteer word. Dit is dus nodig dat die maatskaplike werker oor die nodige inligting ten opsigte van die voornemende pleegouers en die pleegkind moet beskik, om 'n geskikte plasing te maak wat in die spesifieke behoeftes van die kind sal voorsien. Voorbereiding van die kind en die pleegouers op die voorgenome plasing, sal onsekerheid verminder en die aanpassing in die nuwe mileu vergemaklik. Dit is ook nodig dat die maatskaplike werker die pleegkind sowel as die pleegouers ingelig hou oor omstandighede wat tot die plasing aanleiding gegee het en wat die maatskaplike behandelingsplan is.

- Voortgesette dienslewering sluit pleegsorgtoesigdienste in, wat fokus op deurlopende dienste wat aan die pleegkind individueel sowel as die pleegouers gelewer word. Hierdie dienste is ondersteunend, terapeuties, raadgewend, bemiddelend en organisatories van aard. Dienste wat aan die biologiese ouers gelewer word, is gesinsherenigingsdienste, wat daarop ingestel is om die aanvanklike probleme wat tydens verwydering

teenwoordig was te elimineer, sodat die kind weer in sy ouers se sorg herstel kan word. Dienslewering by die ouers is dus gerig op rehabilitasie.

- Die taak van pleegouers fokus op die fisiese, emosionele, sosiale, asook die opvoedkundige ontwikkeling van die pleegkind. Dit is belangrik dat die pleegkind 'n gebalanseerde ontwikkeling moet hê binne 'n geborge en veilige situasie. Die verhouding tussen die pleegouers en die maatskaplike werker is op die vennootskapsbeginsel gegrond. Dit is belangrik vir die pleegouers om die maatskaplike werker ingelig te hou oor die aanpassing van die kind, sy gedrag, sy skoolvordering, asook enige probleme wat mag voorkom. Dit is belangrik dat daar 'n wedersydse vertrouensverhouding tussen die maatskaplike werker en pleegouers moet bestaan, om sodoende die beste belang van die pleegkind voorop te stel.

- Permanensiebeplanning behels dat die kind die nodige liefde, sekuriteit en geborgenheid in sy versorgingsposisie moet ervaar. Dit is dus nodig dat die kind in die kortste tyd moontlik in sy ouers se sorg herstel moet word. Indien terugplasing nie kan realiseer nie weens die ouers se onvermoë om te rehabiliteer, en die feit dat skeiding van die pleegouers vir die kind emosionele verlies kan teweegbring, word dus gefokus op permanensiebeplanning, eerder as gesinshereniging. Die afwesigheid van permanensiebeplanning bring onsekerheid vir al die betrokke partye mee.

# HOOFSTUK 5

## PLEEGSORGBELEID EN -PROSEDURES

### 5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstukke is die algemene sisteemteorie as teoretiese fundering vir pleegsorg, die sorgbehoewende kind en pleegsorg in Suid-Afrika, bespreek. Die doel van die navorsing is om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel. Kennis van die bestaande pleegsorgbeleid van welsynsorganisasies is dus as noodsaaklik gesien in vergelyking met die beleid van die Ondersteuningsraad.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die verskillende beleid en prosedures rakende pleegsorg ten opsigte van die Ondersteuningsraad, Kinder- en Gesinsorgvereniging van Suid-Afrika en die Christelike Maatskaplike Raad. Soos vermeld in hoofstuk een, kon geen bestaande resente nagevorste *opleidingsprogramme* vir voornemende pleegouers bekom word nie en is die opleiding van voornemende pleegouers die verantwoordelikheid van die maatskaplike werkers wat betrokke is by die verskillende organisasies. Dit was vir die navorser veral belangrik om die beleid vanaf die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te bekom, aangesien die staat die riglyne vir maatskaplike dienslewering aan die verskillende welsynsorganisasies, daarstel. Vir die doeleindes van hierdie studie, word gebruik gemaak van die riglyne soos vervat in die *Draft Discussion Document on Foster Care Guidelines* van die Department van Maatskaplike Ontwikkeling, soos opgestel deur Scholtz (1997:1-24). Alhoewel hierdie dokument na tien jaar nog nie goedgekeur is nie en tans steeds onder bespreking is, gee dit wel riglyne ten opsigte van pleegsorg en pleegsorgdienste. Die *South African Yearbook of Social Development* (2006:1-53), is ook as basis gebruik vir die bespreking van beleid en prosedures van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. 'n Kort evaluering sal na afloop van die bespreking van elke organisasie se beleid gedoen word.

Die doel van hierdie soektog na beleid en bestaande opleidingsprogramme was om die mees resente en noodsaaklike inligting aangaande pleegsorg te bekom vir insluiting in die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers, en vir uitbouing van die navorser se kennisbasis. Die vergelyking van die bestaande beleid was dus nie om tekortkominge uit te

wys nie, maar ter aanvulling en ondersteuning – uitbouing van die beleid van die Ondersteuningsraad ten opsigte van pleegsorg. Geen empiries geverifieerde opleidingsprogramme kon in die akademiese literatuur binne die Suid-Afrikaanse konteks via Sabinet se databasis opgespoor word nie. Die navorser het eers kennis geneem van Delport (2007) se navorsing waarin sy 'n groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegplasings ontwikkel het, nadat die navorser se empiriese ondersoek reeds voltooi was.

'n Soektog is ook geloods na internasionale bronne met betrekking tot bestaande opleidingsprogramme vir voornemende pleegouers. Dit het bevestig dat die opleiding van voornemende pleegouers aanbeveel word; die inhoud van so 'n program word egter nie breedvoerig gegee nie. Die United Kingdom (UK) Fostering Agency (2007:1) meld die volgende: "FCA is committed to providing quality training that is accessible and relevant in order to help foster carers deal with the many demanding complex aspects of fostering." Volgens die UK Fostering Agency (2007:1), inkorporeer die opleiding van voornemende pleegouers die volgende aspekte:

- kinderbeskerming;
- dienste aan kinders wat blootgestel was aan mishandeling en verwaarlosing;
- die hantering van gedragsmoeilike kinders;
- identiteits- en selfbeeldontwikkeling;
- gesondheid en veiligheid;
- mediese versorging van pleegkinders;
- opvoeding en opleiding van pleegkinders; en
- die bemagtiging van pleegkinders.

Dit lyk dus of hierdie bemagtigingsprogramme vir pleegouers en pleegkinders is na plasing. Voornemende pleegouers moet opleiding ontvang, maar die inhoud van so 'n opleidingsprogram word ook nie gegee nie (New Zealand Family and Foster Care Federation, 2007:1).

Verskeie programme word gevind en hou verband met die hantering van kinders se afwykende gedrag.

Die volgende Suid-Afrikaanse welsynsorganisasies is genader om inligting te verkry rakende hul *opleidingsprogramme* vir voornemende pleegouers:

- Die Department van Maatskaplike Ontwikkeling: Beskik oor geen eenvormige resente nagevorste opleidingsprogram vir voornemende pleegouers nie.

- Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie: Opleiding van pleegouers word wel gedoen, maar daar bestaan nie ‘n skriftelike program vir die opleiding van pleegouers nie.

- Kinder- en Gesinsorgvereniging van Suid-Afrika: Het geen opleidingsprogram vir voornemende pleegouers nie; opleiding word deur die verskillende maatskaplike werkers gedoen.

- Die Christelike Maatskaplike Raad: Beskik nie oor enige skiftelike opleidingsprogramme nie, alhoewel hulle aandag gee aan die opleiding van voornemende pleegouers.

- Die Ondersteuningsraad: Die navorser is verbonde aan hierdie organisasie en het weens die leemte aan enige opleidingsprogram vir voornemende pleegouers, besluit om so ‘n program te ontwikkel.

‘n Internasionale organisasie, Child in Crisis, bied kort kursusse oor pleegsorgprogramme vir maatskaplike werkers aan, maar die inhoud van so ‘n program kan nie bekom word nie. Uit gesprekke met bogenoemde welsynsorganisasies, was dit egter duidelik dat daar wel ‘n behoefte aan so ‘n resente empiries nagevorste opleidingsprogram vir voornemende pleegouers bestaan.

Tydens die verdere proses om die pleegsorgbeleid by die verskillende organisasies te bekom, is bevind dat sommige welsynsorganisasies ook nie oor ‘n saamgestelde skriftelike beleid beskik nie of in die proses is om hul pleegsorgbeleid te hersien. Die beleid van die verskillende welsynsorganisasies wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is dus slegs daardie dokumentasie en inligting wat bekom kon word. Met die bestudering van die verskillende beleidsdokumente, is geen inligting deurgegee oor die wyse en inhoud van die *opleiding* van voornemende pleegouers nie.

## 5.2 OMSKRYWING VAN BELEID

Volgens Anderson (1997:9), word beleid soos volg omskryf: "…policy is directed towards accomplishing some purpose or goal." Die *Verklarende Handwoordeboek van die Arikaanse Taal* beskryf "beleid" as 'n program vir die bestuur van iets (Odendal & Gouws, 2005:79). Volgens Anderson (1997:9), het 'n politieke wetenskaplike, Carl J Friedrich, beleid gesien as: "…a proposed course of action of a person, group, or government within a given environment providing obstacles and opportunities which the policy was proposed to utilize and overcome in an effort to reach a goal or realize an objective or a purpose." Openbare beleid behels daardie beleid wat deur staatsinstansies ontwikkel word. Vir die bespreking van die beleid van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in hierdie hoofstuk, word die beskrywing van publieke beleid, as uitgangspunt gebruik.

Beleid kan geklassifiseer word as substantief of proseduraal. Substantiewe beleid het te make met dit wat die regering beplan om te doen, byvoorbeeld die konstruksie van snelweë of die betaling van maatskaplike toelaes. Hierdie beleid dra direk daartoe by, dat die populasie voordele of nadele daaruit verkry. Prosedurale beleid verklaar hoe iets uitgevoer gaan word, en wie die aksie gaan onderneem (Anderson, 1997:14).

Die pleegsorgbeleid en -prosedure van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling asook die drie genoemde welsynsorganisasies, word vervolgens bespreek:

## 5.3 DIE DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

### 5.3.1 Inleiding

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het bronne, dokumente en inligting aangaande pleegsorg opgestel en beskikbaar gestel. Die navorser het van hierdie dokumente kennis geneem en dit behels die volgende:

- Verslag van die komitee van ondersoek na pleegsorg van kinders (1990);
- Information guide for social workers on the practical application of the Child Care Act 74 of 1983, as amended and regulations (1998); en
- South African Yearbook (2006).

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling beskik nie oor 'n spesifiek geformuleerde pleegsorg beleidsdokument nie, maar wel oor 'n handleiding wat opgestel is om basiese riglyne oor pleegsorg vir welsynsorganisasies daar te stel. Hierdie *Draft Discussion Document on Foster Care Guidelines,* soos opgestel deur Scholtz (1997:1-24), gee wel riglyne ten opsigte van pleegsorg en pleegsorgdienste. Hierdie dokument is egter na tien jaar, nog nie goedgekeur nie. Die doel van hierdie dokument was om dit aan welsynsorganisasies bekend te stel, maar dit het tot op hede nog nie gerealiseer nie. Die rede waarom hierdie dokument teruggehou is, is egter nie aan die navorser bekend nie.

Hierdie basiese riglyne (Scholtz, 1997:1-24) word as basis vir die bespreking gebruik en behels die volgende:

### 5.3.2 Die pleegkind

*Voor finale plasing:*

- 'n volledige assessering ten opsigte van die betrokke kind en die biologiese ouers moet onderneem word, voordat die kind in pleegsorg geplaas kan word;
- die assessering moet deur 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker gedoen word, in samewerking met ander professionele persone, indien nodig;
- maatskaplike werkers betrokke by die assessering, moet sensitief wees vir die betrokke kind se kultuur, taal, godsdiensoortuiging, tradisies, lewenstyl en metodes van probleemoplossing;
- alle inligting en besluitneming moet gedokumenteer word en vertroulik hanteer word;
- die volgende kriteria moet in ag geneem word tydens die assessering van die betrokke kind, naamlik:
  - die beste belang van die kind moet altyd voorkeur geniet
  - die vaardigheid van die organisasie wat pleegsorgtoesigdienste lewer, moet van gehalte getuig
  - die kind moet so na as moontlik aan sy biologiese ouers geplaas word
  - die kind moet sover moontlik in familie se sorg geplaas word
- die kind en sy biologiese ouers maak deel uit van die besluitnemingsproses oor die kind se plasing in pleegsorg;
- 'n kind met spesiale behoeftes moet in 'n gesin geplaas word, waar die nodige aandag aan hierdie behoeftes gegee kan word;
- inligting rakende die tipe, asook die frekwensie van kontak met sy biologiese ouers, moet aan die kind deurgegee word; en

- die kind is geregtig op vooraf besoeke aan sy voorgenome pleegouers.

*Tydens plasing:*

- onmiddellike kort- en langtermyndoelwitte vir die kind se versorging moet nagevolg word, in samewerking met permanensiebeplanning gerig op die behoeftes van die kind;
- die pleegkind is betrokke in die ontwikkeling van sy individuele versorgingsplan; en
- die toekomsbeplanning ten opsigte van die kind moet aan die kind self, sy biologiese ouers en die pleegouers, bekend gemaak word.

*Na plasing:*

- die kind moet ingelig wees oor sy verantwoordelikhede in sy pleegsorgplasing;
- die kind moet kennis dra van die huisreëls van sy pleegouers, asook die gevolge van enige wangedrag;
- daar moet in die kind se gesondheids-, skolastiese, ontspannings-, fisiese en emosionele behoeftes voorsien word;
- die kind moet gemotiveer word tot positiewe kontak met sy biologiese ouers; en
- die kind moet toegelaat word om eie idees en opinies te kan lug, sonder die vrees om daaroor aangespreek te word.

### 5.3.3 Die pleeggesin

*Voor plasing:*

- *bewuswordingsprogramme* vir voornemende pleegouers moet op deurlopende basis bemark word;
- die voornemende pleegouers moet ‘n *opleidingsprogram* deurloop, om sodoende ‘n ingeligte keuse rondom pleegsorg te kan maak (soos deur die navorser gedoen word);
- die voornemende pleegouers moet gemotiveer word om op deurlopende basis by die *behandelingsprogram* betrokke te bly;
- die voornemende pleegouers moet oor die volgende eienskappe beskik:
    - geniet om vir kinders te sorg
    - is geduldig, verdraagsaam, buigsaam en liefdevol
    - is sensitief vir kulturele verskille
- die voornemende pleeggesin voldoen aan die vereistes wat belangrik is vir die veiligheid en gesondheid van alle kinders; en
- voornemende pleegouers word gekeur volgens die beleid en werkwyses van die verskillende welsynsorganisasies.

*Tydens plasing:*

- ‘n geskrewe ooreenkoms moet bestaan tussen die pleegouers en die betrokke welsynsorganisasie; en
- pleegouers is ingelig ten opsigte van hul regte, verantwoordelikhede en werkwyses rakende pleegsorg.

*Na plasing:*

- die pleeggesin is ingeskakel by relevante formele en informele ondersteuningsisteme in hul gemeenskap (na afloop van die opleidingsessies met voornemende pleegouers, gee die navorser aan hulle ‘n hulpbronlys van terapeute, sielkundiges, psigiaters en ander professionele dienste waarvan hulle gebruik kan maak);
- effektiewe en voldoende pleegsorgtoesigdienste word aan die pleeggesin gelewer volgens die behandelingsplan;
- die pleeggesin ontvang ‘n pleegkindtoelaag;
- die pleeggesin deurloop opvolg opleidingsprogramme; en
- deurlopende roetine en reëls word in die pleeggesin nagevolg om aan die pleegkind die nodige sekuriteit te kan bied.

### 5.3.4 Die biologiese ouers

*Voor plasing:*

- die biologiese ouers moet toegang hê tot ‘n verskeidenheid van hulpbronne en ondersteuningsisteme wat as ‘n voorkomende maatreël dien, voordat die besluit geneem word om ‘n kind te verwyder;
- die ouers moet vooraf ingelig en voorberei word op die beoogde verwydering van hul kind;
- die ouers moet ingelig word ten opsigte van hul regte en verantwoordelikhede; en
- die biologiese ouers mag uitspraak gee, hul opinies lug en hul gevoelens verbaliseer sonder die vrees vir ernstige gevolge.

*Tydens plasing:*

- die biologiese ouers moet gemotiveer word om deel te neem aan die behandelingsprogram waarop ooreengekom is, met die oog op die herstel van hul kind in hul sorg, mits hul omstandighede dit sou toelaat.

*Na plasing:*

- moet op deurlopende basis kontak met hul kind maak en behou;
- word ingelig ten opsigte van enige veranderinge en geleenthede in hul kind se lewe;
- het 'n reg om hulself te verdedig in die kinderhof, indien hulle nie met die bevinding saamstem nie;
- moet op deurlopende basis die geleentheid gegun word om hul kind in hul sorg teruggeplaas te kry; en
- is voldoende ingelig ten opsigte van die omstandighede waaronder hul kind aangeneem kan word.

### 5.3.5 Seleksie kriteria vir voornemende pleegouers

Die *South African Yearbook of Social Development* (2006:20) meld die volgende: "Adequate training and preparation of foster carers are important elements in meeting childrens' needs." Dit is dus belangrik om te bepaal of alle pleegouers geselekteer moet word volgens bapaalde kriteria, en of van hulle verwag sal word om spesifieke opleiding te deurloop. Daar word verder melding gemaak dat die welsynsorganisasies wat pleegsorgdienste lewer, opleidingsprogramme saamstel en aanbied op grond van hul eie beleid en hulpbronne, indien gestruktureerde opleiding wel plaasvind

### 5.3.6 Korttermyn- en langtermynpleegsorg

Die *South African Yearbook of Social Development* (2006:10) meld dat voorsiening gemaak behoort te word vir verskillende vorms van substituutsorg. Hierdie verskillende vorms behels korttermyn- en langtermynpleegsorg, en verwante en nie-verwante pleegsorg. Die aanbeveling word gemaak dat by verwante pleegsorg, onderskeid ook getref moet word tussen formele pleegsorg waar die plasing deur 'n hofbevel geskied, en informele pleegsorg, waar die versorging van die kind tussen familie onderling onderneem word.

### 5.3.7 Permanensiebeplanning

Die nuwe paradigma in die versorging van kinders, is gerig op die sterkte van gesinne wat die nodige hulpbronne benut om die veiligheid van hul kinders te verseker. Permanensiebeplanning is gebaseer op die ekologiese perspektief wat die interaksie tussen lewende organismes en hul omgewing onderlê. Die doel is om die interaksie tussen mense

en hul omgewing te verbeter sodat hul kapasiteit verhoog kan word (Grobbelaar & Louw, 1990:17).

Permanensiebeplanningsopsies sluit die volgende in:

- ‘n kind moet in sy ouerhuis aanbly, terwyl ondersteuning ontvang word om hierdie plasing in plek te hou;
- indien ‘n kind verwyder moet word, is dit in sy beste belang om eerder by familie geplaas te word, met die doel om so gou moontlik weer in sy ouers se sorg teruggeplaas te word; en
- indien terugplasing van ‘n kind in sy ouers se sorg nie moontlik is nie, moet ‘n permanente plan ten opsigte van plasing deurgevoer word (Human 1994:105).

### 5.3.8 Regte en verantwoordelikhede van pleegouers

Pleegouers word belas met al die verantwoordelikhede wat met pleegsorg gepaardgaan, maar sonder die besluitnemingshoedanighede in verskeie pleegsorgsituasies. Dit is belangrik dat dus ondersoek moet word of langtermynpleegouers, meer regte gegee kan word met betrekking tot hul pleegkinders. Huidige wetgewing, volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) en die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), bepaal dat die biologiese ouers steeds voogdyskap oor hul kinders behou, selfs nadat hulle in pleegsorg geplaas is; hulle behou dus hul regte wat met hul voogdyskap gepaardgaan (*South African Yearbook of Social Development,* 2006:28)

### 5.3.9 Pleegkindtoelaag en gratis skoolonderrig

Die Aids Survival Kit (2007:1) beskryf die doel van staatstoelaes soos volg: “In South Africa grants are meant for people who are South African citizens, who are most in need and who meet the respective requirements. Grants are paid to alleviate poverty and to the principle of solidarity.” Pleegouers ontvang maandeliks ‘n pleegkindtoelaag van R 580 per maand van die staat vir elke pleegkind wat in hul sorg verkeer, en wat aangewend word vir die versorging van die betrokke kind(ers). Pleegkinders verkry ook gratis skoolonderrig en hierdie kostes word deur die staat gesubsidieer (Gillwald, 2002). Pleegouers is egter self verantwoordelik vir die betaling van kleuterskoolfondse, privaatskole en administrasiefooie.

### 5.3.10 Evaluering

Die handleiding van Scholtz (1997:13-24) is baie vaag en algemeen, wat daartoe kan bydra dat dit verskillend deur maatskaplike werkers geïnterpreteer en in die praktyk toegepas kan word. Daar is ook nie werklik enige vorm van onderskeid tussen persone en die vereistes waaraan hulle moet voldoen om as pleegouers gekeur te word nie. Die handleiding is eerder gerig op verwagtinge wat aan maatskaplike werkers, pleegouers en biologiese ouers gestel word, eerder as op vereistes waaraan voornemende pleegouers moet voldoen.

Daar word wel melding gemaak dat pleegouers 'n opleidingsprogram moet deurloop om ingeligte keuses ten opsigte van pleegsorg te kan maak, maar die inhoud van so 'n program word glad nie genoem nie. Dit blyk dat die detail ten opsigte van die handleiding aan die diskresie van die onderskeie welsynsorganisasies oorgelaat word.

Die *South African Yearbook of Social Development* (2006:1-53), erken dat leemtes ten opsigte van die opleiding van voornemende pleegouers bestaan. Die aanbeveling word gemaak dat 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers ontwikkel moet word wat deur alle welsynsorganisasies geïmplementeer kan word.

## 5.4. DIE ONDERSTEUNINGSRAAD

Die volgende aspekte is in die Pleegsorgbeleid van die Ondersteuningsraad (2004) vervat:

### 5.4.1 Inleiding

Die Ondersteuningsraad is 'n welsynsorganisasie van die Nederduitsch Hervormde Kerk en erken die reg van die ouers om hul eie kind op te voed en te versorg, en so hul Bybelse opdrag (ander kulture en religieuse denominasies ingesluit) en doopbelofte na te kom (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:5). Die Ondersteuningsraad rig en prioritiseer daarom sy maatskaplikewerk-dienslewering op die instandhouding van die eenheid van die gesin, sodat alle jong persone/kinders so lank as moontlik binne gesinsverband kan aanbly. Dit gebeur egter dat ouers dikwels nie daartoe in staat is om hul kinders te versorg nie, sodat dit nodig is om kinders uit hul ouers se sorg te verwyder. Wanneer kinders uit ouerlike sorg verwyder word, is daar 'n kontinuum van versorging waarvolgens hierdie kinders geplaas word. Hierdie kontinuum van versorging verseker dat

sorgbehoewende kinders en hul gesinne toegang het tot 'n reeks gedifferensieerde dienste (Plumer, 1992:100).

Pleegsorg is een van die plasingsmoontlikhede waarbinne hierdie voortgesette dienslewering moet plaasvind.

### 5.4.2 Verwagtinge wat ten opsigte van pleegsorg gestel word

Verwagtinge wat ten opsigte van pleegsorg gestel word, behels die volgende:

- die kind moet vir die kortste moontlike tydperk geplaas word, om aan die ouers die geleentheid te bied om met die nodige gesinsherenigingsdienste hul omstandighede te verander en/of te verbeter sodat terugplasing van hul kind kan realiseer;
- die kind se potensiaal moet ontgin word;
- die kind se identiteit en sy gevoel van 'behoort aan' moet versterk word;
- verdere beskadiging van die kind se ontwikkelende persoonlikheid moet voorkom word en is die kind daarom aangewese op veiligheid, sekuriteit en geborgenheid om te kompenseer vir vroeëre verwaarlosing;
- dienslewering moet gerig wees op die behoud, ondersteuning, kommunikasie en verhouding tussen kinders en hul gesinne van oorsprong (tensy bewys dat dit nie in die kind se beste belang is nie), asook die uitbreiding of vermeerdering van die tyd wat die kind in die versorging van sy gesin bestee; en
- daar moet gestreef word na suksesvolle ononderbroke pleegplasings en verhoudings, en die oorplasings van een versorgingsposisie na 'n ander, moet dus vermy word.

### 5.4.3 Doel van pleegsorg

Die doel van pleegsorg behels die volgende:

- om aan kinders en jeugdiges versorging en koestering binne 'n veilige en gesonde omgewing met onvoorwaardelike ondersteuning te voorsien;
- om te verseker dat daar aan kinders se fisiese, psigiese, emosionele en religieuse behoeftes voldoen word;
- om in die ontwikkelende behoeftes van kinders te voorsien deur:
    - die opbou van egokragte ondersteunend aan eie etniese kulturele identiteit
    - die voorsiening van positiewe leiding

- gebruikmaking van toepaslike dissipline
- intellektuele-opvoedkundige groei te bevorder
- die ontwikkeling van interpersoonlike verhoudinge te bevorder
- om ontwikkelingsagterstande te behandel

➢ die aanmoediging, ondersteuning en fasilitering van verhoudinge tussen kinders, jeugdiges, hul ouers en familielede;
➢ om gesinne en gesinsverhoudinge te versterk en te bewaar waar dit ook al in die beste belang van die kind is;
➢ om positiewe hanteringsmeganismes by kinders aan te kweek;
➢ om te werk na herstel in ouerlike sorg, maar indien dit nie in die kind se beste belang blyk te wees nie, langtermynbeplanning te doen;
➢ om aan die kind ekonomiese, opvoedkundige, maatskaplike en gesondheidsdienste te voorsien; en
➢ om aan die kind die nodige bystand en sosialiseringsgeleenthede in die oorgang van kindwees na volwassenheid, te bied (*South African National Council for Child and Family Welfare*, 1987:88-90).

### 5.4.4 Kinders wat op pleegsorg aangewese is

Kinders wat op pleegsorg aangewese is, sluit in:

➢ kinders wat daartoe in staat is om emosionele verhoudings met ander te bou;
➢ kinders met spesiale behoeftes wat intensiewe individuele aandag verg;
➢ adolessente wat 'n behoefte aan geborgenheid en die sekuriteit van 'n gesin het;
➢ kinders wat nie by inrigtingversorging sal baatvind nie;
➢ pleegsorg moet altyd eerste as versorgingsposisie vir voorskoolse kinders oorweeg word; en
➢ bereidwilligheid van biologiese ouers om in spanverband as vennote saam met die pleegouers, in belang van die kind se herstel in ouerlike sorg, te werk.

### 5.4.5 Tipes plasings

#### 5.4.5.1 Plek van veiligheid

Dit is slegs 'n tydelike plasing en stel maatskaplike werkers in staat om 'n meer definitiewe langtermynbeplanning vir die kind daar te stel. Hierdie plasing kan ook as terapeutiese

middel gebruik word in die beplanning en voorsiening van geskikte kort- of langtermynsubstituutsorg (Skelton, 1998:130).

#### 5.4.5.2 Korttermynplasing

Hierdie plasing gee aan die maatskaplike werker en die biologiese ouers die geleentheid om die gesinsfunksionering te herstel, sodat die kind na sy ouers se sorg kan terugkeer. Korttermynplasing word gebruik wanneer die kind in ouerlike sorg herstel word, sodra die ouers hul volle verantwoordelikheid teenoor die kind kan nakom. Hierdie plasing duur ‘n paar maande of twee jaar (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:11).

#### 5.4.5.3 Permanente of langtermynpleegplasing

Pleegsorg behoort altyd tydelik van aard te wees. Dit gebeur egter dat kinders nie in hul ouers se sorg herstel kan word nie. In hierdie gevalle is dit belangrik om permanensiebeplanning vir die kind te ontwikkel (Schultz, 2002:87).

### 5.4.6 Pleegsorgtoesigwerkers

#### 5.4.6.1 Verantwoordelikhede

Die verantwoordelikhede van die pleegsorgtoesigwerker behels die volgende:

- om alle kinders binne die kinder- en jeugsisteem in vennootskap met ander rolspelers te beskerm;
- om binne die raamwerk van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) en verwante wetgewing te werk;
- om as pleegsorgtoesigwerker opgelei te word;
- om ‘n effektiewe, bekwame en hoë standaard van dienste aan kinders en hul gesinne te lewer;
- om die aktiwiteite van die pleegsorgevaluasiekomitee tot voordeel van die pleegsorgplasing aan te wend;
- die keuring, opleiding, en ondersteuning van pleeggesinne, kinders en hul biologiese ouers moet op ‘n deurlopende basis tydens die pleegsorgproses plaasvind;
- om te alle tye professioneel op te tree;

- om die kinders, pleeggesinne en biologiese gesinne te alle tye as lede van die span te ag, op hoogte van al die ontwikkelings te hou en deurgaans relevante inligting te deel;
- om te verseker dat daar ‘n versorgingsplan vir elke kind aan wie dienste gelewer word, bestaan;
- om ondersteuning en berading aan kinders en hul biologiese gesinne te verskaf;
- die dokumentering en beveiliging van alle inligting aangaande die kind, sy biologiese gesin, en die pleeggesin;
- om elke kind wat in pleegsorg geplaas word, voor te berei en te assesseer;
- om pleegsorgmodelle te ontwikkel wat ‘n verskeidenheid van lewenstyle, kulture, en sosio-ekonomiese faktore sal akkommodeer;
- om opvolg- en ondersteunende dienste te lewer, nadat die kind in pleegsorg geplaas is;
- om ‘n vertrouensverhouding met die kind daar te stel;
- om ‘n gemeenskapsgebaseerde ondersteuningsisteem vir pleeggesinne en pleegkinders daar te stel;
- om die gemeenskap op te voed met betrekking tot pleegsorg ten einde te verseker dat pleeggesinne en maatskaplike werkers ondersteun word; en
- voornemende pleegouers daarop te wys dat die kinders nie getoets is vir MIV/VIGS nie.

#### 5.4.6.2 Regte

Die regte van die pleegsorgtoesigwerker kan soos volg beskryf word:

- om gerespekteer en ondersteun te word;
- om voortdurende opleiding te ontvang;
- om die geleentheid gebied te word om bydraes te lewer tot beleidmaking of wetgewing wat ‘n verandering teweeg kan bring in die werk of dienste wat gelewer word;
- om in staat te wees om projekte finansieel en met ander bronne te kan bedryf;
- om minimum en maksimum gevalleladings te bestuur;
- om ‘n kliënt/saak oor te plaas indien die maatskaplike werker nie opgewasse voel om die saak te hanteer nie; en
- om te beskik oor ‘n konstruktiewe werkomgewing.

### 5.4.6.3 Vereistes

Vereistes wat aan die pleegsorgtoesigwerker gestel word, behels die volgende:

- daar moet sover moontlik versoenbaarheid in geloof tussen die pleegkind en pleegouer wees, indien kruiskulturele plasings oorweeg word;
- pleegouers moet in kennis gestel word dat die voornemende pleegkind nie getoets is vir MIV/VIGS nie;
- plasings binne familieverband moet voorkeur geniet;
- die tydelikheid van pleegsorg moet aan die pleegouers benadruk word;
- die pleegouers moet aan ‘n keurings- en opleidingsprogram onderwerp word;
- ‘n volledige passing moet tussen die pleegouer en pleegkind gedoen word (seleksie);
- al die partye (die pleegkind, pleegouers, biologiese ouers en kinders van die pleegouers) moet op die plasing van die pleegkind voorberei word en dit is wenslik dat die partye mekaar voor die tyd moet ontmoet;
- die pleegouers moet ingelig word dat hulle onder toesig van ‘n maatskaplike werker sal funksioneer en die vennootskapsbeginsel moet aan hulle verduidelik word;
- by enige voornemende plasing waarby meer as twee kinders betrokke mag wees moet sowel die programbestuurder as die direkteur geken word;
- **geen** plasing mag gedoen word alvorens dit nie met die programbestuurder bespreek is nie;
- geen pleegsorg- of enige plasing mag by enige personeellid van die Ondersteuningsraad gedoen word nie, behalwe in die geval van familieplasings en dan slegs met vooraf toestemming van die programbestuurder;
- pleegsorgplasing by homoseksuele of lesbiese persone moet slegs in uitsonderlike gevalle geskied, moet met omsigtigheid hanteer word en moet voorafgegaan word deur ‘n paneelbespreking van kundiges waarby die programbestuurder en direkteur teenwoordig moet wees;
- indien die pleegouers aan ‘n kerk verbonde is, moet die plaaslike predikant tydens die keuring en plasing betrokke wees;
- die Art 16(2)-bevel word verleng in die area waar die betrokke kind hom bevind en die pleegsorgtoesigwerker moet toesien dat die gesinsherenigingsverslag betyds ontvang word, ten einde te verseker dat die twee verslae se aanbevelings ooreenstem; en
- die passingsvraelys moet deur maatskaplike werkers as gestandaardiseerde meetinstrument gebruik word tydens oorweging van pleegouers.

### 5.4.7 Pleeggesinne

#### 5.4.7.1 Verantwoordelikhede

Die verantwoordelikhede van pleeggesinne kan soos volg uiteengesit word:

- om bewus te wees van die kind se emosionele, sosiale, opvoedkundige, kulturele, religieuse en fisiese behoeftes;
- om aan elke kind voedsel, klere, ‘n bed en ‘n klein persoonlike area te verskaf;
- om elke kind by die aktiwiteite in die huis in te sluit en te verseker dat die kind onvoorwaardelik deur alle gesinslede aanvaar word;
- om verwagtinge en beperkinge uit te klaar;
- om regverdig te dissiplineer;
- om negatiewe gedrag op ‘n positiewe wyse te hanteer;
- om goeie gedrag te beloon;
- om die verhouding met die biologiese gesin aan te moedig en te bewaar waar nodig;
- om te luister, te verstaan en aan te moedig ten opsigte van die kind se kulturele en religieuse erfenis, sonder enige vorm van diskriminasie;
- om te reël vir roetine- en nood- mediese en tandheelkundige dienste;
- om verantwoordelikheid vir die kind se daaglikse skoolaktiwiteite te aanvaar;
- om te verseker dat sover moontlik in die kind se skolastiese behoeftes voorsien word;
- om die kind se egokragte en positiewe selfbeeld op te bou;
- om die kind en sy biologiese gesin te respekteer;
- om met al die rolspelers saam te werk;
- om te help om die kind voor te berei op herstel in ouerlike sorg of plasing by vriende, familie of alternatiewe langtermynsubstituutsorg;
- om die kind te help om selfhandhawend te wees;
- om te sorg dat die voorwaardes van die werkooreenkomste deur al die partye nagekom word;
- om die kind aan te moedig om sy biologiese ouers te respekteer;
- om sorg te dra dat die pleegkindtoelaag tot voordeel van die kind aangewend word; en
- om vertroulikheid te handhaaf.

### 5.4.7.2 Regte

Die regte van pleeggesinne kan soos volg omskryf word:

- om as individue met respek en agting behandel te word;
- om as lede van die pleegsorgtoesigspan geïdentifiseer en hanteer te word;
- om van hul regte verwittig te word, asook die uitoefening daarvan;
- om opgelei te word in die pleegsorgpraktyk en voorberei te word op moontlike veranderinge wat in hul gesin kan intree wanneer 'n kind by hulle geplaas is;
- om 'n duidelike aanduiding te gee oor die verwagte tydperk van die plasing;
- om deurlopend ondersteuning en leiding te ontvang, soos wat die pleegsorgproses verloop;
- om voor die pleegsorgplasing toegang te hê tot tersaaklike inligting rondom die kind;
- privaatheid binne eie gesinsopset (reg tot vertroulikheid);
- om besluite te neem rondom alle aspekte van hulle individuele lewenstyle;
- om geraadpleeg te word indien die kind beskikbaar raak vir aanneming;
- ontvang 'n pleegkindtoelaag en ander finansiële bystand om die kind te versorg, byvoorbeeld subsidie van skoolfonds en staats- mediese dienste;
- om 'n werkbare verhouding/vennootskap met die biologiese ouers daar te stel sodat alle behoeftes van die kind bevredig kan word; en
- om kennis te dra van die feit dat die kind nie vir MIV/VIGS getoets is nie.

### 5.4.7.3 Vereistes

Vereistes waaraan pleeggesinne moet voldoen, behels die volgende:

- die pleegouers moet aan die religieuse behoeftes van die pleegkind beantwoord;
- by nie-verwante pleegsorgplasings moet die pleegouers nie jonger as 25 jaar wees nie, en verkieslik nie ouer as 50 jaar nie;
- met verwante pleegsorgplasings moet die pleegouers minstens twee jaar, en by nie-verwante pleegsorgplasings minstens vyf jaar getroud wees;
- die pleeggesin moet volledig wees en 'n enkelouer kan slegs in uitsonderlike gevalle met die regte passing gekeur word, nadat dit voorafgegaan is deur 'n paneelbespreking van kundiges, waarby die programbestuurder en direkteur teenwoordig moet wees;

- kinderlose egpare moet liewer nie gebruik word nie, en indien wel, slegs in uitsonderlike gevalle en met groot omsigtigheid, en sodanige plasing moet voorafgegaan word deur ‘n paneelbespreking met kundiges, waarby die programbestuurder en direkteur teenwoordig moet wees;
- pleegouers moet geen afwykings hê ten opsigte van die psige, persoonlikheid, gedrag, ensovoorts nie;
- die pleegouers moet goeie gesondheid handhaaf en fisies daartoe in staat wees om die kinders te versorg;
- pleegouers moet bereid wees om ‘n opleidings- en keuringsprogram te deurloop;
- pleegouers met ‘n kriminele rekord moet met groot omsigtigheid geëvalueer word; en
- pleegouers wie se biologiese kinders in kinderhofverrigtinge betrokke was, moet met groot omsigtigheid hanteer word.

### 5.4.8 Biologiese ouers

#### 5.4.8.1 Verantwoordelikhede

Die verantwoordelikhede van biologiese ouers behels die volgende:

- aktiewe deelname aan die beplanning van dienste;
- om verantwoordelikheid te neem vir die herstel van die gesinsfunksionering;
- om die kulturele opset van die gesin by wie hul kind geplaas is, te respekteer;
- om die pleegouers en hul kinders met resprek te behandel;
- om enige opleiding of terapie te ondergaan sodat hulle kind in ouerlike sorg herstel kan word;
- om kontak met hul kind te behou;
- om die voorwaardes soos ooreengekom in die kontrak tussen die biologiese ouers, maatskaplike werker en pleegouers, na te kom; en
- om tot die finansiële versorging van hul kind by te dra, soos bepaal deur die hofbevel.

#### 5.4.8.2 Regte

Die uiteensetting van die regte van biologiese ouers is soos volg:

- om dienste van maatskaplike werkers te ontvang, om sodoende die verbrokkeling van die gesin of die verwydering van die kind te voorkom;

- om met respek en agting behandel te word;
- om tot 'n terapeutiese vennootskap wat tot hul kind se maatskaplike ontwikkeling en heling bydra, toe te tree;
- om van hul regte in kennis gestel te word en ook hoe om dit uit te oefen;
- om die geleentheid gegun te word om sonder vrees vir vergelding, hul gevoelens te verbaliseer;
- om deur middel van telefoonoproepe, briewe en besoeke soos geskeduleer, toegang tot hul kind te hê;
- om op hoogte gehou te word oor hul kind se vordering en by spesiale gebeurtenisse ingesluit te word;
- om deel te wees van die beplanning van dienste;
- om met die pleegouers in vennootskap te tree om die maatskaplike welsyn van hul kind, asook hul verhouding met hul kind, te bevorder;
- om vertroulikheid te handhaaf;
- inskakeling by gesinsherenigingsdienste om die hereniging van die gesin te bevorder; en
- om as gesin met opleiding en ondersteuning bemagtig te word om die herhaling van die probleme wat tot statutêre optrede aanleiding gegee het, te voorkom wanneer hul kind in hul sorg herstel word.

#### 5.4.8.3 Vereistes

Die vereistes wat aan biologiese ouers gestel word, kan soos volg aangestip word:

- die biologiese ouers moet deel uitmaak van die beplanning met betrekking tot die plasing van hul kind;
- kontak tussen die biologiese ouers en die pleegkind moet in stand gehou word;
- die reg van die buite-egtelike vader moet sover moontlik in stand gehou word indien dit in belang van die kind sou wees; en
- die biologiese ouers se ouerlike regte moet in ag geneem word ten opsigte van voogdyskap, huwelikstoestemming, medies-, toestemming (vir 'n operasie waar narkose toegedien moet word), ernstige siektes, ensovoorts.

### 5.4.9 Pleegkinders

#### 5.4.9.1 Verantwoordelikhede

Die verantwoordelikhede van pleegkinders kan soos volg omskryf word:

- om die wyse waarop die pleeggesin funksioneer, asook hul privaatheid, te respekteer;
- om die reëls wat in die pleeggesin geld, te aanvaar en nie te probeer manipuleer nie;
- om die binding wat tussen pleegouers en hul eie kinders bestaan, te aanvaar en te respekteer;
- om verantwoordelikheid te neem vir hul opvoedkundige opleiding en die nodige samewerking te bied;
- om verantwoordelikheid te neem vir hul eie gesondheid deur gesonde voedselinname, higiëne en weerhouding van afhanklikheidsvormende stowwe;
- om hul biologiese ouers te aanvaar en waar moontlik kontak te bewerkstellig om verhoudinge te bewaar;
- om die maatskaplike werker van enige probleme wat hulle ervaar, te verwittig;
- om hulle gevoelens rondom die verwydering en hulle biologiese ouers te verwerk;
- om vir emosionele of terapeutiese ondersteuning te vra;
- om deel te neem aan die proses van heling; en
- om aktief deel te neem aan besluitneming.

#### 5.4.9.2 Regte

Die regte van pleegkinders behels die volgende:

- om met respek en agting behandel te word;
- om van hul regte, asook die toepassing daarvan, in kennis gestel te word;
- dat hul kultuur, erfenis, taal, godsdiens en geloofsoortuiging erken word;
- om teen enige vorm van mishandeling, verwaarlosing, verlating, wreedheid of uitbuiting, beveilig te word;
- om binne 'n gesin groot te word (óf die gesin van oorsprong óf 'n gesin in die gemeenskap);
- om binne 'n gesin wat opgelei is om in sy behoeftes te voorsien, groot te word;
- om sover moontlik kontak te behou met die gesin van oorsprong;
- om die geleentheid gebied te word om tot sy volle potensiaal te ontwikkel;

- om kwaliteit opvoedkundige opleiding en mediese dienste te ontvang;
- om sonder vrees vir vergelding hul gevoelens te kan verbaliseer;
- professionele ondersteuning en -dienste om in hul behoeftes te voorsien;
- om sover moontlik broers en susters nie te skei met plasings nie, of andersins onderlinge kontak te behou;
- om in besluitneming rondom hul toekoms, deel te neem;
- om aangehoor en begryp te word;
- om toegang te hê tot alle nuwe inligting met betrekking tot hul plasing en die invloed wat dit op hulle sal hê;
- pleegkinders het die reg tot privaatheid, persoonlike besittings, vertroulikheid en regsverteenwoordiging (indien nodig); en
- om in dieselfde gemeenskap of in 'n toepaslike gemeenskap waarin hulle ouers is, geplaas te word.

#### 5.4.9.3 Vereistes

Die vereistes rakende pleegkinders waaraan voldoen moet word, kan soos volg aangestip word:

- indien 'n kind wat aan 'n kerk verbonde is in pleegsorg geplaas word, moet die plaaslike predikant in die ondersoek en plasing geken word;
- die belang van die pleegkind moet vooropgestel word;
- die pleegplasing moet vir die kind die minste ontwrigting met die meeste ontwikkelingsmoontlikhede daarstel; en
- met die plasing van die kind in pleegsorg, moet 'n versorgingsplan opgestel word, en drie weke daarna die individuele ontwikkelingsplan.

### 5.4.10 Pleegouers se eie kinders

#### 5.4.10.1 Verantwoordelikhede

Die verantwoordelikhede van die pleegouers se eie kinders behels die volgende:

- om vriendelik, beleefd en verwelkomend teenoor die pleegkind op te tree;

- om die reg van die pleegkind tot privaatheid en vertroulikheid ten opsigte van sy agtergrond, te respekteer;
- om te aanvaar dat daar 'n verhouding tussen sy ouers en die pleegkind sal bestaan;
- om hul woning, ouers en besittings met die pleegkind te deel; en
- om probleme met die maatskaplike werker te bespreek.

#### 5.4.10.2 Regte

Die regte van die eie kinders van pleegouers kan soos volg genoem word:

- om gekonsulteer te word oor die pleegsorgplasing en die geleentheid gegee te word om die aangeleentheid te bespreek;
- om private tyd met sy eie ouers gegun te word;
- dat sy lewensomstandighede so min as moontlik ontwrig word;
- om te kies of hy met die pleegkind vriende wil wees; en
- om met die maatskaplike werker oor die plasing te praat.

### 5.4.11 Keuring van pleegouers

Alle voornemende pleegouers sal 'n gestandaardiseerde keuringsproses wat deur 'n maatskaplike werker onderneem word, deurloop.

Vereistes waaraan keuring sal voldoen, behels die volgende:

- evaluering van applikante as geskikte ouers;
- evaluering van die gesin se vaardigheidsmoontlikhede, om verlies, stres en konflik te hanteer;
- evalueer kommunikasievaardighede;
- aanmoediging en hulpverlening aan voornemende pleegouers, om die regte keuse vir hul gesin te maak;
- voldoende opleiding en voorbereiding van pleeggesinne te verseker;
- by egpare die gevoel te skep dat hulle deel vorm van die proses, asook ten opsigte van besluitneming deur die span;
- om gesinne aan te moedig om hul vrese te verbaliseer en die vrese met ondersteuning en begrip op te vang;

- eerlikheid van die maatskaplike werker; en
- evaluering of hul lewenstyl geskik is om ‘n kind te kan akkommodeer.

### 5.4.12 Pleegoueropleiding

Hierdie opleiding geskied in groepsverband en brei die maatskaplike werker se kennis van die voornemende pleeggesin, asook hul funksionering in groepsverband, uit. Die doel van die opleiding behels:

- voorkoming van ‘n gebrek aan kennis by pleegouers;
- vermindering van werkslading vir die maatskaplike werker; en
- versekering van suksesvolle plasings.

### 5.4.13 Passing van die pleegkind en pleegouers (seleksie)

Die pleegouers moet in staat wees om in die behoeftes van ‘n spesifieke pleegkind te voorsien. Om dit te verseker, moet die volgende in ag geneem word:

- die kind se behoeftes volgens sy ouderdom;
- belangstelling en talente;
- intellektuele vermoëns;
- moreel-etiese behoeftes;
- opvoedkundige behoeftes;
- vermoë tot probleemoplossende vaardighede;
- besondere fisiese, psigiese, emosionele en sosiale behoeftes; en
- die kind se besondere vermoëns om verhoudings te bou en binding te maak (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:41).

### 5.4.14 Pleegsorgtoesigdienste

Pleegsorgtoesigdienste behels die volgende:

- voorbereiding van die pleegkind vir pleegplasing en oriëntering;
- begeleiding van die pleegkind ten opsigte van:
    - fisiese versorgingstake

- emosionele take
- sosiale take
- opvoedkundige take
- termineringstaak

➢ voorbereiding tot terugplasing in ouerlike sorg:

- datum van herstel
- voorbereiding van kind op terugplasing by sy ouers
- voorbereiding van ouers op hul kind se herstel in hulle sorg
- nasorgdienste aan die ouers en die kind na terugplasing

### 5.4.15 Evaluering

Vanuit die literatuurstudie blyk dit dat hierdie beleid en riglyne baie omvattend en volledig is. Al die betrokkenes word in ag geneem, wat die pleegouers, pleegkind, biologiese ouers, asook die eie kinders van die pleegouers, in ag neem. Die verwagtinge wat aan die maatskaplike werker gestel word, is ook duidelik en professionaliteit word hoog op prys gestel. Die beleid neem ook hedendaagse vraagstukke in ag, wat homoseksuele ouerpare, enkelouers, asook die MIV/VIGS kwessie ten opsigte van weeskinders, insluit. Die riglyne is baie omvattend en bied ‘n duidelike oorsig van die verantwoordelikhede, pligte en regte van al die betrokke partye.

Dit is ook belangrik dat daar duidelike riglyne is rakende die profiel van kinders wat op pleegsorg aangewese is, aangesien dit daartoe kan lei of ‘n pleegplasing suksesvol is al dan nie. Daar word egter baie ruimte gelaat vir interpretasie, wat tot gevolg kan hê dat verskillende maatskaplike werkers hul eie mening en oordeel moet gebruik. Die mens is egter nie rigied nie; daarom is dit onmoontlik om ‘n riglyn daar te stel wat elke persoon en sy eie uniekheid in ag sal kan neem.

Dit is egter ook belangrik dat opleiding en voorbereiding van voornemende pleegouers plaasvind om sodoende hul kennis uit te brei. Opleiding van voornemende pleegouers geniet egter beperkte bespreking in hierdie beleidsdokument. Daar word wel aanbeveel dat die opleiding van pleegouers in groepsverband aangebied word, aangesien dit die werklading van die maatskaplike werkers sal verlaag, en onderlinge kennis ook uitgeruil kan word.

Die inhoud van 'n opleidingsprogram vorm egter nie deel van die beleid nie. Ander programme wat ook by pleegsorgbeleid ingesluit kan word behels bewuswordingsprogramme en behandelingsprogramme vir pleegouers wat reeds gekeur is.

## 5.5 DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD (CMR)

Die Christelike Maatskaplike Raad is 'n welsynsorganisasie van die Nederduitsh Gereformeerde Kerk en hul Pleegsorgbeleid (1992) kan soos volg uiteengesit word:

### 5.5.1 Inleiding

In die maatskaplike werker se voorbereiding tydens pleegouerkeuring, word die volgende twee doelstellings in ag geneem:

- die voornemende pleegouers moet effektiewe raad en leiding ontvang, waardeur hulle in staat gestel word om op realistiese wyse hul vermoë as gesin te evalueer aan die hand van die eise wat pleegsorg stel; en
- die maatskaplike werker moet tersaaklike inligting inwin wat kan help om tot 'n verantwoordelike besluit te kom .

Die navorser is van mening dat die program wat sy vir hierdie studie ontwerp het, daartoe sal kan bydra om hierdie doelstellings te bereik.

### 5.5.2 Beginsels

Die volgende beginsels waarom keuring van pleegouers belangrik is, kan onderskei word:

- <u>vennootskapsbeginsel</u>: 'n pleegouer word as vennoot van die organisasie beskou;

- <u>hulpbron</u>: pleegouers is 'n noodsaaklike hulpbron, met ander woorde daar word in die organisasie se behoeftes voorsien en nie in die pleegouers se behoeftes nie;

- <u>keuring</u>: dit gaan nie daaroor of 'n gesin 'goed' of 'sleg' is nie, maar om te bepaal of pleegsorg vir die gesin 'pas'; en

- verantwoordbaar: deur middel van 'n deeglike keuringsprosedure verantwoord die organisasie homself ook ten opsigte van sy eie dienslewering.

Hierdie aspekte is ook in die program geïnkorporeer om bogenoemde beginsels aan die voornemende pleegouers bekend te maak.

### 5.5.3 Kenmerke van die gesin

Die kenmerke van die gesin wat deur die maatskaplike werker in ag geneem moet word, behels die volgende:

- Gesonde gesinsfunksionering: Wanneer met voornemende pleegouers in gesprek getree word oor hulle keuring as pleegouers, stel die maatskaplike werker haarself ten doel om te bepaal of hierdie gesin gesond-funksionerend is en daartoe in staat is om ruimte te maak vir 'n verwaarloosde kind. Keuring impliseer nie dat 'n gesin 'gesond' of 'ongesond' verklaar word nie, maar wel as gesond-funksionerend en in staat om op 'n bepaalde tydstip so 'n diens te kan verrig.

- Stabiliteit en karakter van gesinslede: Die maatskaplike werker moet haar vergewis van die godsdienswaardes, asook die moreel-sedelike waardes van die gesin. Dit is belangrik om vas te stel in watter mate die gesin met die gemeentelike en gemeenskapsaktiwiteite saamleef.

- Kohesie en eenheid in die gesin: Die mate van interafhanklikheid van gesinslede teenoor mekaar, sal aanduidend wees van die gesin se vermoë om plek te maak vir 'n verwaarloosde kind. Gesinsverhoudings wat nie duidelik gedefinieer is nie, kan lei tot rolverwarring na plasing van 'n kind.

- Empatieke vermoë ten opsigte van die kind: Die kwaliteit van binding en aansluiting bymekaar asook ander persone sal aanduidend wees in watter mate die gesin in staat sal wees om uit te reik na die verwaarloosde kind.

- Probleemoplossende vermoëns: Die egpaar se vermoë om geringe en erge probleme samevattend te hanteer, is noodsaaklik indien 'n komplekse verhoudingsituasie soos pleegsorg suksesvol hanteer moet word.

- Ondervinding van kinderopvoeding: Die positiewe ervaring en hantering van opvoedingseise ten opsigte van hul eie gesin, is 'n belangrike aanbeveling.

- Vermoë tot samewerking: Die pleegouer moet gewillig wees en oor die vermoë beskik om toe te tree tot 'n werksvennootskap met die maatskaplike werker, aangesien dieselfde doelwit nagestreef word met betrekking tot die fisiese en emosionele versorging van die betrokke kinders.

- Rolbesetting: Gesonde rolbesetting sal 'n duidelike onderskeid maak tussen die ouer-subsisteem en die kinder-subsisteem.

- Kultuur en ontwikkelingsvlak: Die lewensmilieu en ontwikkelingspeil van die pleegouers is baie belangrik ten einde te bepaal of 'n kind wel binne 'n gegewe gesinsopset sal kan integreer.

- Persoonlikheidseienskappe: Pleegouers moet persone wees wat buigsaam is in hul eise en verwagtinge ten opsigte van die kind en die verbintenis met die Christelike Maatskaplike Raad. In hul eie lewensituasie moet eerder gematigde as ekstreme eise geld (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:40; Fick, 1991:74).

### 5.5.4 Motiewe vir pleegsorg

Alle voornemende pleegouers se aanbod om as substituutouers op te tree, spruit voort uit die verwagting dat een of ander behoefte bevredig sal word deur hierdie diens te lewer. Die behoeftevervulling kan oop of verskuil wees. Die maatskaplike werker moet haarself vergewis van die motiewe van die voornemende pleegouers om as substituutouers op te tree, omdat hierdie behoefte 'n spesifieke rol aan die verwaarloosde kind kan toeken, en dus nie ruimte laat vir die kind se eie behoeftes en vermoë nie.

Die volgende motiewe van pleegouers kan onderskei word en verg dat die maatskaplike werker dit sinvol met die aansoekers sal hanteer:

- Speelmaat: Indien dit die ouers se wens is om 'n speelmaat vir hul eie kind te verkry, is dit noodsaaklik dat die ouers sal besef dat die verwaarloosde kind 'n persoon in eie reg is en nie noodwendig sal voorsien in hul kind se behoefte aan maats nie.

- Regstel van opvoedingsfoute: Dit word dikwels aangetref, veral in familiepleegsorg, dat die voornemende pleegouers foute van die verlede wil regstel deur middel van die verwaarloosde kind. Dit is noodsaaklik dat die maatskaplike werker seker sal maak dat die voornemende ouers oordragreaksies kan identifiseer en oorbrug, anders word die verwaarloosde kind bloot 'n pion.

- Ongesonde godsdiensmotiewe: Godsdiensmotiewe moet eg en gebalanseerd wees en nie die verwaarloosde kind as 'n middel tot 'n doel wil sien nie.

- Gesinsuitbreiding: Egpare wat hul gesin as onvoltooid beleef en nie in staat is om langs die natuurlike weg hul kindertal uit te brei nie, moet hulle behoefte aan die realiteite van pleegsorg toets en hul behoefte moet tydens die ondersoek voor plasing, verreken word.

### 5.5.5 Vereistes

Die volgende vereistes by die keuring van pleegouers moet ondersoek word, naamlik:

#### 5.5.5.1 Gesinsamestelling

By die gesinsamestelling van voornemende pleegouers, moet die volgende in gedagte gehou word:

- gesinne wat in pleegsorg belangstel, moet liefs wel hul eie kinders hê en die jongste lid moet ongeveer twee jaar oud wees;
- enkellopende dames wat reeds hul eie kinders opgevoed het, kan wel as substituutouers in aanmerking geneem word, veral met plek van veiligheidsorg; en
- egpare wat kinderloos is en in pleegsorg belangstel word slegs oorweeg nadat hulle infertiliteitsberaad deurloop het en word slegs benut vir kinders wat permanent geplaas kan word.

#### 5.5.5.2 Ouderdom

Veiligheidsouers kan persone wees tussen 30 en 55 jaar, wat gesond is en oor die regte persoonlikheidsamestelling beskik. Ten opsigte van pleegsorg wat binne familieverband plaasvind, is ouderdom slegs belangrik indien dit die buigsaamheid en aktiwiteit van die pleegpaar beïnvloed. Tydens die ondersoek wat plasing voorafgaan, is dit egter belangrik

dat die termyn van plasing, die ouderdom van die kind en die ouderdom van die pleegpaar in aanmerking geneem word.

#### 5.5.5.3 Inkomste

Die finansiële omstandighede van 'n voornemende pleegouerpaar is belangrik, in die mate waartoe hulle in staat is om in hul eie gesinsbehoeftes te voorsien. Hulle moet daartoe in staat wees om die behoeftes van die kind in substituutsorg, toereikend na te leef.

#### 5.5.5.4 Buitenshuise arbeid van die moeder

In veiligheidsorg, is dit belangrik dat die moeder nie buitenshuise arbeid verrig nie, aangesien die verwaarloosde kind wat pas verwyder is, intensiewe sorg en stabiliteit benodig. In pleegsorg, kan 'n betrekking met die nodige voorsorg hanteer word sonder enige nadelige gevolge vir die kind.

### 5.5.6 Algemene beleid

#### 5.5.6.1 Permanensiebeplanning

Die kind se biologiese bande word as die belangrikste verbintenis in sy lewe beskou en moet met eerbied hanteer word (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:5). Slegs waar die gesinsituasie ernstige gebreke toon om aan die kind 'n toereikende en veilige opvoedingsmilieu te voorsien, ten spyte van intensiewe dienslewering, kan van substituutsorg gebruik gemaak word. Vir die normale en gesonde ontwikkeling van 'n kind is dit noodsaaklik dat hy die gevoel van 'behoort aan' of permanensie sal beleef in sy verblyfsituasie. Dit is dus belangrik dat maatskaplike werkers hulle in hul dienslewering teenoor kinders, konkreet tot hierdie behoefte sal rig. Alle dienste moet altyd aan al die partye (die kind, substituutouer, biologiese ouers en die betrokke vakkundiges) duidelikheid verskaf ten opsigte van die doel met die substituutsorg, die termyn daarvan en die rol en plek van elke party.

Plasings wat onderskei word, is die volgende:

- Veiligheidsplasing: Dit is tydelike plasing vir 'n maksimum van ongeveer ses maande. In hierdie tyd word gepoog om kontak tussen ouer en kind te bevorder. Die permanente

plan vir die kind se verblyf is sy ouers, mits hulle geïdentifiseerde problematiek in die afgebakende tyd oorbrug kan word. Indien nie, moet met inagneming van die kind se ouderdom en behoefte aan sekuriteit, kort- en langtermynpleegsorg beplan word (Hitchcock, 2006).

- Korttermynpleegsorg: Dit is plasing vir 'n tydperk van minder as twee jaar. Hierdie plasing word net oorweeg vir kinders wat 'n sterk band met hul ouers het en in staat is om die substituutouer as 'n tweede ouerpaar te aanvaar (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:11).

- Langtermynpleegsorg: Die tydperk van plasing strek tot by volwassewording van die kind. Indien in die kind se belang, behou die biologiese ouers wel kontak met hul kind, maar die intensie van al die partye is dat die kind volwassewording by die substituutouers sal bereik (Human, 1994:104).

- Aanneming: Dikwels verkry die kind in substituutsorg permanente status by die pleeggesin deur middel van aanneming (Skelton, 1998:142).

#### 5.5.6.2 Gesinsbande tydens plasing

Die individuele behoeftes van kinders tydens plasing, geniet voorkeur bo die behoud van gesinsbande. Broers en susters uit een gesin word dus nie voor die voet saam geplaas by een pleegsorgposisie nie. Die redes hiervoor is:

- Kinders verskil ten opsigte van die effek van deprivasie. Dit gebeur meestal dat die oudste kind die meeste psigiese skade gekry het, en dus intensiewe aandag verg as gevolg van gedragsprobleme wat by hom kan voorkom. Hierdie feit maak een kind meer aanvaarbaar in die substituutgesin, wat kan lei tot die verwerping van die ander kind(ers).
- Die doel van substituutsorg is om aan elke kind afsonderlik die beste geleentheid tot herstel en ontluiking te bied.
- Oudste kinders toon gewoonlik reeds van 'n baie jong stadium af die 'parental child'-sindroom. So 'n kind het dus 'n uitermatige verantwoordelikheidsbesef teenoor jonger kinders, sodat sy eie kindwees heeltemal daardeur verswelg word.

- Daar moet egter gelet word op die daarstel van 'n definitiewe plan van kontak tussen broers en susters indien hulle in verskillende substituutsorgposisies geplaas word.

### 5.5.6.3 Uitgangspunte ten opsigte van familiesorg

Die Christelike Maatskaplike Raad onderskei steeds tussen pleegsorg en familiesorg en wel om die volgende redes:

- familieouers is gewoonlik vir baie jare voor die plasing ten nouste gemoeid by die disfunksionele egpaar en hul kinders;
- die ondersteuning wat die familiegesin het, omvat meestal die uitgebreide familieopset; en
- kinders in familiesorg beskik gewoonlik oor genoegsame herkomsinligting, maar familieouers moet gelei word tot die positiewe benutting daarvan tot voordeel van die pleegkind.

### 5.5.6.4 Keuring van familieouers

Dieselfde kwaliteite wat benodig word by pleegouers, word ook verwag van familieouers. Die volgende moet egter in gedagte gehou word:

- Familieouers moet ten tyde van die keuringsproses gelei word om:
  - te verstaan waarom keuring nodig is;
  - die statutêre posisie van die pleegkind te verstaan en te aanvaar; en
  - die taak en gesag van die toesighoudende liggaam te begryp en te aanvaar.
- Die maatskaplike werker moet tydens die keuring haarself vergewis van die volgende:
  - die voornemende familiepleegouers se bande en gesindheid jeens die biologiese ouers van die betrokke kind;
  - die familieouers se probleemoplossende vermoëns;
  - die godsdienstige ingesteldheid en kerklike betrokkenheid van die familieouers;
  - die liggaamlike en psigiese gesondheid van die familieouers;
  - die gesinsamestelling van die familiegesin en hoe die pleegkind daar sal inpas; en
  - die finansiële omstandighede van die familieouers.

#### 5.5.6.5 Aansoeke uit ander religieuse denominasies

Lidmate van aanvaarde Christelike kerke mag aansoek doen om as substituutouers op te tree, indien:

- hulle familie is van 'n spesifieke kind vir wie hulle substituutouers wil wees;
- die welsynsorganisasie van hul kerk nie kinder- en gesinsorgdienste lewer in dieselfde geografiese gebied waar hulle woon nie; en
- daar 'n spesiale ooreenkoms met hul kerk getref is.

Lidmate van ander denominasies of persone met geen kerkverband nie, word slegs benut wanneer dit in die beste belang van 'n kinderkliënt is, vanweë 'n sterk familieband of binding wat reeds bestaan.

### 5.5.7 Evaluering

Die beleid van die Christelike Maatskaplike Raad is volledig, alhoewel redelik verouder. Dit is egter belangrik om kennis te neem dat die riglyne kompak en prakties uitvoerbaar is. Die eenvoud daarvan maak dit moontlik dat selfs onervare maatskaplike werkers dit in die praktyk kan interpreteer en toepas. Die fokus bly deurlopend om altyd in die unieke behoeftes van elke kind te voorsien en om in die kind se beste belang op te tree.

Die beleid maak ook voorsiening vir die onderskeid tussen pleegsorg en familiepleegsorg, aangesien die dinamiek van die twee verskillende gesinstipes verskil. Daar word egter nie voorsiening gemaak vir hedendaagse kwessies soos saamleefouers, homoseksuele ouerpare of enkelouers nie.

Uit die bestudering van hierdie beleidsdokument, was dit opvallend dat daar nie enige melding gemaak word van die opleiding van voornemende pleegouers nie; daar word bloot van raad en leiding melding gemaak (5.5.1).

## 5.6 KINDER- EN GESINSORGVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Die Pleegsorgbeleid van die Kinder- en Gesinsorgvereniging van Suid-Afrika [sa] word soos volg uiteengesit:

### 5.6.1 Inleiding

Soos alle maatskaplikewerk-handelinge, is die opleiding en keuring van pleegouers ook ‘n proses, daarom moet daar met al die fasette van pleegsorg rekening gehou word, naamlik:

- die biologiese ouers;
- die betrokke pleegkind;
- die pleegouers; en
- die maatskaplike werker.

### 5.6.2 Oriëntering van voornemende pleegouers

Die doel van ‘n oriënteringsprogram is die volgende:

- om inligting te verskaf met betrekking tot pleegsorg en die spesifieke behoeftes van kinders in pleegsorg;
- om pleegouers voor te berei vir die situasie, gevoelens en reaksies wat kan ontstaan;
- om aan te toon watter eise pleegsorg aan die pleeggesin stel; en
- om die pleegouers te help om die maatskaplike werker te leer ken.

Bogenoemde aangeleenthede is in die opleidingsprogram geïnkorporeer, waar hierdie inligting volledig aan voornemende pleegouers deurgegee word. Die doel van die oriënteringsprogram word dus aangespreek in hierdie program.

### 5.6.3 Vereistes

Vereistes wat aan voornemende pleegouers gestel word, word soos volg bespreek:

#### 5.6.3.1 Kinderlose egpare

Kinderlose egpare word oor die algemeen nie as pleegouers benut nie, veral jong kinderlose egpare. Kinderlose egpare word wel oorweeg as pleegouers in die volgende gevalle:

- waar die egpaar reeds infertiliteitsberaad deurloop het;
- waar die egpaar nie meer so jonk is nie en nie meer vir aanneming kwalifiseer nie;
- hulle kan slegs benut word vir kinders wat permanent geplaas kan word; en

- hulle moes reeds hul kinderloosheid verwerk het.

Kinderlose egpare moet ook verstaan dat hulle die kind (al is dit ‘n permanente plasing) nogtans met ‘n ouer kan deel, veral as die kind so ‘n behoefte het.

#### 5.6.3.2 Ouderdom

Die volgende vereistes rakende die ouderdom van voornemende pleegouers, word uiteengesit:

- veiligheidsouers kan persone wees tussen 25 en 55 jaar (dit hang ook van die kind se ouderdom af); en
- voornemende pleegouers moet tussen 25 en 45 jaar oud wees (vir jong kinders en babas).

#### 5.6.3.3 Aantal jare getroud

Die egpaar moet verkieslik vyf jaar getroud wees, maar ten minste drie jaar. In gevalle van ‘n tweede huwelik, moet hulle ook tyd hê om bymekaar aan te pas. Elke saak moet egter individueel hanteer word.

#### 5.6.3.4 Dagmoeders wat as pleegouers wil optree

Geen aansoek word aanvaar van voornemende pleegouers indien hulle ‘n dagmoeder is nie. Die pleegmoeders wat reeds ‘n dagmoeder is, moet registreer as dagmoeder. Die maksimum van vier kinders is toelaatbaar in hierdie geval.

#### 5.6.3.5 Plasing van ‘n pleegkind en aangenome kind in een huis

Plasing van ‘n pleegkind en ‘n aangenome kind in een huis word wel goedgekeur na deeglike evaluering van die pleeggesin en die betrokke kind se omstandighede.

#### 5.6.3.6 Ander

Indien daar kontra-indikasies is en onsekerheid bestaan of ‘n egpaar as pleegouers gekeur kan word, word die gesin na ‘n kliniese sielkundige verwys vir ‘n aanbeveling.

### 5.6.4 Werkswyse by privaatreëlings

Die volgende werkswyse geld wanneer die verwaarloosde kind reeds by mense op privaatreëling verkeer:

- die aanmelding word deur die aanmeldingswerker gehanteer;
- die maatskaplike werker ondersoek die saak deeglik en dra die organisasie se beleid van pleegsorg aan al die betrokkenes oor;
- ‘n tuisbesoek word deur die maatskaplike werker onderneem;
- indien die kind in onmiddellike gevaar (vanaf die biologiese ouers) verkeer, word ‘n vorm 4 (tydelike bevel) uitgereik, waar die betrokke kind in sy huidige plasingsposisie (privaatreëling) beveilig word;
- indien dit in belang van die kind is, word kinderhofverrigtinge geopen en die kind by die aanmelders in plek van veiligheid geplaas; en
- ‘n deeglike ondersoek na die ouers se omstandighede word deur die maatskaplike werker onderneem.

### 5.6.5 Passing en plasing (seleksie)

#### 5.6.5.1 Riglyne

Daar word saam met die biologiese ouers, na gelang van hul vermoëns en insig in hul situasie, besin oor die plasingsmoontlikhede ten opsigte van hul kind. Die kind word ook by hierdie beplanning betrek na gelang van sy ouderdom, ontwikkelingstadium en omstandighede. Die volgende inligting word benodig alvorens ‘n aanbeveling vir alternatiewe sorg gemaak word:

- ouderdom;
- intelligensievermoë;
- gesondheidstoestand;
- gedrag en temperament;

- emosionele ontwikkeling;
- aanleg en belangstellings;
- aard van die ouer-kind-verhouding;
- ouers se gedrag en vermoë om substituutsorg te aanvaar en te benut; en
- bronne in die gemeenskap.

Indien al die genoemde inligting bekom is, kan ‘n keuse gemaak word tussen ‘n pleegsorgplasing of inrigtingplasing ten opsigte van die betrokke kind.

Die volgende kinders sal moontlik beter in ‘n inrigting inpas:

- kinders met ‘n sterk emosionele band met hul biologiese ouers, sal hul pleegouers moeilik aanvaar en sal beter in ‘n inrigting pas;
- adolessente wat teleurgesteld in volwassenes is;
- kinders met gedragsprobleme;
- fisies gestremde kinders wat beter in inrigtings versorg kan word;
- intellektueel gestremde kinders wat nie in ‘n normale huis kan funksioneer nie;
- jeugoortreders en dwelmafhanklikes; en
- kinders van ouers wat baie weerstand teen ‘n ander ouerpaar openbaar.

- ***Plasing in pleegsorg as ‘n eerste moontlikheid***

Pleegsorg word as eerste plasingsmoontlikheid oorweeg in die volgende gevalle:

- in alle gevalle waar die kind nie besondere gedrags- of ander probleme openbaar nie;
- in die geval van babas, kleuters en jonger kinders (minstens onder die ouderdom van 13 jaar);
- in gevalle waar die kind besondere indentifikasiebehoeftes openbaar, dit wil sê ‘n behoefte aan ‘n ouerfiguur;
- waar die kind se gedragsprobleme hoofsaaklik te wyte is aan ‘n behoefte om deel te wees van ‘n bestendige gesinslewe;
- in gevalle waar langtermynplasings geantisipeer word, byvoorbeeld:
  - waar opsigtelike belangeloosheid by die biologiese ouers waargeneem word
  - die ouers nie opgespoor kan word nie

- fisiese of psigiese gestremdheid by die ouers aanwesig is, wat terugplasing in hul sorg prakties gesproke onmoontlik maak
- die kind se ouers oorlede is

➢ in gevalle van kinderfoltering of –mishandeling, waar plasing in 'n gesinsopset die belange van die kind klaarblyklik die beste sal dien; en

➢ plasing in pleegsorg by familie word meestal bo plasing by vreemde pleegouers verkies, met die vereiste dat die belange van die kind die deurslaggewende faktor bly.

- ***Plasing in kinderhuise***

Aanbevelings dat 'n kind in 'n kinderhuis geplaas word, word veral in die volgende gevalle gedoen:

➢ waar daar nie geskikte pleegouers vir die besondere kind gevind kan word nie;

➢ in gevalle van groot gesinne waar dit belangrik is dat die gesinsverband behoue bly;

➢ waar die kind spesifieke behoeftes en probleme ervaar wat eerder in 'n inrigtingsituasie as 'n pleegsorgsituasie met sukses hanteer kan word;

➢ waar die biologiese ouers sodanig inmeng in die gesinsituasie waarin die kind as plek van veiligheid verkeer, dat dit die moontlikheid dat 'n pleegsorgplasing kan slaag, verskraal;

➢ waar die ouers in so 'n mate inmeng in 'n bestaande pleegsorgsituasie dat dit die pleegplasing laat misluk;

➢ waar die probleme wat die kind ervaar, nie in die pleegsorgsituasie hanteer kan word nie en waar 'n derde pleegsorgplasing byvoorbeeld nie maklik oorweging sal geniet nie;

➢ waar daar 'n besondere sterk emosionele band tussen die ouers en kind bestaan, en 'n kinderhuisplasing derhalwe as minder bedreigend vir die gesinsbande beskou word;

➢ in gevalle van groter kinders wat sorgbehoewend bevind word en wat nie gedragsprobleme openbaar nie; en

➢ in gevalle van kleiner kinders wat emosionele en gedragsprobleme openbaar, wat veroorsaak dat hulle waarskynlik nie met sukses binne 'n pleegsorgopset hanteer sal kan word nie.

### 5.6.5.2 Beleid: Seleksie van 'n pleeggesin

Die volgende beleid word gevolg wanneer seleksie vir 'n plasing in 'n gesin gedoen word:

- kinders word nie in 'n gesin geplaas waar hul ouderdom dieselfde as die pleegouers se eie kinders is nie;
- geen pleegkinders word geplaas sodat hulle die oudste in die pleeggesin is nie;
- slegs twee kinders van dieselfde gesin word saam geplaas, afhangend van die behoeftes van die kinders;
- slegs kinders wat kan baatvind by 'n pleeggesin, kan in pleegsorg geplaas word;
- kinders uit verskillende gesinne moet nie sonder deeglike evaluering by dieselfde pleeggesin geplaas word nie;
- te veel pleegkinders by een gesin bemoeilik toesig en individualisering;
- kerkverband moet in ag geneem word;
- kinders bo sewe tot agt jaar kan moeilik oorweeg word vir pleegsorg, maar kan na gelang van hul aanpassingsvermoë en behoeftes geëvalueer word met die oog op 'n pleegplasing; en
- wanneer voornemende pleegouers afgekeur word, moet hulle skriftelik daarvan in kennis gestel word.

### 5.6.5.3 Beleid: Plasing

Die beleid wat met die plasing van 'n kind gevolg word, behels die volgende:

- die maatskaplike werker wat met die gesin werk by die verwydering van die kind, en wat derhalwe ook die kind ken, behoort die plasing te monitor;
- biologiese ouers se samewerking is baie belangrik vir die sukses van 'n plasing;
- deeglike voorbereiding van die kind binne die raamwerk van sy leefwêreld, is onvermydelik om angs en onsekerheid tot 'n minimum te reduseer;
- die kind moet eers vir besoeke by sy voornemende pleeggesin geneem word; en
- die maatskaplike werker moet op hoogte wees van die literatuur oor verwydering en plasing van kinders.

### 5.6.6 Besoekreëlings ten opsigte van die biologiese ouers

#### 5.6.6.1 Plek van veiligheid

- besoeke geskied volgens 'n voorgeskrewe besoekrooster soos vasgestel tussen al die betrokke partye (biologiese ouers, betrokke kind, veiligheidsouers en die maatskaplike werker); en
- kinders in 'n plek van veiligheid mag nie uitslaap nie.

#### 5.6.6.2 Pleegsorg

- Die maatskaplike werker, biologiese ouers en pleegouers stel 'n besoekooreenkoms op wat die volgende insluit:
  - frekwensie van besoeke;
  - duur van besoeke;
  - plek waar besoeke plaasvind;
  - dagbesoeke;
  - naweekbesoeke; en
  - vakansiebesoeke.
- Hierdie ooreenkoms word skriftelik aan al die partye voorsien en 'n afskrif word op die lêer geplaas.
- 'n Kontaklys moet deur die pleegouers en biologiese ouers ingevul word en daarna aan die welsynsorganisasie voorsien word.

### 5.6.7 Evaluering

Hierdie beleidsdokument rakende pleegsorg, is maklik om te verstaan en om in die praktyk toe te pas. Dit neem baie kwessies rakende vereistes waaraan pleegouers moet voldoen in ag. Hedendaagse vraagstukke, soos homoseksuele ouerpare, saamleefouerpare en enkelouers, word egter nie in ag geneem nie.

Dit is positief in die sin dat besoekregte van ouers baie duidelik uiteengesit word, aangesien 'n baie groot deel van maatskaplikewerk-dienslewering fokus op die hereniging van die kind met sy ouers. Dit kan ook slegs realiseer indien die verhouding tussen die betrokke kind en sy biologiese ouers verbeter het.

Wat hierdie beleid verder positief maak, is dat werksprosedures en werkwyses duidelik uiteengesit word. Dit is verstaanbaar, selfs vir onervare maatskaplike werkers. Hierdie beleidsdokument se vereistes waaraan pleegouers moet voldoen, stem ook baie ooreen met die beleid van die Christelike Maatskaplike Raad, wat betref ouderdom, profiel en vereistes waaraan voornemende pleegouers moet voldoen.

Nêrens in hierdie beleidsdokument word melding gemaak van die opleiding van voornemende pleegouers nie. Die oriëntering van pleegouers word wel kortliks genoem waar aandag gegee word aan wat pleegsorg behels (hieraan word volledig aandag gegee in die navorser se opleidingsprogram).

Die inhoud van hierdie beleidsdokumente was van kardinale belang en is ingesluit by die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers. Die doel van hierdie studie is nie dat die nasionale pleegsorgbeleid moet verander nie. Die uiteindelike doel is eerder dat die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers deel moet uitmaak van 'n groter pleegsorgmodel. Die rol van 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers as deel van 'n groter pleegsorgmodel, word in figure 5.1 en 5.2 uiteengesit (verwante en nie-verwante plasings).

**FIGUUR 5.1: VOORSTELLING VAN 'N PLEEGSORGMODEL BY NIE-VERWANTE PLEEGPLASINGS**




Uit figuur 5.1 word die voorstelling gemaak dat die opleiding van voornemende pleegouers moet geskied voordat 'n kind in pleegsorg geplaas word. Dit is egter nie die realiteit nie, aangesien 'n kind as gevolg van 'n krisisplasing reeds by voornemende pleegouers in plek van veiligheid geplaas kan word, hangend die afhandeling van die kinderhof- en pleegouerondersoeke. Bogenoemde model gee 'n duidelike beeld ten opsigte van die plek van 'n opleidingsprogram vir nie-verwante voornemende pleegouers binne hierdie groter model.

**FIGUUR 5.2: VOORSTELLING VAN 'N PLEEGSORGMODEL BY VERWANTE PLEEGPLASINGS**




Uit figuur 5.2 kan duidelik gesien word dat die opleiding van voornemende pleegouers 'n belangrike deel van die pleegsorgmodel uitmaak, selfs by verwante pleegplasings. Bostaande figuur 5.2 is grootliks geskoei op verwante pleegplasings waar die voornemende pleegkind wees gelaat is na sy ouers se afsterwe. Verwante pleegplasings kan ook geskied waar die ouers nog leef, waar die model soos in figuur 5.1 uiteengesit, gevolg kan word.

## 5.7 SAMEVATTING

Na aanleiding van die bespreking van die *Draft Discussion Document and Foster Care Guidelines* van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Scholtz, 1997:13-24); die *South African Yearbook of* Social *Development* (2006:1-53), asook die drie welsynsorganisasies se pleegsorgbeleid en -prosedures, kan die volgende punte uitgelig word:

- Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die drie welsynsorganisasies se beleidsdokumente vervat nie enige opleidingsriglyne of -programme vir voornemende pleegouers nie. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en Die Ondersteuningsraad meld dat opleiding van pleegouers moet geskied, maar die inhoud van so 'n program word nie uiteengesit nie. By die Christelike Maatskaplike Raad, word tydens oriëntering met die voornemende pleegouers wel inligting deurgegee oor wat pleegsorg behels, maar dit word ook nie volledig uiteengesit nie. Die Kinder- en Gesinsorgvereniging van Suid-Afrika maak geensins in hul dokument melding van die opleiding van voornemende pleegouers nie.

### 5.7.1 Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

- <u>Die pleegkind</u>: Die kind moet vooraf op plasing voorberei word en hy moet betrokke wees by die opstelling van sy behandelingsplan. Terwyl die kind in pleegsorg verkeer, is hy geregtig op alle fasette van emosionele, fisiese, skolastiese, intellektuele en geestelike versorging. Deurlopende dienslewering vind by die kind plaas.

- <u>Die pleeggesin</u>: Deur bewusmakingsprogramme op deurlopende basis in gemeenskappe te loods, word voornemende pleegouers vir welsynsorganisasies gewerf. Voornemende pleegouers moet opleiding deurloop en word gekeur volgens vasgestelde riglyne en prosedures van die onderskeie welsynsorganisasies. Die voornemende pleegouers moet ook aan bepaalde vereistes voldoen voordat hulle gekeur kan word, wat onder andere liefde vir kinders, geduld, buigsaamheid en kulturele sensitiwiteit, insluit. Die pleeggesin word ook oor hul regte ingelig en moet voorsien in die sekuriteit van die pleegkind wat by hulle geplaas is.

- <u>Die biologiese ouers</u>: Voorkomingsdienste moet eers aan ouers gelewer word, alvorens hul kind uit hul sorg verwyder word. Die ouers moet toegang hê tot hulpbronne as

voorkomingsmaatreël. Indien hul kind wel verwyder word, moet die ouers vooraf daaroor ingelig en voorberei word. Indien die terugplasing van 'n kind in sy ouers se sorg nie kan realiseer nie, moet permanensiebeplanning aangaande sy plasing gedoen word. Dit is belangrik dat plasing van die kind eerder in familie se sorg oorweeg moet word.

- Die aanbeveling word gemaak dat onderskeid getref behoort te word tussen langtermyn- en korttermynpleegsorg, asook verwante en nie-verwante pleegsorg.

- Die gebrek aan 'n resente nagevorste opleidingsprogram vir voornemende pleegouers word beklemtoon. Tans word voornemende pleegouers by welsynsorganisasies opgelei volgens hul eie voorskrifte en beleid.

### 5.7.2 Die Ondersteuningsraad

- Die reg van ouers om hul kinders op te voed en te versorg, word erken. Daar word dus in die maatskaplikewerk-professie gefokus op die instandhouding van die eenheid van die gesin. Indien ouers nie die versorging van hul kinders na behore kan waarneem nie, gebeur dit soms dat die kinders verwyder moet word. By die kontinuum van versorging moet verseker word dat sorgbehoewende kinders toegang tot dienste het. Die doel van pleegsorg is altyd om kinders in hul biologiese ouers se sorg te herstel. Indien hierdie doel nie kan realiseer nie weens die ouers se onvermoë om hul omstandighede te verbeter, is dit nodig dat langtermynbeplanning gedoen word. Dit is dus belangrik dat die kind se eiesoortige en individuele behoeftes altyd vooropgestel moet word.

- Pleegsorgtoesigwerkers: Die *verantwoordelikheid* van pleegsorgtoesigwerkers fokus op die lewering van professionele dienste, wat insluit: die seleksie van voornemende pleegouers, plasing van kinders, asook die voortsetting van dienste na die plasing van kinders. Dit is die *reg* van die pleegsorgtoesigwerker om gerespekteer te word en die nodige opleiding te ontvang in haar professie. *Vereistes* waaraan die pleegsorgtoesigwerker moet voldoen, is dat sy al die partye ten alle tye aan die tydelikheid van pleegsorg moet herinner en alle partye op die pleegplasing moet voorberei. Tydens plasings wat probleemgevalle is, verkry die pleegsortoesigwerker die nodige leiding en ondersteuning deurdat vereis word dat die geval vooraf tydens 'n paneelbespreking waar die programbestuurder en direkteur teenwoordig is, hanteer word.

- <u>Pleeggesinne</u>: Die pleeggesin is daarvoor *verantwoordelik* om in die pleegkind se spesifieke fisiese, emosionele, psigiese en intellektuele behoeftes te voorsien. Pleeggesinne moet oor hul *regte* ingelig word voordat ‘n plasing plaasvind en mag daarop aanspraak maak om die nodige leiding en ondersteuning te ontvang. Die *vereistes* rakende die voornemende pleegouers se ouderdom, huwelikstydperk, en gesinstruktuur is duidelik uiteengesit en dien as duidelike riglyn vir die keuring van voornemende pleegouers. Die voornemende pleegouers moet ook psigies gesond wees.

- <u>Biologiese ouers</u>: Die *verantwoordelikheid* van die biologiese ouers behels dat hulle die nodige samewerking moet bied en aktief moet deelneem aan enige insette wat deur die betrokke maatskaplike werker gelewer word. Die biologiese ouers is ook self verantwoordelik vir die verbetering en herstel van hul gesinsfunksionering. Dit is die *reg* van biologiese ouers om betrek te word by enige aspekte en besluitneming rakende hul kind en hulle mag ook aanspraak maak op ondersteuning en dienste. Die *vereistes* wat aan die biologiese ouers gestel word kan saamgevat word deur daarop te fokus dat hulle deurlopend betrokke moet wees by enige beplanning ten opsigte van hul kind.

- <u>Pleegkinders</u>: Pleegkinders is daarvoor *verantwoordelik* om al die individuele lede van hul pleeggesin te respekteer. Hulle moet ook hul samewerking bied aan die betrokke maatskaplike werker en vra vir hulp en leiding indien hulle ‘n behoefte daaraan het. Pleegkinders se *regte* kan saamgevat word deur te fokus op hul reg om as individue behandel en gerespekteer te word, beveilig te word en binne ‘n gesin groot te word. Dit is ‘n *vereiste* dat die belang van die pleegkinders altyd vooropgestel moet word en dat hulle hieroor ingelig sal bly.

- <u>Pleegouers se eie kinders</u>: Dit is die *verantwoordelikheid* van die pleegouers se eie kinders om te besef dat hulle hul ouers, besittings en woning met die pleegkind sal moet deel. Hulle *regte* behels wel dat hulle privaatheid beskerm moet word, as individue gereken moet word en dat hul keuses gerespekteer en ondersteun sal word. Dit is byvoorbeeld hul eie keuse of hulle bereid is om vriende met die pleegkinders te wees.

- Tydens die keuring van voornemende pleegouers, vind ‘n evaluering van hul vaardigheidsmoontlikhede as ouers plaas. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker voldoende inligting sal verskaf en hulle oor die voorgenome plasing sal voorberei. Opleiding van voornemende pleegouers vind in groepsverband plaas en is daarop

gefokus om hul kennis en vaardighede te bevorder. By seleksie van 'n gesin, moet na die kind se spesifieke behoeftes ondersoek gedoen word, byvoorbeeld sy talente, ouderdom, opvoedingsbehoeftes, moreel-etiese funksionering en belangstellings.

### 5.7.3 Christelike Maatskaplike Raad

- Dit is belangrik dat voornemende pleegouers die nodige leiding moet ontvang om hul vermoë as gesin te evalueer. Die maatskaplike werker moet tydens haar ondersoek, die nodige inligting rakende die gesin bekom en dan tot 'n verantwoordelike besluit kom, wat bepaal of die gesin geskik sal wees om as pleegouers op te tree. Daar moet 'n vennootskapsbeginsel tussen die organisasie en die pleegouers bestaan, omdat die pleegouers in die behoeftes van die organisasie voorsien en nie omgekeerd nie. Pleegouers word dus as 'n hulpbron vir die organsisasie bestempel.

- Kenmerke van 'n gesin wat as pleegouers oorweeg word, behels dat hulle 'n gesonde gesinsfunksionering moet handhaaf, stabiliteit moet hê, gesinskohesie moet ervaar, oor probleemoplossende vermoëns moet beskik, ondervinding van kinderopvoeding moet hê en samewerking moet kan bied. Die motiewe waarom ouers hulself as pleegouers beskikbaar stel, moet deeglik ondersoek word en nie verskuil wees nie. Indien die maatskaplike werker onseker is oor die motiewe vir pleegsorg, moet dit vooraf duidelik met die voornemende pleegouers uitgeklaar word.

- Die vereistes waaraan voornemende pleegouers moet voldoen, is duidelik uiteengesit. Dit sluit in: hul ouderdom, huwelikstydperk, inkomste, buitenshuise arbeid van die moeder en hul gesinsamestelling. Hierdie vereistes moet ook vooraf deeglik met die voornemende pleegouers gekommunikeer word. Kinderlose egpare word slegs oorweeg indien hulle infertiliteitsberaad deurloop het en hulle kan slegs vir permanente plasing benut word.

- Die individuele behoeftes van die pleegkinders moet voorrang geniet, wat beteken dat broers en susters van een gesin nie noodwendig saam geplaas kan word nie. In sulke gevalle moet gepoog word om onderlinge kontak tussen die sibbe te bewerkstellig en in stand te hou. Daar word ook onderskeid gemaak tussen pleegsorg en familiesorg. Voornemende pleegouers wat familie van die pleegkind is, moet ook 'n volledige keuring- en opleidingsprogram deurloop. Dit is nodig dat hulle die nodige samewerking sal bied.

### 5.7.4 Kinder- en Gesinsorgvereniging van Suid-Afrika

- Die opleiding en keuring van voornemende pleegouers is ‘n deurlopende proses. Die doel van die oriëntering van pleegouers is om aan hulle die nodige inligting te verskaf en om hulle deeglik voor te berei op die proses van pleegsorg, asook die vereistes waaraan hulle moet voldoen. Die vereistes waaraan hulle moet voldoen, is duidelik uiteengesit en neem die volgende in ag: ouderdom, huwelikstydperk, dagmoeders wat as pleegouers wil optree, asook aangenome kinders in een huis. Kinderlose egpare word verkieslik nie benut nie en sal slegs oorweeg word om as pleegouers op te tree wanneer hulle infertiliteitsberaad deurloop het, hul kinderloosheid verwerk het en nie meer te jonk is nie. Hulle sal ook slegs vir permanente plasings oorweeg word.

- Privaatreëlings wat oorloop in ‘n pleegplasing, het ‘n proses wat gevolg moet word, wat die aanvanklike aanmelding, ondersoek, beveiliging van die kind, kinderhofopening en veiligheidsplasing behels. ‘n Vollediger ondersoek sal daarna volg om te bepaal of ‘n pleegplasing in die kind se belang sal wees. Hierdie proses moet deurlopend aan al die betrokke partye gekommunikeer word.

- By die passing (selektering) en plasing van ‘n kind, moet bepaal word of ‘n kind ‘n kandidaat vir pleegsorg of inrigtingversorging is. Kinders van ‘n hoë ouderdom, wat ‘n hegte band met hul ouers het, gedragsprobleme openbaar, wat reeds verskeie mislukte plasings beleef het of gestremd is, sal eerder baat vind by ‘n kinderhuisplasing. Babas, kleuters en jonger kinders moet eerder in pleegsorg geplaas word. Pleegsorg word ook oorweeg waar kinders behoefte het aan ‘n gesinstruktuur.

- Na die plasing van ‘n kind, is dit die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker om die plasing te monitor. Die samewerking van die biologiese ouers is baie belangrik. Waar die terugplasing van ‘n pleegkind in sy biologiese ouers se sorg oorweeg word, moet die biologiese ouers, pleegouers, sowel as die kind, daarop voorberei word. Besoekreëlings tussen ‘n pleegkind en sy biologiese ouers is belangrik en geskied volgens ‘n ooreenkoms soos opgestel tussen die maatskaplike werker, die pleegouers en die biologiese ouers.

- Die doel van die bestudering van bogenoemde beleid en bestaande opleidingsprogramme, was nie om tekortkominge uit te wys nie, maar eerder om die mees resente en noodsaaklike inligting aangaande pleegsorg te bekom.

# HOOFSTUK 6

## 'N OPLEIDINGSPROGRAM VIR VOORNEMENDE PLEEGOUERS

### 6.1 INLEIDING

In die vorige vyf hoofstukke is die teoretiese basis vir die ontwikkeling van 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers uiteengesit, naamlik die algemene sisteemteorie, die sorgbehoewende kind, pleegsorg en pleegsorgbeleid in Suid-Afrika, asook die beleid en prosedures van verskillende welsynsorganisasies. Meer spesifiek gestel, teoretiese konstrukte wat as temas in die groepbesprekings en opleidingsessies gebruik kan word, is geïdentifiseer. Die literatuurstudie was fase twee van die intervensienavorsing en die eerste doelwit van hierdie studie.

In hierdie hoofstuk word die konstrukte gebruik om die intervensietegnieke van die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers daar te stel. Volgens Rothman en Thomas (1994:9-30) se model vir intervensienavorsing, vind hierdie model in verskillende fases plaas. Die derde fase is die voorlopige ontwerp , die vierde fase die eerste implementering en die vyfde fase die ontwikkeling van 'n gevorderde program.

Die ontwikkeling van die program is ook die tweede doelwit van hierdie navorsingstudie. Volgens Triseliotis, *et al.* (1995:44), is die opleiding van voornemende pleegouers nodig: "Foster carers could not be expected to undertake such demanding tasks without preparation, training, post-placement support and continued training." Triseliotis, *et al.* (1995:71) meld verder: "When foster carers are trained, prepared and supported following placement, success is more likely."

Soos in hoofstuk een gemeld, is die inhoud van die program saamgestel deur inligting wat vanaf kenners verkry is. Die navorser het ook gepoog om reeds bestaande opleidingsprogramme vir voornemende pleegouers van verskillende welsynsorganisasies te bestudeer. Die ondersoek het egter aan die lig gebring dat so 'n resente empiries nagevorste opleidingsprogram nie bestaan nie. Literatuur is ook bestudeer om te verseker dat die inligting wat deurgegee word, korrek en prakties is. Die navorser werk reeds 11 jaar

lank as maatskaplike werker, waarvan vyf jaar in hierdie spesialiteitspos wat hoofsaaklik fokus op die keuring en opleiding van voornemende pleegouers. Voor die aanvang van hierdie studie, het die navorser reeds verskeie opleidingsgroepe vir voornemende pleegouers aangebied en inligting is ook uit hierdie opleidingsessies verkry uit vrae en probleemaspekte wat hanteer is. Die navorser het dus die program aangepas na gelang van inligting wat uit hierdie opleidingsessies verkry is en die vrae wat deur daardie betrokkenes gestel is. Volgens Hitchcock (2006), is dit egter belangrik dat voornemende pleegouers kennis moet dra van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), asook die wetlike aspekte verbonde aan pleegsorg. Hierdie inligting is ook by die opleidingsprogram ingesluit.

Die sisteemteorie as fundamentele raamwerk maak ‘n belangrik deel van die intervensie-aspekte in hierdie program uit, en die sisteemteorie is reeds breedvoerig in hoofstuk twee bespreek.

Aangesien die intervensieprogram volledig in hierdie hoofstuk uiteengesit word, is dit vervolgens nodig om die konsep “program” binne die konteks van maatskaplike werk kortliks toe te lig.

## 6.2 DIE KONSEP “PROGRAM”

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:37) definieer maatskaplike dienste as: “Programme wat ontwerp is om persone te help om maatskaplike probleme op te los om hulle maatskaplike funksionering te bevorder.” Maatskaplike werk kan dus beskou word as die professionele aktiwiteit waardeur individue, groepe, organisasies en gemeenskappe gehelp word om hulle maatskaplike funksionering te verbeter (Zastrow, 2007:4). ‘n Program kan beskryf word as ‘n georganiseerde en sistematiese raamwerk vir intervensie, wat uit bepaalde riglyne en stappe bestaan (Levy & Orlans, 1998:109). In hierdie konteks is ‘n program dus ‘n gestruktureerde raamwerk wat ontwikkel word om persone se maatskaplike funksionering te bevorder.

Levy en Orlans (1998:109) meld dat ‘n program die volgende voordele bied:

- dit organiseer komplekse inligting;
- dit help om doelgerig op te tree - spesifieke doelwitte en metodes word aan elke fase van die proses gekoppel;
- dit bied "verligting" vir die terapeut of navorser, deurdat dit 'n raamwerk vir optrede skep waarbinne die probleemsituasie met selfvertroue benader kan word;
- dit bevorder terapie;
- dit versterk optimisme en hoop weens die feit dat vooruitgang beleef word; en
- dit is noodsaaklik vir onderrig.

Om hierdie opleidingsprogram te kan aanbied, is dit noodsaaklik dat die maatskaplike werker oor sekere vaardighede moet beskik. Hierdie vaardighede van die maatskaplike werker word kortliks soos volg toegelig:

## 6.3 TAAK EN VAARDIGHEDE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Volgens Levy en Orlans (1998:111), is dit vir die aanbieding van die program noodsaaklik dat die taak van die maatskaplike werker, asook die vaardighede waaroor sy moet beskik, in ag geneem word, naamlik:

- Die maatskaplike werker het 'n opvoedersrol. Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:47) definieer die opvoedersrol soos volg: "Die rol van die maatskaplike werker om vaardighede van kliënte te ontwikkel deur toepaslike inligting te voorsien, advies te gee, alternatiewe gedragspatrone en die gevolge daarvan te identifiseer en te demonstreer, onderrig te gee in probleemoplossingstegnieke en persepsies te verhelder." Kennis is mag, en opvoeding is dus 'n sentrale komponent in bemagtiging (Du Bois & Miley, 2005:245).

- Die maatskaplike werker moet oor uitgebreide kennis rakende die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), asook pleegsorg beskik, aangesien daarop gefokus word om voornemende pleegouers voldoende met kennis daaroor toe te rus. Die maatskaplike werker moet ook oor basiese kennis van kinders en meer spesifiek, die getraumatiseerde en sorgbehoewende kind beskik, ten einde doeltreffend inligting oor die hantering van hierdie kinders tydens die opleidingsessies, te kan weergee (Steenkamp, 2003; Fick, 2004).

- Die maatskaplike werker moet oor kulturele sensitiwiteit beskik, aangesien gedrag en persoonlike betekenisse wat aan gebeurtenisse gekoppel word, verskil ooreenkomstig individue se kulturele oriëntasie. Die maatskaplike werker moet dus daarteen waak dat sy haar eie kulturele oriëntasies en vooroordele op die respondente projekteer (Levy & Orlans, 1998:111).

- Die maatskaplike werker moet buigsaam en aanpasbaar wees, omdat geen effektiewe intervensiemodel of –program liniêr is nie (Levy & Orlans, 1998:112). Dit is dus nodig om op deurlopende basis die nodige aanpassings te maak.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die omvang van die taak en die vaardighede van die maatskaplike werker, baie wyd is. Die meeste maatskaplike werkers beskik egter wel oor goeie kennis rakende die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) en is dit nodig dat genoemde aspekte aandag moet geniet, alvorens die program geïmplementeer word en intervensie kan plaasvind. Dit is egter nodig dat die maatskaplike werker so spoedig moontlik grondige kennis van die nuwe Kinderwet moet verkry.

In die voorafgaande bespreking is die konsep "program" asook die vaardighede waaroor die maatskaplike werker moet beskik vir die aanbieding van hierdie intervensieprogram, bespreek. Vervolgens word die opeenvolgende fases van die intervensieproses bespreek:

## 6.4 OPEENVOLGENDE FASES VAN DIE INTERVENSIEPROSES

Die intervensie vir hierdie navorsing, is die opleidingsprogram wat aangebied word vir voornemende pleegouers, wat plaasvind by die kantoor van die Ondersteuningsraad van Pretoria. 'n Proses van keuring word gevolg vir voornemende pleegouers, waarvan die opleiding 'n baie groot en belangrike gedeelte uitmaak. Die opeenvolgende fases van die intervensieproses met voornemende pleegouers verwys na essensiële handelinge wat tydens elke fase van die totale intervensieproses uitgevoer moet word. Die fases van die intervensieproses is assessering, doelwitbepaling, intervensie (metode) en herassessering. In hoofstuk vyf is 'n voorstelling van 'n pleegsorgmodel uiteengesit in figure 5.1 en 5.2, en kan die fases van hierdie model, ingesleutel word by die opeenvolgende fases van die intervensieproses soos bespreek aan die hand van Levy en Orlans (1998:112).

Aan die hand van hierdie pleegsorgmodel (figure 5.1 en 5.2) en die opeenvolgende fases van die intervensieproses, kan ‘n beeld verkry word oor waar hierdie opleidingsprogram inpas. Hierdie fases word vervolgens aan die hand van Levy & Orlans (1998:112) bespreek:

### 6.4.1 Assessering van die voornemende pleeggesin

Alle voornemende pleegouers is ook onderwerp aan ‘n keuringsproses en dit is belangrik dat hulle as ‘n kliëntesisteem geassesseer moet word, alvorens hulle as pleegouers vir die organisasie gekeur kan word (Steenkamp, 2003). ‘n Volledige ondersoek na hul maatskaplike omstandighede is dus noodsaaklik (Fick, 2004).

Assessering is die eerste stap in die intervensieproses. Dit begin by die aanmeldingsonderhoud tussen die maatskaplike werker en die voornemende pleegouers en hul eie kinders en vorm deel van die totale intervensieproses (Levy & Orlans, 1998:81).

Kruger (1997:297) definieer assessering soos volg: “Assessering is ‘n professionele proses waarvolgens inligting wat deur die toepassing van teoretiese kennis, analitiese vaardighede en navorsing bekom is, georden word ten einde ‘n diepgaande begrip van ‘n spesifieke probleemarea te vorm.” Volgens Gitlin-Weiner, Sandgrund en Schaefer (2000:5), kan assessering omskryf word as ‘n probleemoplossingsproses wat uit ‘n holistiese benadering (temperament, kognitiewe funksionering, motiveringseienskappe, ego-ontwikkeling, gedrag, uitdrukking van gemoedstoestand, psigologiese eienskappe en persoonlikheidseienskappe) na die kliënte se sterk en swak punte verwys.

Volgens Levy en Orlans (1998:81), is die holistiese assessering van voornemende pleegouers noodsaaklik en sluit dit die volgende in:

- eerstens moet die assesseerder die ekologiese omgewing van die voornemende pleeggesin verstaan;
- tweedens moet die assesseerder faktore in die maatskaplike funksionering en verhoudings van die voornemende pleeggesin in diverse terme verstaan (dus kognitief, affektief, sosiaal, fisies en moreel/geestelik); en
- derdens moet die assesseerder verskillende data-insamelingsmetodes, waarnemingstegnieke en situasies (tuis, skool, voornemende pleeggesin) gebruik om betroubare inligting te bekom aangaande die voornemende pleegouers, sodat hul maatskaplike funksionering effektief en akkuraat geëvalueer kan word.

Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers genoemde aspekte in ag moet neem by die keuring van voornemende pleegouers, aangesien dit vir die maatskaplike werker 'n geheelbeeld gee van hoe die voornemende pleeggesin as sisteem en ook as deel van ander groter sisteme funksioneer. Dit is belangrik om hierdie inligting te bekom sodat daar 'n aanduiding kan wees of hierdie gesin oor die vermoë beskik om in 'n pleegkind se spesifieke emosionele behoeftes te kan voorsien. Die navorser is reeds vir 11 jaar as maatskaplike werker werksaam en beskik oor genoegsame ondervinding om 'n holisties assesssering van die voornemende pleeggesin te kan doen.

Waar kinders wat op privaatreëling in familie se sorg verkeer en nie in hul sorg kan aanbly nie, sou so 'n assessering byvoorbeeld kon uitwys aan watter aspekte in die opleidingsprogram aandag gegee of sterker beklemtoon moet word. So 'n assessering sou ook kon uitwys watter behandelingsprogramme (figure 5.1 en 5.2) en hulpbronne benut moet word (5.3.2).

Levy en Orlans (1998:81) verwys dus na 'n makro-analise om 'n holistiese beeld van 'n probleem te bekom. Makro-analises is egter tydrowend en is meer ingestel op die ontdekking van subtiele data wat met 'n verskynsel verband hou (Field, 1991:413). 'n Meetinstrument, naamlik 'n vraelys (Bylae 2), is in hierdie studie benut om data in te samel en die program empiries te toets. Hierdie vraelys is voor die aanvang van die intervensie, asook na afloop van die intervensie, ingevul sodat die impak van die program getoets kon word.

Opvolgonderhoude is een maand na intervensie, met die respondente gevoer om addisionele inligting te verkry.

Die navorser beveel aan dat hierdie vraelys deur maatskaplike werkers in die praktyk benut kan word as skedule vir onderhoude na afloop van voornemende pleegouers se opleiding, sodat hul kennis aangaande pleegsorg gemeet kan word.

### 6.4.2 Doelwitbepaling vir die program

Die doelstelling van hierdie opleidingsprogram (intervensie) kan soos volg verklaar word:

- *Om voornemende pleegouers se kennis rakende die omvang, wetlike implikasies, verwagtinge, motiewe, verantwoordelikhede en pligte van pleegsorg, te verhoog, asook om hul kennis te verbeter ten opsigte van die hantering van die pleegkind met sy spesifieke emosionele probleme en behoeftes.*

Volgens Levy en Orlans (1998:122), moet doelwitte (gewenste uitkomste) op 'n positiewe wyse geformuleer word en gedrag wat verander moet word, moet gespesifiseer word. Daardie doelwitte wat op doelstellings gebaseer is, moet ook realisties en bereikbaar wees.

Die volgende doelwitte is vir die program geformuleer:

- om die voornemende pleegouers se behoeftes en kennis rakende pleegsorg te evalueer;
- om die voornemende pleegouers se vlak van kennis ten opsigte van agtergrond en inligting rakende pleegsorg, wetlike implikasies en proses van kontak met die pleegkinders se biologiese ouers te verbeter;
- om die voornemende pleegouers se kennis ten opsigte van die hantering van die pleegkind met sy emosionele probleme en behoeftes, en hul rol en taak as hulpbron vir die welsynsorganisasie, te verhoog;
- om die voornemende pleegouers aan te moedig om in die opleidingsproses te belê aangesien dit die opregte begeerte om kennis op te doen en te groei, bevorder;
- om die nodige inligting ten opsigte van keuring en die opleidingsprogram aan die voornemende pleegouers te voorsien; en
- om sukses van en verwagtings ten opsigte van die voorgenome pleegplasing te verhoog.

Voornemende pleegouers is gesamentlik in groepe betrek, waar die opleidingsprogram aangebied is. Alhoewel die opleidingsprogram wel in groepsverband aangebied is, is groepwerk as 'n terapeutiese intervensiemetode nie benut nie. Dit is egter nodig dat inligting ten opsigte van groepwerk kortliks bespreek word, ter volledigheid van hierdie studie.

### 6.4.3 Groepwerk

Groepe is 'n middel waardeur verhoudings met betekenisvolle ander mense gebou word. Volgens die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:24) kan 'n groep soos volg beskryf word:

> Aantal individue met soortgelyke maatskaplike probleme aan wie 'n maatskaplike werker dienste lewer deur middel van groepwerk.

> Versameling individue, gewoonlik met ooreenstemmende belange, wat in staat is tot konsekwente en eenvormige optrede om take uit te voer en doelstellings te verwesenlik.

Die groepe vir hierdie studie, word die beste deur die tweede definisie beskryf, deurdat daar tydens die implementering van die opleidingsprogram, nie terapeuties toegetree is of enige dienste gelewer is nie. Die groepe het bestaan uit individue met gemeenskaplike behoeftes (benodig kennis om as pleegouers op te tree) en om take uit te voer (om as pleegouers op te tree).

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:25) definieer groepwerk soos volg: "Metode in die maatskaplike werk waarvolgens individuele en groepdoelstellings binne groepsverband verwesenlik word deur die doelgerigte toepassing van die groepwerkproses." Du Preez (1995:5) en Roux (1998:2) stem saam dat maatskaplike groepwerk 'n metode is waardeur die maatskaplike werker volgens die proses, doelstellings en beginsels van maatskaplike werk, die individu tot doeltreffende maatskaplike funksionering lei. Die navorser se besluit om die opleidingsprogram in groepsverband aan te bied, is geskoei op die feit dat dit weens 'n hoë werklading, tyd en kostes sou bespaar. Volgens Winter (2000:4), word die volgende redes ook aangevoer vir die aanwending van groepwerk, naamlik:

- groepwerk is meer koste-, tyd- en terapeuties-effektief;
- interaksie en leergeleenthede vir lede word daargestel;
- 'n verskeidenheid probleme kan in die groep hanteer word;
- groeplede motiveer mekaar tot kommunikasie en uitdrukking van onderdrukte gevoelens;
- groeplede kan identifiseer met medegroeplede se ervarings; en
- hulle kan met nuwe gedrag eksperimenteer.

Volgens Steward en Carcía-Vázquez (1998:10-12), verloop die groepwerkproses as intervensiemetode in bepaalde stadiums, naamlik:

- ***Stadium een*** - Oriëntering en eksplorering: In die eerste fase kom weerstand teen die eksplorering van emosies gewoonlik voor, maar in *sosialiseringsgroepe* met 'n *sterk opvoedkundige inslag* mag groter gemak aangetref word, omdat die lede minder blootgestel voel. Lede vind uit hoe die groep gaan funksioneer, definieer doelwitte en klaar verwagtings uit. Die primêre taak van die groepleier is om 'n groepsidentiteit en vertrouensverhouding te vestig. Die leier kan help om doelwitte te identifiseer en groepsnorme te verduidelik (Steward & Carcía-Vázquez, 1998:10). Hierdie

opleidingsprogram vir voornemende pleegouers het ook eerder ‘n opvoedkundige inslag en is minder terapeuties van aard, aangesien die doel van die program daarop gefokus is om voornemende pleegouers se kennis ten opsigte van pleegsorg te verhoog of te verbeter. Gevolglik het respondente minder blootgestel gevoel. Tydens die eerste van drie sessies, is gesamentlike doelwitte aan lede verduidelik en het kontraksluiting tussen die respondente en die navorser ook plaasgevind.

- ***Stadium twee*** - Weerstand en konflik: Tydens hierdie fase kan weerstand, angs en ‘n magstryd, veral met die groepleier, voorkom. Die primêre doel van die groepleier is om weerstand te herken en te hanteer. Lede neig byvoorbeeld om oor neutrale gebeure, soos hul belangstellings en algemene gesinsopset of oor ander persone soos maats van hul kinders of hul eie ouers, te praat. Die leier se rol is om lede aan te moedig om meer oor hulself te praat en om hulle op ‘n empatiese wyse uit te daag (te motiveer) om ander te vertrou en aan groepsgesprekke deel te neem (Steward & Carcía-Vázquez, 1998:11). Weens die feit dat hierdie opleidingsprogram baie vinnig van die een stadium na die ander beweeg (aangesien slegs drie sessies aangebied word), kan weerstand reeds vroeg al by lede tydens die eerste sessie voorkom. Konflik het bestaan veral tydens die sessie waar die regte van al die betrokke partye gehanteer is. Baie weerstand is ervaar ten opsigte van die rol van die biologiese ouers se betrokkenheid en dat voornemende pleegouers grootliks voel dat hulle al die verantwoordelikheid vir die versorging van ‘n pleegkind dra, maar dat hul regte baie meer beperk is. Dit was vir die navorser noodsaaklik dat respondente die geleentheid gebied word om oor hul probleme en onsekerhede te praat.

- ***Stadium drie*** – Bevordering van groepskohesie: In hierdie fase van die proses het lede normaalweg ‘n vertrouensverhouding gevestig en is hulle minder afhanklik van die groepleier. Die fokus is op die hier-en-nou. Ten einde van kohesie na produktiwiteit te beweeg, moet verskeie faktore behandel word, naamlik: vertroue, aanvaarding, empatie, hoop, selfblootstelling, ‘n verbondenheid om te verander indien dit verwag sou word en gemak met intimiteit (Steward & Carcía-Vázquez, 1998:11). Hierdie fase kom reeds tydens die tweede opleidingsessie voor, weens die feit dat daar reeds met die eerste sessie aandag aan probleme van voornemende pleegouers gegee word. Tydens hierdie fase was dit duidelik dat respondente met meer gemak hul probleme deel en gemakliker oor hulself praat.

- ***Stadium vier*** – Konsolidasie en afsluiting: Tydens konsolidasie, integreer die lede normaalweg hul nuwe leerervarings met bestaande kennis. Die groepleier moet die inhoud van gesprekke opsom, interpreteer en veralgemeen en verbande tussen groeplede onderskei. Lede moet op afsluiting voorberei word. Die selfinsig van groeplede moet geëvalueer word, terugvoer moet gegee word en enige onvoltooide sake moet hanteer word. Lede moet aangemoedig word om op die nuwe leerervaring voort te bou (Steward & Carcía-Vázquez, 1998:12). Tydens hierdie stadium (in die derde opleidingsessie), is inligting wat deurgegee is, opgesom, en die kennis wat opgedoen is, geëvalueer deur die invul van ‘n vraelys (Bylae 2).

Alhoewel die navorser drie opleidingsessies aangebied het met voornemende pleegouers, kon die verskillende fases van groepwerk nie duidelik gevolg word nie, aangesien daar reeds met die aanvang van die eerste sessie op ‘n dieper vlak as net bekendstelling en sluiting van vennootskap beweeg is. Dit is egter belangrik om kennis te dra van die fases van groepwerk. Dit word *kortliks* ter verduideliking volgens Du Preez (1989:142-148) en Corey en Corey (2002:94-277) bespreek:

- Voorbereidingsfase: Tydens hierdie, fase word behoeftebepaling gedoen, die samewerking van alle betrokkenes verkry, die grootte van die groep bepaal, die tydsduur en plek van die groepsessies vasgestel en groeplede op die voorgenome sessies voorberei. Groepwerkadministrasie behels die samestelling van die groep, en die duur en frekwensie van groepbyeenkomste

- Aanvangsfase: Tydens hierdie fase, kom losstaande individue met mekaar in aanraking. Hierdie stadium word gekenmerk deur onsekerheid, selfbewustheid, afwagting en selfs soms weerstand. Dit is dus noodsaaklik dat die groepleier so gou moontlik met hierdie losstaande individue die vorming van verhoudings moet bewerkstellig.

- Toetredingsfase: Lede is in ‘n mindere mate losstaande individue, maar vorm nog nie ’n verbonde groep nie. Lede is sekerder van hul plek in die groep, is minder selfbewus en is meer op die groep en ander lede gerig. Tydens hierdie fase, word die groeplede sterker as in enige ander tydperk, gekonfronteer met die aard van die hulpverlening wat aangebied word, en gevolglik hul eie betrokkenheid by die verandering van hul lewensituasie.

➢ Benuttingsfase: Die oorgang van die toetredingsfase na die benuttingsfase word gekenmerk deur groter spontaneïteit en intimiteit tussen groeplede. Hulle praat makliker oor hul gemeenskaplike probleme. Die groep bereik groter stabiliteit en verbondenheid neem toe. Die lede raak werklik betrokke by intervensie en is gretig om die geleenthede te benut. Hulpverlening kan, en behoort tydens hierdie fase, 'n hoogtepunt te bereik.

➢ Afsluitingsfase: Groepe word afgesluit wanneer vakkundige diens nie meer benodig word nie. Die intervensie word sinvol afgerond en afgesluit, en die meeste doelstellings is reeds bereik. Groeplede raak passief en ambivalent en is gewoonlik ook gereed vir afsluiting. Evaluering van die groepwerkproses vorm 'n belangrike deel van die afsluitingsfase. Al die lede moet aktief betrokke wees by die evaluering en elkeen moet sy eie persoonlike groei evalueer. Dit help om vas te stel of hulpverlening geslaagd was of nie.

### 6.4.4 Herassessering

Aangesien die navorser die uitkomste van die opleidingsprogram moet evalueer (Levy & Orlans, 1998:112), kan die vraag gestel word: Hoe het die voornemende pleegouers op hierdie spesifieke intervensie gereageer? Om die vraag te beantwoord, is in die huidige studie van 'n kwantitatiewe enkelstelselontwerp gebruik gemaak om die program empiries te toets.

## 6.5 AANBIEDING VAN DIE OPLEIDINGSPROGRAM

### 6.5.1 Profiel van voornemende pleegouers (respondente)

Die respondente vir die opleidingsprogram is saamgestel uit *alle* aansoekers wat as pleegouers vir die Ondersteuningsraad Pretoria wou optree en wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 aangemeld het. Aansoekers het bestaan uit egpare of individue wat geskik of gewillig was om as pleegouers vir die organisasie op te tree. Die ouderdomme van die aansoekers het behels dat hulle ouer moet wees as 20 jaar, tot onbeperk. Geen diskriminasie het plaasgevind ten opsigte van inkomste, geslag, huwelikstatus, kultuur, ras of geloof nie. Alle aansoekers wat tydens hierdie tydperk by die organisasie aangemeld het, het ingestem om by die studie betrek te word. 'n Totaal van 53 respondente, bestaande uit

11 enkellopendes, 20 egpare en 'n homoseksuele paar, is by hierdie opleidingsprogram betrek. Die program kan dus aan getroude of saamleefpare, en enkellopendes aangebied word. Van hierdie 53 respondente, was 39 verwante en 14 nie-verwante plasings. Die program is dus geskik vir albei hierdie groepe.

### 6.5.2 Aanpassings vir die aanbieding van die program

Aanpassings vir die aanbieding vir die program is gemaak, omdat van die respondente ongeletterd/ongeskoold was. Om hierdie probleem grootliks te oorbrug, is gepoog om respondente met ongeveer dieselfde intellektuele vermoëns (skeiding van geskoolde en ongeskoolde respondente) bymekaar in groepe in te skakel, maar dit het egter nie die probleem heeltemal uitgeskakel nie.

### 6.5.3 Basiese struktuur en formaat van die opleidingsprogram

Die raamwerk van die opleidingsprogram volg hieronder. Die inhoud (struktuur en formaat) daarvan word daarna volledig bespreek.

- Aanmeldingsonderhoud met die oog op bepaling van behoeftes en reeds bestaande kennis van pleegsorg.

- Tuisbesoek om maatskaplike funksionering en behuisingsomstandighede te evalueer.

- Inligting deurgegee tydens die aanbieding van opleidingsessies
  - Sessie een:
    - leer mekaar ken en oriënteer die lede tot die opleidingsessies;
    - sluiting van vennootskap;
    - bespreek die groep se gemeenskaplike behoeftes
    - bespreek pleegsorg en die wetlike implikasies daarvan aan die hand van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983);
    - bespreek die motiewe vir pleegsorg;
    - bespreek die redes vir die verwydering van kinders volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), asook die profiel van disfunksionele gesinne; en
    - bespreek die fases van rou na die verwydering van kinders.

- Sessie twee:
  - bespreek die verwagtinge wat aan pleegouers, biologiese ouers en die betrokke maatskaplike werker gestel word;
  - bespreek die regte van pleegkinders, pleegouers en die biologiese ouers;
  - bespreking van strafmaatreëls en alternatiewe metodes om kinders te dissiplineer; en
  - bespreek kontak tussen die pleegkind en sy biologiese ouers.

- Sessie drie:
  - bespreking van gedrags- en emosionele probleme en die hantering daarvan;
  - bespreking van die hantering van die kind met MIV/VIGS;
  - bespreking van die opvoeding van pleegkinders en die taak van die pleegouers;
  - bespreek die gebruik van die gesinstruktuur as sisteem om kinders te heel en hoe om die kind te help om deel van 'n nuwe gesin (sisteem) te word;
  - stel 'n hulpbronlys aan die respondente beskikbaar ten opsigte van sielkundiges en terapeute; en
  - evalueer die opleidingsprogram en sluit die program af.

- Opvolg telefoniese onderhoud met die voornemende pleegouers om addisionele inligting te verkry van respondente.

Vervolgens word die opleidingsprogram in meer besonderhede bespreek.

## 6.6 'N OPLEIDINGSPROGRAM VIR VOORNEMENDE PLEEGOUERS

In die voorafgaande bespreking is die teoretiese raamwerk vir die opleidingsprogram kortliks bespreek. Vervolgens word die struktuur en formaat van die opleidingsprogram (operasionalisering van die teorie) volledig uiteengesit. Operasionalisering verwys na prosedures om die teoretiese model empiries te toets (Delport, 2002:193). Drie opleidingsessies elk vir drie groepe van ongeveer drie uur lank is aangebied.

### 6.6.1 Aanmeldingsonderhoud

Die navorser het met alle respondente wat hulle gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 as voornemende pleegouers vir die Ondersteuningsraad beskikbaar gestel het, individuele kantooronderhoude gereël. Hierdie respondente het hulself by die navorser aangemeld of is deur medekollegas verbonde aan die Ondersteuningsraad van Pretoria, na die navorser verwys. Die rede hiervoor was dat dit deel is van die navorser se posomskrywing as pleegsorgwerker betrokke by die keuring en opleiding van voornemende pleegouers. Alle respondente wat gedurende hierdie tydperk aangemeld of na die navorser verwys is, is by die opleidingsessies ingeskakel. Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:1) definieer 'n aanmelding soos volg: "Proses waardeur bepaal word of 'n persoon as 'n kliënt aanvaar kan word of na 'n ander hulpbron verwys moet word." Getroude egpare/saamleefpare is tydens individuele onderhoude saam gespreek.

#### 6.6.1.1 Aansoekvorm

Tydens hierdie aanmeldingsonderhoud, word die respondente versoek om 'n aansoekvorm (Bylae 1) in te vul en dit met die volgende tuisbesoek aan die navorser terug te besorg. Die aansoekvorm maak ook voorsiening daarvoor dat dit met die nodige dokumentasie (salarisstrokies, getuigskrifte, ensovoorts) vergesel word. 'n Lys van referente moet op die aansoekvorm verskaf word. Toestemming word op die aansoekvorm gegee dat die navorser die referente mag kontak.

#### 6.6.1.2 Insameling van inligting

Inligting oor die voorgenome pleegouer(s) word verkry ten opsigte van:

- hul identifiserende besonderhede, wat hul naam, ouderdom, kontaknommers en adres insluit;
- hul huidige werksituasie en finansiële omstandighede;
- bepaling of hulle hulself al voorheen as pleegouers beskikbaar gestel het en indien wel: wanneer? deur wie? is die kind nog by hulle? indien nie, wat is die redes?;
- bepaling of daar reeds 'n kind(ers) in hul sorg verkeer (plek van veiligheid of privaat) en indien wel, wat hul verwantskap met die kind is;

- indien daar reeds 'n kind(ers) in hul sorg verkeer, is terugvoer verkry ten opsigte van die agtergrond van die kind (redes waarom kind nie by sy ouers woon nie/by hulle geplaas is, ouderdom van kind en skolastiese vordering); en
- motiewe vir hul aansoek as pleegouers.

#### 6.6.1.3 Invul van vraelys

Respondente word versoek om *elk* (ouerpare vul die vraelys ook individueel in) 'n selfopgestelde vraelys (Bylae 2) in te vul om hul huidige kennis ten opsigte van pleegsorg te bepaal. Die vraelys word ingevul *voordat* 'n behoeftebepaling by hulle gedoen word, aangesien die moontlikheid bestaan dat die respondente vrae kon hê ten opsigte van pleegsorg en die navorser wou nie hul bestaande kennis van pleegsorg beïnvloed nie.

#### 6.6.1.4 Behoeftebepaling

Behoeftebepaling word deur die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:6) soos volg gedefinieer:

> Sistematiese beoordelings deur maatskaplike werkers en ander vakkundiges om probleme en potensiële oplossings te identifiseer, relevante gemeenskaps-eienskappe te meet, verbruikerspersepsies van probleme en doelstellings te ontleed, bestaande hulpbronne te evalueer en te bepaal of huidige programme en dienste aan die behoeftes van 'n spesifieke groep voldoen.

Die respondente se behoeftes word na aanleiding van die *aanmeldingsonderhoud* op grond van die volgende geïdentifiseer:

- rol en taak van die maatskaplike werker betrokke by pleegsorg;
- verwagtinge ten opsigte van pleegsorg; en
- deurlopende dienslewering wat verlang word;

#### 6.6.1.5 Aanvullende reëlings

Die volgende aanvullende reëlings word getref:

- inligting ten opsigte van die opleidingsgroepe word deurgegee, asook die doel en datums van die opleiding; en
- 'n afspraak (tuisbesoek) word met die voornemende pleegouers gereël, waar hul behuisingsomstandighede en maatskaplike omstandighede geëvalueer sal word - dit is

nodig dat die voornemende pleegouers se eie kinders (asook die kind in hul sorg, indien van toepassing) tydens die tuisbesoek, teenwoordig moet wees.

### 6.6.2 Tuisbesoek om die behuisingsomstandighede en maatskaplike funksionering te evalueer

Die voltooide aansoekvorm (Bylae 1), vergesel van die relevante dokumentasie, word as onderhoudskedule tydens die tuisbesoek gebruik.

Die aansoekvorm sluit die volgende in:

- volledige identifiserende besonderhede;
- gesinsagtergrond;
- werkgeskiedenis en finansiële omstandighede;
- verhoudingslewe (huwelik, ouer-kind);
- fisiese en psigiese omstandighede;
- inligting oor eie kinders;
- motiewe vir pleegsorg; en
- belangstellings en stokperdjies.

Al die gesinslede word betrek by hierdie onderhoud. Die tegniek van sirkulariteit soos gebruik by die sisteembenadering, word hier baie sinvol benut. Tradisionele geesteswetenskaplike modelle is gebaseer op die aanname dat verhoudings liniêr is (Levy & Orlans, 1998:159). Inligting *oor* individuele gesinslede word *aan* ander gesinslede gevra, en die interaksiepatrone tussen die gesinslede word dus baie duidelik waargeneem. Waarneming kan beskryf word as 'n tegniek in die maatskaplike werk waar gefokus word op die kliënt se houdings, gevoelens, optrede, reaksies en omgewing (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk,* 1995:70). Die genogram en ekokaart kan ook saam met die gesin opgestel word, maar het die navorser nie hierdie tegniek tydens die studie benut nie.

Die behuisingsomstandighede word ondersoek met betrekking tot die fisiese opset, die vertoon van die huis (byvoorbeeld netjies/versorg of onversorg), die inwoners en of daar genoeg ruimte en privaatheid vir die betrokke pleegkind sal wees. Inligting word ook verkry ten opsigte die gesin se inskakeling by gemeenskapsaktiwiteite en 'n kerk, kinders se inskakeling by 'n skool en enige sportaktiwiteite waaraan gesinslede deelneem. Dit is verder

belangrik dat volledige inligting ook verkry word ten opsigte van die gesin se inkomste en die besteding van hul finansies.

### 6.6.3 Aanbieding van opleidingsessies

Die opleidingsessies is in die konferensielokaal van die Ondersteuningsraad van Pretoria aangebied, met toestemming van die bestuur (Bylae 4). Die navorser het vooraf die stoele en tafels reggeskuif en die blaaibord gereël. Die uitdeelstukke en die hulpbronlys is vooraf afgerol op onkoste van die Ondersteuningsraad. Waterbekers en glase is ook op die tafels reggesit. Koffie, tee en ligte verversings is voor die aanvang van die sessies vir die respondente aangebied, wat deur die navorser self op eie onkoste verskaf is.

Die respondente was verantwoordelik vir hul eie vervoer en is saamrygeleenthede vooraf onderling gereël. Twee groepe se sessies het na-ure plaasgevind en een groep se sessies is gedurende kantoorure aangebied (weens na-uurse vervoerprobleme). Respondente wat vervoerprobleme gehad het, is op hierdie wyse geakkommodder.

Die respondente het om die tafels gesit wat in 'n u-vorm geskuif is en die respondente kon self kies waar hulle wou sit.

Die voorbereiding vir die opleidingsessies is deur die navorser self gedoen en was ekstra helpers nie nodig nie. Geen addisionle onkostes is aangegaan nie.

Weens die groot getal respondente (53 in totaal) wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 aangemeld het, is hulle in drie groepe ingedeel (sover moontlik volgens hulle geskooldheid). Met elk van hierdie groepe is drie opleidingsessies aangebied. Uit belewenis met groepe wat in die verlede aangebied is, is bevind dat die opleidingsessies kort opmekaar moet volg om te sorg vir kontinuïteit. Die drie onderskeidelike opleidingsessies het dus vir drie dae opeenvolgend plaasgevind. Dit is belangrik om daarvan melding te maak dat elke opleidingsessie ongeveer drie ure duur, vanweë die hoeveelheid inligting wat deurgegee word, asook die hantering van vrae en probleemaspekte wat kan voorkom. Uitdeelstukke (Bylae 3) is na afloop van elke sessie aan die respondente oorhandig.

Al die respondente het die onderskeie opleidingsessies bygewoon en dit kan toegeskryf word aan die feit dat dit die beleid van die Ondersteuningsraad is dat die opleiding van

voornemende pleegouers, verpligtend is. Twee groepe (groep een en groep drie) het baie goed aan die groepbesprekings deelgeneem en hulle het waardevolle insette gegee. Groep twee het grootliks bestaan uit respondente wat intellektueel laer funksionerend is. Gevolglik was die insette in hierdie groep beperk, en het die verduideliking van begrippe en die bespreking van inligting baie langer geneem. Dit was nodig om inligting gereeld te herhaal sodat enige onduidelikhede uitgeskakel word.

'n Volledige bespreking van die inhoud van die opleidingsessies word vervolgens uiteengesit.

#### 6.6.3.1 Sessie 1: Algemene oriëntering en deurgee van inligting

- ***Doelstelling***

Om respondente tot die navorsingsproses te oriënteer en om hul kennis rakende pleegsorg soos in die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) gestel, te verbeter.

- ***Doelwitte***

➢ om respondente aan mekaar voor te stel en om aan hulle die rede vir die opleidingsessies te verduidelik;
➢ om 'n vertrouensverhouding daar te stel; en
➢ om aan die respondente volledige inligting deur te gee ten opsigte van pleegsorg.

- ***Hulpmiddel***

'n Blaaibord word tydens hierdie sessie gebruik, sodat vrae wat gestel word oor onderwerpe wat nie deurgegee word nie, asook belangrike opmerkings, aangeteken kan word.

- ***Verloop van die sessie***

Met die aankoms van die respondente, word hulle welkom geheet en op hul gemak gestel. Die respondente kon hulself help aan koffie, tee en ligte verversings. Dit is belangrik dat die atmosfeer ontspanne is, sodat samewerking makliker verkry kan word.

- ***Bekendstelling***

Die navorser stel haarself aan die respondente bekend en versoek die respondente om hulself ook beurtelings aan die groep voor te stel. Die navorser versoek ook die respondente om melding daarvan te maak of hulle reeds kinders in hul sorg het al dan nie. Die navorser verduidelik voorts dat daar drie opleidingsessies aangebied sal word en gee agtergrond oor al die onderwerpe wat in die drie sessies hanteer gaan word.

- ***Sluiting van vennootskap***

Die navorser verduidelik dat pleegouers altyd gesien word as ‘n hulpbron vir die organisasie en nie as kliënte gereken word nie. Die rede daarvoor is dat pleegouers die organisasie daarmee behulpsaam is om die kind te help wat in hul pleegsorg geplaas word. Dit is belangrik dat daar ‘n vertrouensverhouding tussen die pleegouers en die organisasie bestaan sodat hierdie gemeenskaplike doel bereik kan word. Die navorser lê dus klem daarop dat die verhouding tussen die pleegouers en die betrokke organisasie, dus ook tussen die respondente en die navorser, as ‘n vennootskap gesien kan word.

- ***Bespreking van gemeenskaplike behoeftes***

Die navorser gee terugvoer oor die groep se gemeenskaplike behoeftes, soos deur die navorser self bepaal en ook soos deur hulle individueel geïdentifiseer tydens die aanmeldingsonderhoud:

- almal in die groep het hulself bereid verklaar om as pleegouers vir ‘n kind(ers) op te tree;
- volledige inligting ten opsigte van pleegsorg, asook die regte en verpligtinge van al die betrokke partye, word benodig;
- daar bestaan ‘n behoefte aan die wete dat daar deurlopende ondersteuning aan hulle gebied sal word nadat die kind finaal by hulle geplaas is, ook wanneer hulle moontlike probleme met die betrokke kind ervaar; en
- die rol en taak van die maatskaplike werker moet vir hulle duidelik wees.

- ***Bespreking ten opsigte van pleegsorg aan die hand van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) - In toekomstige groepe sal die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) as riglyn gebruik word***

Die navorser gee inligting deur ten opsigte van plek van veiligheid en pleegsorg, asook die wetlike implikasies daarvan (uitdeelstuk een). Dit is belangrik dat al die aspekte wat genoem

word, met die voornemende pleegouers hanteer word. Die navorser inisieer ‘n dieptegroepbespreking ten opsigte van die volgende aspekte:

Plek van veiligheid: Dit is ‘n tydelike plasing van kinders terwyl die kinderhofondersoek nog steeds hangend is. Tydens hierdie plasing, word die maatskaplike werker die geleentheid gebied om ‘n volledige ondersoek na die kind en sy ouers se omstandighede te doen (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk,* 1995:65; Skelton, 1998:130). Kinders mag nie oorslaap sonder toestemming van die maatskaplike werker nie, selfs al is die kinders, veiligheidsouers en biologiese ouers aan mekaar verwant. Die nodige wetlike prosedure moet gevolg word om die bevel vir die tydperk te wysig. Besoeke tussen die betrokke kind en die biologiese ouers vind ook tydens hierdie tydperk plaas. Dit word beskou as ‘n moniteringsgeleentheid om te bepaal wat die verhouding tussen die kind en sy ouers is. Daar is ook vryskelding van skoolfonds, selfs al verkeer die kind steeds net in plek van veiligheid. ‘n Veiligheidstoelaag is deur die staat ook betaalbaar aan die veiligheidsouers of veiligheidsplek (Hitchcock, 2006).

Pleegsorg: As inleiding word die volgende woorde van ‘n bestaande pleegouer van die organisasie gebruik: *“Pleegsorg behels dat pleegouers die biologiese ouers aanneem en dan boonop vir hul kinders ook moet sorg” (*die aanhaling word gebruik om aan die respondente te verduidelik dat, ongeag wat die pleegouers se behoeftes is, die biologiese ouers altyd deel van die meeste pleegplasings is). Hierdie plasing kan gesien word as die plasing van sorgbehoewende kinders, nadat kinderhofverrigtinge afgehandel is (Barker, 1991:86; Goldstein, *et al*., 1996:14). Die hofbevel volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), Artikel 14(4), is net vir twee jaar geldig. Pleegsorgtoesigdienste vind deurlopend plaas solank die kind in pleegouers se sorg verkeer. Gedurende hierdie tydperk, word ook dienste aan die biologiese ouers gelewer, waarna ‘n aanbeveling ingevolge Art 15(1)(a)-herstel in ouerlike sorg onder bepaalde voorwaardes, 15(1)(b)-pleegsorg of 15(1)(c)-kinderhuis, ten opsigte van die kind se versorgingsposisie, gemaak word met die doel om die bevel te verleng of om die kind in sy ouers se sorg te herstel. ‘n Kontribusie-bevel word ook deur die hof teen die biologiese ouers ingestel waar hulle ‘n vasgestelde bedrag op grond van hul inkomste, aan die staat moet betaal. Besoeke tussen die pleegkinders en hul biologiese ouers word aangemoedig en gestruktureer deur die betrokke maatskaplike werkers (De Bruyn, 1984:20; Fahlberg, 1994:187). Indien ‘n pleegplasing misluk, word die kind met ‘n hofbevel uit die pleegouers se sorg verwyder en weereens in ‘n plek van veiligheid geplaas, om die maatskaplike werker die geleentheid te gun om

ondersoek in te stel na alternatiewe plasingsmoontlikhede. Pleegkinders word ook vrygeskeld van skoolfonds (Hitchcock, 2006). 'n Pleegkindtoelaag ten bedrae van R580 per pleegkind is op maandelikse basis betaalbaar (Skelton, 1998:137). Die pleegouers doen by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Pensioene-afdeling aansoek vir die pleegkindtoelaag, deur hul bankbesonderhede, die oorspronklike hofbevel, identiteitsdokumente, bewys van adres (byvoorbeeld water- en elektrisiteitsrekening), die geboortesertifikaat van die pleegkind en 'n bewys van die pleegkind se skoolbywoning, in te handig en te registreer.

Die navorser meld aan die respondente dat maatskaplike dienslewering makliker verloop by nie-verwante pleegplasings as by verwante pleegplasings. Die rede daarvoor is dat by verwante pleegplasings, dit moeiliker is om dienste te strukureer omdat familie mekaar ken, hul eie reëls volg en ook omdat daar meer konflik tussen familie onderling mag bestaan. Dienste aan die kind in hierdie tipe plasing word ook bemoeilik omdat familie emosioneel by die kind betrokke is en hulself moeilik distansieer waar dit in belang van die kind is (Theron, 1982:199; Scannapieco, Hegar & McAlpine, 1997:480-488). Verwante pleegsorg is egter voordelig vir die *kind,* deurdat dit sy trauma kan vermider as hy by familie geplaas word. Die familie is ook bekend met sy omstandighede en kan dus ondersteuning en begrip bied (Delport, 2007:88).

<u>Gesinsherenigingsdienste</u>: Tydens die pleegplasingstydperk (twee jaar), lewer 'n toegewysde maatskaplike werker ook dienste aan die biologiese ouers van die betrokke kind (Maluccio, *et al.*, 1994:489). Dienste wat aan ouers gelewer word, behels byvoorbeeld finansiële beplanning, aanleer van ouerskapsvaardighede, motivering tot stabiele maatskaplike funksionering, inskakeling vir huweliksberaad (indien van toepassing), ensovoorts (Fourie, 1999:19). Die doel is om altyd te fokus op die rehabilitasie van die ouers, sodat hul kind(ers) weer in hul sorg herstel kan word. Voordat die hofbevel na verloop van die aanvanklike twee jaar verstryk, word 'n aanbeveling aan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gemaak (verslag word opgestel) ten opsigte van die kind se toekomstige plasingsposisie, naamlik dat die bevel verleng moet word en die kind aanbly in pleegsorg, of dat die kind in sy ouers se sorg herstel moet word (*Department of Welfare,* 1998:22). Daar word weereens gewys op die belangrikheid van kontak en besoeke tussen die kind en sy biologiese ouers. Indien terugplasing van die kinders in hul biologiese ouers se sorg aanbeveel word, word die volgende in ag geneem:

- ‘n proefperiode van ses maande in ouers se sorg;
- die pleegouers is “administratief” steeds die versorger, sodat die kind weer by hulle geplaas kan word indien die plasing by die ouers tydens die proefperiode misluk; en
- na afloop van die proeftydperk, word ‘n finale aanbeveling gemaak, waarna die kind finaal in sy ouers se sorg herstel word, onderhewig aan voorwaardes (Hitchcock, 2006).

Dit is egter nie vir pleegouers moontlik om die besluit om ‘n pleegkind in sy biologiese ouers se sorg te herstel, te verander nie, en daar word eerder gefokus op die motivering vir hul samewerking om die terugplasingsproses vir die pleegkind te vergemaklik. Pleegouers se samewerking word benodig om kontak tussen die kind en die biologiese ouers te behou. Volgens Hitchcock (2006) en die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), verkry pleegouers nie *voogdyskap* oor hul pleegkind nie, aangesien die biologiese ouers steeds voogdyskap oor hul kinders behou, selfs na die verwydering van hul kind. Weens die feit dat die biologiese ouers voogdyskap behou, word hul toestemming in die volgende gevalle steeds benodig, selfs al verkeer hul kinders in pleegsorg:

- tot hul kind se aanneming;
- tot hul kind se huwelik, indien onder die ouderdom van 18 jaar;
- tot die kind se aansoek om ‘n paspoort;
- tot die vervreemding of die verkoop van enige vaste eiendom;
- tot die kind se verwydering uit die land; en
- mediese versorging waar die kind narkose nodig het (Bosman & Van Zyl, 1997:52; Government Gazette, 2006:38; Hitchcock, 2006).

Pleegouers het wel die magtiging om toestemming te gee vir aspekte rakende die algemene versorging van die kind, naamlik:

- algemene mediese versorging waar die kind nie narkose nodig het nie;
- skolastiese opvoeding, byvoorbeeld eie keuse van kleuterskool en skool (sluit in die gee van toestemming vir skooluitstappies, buitemuurse aktiwiteite en skooltoere en skoolkampe);
- algemene dissiplinering van die kind; en
- oopmaak van bankrekening vir die kind (Hitchcock, 2006).

Mediese onkoste: Die keuse vir die dra van die onkostes verbonde aan mediese versorging vir die betrokke kind, berus by die veiligheidsouers/pleegouers. Die volgende opsies word gestel:

- *staatshospitaal*: gratis mediese versorging by die vertoon van die hofbevel;
- *mediese fondse*: sommige fondse laat pleegkinders as medelid of afhanklike lid toe; en
- *privaat*: eie keuse en finansiële verantwoordelikheid (Hitchcock, 2006).

Mediese behandeling: Toestemming van biologiese ouers vir mediese behandeling word slegs benodig wanneer narkose benodig word. Indien ouers onopspoorbaar is wanneer toestemming vir narkose verkry moet word, moet die maatskaplike werker gekontak word sodat sy die nodige toestemming van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling kan verkry. Wanneer 'n pleegkind tydens 'n noodgeval narkose benodig en die ouers en maatskaplike werker nie gekontak/bereik kan word nie, kan die superintendent van die hospitaal die nodige toestemming vir narkose verleen (Hitchcock, 2006).

Skoolfonds: Alle kinders in pleegsorg en plek van veiligheid word vrygeskeld van die betaling van skoolfonds. Daar moet jaarliks by skole aansoek gedoen word om vryskelding. Vryskelding van skoolfonds geld egter nie vir privaatskole, kolleges, kleuterskole en koshuise nie. Alle ander uitgawes verbonde aan die skool, is die veiligheidsouers en pleegouers se eie verantwoordelikheid, naamlik: administrasiefooi, finansies vir buitemuurse aktiwiteite, skryfbehoeftes, skoolklere, ensovoorts (Hitchcock, 2006).

Aanspreeklikheid: Daar is geen wetlike aanspreeklikheid vir veiligheids- of pleegouers indien die betrokke kind(ers) ernstig beseer word nie, byvoorbeeld deur in 'n motorongeluk te beland of die opdoen van beenbreuke en beserings nie. Veiligheids- en pleegouers word wel aanspreeklik gehou waar hulle nalatig was, byvoorbeeld waar opsetlike beserings opgedoen word in 'n motorongeluk weens dronkbestuur, mishandeling en/of verwaarlosing (Hitchcock, 2006).

Vakansies: Die betrokke maatskaplike werker moet altyd in kennis gestel word van enige vakansiereëlings wanneer die pleegouers tydens vakansies wil weggaan, sodat navrae en besoeke aan biologiese ouers vooraf hanteer kan word. Die betrokke kinders moet verkieslik by die vakansiereëlings ingesluit word, behalwe vir kinders wat hul ouers tydens vakansies besoek waar hierdie besoeke deur die betrokke maatskaplike werker aanbeveel word.

Wanneer veiligheidsouers/pleegouers met vakansie oor die landsgrense gaan en die pleegkind wil saamneem, moet die volgende in ag geneem word:

- aansoeke moet reeds twee maande vooraf by die betrokke maatskaplike werker ingedien word, aangesien die proses van toestemming vanaf die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling baie lank duur;
- aansoeke moet vergesel word van die nodige toestemming deur die biologiese ouers (indien van toepassing), volledige besonderhede van reisreëlings, verblyfreëlings en kontaknommers; en
- 'n bevel word uitgereik indien die aansoek suksesvol is en geen kind mag die land verlaat sonder hierdie bevel nie (Hitchcock, 2006).

- ***<u>Bespreek die motiewe vir pleegsorg</u>***

Die navorser meld dat pleegouers se motiewe om hulself as pleegouers beskikbaar te stel van die uiterste belang is, omdat dit bydra tot die sukses of mislukking van 'n pleegplasing. Die navorser meld dat daar is aanvaarbare sowel as onaanvaarbare motiewe is. Die respondente word versoek om eers die aanvaarbare en daarna die onaanvaarbare motiewe te noem, waarna die navorser alles op die blaaibord neerskryf. 'n Groepbespreking volg daarna. Uit die Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad (2000) en die Pleegsorgbeleid van die Christelike Maatskaplike Raad (1992), gee die navorser die volgende inligting ten opsigte van aanvaarbare sowel as onaanvaarbare motiewe deur (uitdeelstuk twee)(Bylae 3):

Aanvaarbare motiewe is soos volg:

- liefde vir 'n kind;
- wil graag ouerskap uitleef;
- wil baie kinders hê;
- hou daarvan om kinders te versorg;
- hou van groot huisgesinne;
- het positiewe ervaring van vorige pleegsorg gehad;
- ken vriende/familie wat kinders in pleegsorg het en wat dit positief beleef;
- wil 'n naastediens lewer;
- eie kinders is uit die huis en ouers het nou weer die geleentheid om 'n kind in nood te help; en

- wil graag vir 'n kind in nood geleenthede en stabiliteit bied.

Onaanvaarbare motiewe is soos volg:

- wil 'n pleegkind neem om die plek van 'n gestorwe kind in te neem;
- wil eie inkomste aanvul met die pleegkindtoelaag;
- soek 'n maat vir hul eie kind;
- wil eie onvervulde aspirasies deur middel van die pleegkind bereik;
- het 'n mislukking gemaak van die opvoeding van hul eie kinders en wil nou hulself bewys as goeie ouers;
- om 'n huwelik te red; en
- om eensaamheid te verdryf.

- ***Bespreek die redes vir die verwydering van kinders volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) – Aanpassing sal gedoen word sodra hierdie Artikels van die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) geïmplementeer is***

Die navorser inisieer 'n bespreking oor die redes vir die verwydering van kinders uit hul ouers se sorg. Die navorser versoek die respondente om redes vir die verwydering van kinders te noem en hierdie redes word op die blaaibord neergepen. Na afloop hiervan, word die gronde vir die verwydering van kinders aan die hand van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), soos volg aan die respondente weergegee, naamlik:

- 'n kind wat geen ouer(s) of voog het nie;
- 'n kind wie se ouers nie opgespoor kan word nie;
- 'n kind wat –
    - geen waarneembare bestaansmiddele het nie of verlaat is;
    - gedrag openbaar wat nie deur sy ouers of voog beheer kan word nie;
    - in omstandighede woon wat waarskynlik sy verleiding, ontvoering, of seksuele uitbuiting kan veroorsaak of bevorder;
    - woon in of blootgestel word aan omstandighede wat sy fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn ernstig kan skaad;
    - in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing is; en
    - fisies, emosioneel of seksueel deur sy ouers of voogde misbruik of mishandel is.

Die navorser meld dat dit belangrik is dat pleegouers moet verstaan wat bogenoemde alles impliseer. ‘n Verduideliking word gebied van die omstandighede van ouers wat daartoe aanleiding gee dat hul kinders verwyder word (uitdeelstuk drie).

Die navorser gee die volgende profiel van disfunksionele ouers deur, wat tot die verwydering van hul kinders kan lei, naamlik:

- onwilligheid of onvermoë om vir hul kinders te sorg;
- fisiese en/of emosionele verwaarlosing en mishandeling van hul kinders;
- arrestasie of gevangesetting van die versorgende ouer;
- ernstige gesinskonflik en gesinsgeweld;
- verslawing aan alkohol en/of dwelmmiddels;
- onstabiele maatskaplike funksionering, byvoorbeeld swerf rond, geen inkomste nie, ensovoorts;
- gebrekkige ouerskapsvaardighede, wat daartoe lei dat veral kleiner kinders emosioneel en fisies verwaarloos word;
- swak of geen skoolbywoning van skoolgaande kinders;
- seksuele misbruik van kinders;
- geestesprobleme kom voor, byvoorbeeld persoonlikheidsafwyking, skisofrenie;
- emosionele onstabiliteit, byvoorbeeld woede-uitbarstings, selfmoordpogings en depressie; en
- chroniese materiële nood, veral by ouers wat geen heenkome het nie en waar kinders weens die nood, ondervoed is (Skelton, 1998:127).

- ***<u>Bespreking van die fases van rou na die verwydering van kinders uit hul ouers se sorg</u>***

Die navorser meld dat kinders wat uit hul ouers se sorg verwyder word, deur verskillende fases van rou gaan, aangesien dit vir die kinders ‘n verlies is wat hulle moet verwerk. Volgens Louw en Edwards (1998:427), is emosies geleë binne die spesifieke situasies van ‘n persoon se lewe. Emosies behels ‘n toestand van aksiegereedheid, byvoorbeeld as ons bang is, is ons gereed om te ontsnap, of weg te kruip as ons kwaad is. Dit is belangrik dat respondente moet kennis dra van die fases van rou waardeur die pleegkind gaan, aangesien dit vir hulle insig sal gee oor hoe om die kind te hanteer en om sy gedrag dus beter te verstaan. Die navorser gee die volgende fases van rou aan die respondente deur (uitdeelstuk vier) en hanteer dit as ‘n bespreking in groepsverband:

***Eerste fase** – Wittebroodsfase*: Volgens die Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad (2000), kan kinders wat in alternatiewe sorg geplaas is, voorgee dat hulle geen probleme het nie, uit vrees vir verdere verwerping. Dit kan ook beteken dat die betrokke kind baie gehoorsaam is en alles doen wat sy pleegouers van hom verwag, omdat ongehoorsaamheid kan beteken dat hy weer eens verwyder sal word. Hierdie periode kan 'n paar weke of selfs 'n paar maande duur. Dit is egter nie altyd die realiteit nie en die maatskaplike werker en die pleegouers voel gerus dat die plasing en aanpassing van die kind, bevorderlik verloop. Hierdie gedrag is dikwels nie 'n refleksie van hul werklike aanpassing nie, maar eerder 'n refleksie van hul vrees en angs wat hulle nie kan verwerk of hanteer nie. Daar moet gewaak word teen die versoeking om hierdie "skyn" as die ware aanpassing te sien (Fick, 2004).

***Tweede fase** – Trauma en rou*: Volgens Bowlby (1988:31), is rou "the usual response to a loss after it has occurred." Die navorser noem dit is belangrik om te weet dat kinders rou of treur wanneer hulle uit hul ouers se sorg verwyder word. Kinders beleef hartseer en rou weens verlies en skeiding (Levy & Orlans, 1998:223). Hulle kan ook trauma beleef weens die mishandeling en/of verwaarlosing waaraan hulle in hul ouerhuis blootgestel was. Die betrokke kind verloor sy gevoel van emosionele en psigologiese sekuriteit weens die onbekende omgewing (Potgieter, 2006). Hierdie fase word gekenmerk deur die volgende:

- ***Skok***: Dit is 'n bewuswordingsfase, waar die kind ingelig word oor die redes vir verwydering en wanneer die besef ontstaan dat daar geen ander uitweg vir hom is nie.

- ***Ontkenning:*** Dit is 'n fase van verwarring vir die kind, en gevoelens van ongeloof en onwerklikheid word beleef. Die kind verstaan nie altyd wat besig is om te gebeur nie en hy kan die inligting wat aan hom deurgegee word, nie altyd onthou of begryp nie. Die inligting is dus vir hom flitsend van aard. Die kind kan byvoorbeeld praat asof hy die volgende dag huis toe gaan.

- ***Woede en protestering***: Dit is 'n sterk emosionele reaksie wat ontlok word deur situasies soos fisiese inperkinge, inmenging, verwydering van besittings en om aangeval of bedreig te word (Louw, Van Ede & Louw, 1998:276). Die kind voel kwaad oor dit wat met hom gebeur het, aangesien dit nie iets is wat hy kon voorkom nie (Louw & Edwards, 1998:427). Hierdie woede en opstandigheid word dikwels op ander persone geprojekteer. Woede kan ook op hulself gerig wees, weens skuldgevoelens en hul

verlies aan beheer oor omstandighede. Tydens hierdie fase, kan die kind dikwels hulp verwerp.

- ***Wanhoop en depressie***: Die kind beleef terneergedruktheid, angs en spanning. Dit lei tot sosiale isolasie, gevoelloosheid, hulpeloosheid, eensaamheid, gebrek aan konsentrasie en onvermoë om sy huidige situasie as positief te beleef. Die kind kan neig om hom te onttrek van ander. Tydens hierdie fase, kan die gedrag verkeerdelik geïnterpreteer word as 'n herstelfase (Kobak, 1999:24).

***Derde fase*** – Aanpassing (losmaking): Die kind beleef aanpassing in sy pleeggesin nadat hy sy verlede en die hede deurworstel het. Dit beteken dat die kind hom nou op die toekoms kan rig. Daar is ook 'n geleidelike afname in rou by die kind te bespeur en die intensiteit van emosies wat by die vorige fases voorgekom het, verswak. Akute aanvalle van hartseer kan wel nog voorkom, maar die verlangde emosie tree weer op die voorgrond. Die kind begin weer in ander en sy omgewing belangstel (Fick, 2004; Blunden, 2005:83).

Die navorser meld dat die oplossing om onverwerkte rou te hanteer, nie daarin geleë is om dit te onderdruk nie. Dit is belangrik dat pleegkinders eers deur die verlies van hul eerste bindingsfiguur (byvoorbeeld biologiese ouer) moet werk, voordat hulle emosioneel gereed is om met 'n tweede bindingsfiguur (pleegouer) te bind. Die verwerking van 'n verlies kan vergemaklik word deur daaroor te praat. 'n Ondersteunende en simpatieke omgewing is baie belangrik vir die kind se verwerking van verlies.

- ***Hantering van vrae en probleemaspekte***

Na afloop van die inligting en groepbespreking, gee die navorser aan die respondente die geleentheid om vrae te vra met die doel om duidelikheid oor die bespreekte aspekte te verkry. Respondente kry ook die geleentheid om terugvoering te gee van hul belewenis van die sessie en of hulle beleef dat hul kennis van die bespreekte aspekte verbeter/verhoog het. Dit is belangrik dat die respondente nie net kennis opdoen nie, maar ook die nodige *insig* moet hê om die hele omvang van hul taak as pleegouers te begryp. Insigontwikkeling is egter 'n proses waardeur die maatskaplike werker die kliënt stap vir stap tot selfbegrip lei deur te fokus op sy denke, gevoelens en gedrag (Van der Merwe, 1992:200). Vir die doel van hierdie program, word die respondente se insig nie gemeet nie, maar slegs die kennis wat hulle opdoen. Met die nodige toestemming, teken die navorser die respondente se onderskeie response aan.

- ***Samevatting en afsluiting***

Na die opleidingsessie, word die inhoud van die byeenkoms saamgevat deur te noem dat in hierdie sessie besef is dat pleegsorg baie kompleks is, dit ‘n groot verantwoordelikheid is om ‘n pleegkind te versorg en dat dit baie belangrik is om te verstaan wie die pleegkind is. Die navorser bedank die respondente vir hul teenwoordigheid en samewerking gedurende die verloop van die sessie.

**6.6.3.2 Sessie 2: Regte, verwagtinge en verpligtinge**

- ***Doelstelling***

Om respondente te oriënteer ten opsigte van die regte en verwagtinge van al die betrokke partye en om ‘n begrip te vorm van hul verantwoordelikheid as pleegouers.

- ***Doelwitte***

- om ‘n kort samevatting van die vorige opleidingsessie te doen en om aan die respondente die geleentheid te bied om vrae daaroor te vra, indien daar nog enige onsekerheid bestaan;
- om die respondente vertroud te maak met die verwagtinge wat gestel word aan pleegouers, biologiese ouers en maatskaplike werkers;
- om die respondente ook vertroud te maak met die regte van pleegkinders, pleegouers en biologiese ouers;
- bespreking van strafmaatreëls ten opsigte van pleegkinders; en
- om kennis by respondente te kweek oor die tipes kontak wat tussen pleegkinders en hul ouers plaasvind en wat die doel van hierdie kontak is.

- ***Hulpmiddel***

‘n Blaaibord word as hulpmiddel tydens hierdie sessie benut om aantekeninge te maak en om die groepsgesprek te fasiliteer.

- ***Verloop van die sessie***

Met die aankoms van die respondente, word hulle welkom geheet en word vir hulle 'n kort geleentheid gegun om informele gesprek met mekaar te hê, sodat 'n gemaklike en gemoedelike atmosfeer geskep word. Respondente help hulself aan koffie, tee en verversings wat voorgesit is.

- ***Samevatting van vorige sessie***

Die navorser verwys kortliks terug na die vorige sessie wat plaasgevind het om die nodige kontinuïteit tussen die opeenvolgende sessies te verkry. Die navorser versoek die respondente om vrae te vra oor die aspekte wat reeds in die vorige sessie bespreek is, om nog verdere onduidelikhede op te klaar.

- ***Bespreek die verwagtinge wat aan die pleegouers, biologiese ouers en die maatskaplike werker gestel word***

Die navorser lei 'n groepsgesprek ten opsigte van die verwagtings wat aan hulle as pleegouers, die biologiese ouers en die maatskaplike werkers gestel word. Die navorser gee die volgende inligting uit die Pleegsorgbeleid van die Ondersteuningsraad (2004) deur, ten opsigte van die verwagtinge wat aan al die betrokke partye gestel word:

Verwagtinge aan pleegouers gestel (uitdeelstuk vyf):

- dat hulle saam met die maatskaplike werker in vennootskap sal tree om in die behoeftes van die betrokke kind te voorsien;
- dat hulle die kind sal versorg ten opsigte van sy gesondheid, asook psigiatriese, sielkundige of ander gespesialiseerde dienste, indien nodig;
- om die kind te help en die geleentheid te gee om deel te neem aan sportaktiwiteite en ontspanning;
- om die kind die geleentheid te bied om 'n positiewe sosialiseringsproses te ervaar;
- om die kind voldoende te klee;
- om die pleegkind van sakgeld te voorsien;
- om die pleegkind se biologiese ouers met besoeke te akkommodeer;
- om nie die pleegkind se ouers by hom af te kraak nie, maar eerder hul beeld by die pleegkind te versterk;
- die kind toelaat om vir sy familie en vriende te gaan kuier;

- indien die kind se familie siek is of afsterwe, moet die pleegouers die kind self vertroos en neem vir besoeke of die begrafnis;
- om die maatskaplike werker in kennis te stel van enige adresverandering;
- die pleegouer moet altyd bereid wees om probleme wat mag opduik in die pleegsorgsituasie, met die maatskaplike werker te bespreek;
- die pleegouer moet meehelp dat die band tussen die ouer en die kind nie verbreek word nie en die kind ondersteun ten opsigte van terugplasing in sy ouers se sorg; en
- dat die pleegouer bereid sal wees om verdere opleidingsprogramme te deurloop wat die organisasie kan aanbied ten opsigte van die voorbereiding en beoefening van pleegouerskap.

Verwagtinge aan biologiese ouers gestel (uitdeelstuk ses):

- dat hulle samewerking aan die maatskaplike werker sal bied met die oog daarop om hulle met hul kind te herenig;
- dat hulle die pleegouers as die primêre versorgers van hul kind sal eerbiedig;
- dat hulle die maatskaplike werker in kennis sal stel van enige adres- en werksverandering;
- om gereeld besoeke na te kom wat deur die maatskaplike werker gereël is;
- om nie die pleegouers by die kind af te kraak nie en die kind behulpsaam te wees om aan sy pleegouers die nodige respek te toon; en
- dat hulle bereid sal wees om verdere programme te deurloop wat die organisasie aanbied ten opsigte van verryking, opleiding en beoefening van positiewe ouerskap.

Verwagtinge aan die maatskaplike werker gestel (uitdeelstuk sewe):

- dat die keuse van 'n pleegkind eerbiedig sal word;
- dat die maatskaplike werker die pleegouers se vrae sal beantwoord rondom pleegsorg en die pleegkind;
- om ondersteuning en onderskraging te bied ten opsigte van die pleegouers se rol en verantwoordelikheid as pleegouer;
- om bystand te verleen aan die pleegouers met betrekking tot probleme en gedrag van die biologiese ouers, asook wyses oor hoe om die biologiese ouers te hanteer;
- om al die betrokke partye met die nodige respek te behandel;
- die maatskaplike werker moet beskikbaar en bereikbaar wees;

- dat die organisasie gereeld opleidingskursusse sal aanbied wat voorsien in die betrokke partye se behoeftes;
- dat die maatskaplike werker dienste sal lewer aan al die betrokke partye ten opsigte van behoeftes en probleme wat bestaan;
- dat daar oop kommunikasie sal wees tussen die maatskaplike werker en al die betrokke partye;
- dat gesamentlike beplanning van die pleegkind se toekoms deur die maatskaplike werker, die pleegouers asook die biologiese ouers sal geskied; en
- dat die maatskaplike werker voldoende inligting aan die pleegouer ten opsigte van die pleegkind en sy omstandighede sal verskaf, sodat pleegouers sal weet hoe om die pleegkind te hanteer.

Die navorser gee aan die respondente geleentheid vir vrae en skryf opmerkings op die blaaibord neer.

- ***<u>Bespreek die regte van pleegkinders, pleegouers en die biologiese ouers</u>***

Die navorser lei 'n groepsgesprek ten opsigte van die regte van pleegouers, pleegkinders asook die biologiese ouers. Dit word beklemtoon dat die respondente oor die nodige kennis hieroor moet beskik, veral omdat onsekerheid van die regte gewoonlik kan lei tot konflik tussen die biologiese ouers en die pleegouers en dit ook verwarring en onsekerheid kan veroorsaak. Volgens die Pleegsorgbeleid van die Ondersteuningsraad (2004), word die regte van die onderskeie partye word soos volg in die opleidingsessie bespreek:

Regte van pleegkinders (uitdeelstuk agt):

- om met respek en agting behandel te word;
- om van hul regte, asook die toepassing daarvan in kennis gestel te word;
- om binne 'n gesin wat opgelei is om in sy behoeftes te voorsien, groot te word;
- om kwaliteit opvoedkundige opleiding en mediese dienste te ontvang;
- om sover moontlik kontak te behou met die gesin van oorsprong;
- pleegkinders het die reg tot professionele ondersteuning en dienste om in hul behoeftes te voorsien;
- om in besluitneming rondom hul toekoms, deel te neem;
- om in dieselfde gemeenskap of in 'n toepaslike gemeenskap waarin hulle ouers is, geplaas te word; en

- om teen enige vorm van mishandeling, verwaarlosing, verlating, wreedheid of enige vorm van uitbuiting, beskerm te word.

Regte van pleegouers (uitdeelstuk nege):

- om as ‘n individu met respek en agting behandel te word;
- om opgelei te word in die pleegsorgpraktyk en voorberei te word op moontlike veranderinge wat in hul gesin kan intree wanneer ‘n kind by hulle geplaas is;
- om ‘n duidelike aanduiding te gee oor die verwagte tydperk van die plasing;
- om deurlopend ondersteuning en leiding te ontvang, soos wat die pleegsorgproses verloop;
- om voor die pleegsorgplasing toegang te hê tot tersaaklike inligting rondom die kind;
- ontvang ‘n pleegkindtoelaag as finansiële bystand om die kind te versorg;
- biologiese ouers het nie vrye toegang tot die pleegouers se woning of tot die kind nie; en
- pleegouers verkry nie voogdyskap oor die kind nie, met ander woorde kan nie toestemming verleen vir narkose by mediese behandeling of vir die kind se huwelik nie.

Regte van biologiese ouers (uitdeelstuk tien):

- om met respek en agting behandel te word;
- om deur middel van telefoonoproepe, briewe en besoeke soos geskeduleer, toegang tot hul kind te hê;
- om op hoogte gehou te word van hul kind se vordering en by spesiale gebeurtenisse ingesluit te word;
- om deel te wees van die beplanning van dienste;
- inskakeling by gesinsherenigingsdienste om die hereniging van die gesin te bevorder; en
- moet steeds toestemming verleen tot narkose by mediese behandeling of vir die kind se huwelik.

Die navorser lei ‘n groepsgesprek na aanleiding van genoemde aspekte en vrae en probleemaspekte word hanteer. Ook hierdie probleemaspekte word op die blaaibord neergepen.

- ***Bespreking van strafmaatreëls en dissiplinering***

Die navorser noem dat pleegkinders "andermanskinders" is. Dit is belangrik dat pleegouers moet weet dat lyfstraf in watter vorm ook al, onwettig is (Hitchcock, 2006). Die navorser meld dat dissipline in die vorm van lyfstraf deur pleegkinders as mishandeling beleef kan word, veral as hulle in hul ouerhuis aan fisiese mishandeling blootgestel was (Hughes, 1997:4). Die navorser meld dat pleegouers onder geen omstandighede pleegkinders moet dreig met verwydering as hulle ongehoorsaam is nie, aangesien dit net tot verdere gevoelens van verwerping en vrees by die kind sal lei. Dit is ook belangrik dat pleegouers moet kennis dra dat hulle pleegkinders ook nie mag straf deur die weiering van toegang of kontak met hul ouers nie, of om hulle sonder kos bed toe te stuur nie (Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad, 2000; Fick, 2004).

Die verskillende ouerskapstyle kan in die opleidingsprogram geïnkorporeer word, maar dit is nie deel van hierdie program nie weens die beperkte tyd wat vir elke sessie toegelaat is.

Die navorser meld dat dissipline lei tot sosialisering en 'n gesonde binding (Hughes, 1997:5). Die navorser lei 'n groepsgesprek en versoek die respondente om alternatiewe strafmaatreëls te bespreek. Hierdie terugvoer word deur die navorser op die blaaibord neergeskryf. Na afloop van die bespreking, word verdere inligting aangaande alternatiewe strafmaatreëls deur die navorser aan die respondente deurgegee (uitdeelstuk 11). Die navorser meld dat wanneer pleegouers met gedragsmoeilike pleegkinders te doen het, hulle gevoelens van magteloosheid en frustrasie beleef, veral as hulle 'n onvermoë het om die kind te dissiplineer (Webster-Stratton & Herbert, 1994:119). Pleegouers moet wegbeweeg van onrealistiese gedagtes, naamlik:

- ander ouers blyk baie goed hul kinders te beheer;
- kinders kan oornag verander; en
- waarom moet kinders geprys word wanneer hulle iets doen wat hulle in elk geval *moet* doen? (Webster-Stratton & Herbert, 1994:123).

Die navorser noem dat dit belangrik is dat die pleegouers van die begin af die huisreëls en die verwagtinge wat hulle aan die kind stel, aan hom moet verduidelik. Die navorser meld dat dit belangrik is dat die kind nooit die beheer in die gesin moet oorneem nie en dat hy nie anders as hul eie kind hanteer en gedissiplineer moet word nie. Die navorser stel daarna die volgende alternatiewelike strafmaatreëls of dissiplineringsmetodes voor:

- stel duidelike grense, met ander woorde moet aanvanklik nie onaanvaarbare gedrag laat begaan omdat hulle vir die kind jammer voel nie;
- die straf moet onmiddellik wees, selfs al beteken dit die kind moet dit waarmee hy besig is, eers los om sy straf "uit te dien";
- moet nooit in 'n woordewisseling ("shouting match") met die kind betrokke raak nie;
- waak daarteen om jouself te herhaal, waar die kind byvoorbeeld gevra word om iets te doen – tree onmiddellik op as die kind na die eerste waarskuwing nog nie gereageer het nie;
- ontneem die kind van voorregte en hou daarby;
- prys goeie gedrag deur sekere belonings te bied vir goeie gedrag, ensovoorts; en
- "time-out", waar die kind op 'n stoel moet sit en na die muur moet kyk – hy mag ook nie praat of daarvandaan af opstaan nie.

Die navorser verduidelik besoeke en kontak tussen die biologiese ouers en die pleegkind aan die hand van die Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad (2000), Fick (2004) en Hitchcock (2006). Die navorser versoek die groep om die redes te meld waarom kontak tussen die ouers en hul kinders aangemoedig word, selfs al is die kind deur sy ouers verwaarloos of mishandel. Tydens die groepbespreking vind ontlading van emosies by die respondente plaas en word baie weerstand beleef ten opsigte van hierdie besoekreëlings. Hierdie emosies word hanteer deur die respondente die geleentheid te bied om oor hul vrese en weerstand te praat. Die navorser verduidelik die *redes* vir kontak soos volg (uitdeelstuk 12):

- dit bespoedig die terugplasing van die kind in sy ouers se sorg – dit is tog die uiteindelike doel van pleegsorg;
- dit bevorder die kind se gevoel van wel wees – die kind beleef nie dat sy ouers hom weggegooi het nie;
- dra by tot gesonde identiteitsontwikkeling;
- hou die band van gehegtheid in stand; en
- die kind beweeg gouer deur sy roufase.

Hill (1999:247) meld ter stawing van bogenoemde, die volgende: "Most researchers have concluded that continued structured contact with birth parents generally benefits children living away from home." Dit is egter belangrik om te bepaal op watter wyse hierdie kontak

moet plaasvind in die beste belang van die pleegkind. Die volgende wyses van kontak tussen die pleegkind en sy biologiese ouers, word ook in die groep hanteer (uitdeelstuk 12):

- briefwisseling en e-pos;
- telefoniese kontak en sms-boodskappe;
- kantoorbesoeke (sonder of met toesig van ‘n maatskaplike werker);
- besoeke aan huis van die pleegouers;
- dagbesoeke; en
- oorslaapbesoeke (naweke, langnaweke en/of vakansies).

Die navorser meld dat alle tipes kontak gestruktureerd of ongestruktureerd is. Kontak tussen die pleegkind en sy ouers word in die volgende gevalle gestruktureer:

- waar die kind angstig voel en ernstige trauma beleef het;
- waar die ouers aggressief is;
- waar dit nodig is om die kontak tussen die ouers en hul kind waar te neem met die oog op verdere aanbevelings vir plasing; en
- om die ouer-kind-verhouding te evalueer.

Besoeke aan huis van die pleegouers word nooit gereël as die pleegouers nie daartoe instem nie. Die navorser noem dat dit belangrik is dat die maatskaplike werker die nodige toestemming vir kontak en besoeke moet verleen, selfs waar daar verwante pleegplasings is.

- ***<u>Hantering van vrae en probleemaspekte</u>***

Die navorser gee aan die respondente die geleentheid om vrae te vra. Hulle kan ook opmerkings maak of probleemaspekte noem. Hierdie probleemaspekte word met hul toestemming op die blaaibord neergepen.

- ***Samevatting en afsluiting***

Die navorser meld dat hierdie sessie gepoog het om hul kennis van wat van hulle as pleegouers verwag word, te verbeter, en dat dit as inleiding gedien het tot die proses om hulle bloot te stel aan wie die pleegkind is. Die navorser meld dat die volgende opleidingsessie hoofsaaklik sal fokus op probleme wat by die pleegkind kan voorkom en hoe

dit hanteer kan word. Die respondente word gevra om terugvoer te gee ten opsigte van hul belewenis van die sessie asook of hulle beleef dat die sessie daartoe bygedra het dat hul 'n beter begrip van die temas wat hanteer is, ontwikkel het. Hierdie response van elke respondent word deur die navorser gelys.

Die navorser bedank die respondente weer eens vir hul teenwoordigheid asook vir hul positiewe gesindheid gedurende die sessie.

**6.6.3.3 Sessie 3: Emosionele probleme en die rol van die gesinsisteem**

- ***Doelstelling***

Om respondente te oriënteer ten opsigte van die emosionele probleme en behoeftes wat by pleegkinders kan voorkom en hul rol as gesinsisteem om hierdie kind te help.

- ***Doelwitte***

➢ om 'n kort samevatting te doen van die vorige sessie, om aan die respondente die geleentheid te bied om vrae te stel indien daar steeds enige onduidelikhede van die bespreekte aspekte is;
➢ om die respondente te oriënteer ten opsigte van emosionele probleme wat pleegkinders ervaar en hoe om dit te hanteer;
➢ om die respondente te oriënteer ten opsigte van die hantering van die kind met MIV/VIGS;
➢ om die respondente te laat verstaan dat die gesinsisteem benut kan word om kinders te heel en om die pleegkind te help om lid van 'n nuwe gesin (sisteem) te word;
➢ om 'n hulpbronlys van sielkundiges en terapeute aan die respondente beskikbaar te stel; en
➢ om die respondente vraelyste (A) individueel te laat voltooi om die verbetering al dan nie van hul kennis van pleegsorg te evalueer.

- ***Hulpmiddel***

'n Blaaibord word weereens as hulpmiddel tydens die sessie benut sodat vrae, temas en probleemaspekte wat na vore kom tydens die groepsgesprek, neergeskryf kan word.

- ***Verloop van die sessie***

Die navorser heet al die lede teenwoordig, welkom. ‘n Kort geleentheid word gegun vir informele gesels tussen die respondente, sodat ‘n gemoedelike atmosfeer geskep kan word. Respondente help hulself aan koffie, tee en ligte verversings wat voorgesit is. Teen hierdie tyd is die respondente baie gemakliker met mekaar en word waargeneem dat die onderskeie pare staaltjies deel oor hul eie kinders en die kinders wat reeds in hul sorg verkeer.

- ***Samevatting van vorige sessie***

Die navorser gee ‘n kort samevatting van die vorige opleidingsessie wat plaasgevind het, om die nodige kontinuïteit van die opeenvolgende sessies te verkry. Geleentheid word gebied vir verdere vrae oor die aspekte wat in die vorige sessie hanteer is, om enige onduidelikhede uit te skakel.

- ***Bespreking van emosionele probleme wat by pleegkinders kan voorkom en die hantering daarvan***

Die navorser gee aan die respondente die geleentheid om emosionele probleme wat by pleegkinders kan voorkom, te meld. Die navorser lys al hul terugvoer op die blaaibord. Na afloop van hiervan, word die terugvoer gegroepeer, aangesien van die probleme wat gelys is, mekaar kan oorvleuel. Die navorser lig daarna die meer algemene probleme uit wat by pleegkinders kan voorkom. ‘n Kort omskrywing word gebied oor wat elke probleem behels en moontlike maniere om hierdie probleme te hanteer. Die volgende emosionele probleme word meer diepgaande in die groep bespreek (uitdeelstuk 13):

Lae selfbeeld: Die selfbeeld is ‘n belangrike aspek van die mens se persoonlikheidsontwikkeling, aangesien dit die persoon se siening van hom- of haarself omsluit (Baron & Byrne, 2000:169). ‘n Pleegkind met ‘n lae selfbeeld erken nie sy vermoëns nie en maak ook nie vrede met sy onvermoëns nie. Daar bestaan ‘n sterk verband tussen ‘n persoon se selfbeeld en die gedrag wat hy openbaar (McWhirter, McWhirter, McWhirter & McWhirter, 1998:85). Selfaanvaarding is dus belangrik vir positiewe sosiale funksionering (Louw, *et al.*, 1998:289). Ouerlike liefde, aanvaarding, respek, ondersteuning en belangstelling is belangrik vir positiewe gevoelens teenoor die self. Ontbering/ontneming van bogenoemde manifesteer by die kind in die vorm van ‘n lae selfbeeld en eiewaarde, wat weer lei tot twyfel, vrese en ‘n behoefte aan sekuriteit (Van der Merwe, 1992:76 & 160).

Die navorser meld dat dit belangrik is om die pleegkind dus onvoorwaardelik te aanvaar en aan hom sekerheid ten opsigte van hulle as ouers, te bied. Dit is verder belangrik om die kind te prys vir klein dingetjies wat hy baasraak. Pleegouers moet egter daarteen waak om té hoë verwagtings aan die pleegkind te stel en hom behulpsaam wees om take te bemeester, byvoorbeeld om eerder vir hom take te gee wat binne sy vermoë en op sy intellektuele vlak is.

Gebrek aan ‘n eie identiteit: Die navorser meld dat dit belangrik is om te besef dat ‘n kind sekerheid wil hê oor sy eienskappe, met ander woorde ‘n antwoord op die vraag: “Wie is ek?” Hy wil ook sekerheid hê oor sy sosiale identiteit en oor sy eiewaarde en ideale (Louw, *et al*., 1998:55). ‘n Eie identiteit het ook te doen met ‘n persoon se verhouding met ander (Baron & Byrne, 2000:159). Die navorser meld dat ‘n pleegkind hom met sy biologiese gesin identifiseer en dat dit vir hom verwarrend kan wees om in ‘n nuwe gesin (sisteem) aan te pas, met ander norme, waardes en ideale. Die gevolg is dat hierdie kind nie weet wie hy is of waar hy tuishoort nie. Die navorser verwys na ‘n gevallestudie waar die pleegkind nie aan die pleegouers se verwagtings kon voldoen nie en weens hierdie spanning, gedragsprobleme geopenbaar het. Sy pleegouers het hom laat verstaan dat hy nes sy ouers is, alhoewel hy ook volgens hom, deur hulle verlaat is. Hierdie kind het geen idee gehad van wie hy is en waar hy tuishoort nie.

Die navorser lei ‘n groepsgesprek oor die hantering van die kind wat ‘n gebrek aan ‘n eie identiteit het. Die gesprek lei tot die slotsom dat die kind die geleentheid moet hê om self keuses te maak en dat gefokus moet word op sy smake en belangstellings, met ander woorde om hom te help om ‘n eie identiteit te ontwikkel. Wys die kind daarop as daar spesifieke eienskappe aan homself is wat hom uniek maak, eienskappe oor homself wat vir ander aanvaarbaar is en waarmee hy gemaklik is. Die pleegkind moet beleef dat hy êrens behoort.

Aggressie: Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:2) beskryf aggressie soos volg: “Gedrag van ‘n persoon of groep (1 en 2) gekenmerk deur kragtige en/of selfgeldende kontak en kommunikasie met ander mense ten einde eie belange te bevorder, konflik te veroorsaak of te hanteer, of om te kompeteer.” Die navorser meld dat aggressie grootliks by alle pleegkinders voorkom. Volgens Louw, *et al.* (1998:278), kan die oorsake die volgende behels:

- aggressie kan 'n instinktiewe respons wees wat by alle mense voorkom, aangesien dit bydra tot oorlewing en voortbestaan;
- wanneer doelstellinge geblokkeer word, kan frustrasie ervaar word, waarop dan met aggressie gereageer word;
- aggressie is die gevolg van 'n onvermoë om sosiale inligting toereikend te verstaan; en
- aggressiewe gedrag word aangeleer deur die versterking van aggressiewe gedrag en die nabootsing van aggressiewe modelle.

Die navorser meld dat kinders redes het vir hul aggressie, wat volgens Schoeman (2001b:173) soos volg is:

- aggressie verkry ander mense se aandag;
- kinders wil graag kwaad bly, aangesien hulle dit as 'n "wapen" beskou;
- wil beheer verkry deur byvoorbeeld uiting te gee aan woede-uitbarstings;
- woede kan 'n kind bemagtig;
- dit word gebruik as verskoning vir 'n kind se onwilligheid om iets te doen; en
- soms word die kind se woede jeens homself gerig.

Die navorser meld dat dit belangrik is om te verstaan waarom kinders aggressie openbaar, aangesien dit die pleegouers meer insig sal bied oor hoe om hierdie aggressie te hanteer. Die volgende hanteringsmetodes word aan die respondente deurgegee:

- ***Bewuswording:*** Dit is nodig dat die kind oor sy aggressie praat, dit kan noem, meld waar dit vandaan kom en hoe hy op die oomblik voel. Laat die kind ook praat oor hoe hy dit sal wil uitdruk.

- ***Luister:*** Pleegouers moet baie aandagtig na die kind luister. Hou in gedagte dat die kind met 'n rede aggressie openbaar. Luister na die boodskap agter die woorde.

- ***Uitdrukking van negatiewe energie*:** Byvoorbeeld deur 'n telefoonboek stukkend te skeur, teen 'n koerantpapier te slaan, 'n kussinggeveg te hou, 'n slaansak aan te skaf vir die kind, mekaar te gooi met waterbalonne, om die blok te hardloop, ensovoorts.

- ***Erken die woede*:** Dit kan gedoen word deur 'n samevatting aan die kind te gee oor wat die pleegouers by hom hoor.

- ***Vra verskoning vir die woede***: Die pleegouers kan byvoorbeeld vir die pleegkind noem dat hulle namens die pleegkind se biologiese ouers vir hom om verskoning vra vir die emosionele pyn wat hy ervaar en hom die versekering gee dat hy dit nie verdien het nie.

- ***Stem saam met die woede***: Die rede hiervoor is om die kind aan te moedig dat hy sy woede fisies en emosioneel kan beleef. Die kind kry dus toestemming om aan sy woede uiting te gee op 'n sosiaal aanvaarbare wyse.

- ***Keuse vir die uitdrukking van woede:*** Pleegouers kan die kind vra wat hy nodig het om vir die persoon te sê vir wie hy kwaad is. 'n Kind kan gehelp word om sy woede uit te "speel" ("enactment") (Schoeman, 2001b:174-178).

Die navorser lei 'n groepsgesprek waar die respondente verdere insette lewer oor ander maniere om aggressie by kinders te hanteer. Die navorser meld dit is belangrik dat die aggressie by die kind op deurlopende basis gekanaliseer moet word na fisiese handelinge wat die kind die geleentheid bied om op positiewe wyse uiting te gee aan sy woede. Die respondente moet verstaan dat aggressie by pleegkinders veroorsaak kan word deur hul hartseer en verlange na hul biologiese gesin.

<u>Gebrek aan binding</u>: Pleegkinders het gewoonlik nooit normale bindings met hul biologiese ouers gehad nie, met ander woorde hulle het geen ervaring ten opsigte van emosionele gebondenheid nie. Wanneer 'n kind ernstige bindingsprobleme ervaar weens die onverwerkte verlies van 'n primêre bindingsfiguur, word na 'n "bindingsversteuring" verwys. Kinders met 'n bindingsversteuring, ervaar veral emosies van vrees, woede, hartseer, pyn en skaamte weens die verlies aan 'n bindingsfiguur (Lungu, 1999:78; Blunden, 2005:87). Gevolglik vertrou hierdie kinders nie volwassenes nie, wys hulle toenadering af en isoleer hulle hulself. Die navorser meld dat pleegouers frustrasie kan beleef en radeloos kan voel as hulle heeltyd liefde gee en niks terug van die kind af ontvang nie. Die navorser beklemtoon dat dit baie keer gebeur dat die pleegouers hierdie kind as ondankbaar beskou.

Volgens die Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad (2000), word die volgende hanteringsmetodes voorgestel vir die hantering van hierdie kinders:

- moet nie die pleegkind ignoreer of verwyt nie;
- laat die kind sy "terugtrekking" verdien deur eers vir 'n paar minute by die pleegouer deur te bring voordat hy mag kamer toe gaan;
- as 'n kind wat afkeer toon van omhelsing (hom daaruit losmaak), kan gesê word: "Jy wil wegkom, seker omdat ek jou so lanklaas 'n drukkie gegee het, daarom moet jy nou 'n ekstra een kry";
- as die kind byvoorbeeld 'n soen wat hy kry afvryf, kan gesê word: "O, jy dink jy vee die soen af, maar eintlik vryf jy dit dieper in; en
- oogkontak is belangrik.

Leuentaal: Alle kinders vertel op verskillende stadiums leuens, maar dit is belangrik om te onderskei tussen verskillende soorte leuens. Leuens kan gebruik word om onaanvaarbare gedrag te verbloem of kan doelbewus wees om konfrontasie te vermy. Volgens Maree (1989:74-76), word die volgende tipes leuens onderskei, naamlik:

- fantasieleuens;
- leuens om aandag te trek;
- verdedigingsleuens (jok om uit die moeilikheid te kom);
- kompenserende leuens(kind vertel aan sy maats hoe sterk sy vader is);
- wraaksugtige leuens (die doel is om iemand in onguns te bring); en
- patologiese leuens (doelbewuste verdraaiing van die waarheid).

Die navorser lei 'n groepsgesprek ten opsigte van hanteringsmetodes vir kinders wat hulself aan leuengedrag skuldig maak. Dit is belangrik dat pleegouers die pleegkind daarop moet wys as hulle leuens vertel; dit moet nie geïgnoreer word nie. Dieselfde dissiplineringsmetodes soos in die vorige sessie bespreek, kan ook hier aangewend word. Die pleegkind moet duidelik verstaan dat aanhoudende leuentaal onaanvaarbaar is.

Enurese en enkoprese: Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:14) beskryf enurese as volg: "Onwillekeurige urinering in die slaap wat gewoonlik by kinders voorkom, deur fisiese of psigiese faktore veroorsaak word en meestal van verbygaande aard is." Enkoprese word deur die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:13) as volg beskryf: "Onwillekeurige ontlasting wat nie deur siekte of enige organiese wanfunksionering veroorsaak word nie, maar met swak toiletonderrig of emosionele probleme geassosieer word wanneer dit by kinders voorkom." Die navorser meld dat enurese meer gereeld by

getraumatiseerde kinders voorkom as enkoprese. Volgens die Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad (2000), kan enkoprese ook gesien word as 'n onbewuste poging van die kind om beheer uit te oefen in 'n situasie wat vir hom bedreigend is en kan dit ook 'n wyse wees van die uitdrukking van aggressie.

Die navorser stel die volgende optrede voor wanneer enurese of enkoprese by die pleegkind bespeur word:

- neem die kind eerstens vir 'n mediese ondersoek sodat enige onderliggende mediese toestande as oorsaak daarvoor, uitgeskakel kan word;
- moet nooit met woede reageer as die kind die bed benat of homself bevuil nie;
- beloon die kind vir elke aand wat hy byvoorbeeld nie sy bed natgemaak of homself bevuil het nie, met ander woorde beheer word aan die kind gegee;
- moet nooit spanning by die kind laat ontstaan waar hy byvoorbeeld elke keer verneder word wanneer hy homself bevuil of natmaak nie;
- vermy vloeistowwe kort voor slaaptyd; en
- maak die kind in die middel van die nag wakker om "glipsies" te voorkom.

Die respondente kry geleentheid om op bogenoemde hanteringsmetodes te reageer. Dit is belangrik dat pleegouers moet besef dat enurese en enkoprese 'n simptoom van 'n emosionele probleem kan wees.

<u>Psigosomatiese siektetoestande</u>: Die navorser meld dat die term verwys na siektes wat nie werklik bestaan nie; daar is geen fisiese rede vir die pyn of siekte nie. Uit die Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad (2000) kan psigosomatiese siekte gesien word as 'n manier waarop die kind aan sy omgewing weergee dat hy 'n emosionele probleem ondervind. Die navorser beskryf 'n gevallestudie van 'n dogtertjie wat deur haar stiefvader gemolesteer is en dat sy die dag van die kriminele saak, waar sy getuienis moes lewer, hoë koors ontwikkel het en naar gevoel het. Na afloop van die hofsaak, het haar "siektetoestand" weer teruggekeer na normaal. 'n Kind kan psigosomatiese siekte openbaar wanneer hy emosionele spanning beleef of wanneer aandag gesoek word. Die navorser meld dat deur die nodige emosionele aandag aan die pleegkind te bied, die toestand vinnig sal verdwyn.

Eetversteurings: Die navorser meld dat daar die volgende erkende tipes eetversteurings is, naamlik anorexia nervosa, bulimie en obesiteit (ooreet en vetsug). Die hoofoorsaak van anorexia nervosa is 'n abnormale vrees om vet te wees. Simptome daarvan is vinnige en abnormale gewigsverlies, weiering om 'n normale liggaamsmassa te handhaaf en 'n verwronge siening van die liggaam. 'n Persoon wat aan hierdie siekte ly, is gepreokkupeerd daarmee om heeltyd in 'n spieël te kyk en oordoen deurlopend oefeninge (Lungu, 1999:67). Bulimie word gekenmerk deur episodes van ooreet en 'n gevoel van neerslagtigheid na die ooreetsessie. Hierdie ooreetsessies word meestal beplan en weggesteek van ander. Na afloop van die ooreetsessies, word al die voedsel weer opgebring. Lakseermiddels word ook misbruik (Lungu, 1999:68). Die navorser meld dat wanneer die vermoede bestaan dat 'n kind aan een van die genoemde eetversteurings ly, hy geneem moet word vir 'n mediese ondersoek en sielkundige/psigiatriese behandeling. Dit sal byvoorbeeld, nie help om die kind te dwing om te eet of nie te eet nie.

Die navorser meld dat kinders wat aan ernstige verwaarlosing blootgestel was, dikwels in hul nuwe versorgingsposisies, hulself deurlopend vergryp aan voedsel en nie weet wanneer hulle versadig is en moet stop nie. Hulle sal byvoorbeeld eet totdat hulle siek is. Die navorser meld aan die respondente dat dit belangrik is om hierdie optrede nie met bulimie te verwar nie. Kinders wat verwaarloos was, reageer op instink en oorlewing en sal baie eet uit vrees dat daar vir 'n lang tydperk nie weer voedsel sal wees nie. Hierdie kinders sal voedsel ook ongesiens na hul kamer neem en dit wegsteek. Hierdie is egter nie 'n ernstige probleem nie. Pleegouers moet hierdie kinders daarop wys dat hulle genoeg gehad het om te eet en die kind verseker dat daar met die volgende maaltyd weer genoeg voedsel sal wees. Vasgestelde etensure sal die kind ook mettertyd gerusstel, en die kind sal binnekort weer normaal begin eet (Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad, 2000).

Depressie: Die belangrikste kenmerk van depressie is 'n gevoel van intense neerslagtigheid. Hierdie depressiewe gevoel kan wissel van 'n relatief ligte melancholie tot 'n gevoel van totale hulpeloosheid, wanhoop en eensaamheid. Die gevoel van depressie klaar ook nie op soos in die geval van normale bedruktheid nie (Louw, 1989:168). Die volgende simptome van depressie blyk die meeste voor te kom:

- eet- en gewigsversteurings;
- slaapversteurings;
- verlies aan belangstelling of genot;

- psigomotoriese versteurings: persoon is uitermate lusteloos of uitermate rusteloos;
- verlies aan energie;
- isolasie;
- angs en spanning;
- lae eiewaarde en skuldgevoelens;
- geen toekomsvisie en –beplanning;
- probleme om te dink of te konsentreer; en
- herhalende gedagtes rakende die dood of selfmoord (Louw, 1989:168-169).

Die navorser lei 'n groepsgesprek ten opsigte van die hanteringsmetodes van 'n kind wat aan depressie ly. Die navorser lig die volgende belangrike aspekte van depressie uit:

- die simptome moet nie geïgnoreer word nie;
- moet nie ongeduldig raak met die kind nie; en
- moenie die gevoelens as niksseggend beskou nie.

Die navorser meld dat indien daar meer as twee van bogenoemde simptome by die kind bespeur word, dit nodig is dat die kind na 'n sielkundige of psigiater verwys word. Behandeling kan dalk terapie en/of medikasie behels.

- ***<u>Bespreking van die hantering van die kind met MIV/VIGS</u>***

Die navorser lei 'n groepsgesprek ten opsigte van die hantering van die kind met MIV/VIGS. VIGS word veroorsaak deur 'n virus, genoem MI. Hierdie virus is bekend daarvoor dat dit die immuniteit verswak. Dit beteken dat die virus die liggaam se selle, wat die liggaam teen infeksies en siektes moet beskerm, binnedring en vernietig. Hierdie selle vervaardig dan meer van die virus (Zastrow & Kirst-Ashman, 2002:408). Die MI-virus kan oorgedra word deur middel van semen, bloed en moedersmelk. 'n Persoon wat met die virus besmet is, kan nog vir baie jare 'n gesonde lewe lei, mits die persoon 'n positiewe lewenstyl handhaaf (Zastrow & Kirst-Ashman, 2002:409 & 413). Die redes vir die toename in verwante pleegplasings in Suid-Afrika, is dat baie kinders wees gelaat word weens hul ouers se afsterwe as gevolg van VIGS-verwante siektes (Hunter & Williamson, 1996:1; Mason & Linsk, 2002:541).

'n Groepbespreking word gelei rakende die hantering en versorging van die kind met MIV/VIGS (uitdeelstuk 14). Dit is belangrik dat pleegouers moet kennis dra dat MIV/VIGS 'n

realiteit is en dat hierdie harde werklikhede aan die pleegkind oorgedra moet word. Pleegkinders wat MIV-positief is, moet 'n gesonde lewenstyl handhaaf deur 'n gesonde en gebalanseerde dieet te volg, hul anti-retrovirale middels korrek en getrou te neem, mediese ondersoeke te ondergaan, ensovoorts. Hierdie kind moet nooit voel dat hy verwerp of geëtiketteer word nie. Aanvaarding en liefde is baie belangrik. Pleegouers moet daarteen waak om bevooroordeeld te wees. Dit is ook die pleegouers se plig om hierdie kinders op te voed met die wete dat hulle daarvoor verantwoordelik is om "veilig" te wees vir ander kinders en persone om hom. Dit beteken byvoorbeeld dat hierdie kinders moet besef dat losbandigheid, vir seksmaats ook 'n risiko inhou, en dat ander mense nie in direkte aanraking met hul bloed moet kom nie.

Die navorser meld ook dat die respondente versigtig moet wees met die immunisering van klein kinders wat MIV-positief is, aangesien dit lewendige virusse bevat en die kind se liggaam sal nie teenliggaampies kan produseer nie (Kleynhans, 2000:90). Die respondente moet kennis neem dat baie pleegkinders nie immunisasie as babas ontvang het nie.

- ***<u>Bespreking van die groot taak wat op pleegouers wag</u>***

Die navorser lei 'n groepsgesprek ten opsigte van die groot taak wat op die groeplede as pleegouers wag. Die navorser verwys na die vorige twee opleidingsessies en vra die respondente om terugvoer te gee van hul taak as pleegouers. Die vorige twee sessies se groepbesprekings was heeltyd deurweef van hul rol, taak, verantwoordelikhede en verpligtinge as pleegouers vir die organisasie. Hierdie terugvoer word deur die navorser op die blaaibord neergeskryf. Die navorser meld dat die taak van die pleegouers egter baie moeilik is, omdat hulle daarvoor verantwoordelik is om al die verantwoordelikhede van 'n ouer op hulle te neem, sonder die regte van die biologiese ouers en met die wete dat hulle die kind in die toekoms kan verloor indien die kind in sy ouers se sorg herstel word. Die navorser meld verder dat 'n pleeggesin uit meer as een sisteem bestaan. Die navorser gee die voorbeeld van 'n gevallestudie waar 'n pleegkind uit 'n ouerhuis kom waar daar geen reëls was nie en die kind op himself aangewese was vir versorging. Hierdie kind is in pleegsorg geplaas by 'n gesin wat streng reëls en dissipline gehandhaaf het. Hier is dus twee sisteme wat teenoorgetelde verwagtinge ten opsigte van die pleegkind se gedrag het. Dit het gelei tot ernstige konflik tussen die pleegkind en sy pleegouers, aangesien hierdie kind nie in die nuwe sisteem met al sy reëls kon aanpas nie. Gevolglik het die pleegplasing misluk. Die invloed van die biologiese gesin (sisteem) het veroorsaak dat hierdie kind verwarring ten opsigte van sy rol beleef het.

Die *South African National Council for Child and Family Welfare* (1987:88) gee 'n omvattende beskrywing van die taak van pleegouers. Die navorser gee kortliks soos volg die samevatting van die rol, taak en verpligtinge van pleegouers (uitdeelstuk 15) aan die respondente deur:

- ***Fisiese versorging van die pleegkind:*** Dit sluit in voldoende voeding, kleding en beskutting van die pleegkind. Verder sluit dit ook alle gesondheidsorg en skolastiese opvoeding in.

- ***Emosionele versorging van die pleegkind:*** Alle kinders benodig nie net fisiese versorging nie, maar ook liefde en sekuriteit. 'n Kind wat in pleegsorg geplaas word, is gewoonlik emosioneel geskaad weens sy vorige onstabiele huislike omstandighede. Indien die pleegkind emosionele of gedragsprobleme ervaar, is die pleegouers meestal eerste om hierdie probleme te identifiseer. Dit is ook verder die taak van die pleegouers om die pleegkind te ondersteun solank hy in hul sorg verkeer en om hom te help om die verlies aan sy biologiese ouers te bowe te kom.

- ***Sosiale ontwikkeling van die pleegkind:*** Die pleegkind betree die huis van sy pleegouers as 'n individu met die behoefte om te sosialiseer, sosiaal aanvaarbaar te wees en om sy eie identiteit te behou. Dit impliseer dat die pleegouers die kind moet aanvaar soos wat hy tans is, maar met erkenning van sy verlede en agtergrond. Een van die belangrikste aspekte hiervan, is dat die pleegouers dus ook die biologiese ouers moet aanvaar. 'n Verdere taak van die pleegouers behels ook dat hulle die pleegkind help om positiewe en hegte bande met hul eie kinders te vestig. Slegs as die pleegkind beleef dat hy deur die gesinsisteem, wat die pleeggesin en ook die uitgebreide familie insluit, aanvaar word, sal hy gemaklik voel en met sy nuwe omgewing begin identifiseer.

- ***Opvoedkundige ontwikkeling van die pleegkind:*** Aanpassing in 'n nuwe skoolsisteem sal vir die pleegkind vergemaklik word wanneer die pleegouers die kind op sy eerste dag by die nuwe skool, vergesel. Die pleegouers moet die skoolhoof en onderwysers inlig oor die kind se omstandighede en die rol wat hulle as sy pleegouers vervul. Die pleegouers kan ook belangstelling in die kind toon deur hom te help met sy huiswerk, reëlings te tref vir remediërende klasse en deur die kind aan te moedig om deel te neem aan sport en ander skoolaktiwiteite. Die opvoedingstake van pleegouers kan ook die aanleer van sosiaal aanvaarbare gedrag, aanleer van maniere, padveiligheid en higiëne behels.

- ***Samewerking met die maatskaplike werker:*** Dit word van die pleegouers verwag om hul volle samewerking aan die betrokke maatskaplike werker te gee. Slegs indien daar 'n goeie verhouding tussen die pleegouers en die maatskaplike werker bestaan, kan effektiewe dienste gelewer word waarby die pleegkind kan baat. Dit beteken dat pleegouers hul beperkinge moet erken en hulle tot die maatskaplike werker om hulp moet wend. Inligting vanaf die pleegouers rakende die pleegkind se aanpassing en algemene gedrag en optrede is van groot waarde vir die maatskaplike werker met betrekking tot die beplanning van verdere dienslewering.

- ***Bespreking van die gebruikmaking van die gesin as sisteem om pleegkinders te heel***

Die navorser lei 'n groepsgesprek en vra die respondente hoe hulle dink hulle as pleeggesin (gesinsisteem) gebruik kan word om pleegkinders te heel. Hul terugvoer en antwoorde word deur die navorser op die blaaibord neergeskryf. Die navorser gee die volgende inligting aan die respondente ten opsigte van die kenmerke van 'n gesin, naamlik:

- gesinne het 'n sekere graad van emosionele binding;
- gesinne het vaste rigting en doelwitte vir die toekoms; en
- gesinne kan en kan ook nie, biologies aan mekaar verwant wees (Thomlinson, 2002:4).

Die navorser meld dat (pleeg)gesinne as sisteem wat normaal funksioneer, die volgende kan verskaf (uitdeelstuk 16), volgens Thomlinson (2002:46):

- ***Stabiliteit en veiligheid vir die kind sowel as die gesin:*** Pleeggesinne moet dus 'n deurlopende warm, omgee-omgewing skep, wat daartoe bydra dat die kind 'n gesinsidentiteit, 'n gevoel van behoort en binding, kan ontwikkel en vorm. Die kind moet veilig voel en wees in die gesinsomgewing. Stabiliteit word ook gekoppel aan finansiële sekuriteit, wat voldoende beskutting, voeding en kleding behels.

- ***Gesondheid en opvoeding:*** Gesinne sorg vir gesondheid en verskaf goeie voeding, gesonde groei en opvoeding. Binne die gesin as sisteem word ook moraliteit, respek, publieke aanvaarding, selfversorging en sosiale rolle aangeleer.

- ***Bevoegdheid:*** Gesinne voorsien emosionele ondersteuning, sodat die sosiaal-emosionele bevoegdheid van die lede in die gesin, op die voorgrond kan tree. Die gesin

is ook 'n bron van selfbeeld, motivering vir prestasie en dien ook as motivering vir sy lede; dit bied aan die lede geestelike en spirituele oriëntasie, gesinsbande en waardes.

Die navorser meld dat indien pleeggesinne al die bogenoemde kenmerke by hulself kan identifiseer en ook aanleer, kan dit vir die pleegkind makliker wees om binne hul gesinsisteem, weer heel te word.

- ***Hantering van vrae en probleemaspekte***

Die navorser bied aan die respondente geleentheid vir vrae en die bespreking van probleemaspekte, sodat enige onduidelikhede uitgeklaar kan word. Die navorser lys ook die probleemaspekte op die blaaibord en die respondente kry geleentheid om kommentaar daarop te lewer.

- ***Hulpbronlys***

Die navorser oorhandig 'n lys van hulpbronne wat deur pleegouers gebruik kan word indien 'n kind verwys moet word vir terapie/berading. Hierdie lys bevat name van sielkundiges en terapeute wat deur die organisasie benut word, maar pleegouers kan van ander sielkundiges/terapeute gebruik maak wat dalk vir hulle toegankliker is. Dit is egter belangrik dat pleegouers moet besef dat hulleself verantwoordelik is vir die betaling van terapeutiese dienste.

- ***Samevatting en afsluiting***

Die navorser gee 'n samevatting van die afgelope opleidingsessie en verwys ook terug na die vorige sessies sodat die respondente 'n begrip kan kry van alles wat hanteer is. Die navorser bedank die respondente vir hul teenwoordigheid en ook hul positiewe samewerking en gesindheid.

- ***Evaluering van impak van die opleidingsprogram – vraelys***

Die navorser versoek die respondente weereens om die selfopgestelde vraelys (A) individueel in te vul, sodat hul kennis ten opsigte van pleegsorg met al die aspekte, weer getoets kan word. Hierdie vraelyste word met die vorige vraelyste (A) vergelyk, sodat die impak van die program empiries getoets kan word.

### 6.6.4 Opvolg telefoniese onderhoud met repondente – addisionele evaluering

Na ongeveer een maand, volg die navorser deur middel van 'n telefoniese onderhoud, met die respondente op om addisionele inligting ten opsigte van die opleidingsprogram te verkry. Die navorser wil deur middel van hierdie opvolgonderhoud, helderheid verkry ten opsigte van hul kennis rakende pleegsorg met al sy implikasies. 'n Ander rede hiervoor is dat die selfopgestelde vraelys vereenvoudig moes word om respondente wat ook intellektueel laag-funksionerend is, te kan akkommodeer. Gevolglik is die vrae wat opgestel is baie eenvoudig. Addisionele inligting verkry uit hierdie opvolgonderhoude, sal daartoe bydra dat die navorser die impak van die opleidingsprogram kan bevestig. Die ideaal sou egter wees om kantooronderhoude te voer, maar weens 'n gebrek aan tyd, moes hierdie onderhoude telefonies gevoer word.

In die voorafgaande bespreking is 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers bespreek. In hoofstukke sewe en agt sal die uitkomste van hierdie program bespreek word.

## 6.7 SAMEVATTING

In die vorige vyf hoofstukke is die teoretiese basis vir die ontwikkeling van 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers uiteengesit. In hierdie hoofstuk is hierdie teoretiese konsepte van toepassing gemaak deur 'n ooreenstemmende opleidingsprogram te ontwikkel en uit te toets en is kan dit soos volg saamgevat word:

- Die intervensieproses is reeds tydens die eerste onderhoud (aanmelding) met al die respondente op individuele vlak bespreek. Hierdie intervensieproses sluit in: assessering, doelwitbepaling, groepwerk as 'n moontlike intervensiemetode en herassessering. Tydens 'n tuisbesoek en onderhoude, word die voornemende pleegouers geassesseer ten opsigte van hul maatskaplike funksionering en behuisingsomstandighede. Die doelwitte fokus op die pleegouers se opleiding ten opsigte van pleegsorg. Opleidingsessies vind plaas, waar al die voornemende pleegouers met hul gesamentlike behoeftes ingeskakel word. Herassessering vind plaas, waar die nodige terugvoer oor die impak van die program gegee word.

- Die doel van 'n program is om mense te help om hul maatskaplike funksionering te bevorder, wat as raamwerk vir intervensie dien. Verder organiseer dit inligting, help met doelgerigte optrede, bevorder terapie en is noodsaaklik vir onderrig.

- Die maatskaplike werker moet oor sekere vaardighede beskik vir die implementering van hierdie program, naamlik: 'n opvoedersrol; uitgebreide kennis van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983); die getraumatiseerde kind en die hantering van hierdie kind; die nodige kulturele sensitiwiteit; en buigbaarheid en aanpasbaarheid.

- Die aanbieding van hierdie opleidingsprogram is daarop gemik om voornemende pleegouers se kennis van pleegsorg met al sy wetlike implikasies te verhoog en om aan hulle die nodige kennis te bied om die pleegkind met sy spesifieke emosionele behoeftes, te hanteer. Die program word in drie opleidingsessies aangebied. Drie groepe is aangebied, met 'n totaal van 53 respondente.

- Bogenoemde is verwesenlik deur inligting te voorsien oor die volgende aspekte: die wetlikheid van pleegsorg, die regte en verantwoordelikhede van al die betrokke partye, die redes vir die verwydering van kinders, die dissiplinering van pleegkinders, emosionele probleme wat kan voorkom en die hantering daarvan, die kind met MIV/VIGS, die taak en rol van pleegouers, en hoe 'n gesond-funksionerende gesin benut kan word as sisteem om die pleegkind te heel. Groepbesprekings vind deurlopend plaas en baie waarde word geheg aan respondente se terugvoer en insette tydens die opleidingsessies.

- Die pleeggesin as sisteem word dus as belangrik geag om die pleegkind te heel deur middel van die volgende: die skep van 'n stabiele omgewing, gesondheid te bevorder en bevoegdheid aan te moedig en te motiveer.

- In die finale opleidingsprogram is die volgende stappe gevolg:
  - Aanmeldingsonderhoud
  - Tuisbesoek om maatskaplike funksionering en behuisingsomstandighede te evalueer en te ondersoek
  - Aanbieding van opleidingsessies:
    - ***Sessie 1:***
      Wetlikheid van pleegsorg

Motiewe vir pleegsorg

Fases van rou na die verwydering van kinders

Redes vir die verwydering van kinders

- ***Sessie 2:***

  Verwagtinge en regte van al die betrokke partye

  Dissiplinering van pleegkinders

  Besoeke en kontak tussen pleegkinders en hul biologiese ouers

- ***Sessie 3:***

  Emosionele probleme en die hantering daarvan

  Kind met MIV/VIGS

  Taak en rol van pleegouers

  Gebruik van die gesinsisteem om die pleegkind te heel

- In die volgende hoofstuk, hoofstuk sewe, word die kwantitatiewe data wat tydens die empiriese fase van hierdie studie ingesamel is, aangebied en geïnterpreteer.

# HOOFSTUK 7

## EMPIRIESE RESULTATE

### 7.1 INLEIDING

Die doel van hierdie navorsing was drieledig, naamlik om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel, te implementeer en die impak daarvan te meet. Volwasse persone wat hulself as voornemende pleegouers by die Ondersteuningsraad van Pretoria, Gauteng, wou beskikbaar stel, het die program deurloop. In hierdie hoofstuk word die resultate van die voor- en natoets as empiriese data bespreek. Hierdie stap kom ooreen met die vyfde fase van Rothman en Thomas (1994:9-30) se model vir intervensienavorsing, naamlik die toepassing en evaluering van die program.

Hierdie hoofstuk word soos volg aangebied:

- 'n kort beskrywing van die navorsingsproses;
- 'n kort bespreking van die opleidingsessies en die evaluering daarvan;
- 'n bespreking van die kwantitatiewe data van die voortoets (basislyntoets) en natoets; en
- 'n kort bespreking ten opsigte van inligting soos verkry uit die opvolgonderhoude wat 'n maand na afloop van die opleidingsprogram, gevoer is.

### 7.2 OORSIG VAN DIE NAVORSINGSPROSES

Die navorsingsproses wat in hierdie studie gevolg is, bestaan uit bepaalde fases en stappe, naamlik: probleemformulering, doelwitformulering, formulering van 'n navorsingsvraag en 'n hipotese, asook die keuse van 'n navorsingstipe, navorsingsontwerp en -strategie. Hierdie aspekte word vervolgens kortliks bespreek.

#### 7.2.1 Navorsingsprobleem

Die navorsingsprobleem wat tot hierdie studie aanleiding gegee het, is dat welsynsorganisasies in Suid-Afrika nie oor 'n resente nagevorste opleidingsprogram vir

voornemende pleegouers beskik nie. So 'n program moet ontwikkel word. Met die oog op koste- en tydbesparing, blyk dit dat die aanbieding van só 'n opleidingsprogram in groepe, waarskynlik die beste opsie is om voornemende pleegouers tans in Suid-Afrika op te lei.

Vir die doeleindes van hierdie studie is van beskrywende navorsing gebruik gemaak, aangesien die inhoud van die program wat ontwikkel is en die evaluering, beskryf word.

### 7.2.2 Doelstelling en doelwitte van die studie

***Die doelstelling van die studie was om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel en empiries te toets.***

Die doelwitte van die navorsing behels die volgende:

- om 'n kennisraamwerk op te bou ten opsigte van die sisteemteorie, pleegsorg as substituutsorg, die implikasies van pleegsorg op alle betrokke partye, die huidige pleegsorgbeleid binne die huidige maatskaplike welsynsbeleid en die inhoud van bestaande opleidingsprogramme vir voornemende pleegouers;
    - die literatuurstudie is voltooi en in hoofstuk twee tot vyf aangebied
- om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel en te beskryf in hoofstuk ses;
- om hierdie program te implementeer;
- om die benuttingswaarde van die program te evalueer (in hierdie hoofstuk); en
- om aanbevelings ten opsigte van die implementering van die program binne die Ondersteuningsraad van Pretoria te maak (in hoofstuk agt).

### 7.2.3 Hipoteseformulering

In die lig van die doel van hierdie studie, is die volgende hipotese geformuleer:

***Indien voornemende pleegouers hierdie opleidingsprogram deurloop het, sal die voornemende pleegouers se kennis rakende die omvang, wetlike implikasies, verwagtinge, motiewe, verantwoordelikhede en pligte ten opsigte van pleegsorg, en die profiel van die pleegkind, verbeter.***

### 7.2.4 Navorsingsmetodologie

Vir die doel van hierdie studie is van toegepaste kwantitatiewe intervensienavorsing gebruik gemaak. Gevolglik is Rothman en Thomas (1994:9-30) se model vir intervensienavorsing benut om die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel, te implementeer en te evalueer, soos in 1.8.1 tot 1.8.6 bespreek is.

Tydens hierdie navorsing is van die enkelstelselontwerp A-B-A (Strydom, 2005a:150), gebruik gemaak. Die 53 voornemende pleegouers se behoeftes en kennis rakende pleegsorg en die hantering van die pleegkind, is tydens die voortoets (A) geëvalueer, waarna ‘n opleidingsprogram (intervensie) saamgestel is om in hierdie behoeftes te voorsien. Die opleidingsprogram (B) is daarna geïmplementeer, waarna die impak van die program weer tydens die natoets (A) geëvalueer is.

- ***Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning***

As maatskaplike werker in die praktyk, het die navorser ‘n gebrek aan ‘n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers geïdentifiseer. Uit gesprekke met kundiges, maatskaplike werkers en die bestuur van die Ondersteuningsraad en ander welsynsorganisasies, asook die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, is bevind dat daar wel ‘n behoefte aan ‘n resente, nagevorste opleidingsprogram vir voornemende pleegouers bestaan (1.1 en 1.8.2). Die Ondersteuningsraad van Pretoria het hul samewerking in die uitvoer van die studie verleen.

‘n Navorsingsprojek is begin, ‘n voorlegging is goedgekeur deur die Universiteit van Pretoria se Navorsingvoorleggings- en Etiekkomittee (Bylae 6).

Alle egpare en persone wat hulself beskikbaar gestel het om as pleegouers vir die Ondersteuningsraad van Pretoria, op te tree en wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 by die organisasie aangemeld het, is as die navorsingspopulasie beskou. ‘n Totaal van 53 persone wat ingeligte toestemming verleen het, is by die studie betrek. Die samewerking van die respondente is vergemaklik deurdat die navorser, weens die statutêre implikasies van pleegsorg, outomatiese toegang tot en samewerking met voornemende pleegouers verkry het. (Voornemende pleegouers is onder ‘n statutêre verpligting om met die betrokke welsynsorganisasie saam te werk.)

Daar is van die behoeftes en probleme van pleegkinders en -ouers tydens vorige navorsing (Fourie, 1999:133-135) kennis geneem. Vyf jaar diens in die spesialiteitspos het die navorser bewus gemaak van behoeftes en probleme wat pleegouers mag ondervind. Die voornemende pleegouers se aansoeke (Bylae 1) is op individuele vlak geëvalueer, saam met hul gesinsopset, maatskaplike en behuisingsomstandighede en behoefte aan bepaalde inligting.

Die doelstelling en doelwitte van die navorsing, is geformuleer.

- ***Fase 2: Data-insameling en ontwikkeling van 'n sintese***

Inligting is ingesamel deur middel van vorige navorsing, 'n literatuurstudie, raadpleging van kundiges en gesprekke met maatskaplike werkers by die Ondersteuningsraad, Christelike Maatskaplike Raad, Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, die Kinder- en Gesinsorgvereniging van Suid-Afrika, asook die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Voorbeelde uit die maatskaplikewerk-praktyk, bestaande pleeggesinne en die literatuur is bestudeer.

Pogings is aangewend om bestaande opleidingsprogramme van ander welsynsorganisasies, asook die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te bekom, maar daar is bevind dat geen eenvormige, resente, nagevorste, opleidingsprogram vir voornemende pleegouers bestaan nie. Slegs die verskillende beleid en prosedures oor pleegsorg kon bekom word, en is bestudeer.

- ***Fase 3: Ontwerp***

Tydens die enkelstelselontwerp, is data op kwantitatiewe wyse ingesamel. Inligting is ook verkry deur 'n aanmeldingsonderhoud te voer met alle nuwe aansoekers vir pleegsorg. Die effektiwiteit van die program is met behulp van 'n selfontwerpte vraelys geëvalueer.

Die beplanning van die intervensieprogram is gebaseer op die literatuurstudie, sowel as op inligting wat verkry is van ander welsynsorganisasies en kundiges. 'n Duidelike uiteensetting van prosedures en tegnieke wat tydens die intervensieprogram benut is, is saamgestel, beskryf en in detail weergegee (soos bespreek in hoofstuk ses).

Drie opleidingsessies in groepsverband is aangebied vir drie groepe onderskeidelik, waar temas tydens die opleidingsessies bespreek is. Inligting is tydens hierdie sessies deurgegee, asook uitdeelstukke. Voldoende tyd vir vrae en probleemhantering is ook tydens die bespreking van die onderskeie temas gegee. 'n Hulpbronlys van terapeute en sielkundiges is na afloop van die sessies aan die respondente gegee.

- ***Fase 4: Vroeë ontwikkeling en voorondersoek***

'n Voorlopige intervensieprogram is ontwikkel en skriftelik uiteengesit op grond van inligting ingesamel gedurende die vorige fases van die navorsing. Ander welsynsorganisasies is ook genader om die inhoud van die program saam te stel. 'n Selfontwerpte vraelys (Bylae 2) is uit die literatuurstudie ontwikkel. Tydens die drie sessies, is 'n blaaibord en inligtingstukke as hulpmiddels gebruik. Elke sessie het soos volg verloop: stel van doelstelling en doelwitte, verloop, hantering van vrae, probleembespreking, samevatting en evaluering.

Die selfontwerpte vraelys (Bylae 2) en die program is gevoortoets deur dit aan drie respondente, wat nie in die hoofondersoek betrek is nie, te gee om te voltooi. Hierdie drie respondente is nie by die hoofondersoek betrek nie, aangesien hulle hulle later, gedurende die onderskeie kinderhofondersoekprosesse ten opsigte van die kinders wat hulle by hulle in pleegsorg wou neem, as pleegouers onttrek het. Die program is ook met hierdie selfde drie respondente gevoortoets. Oop vrae is verander na geslote vrae, sodat inligting statisties makliker en meer akkuraat bereken kon word. Dit was nie nodig om enige ander veranderinge aan die vraelys aan te bring nie. Die vrae moes baie eenvoudig opgestel word, om al die intellektuele funksioneringsvlakke van die respondente te kon akkommodeer. Weens die feit dat van die respondente oor baie lae intellektuele vermoëns beskik het, moes die navorser die vraelyste namens sommige van hierdie respondente voltooi. Dit was dus noodsaaklik dat die navorser tydens hierdie situasie, objektief moes bly.

Tydens die voorondersoek, het die volgende aspekte aandag geniet: Daar is bepaal of die intervensie herhaalbaar, effektief, prakties uitvoerbaar en aanpasbaar is. Daar is geëvalueer of die inligting wat tydens die sessies deurgegee is, die doel bereik waarvoor dit ingesluit is. Die geldigheid van die opleidingsprogram is dus geëvalueer. Die program is gereedgemaak en die nodige veranderinge is aangebring vir die hoofondersoek.

- ***Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling***

Die program en die vraelys is presies dieselfde by die verskillende groepe aangebied, om veranderlikes uit te skakel.

Vir hierdie fase is respondente by die Ondersteuningsraad van Pretoria geselekteer. Die bepaalde organisasie is geselekteer op grond van die volgende:

- die Ondersteuningsraad is die welsynsorganisasie waar die navorser werksaam is en wat die navorsing versoek het;
- die opleiding van voornemende pleegouers is deel van die navorser se taak en posomskrywing binne die organisasie;
- goeie samewerking bestaan tussen die navorser en die betrokke organisasie;
- dit is koste- en tydeffektief;
- toestemming is verleen om navorsing by die kantoor van die organisasie te doen; en
- kollegas verwys alle nuwe aansoeke vir pleegsorg na die navorser – respondente was dus beskikbaar.

Kriteria vir die selektering van respondente: Alle voornemende pleegouers (pare en individue) wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 by die organisasie aangemeld het, is by die navorsing betrek. Die respondente was ouer as 20 jaar, met geen beperking op die ouderdom, ras, geslag, geloof, sosio-ekonomiese agtergrond, huwelikstatus en intellektuele vermoëns nie.

‘n Selfontwerpte vraelys (A) wat met behulp van die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria ontwikkel is, is as meetinstrument tydens die voor- en natoets, gebruik. Hierdie selfontwerpte vraelys is eenvoudig gehou, aangesien ‘n groot aantal respondente oor beperkte intellektuele vermoëns beskik het. Hierdie vraelys is tydens die eerste aanmeldingsonderhoud, individueel deur respondente voltooi en weer na afloop van die laaste opleidingsessie, om die impak van die opleidingsprogram te meet. Statistiese gegewens is verwerk deur ‘n statistikus. Die inligting wat verkry is uit die onderhoude met die respondente ongeveer ‘n maand na afloop van die opleidingsessies, is aangeteken.

Die nodige veranderinge aan die program is aangebring nadat die evaluering van die program voltooi is. Aanbevelings is daarna gemaak, soos in hoofstuk agt uiteengesit.

Vervolgens word die kwantitatiewe resultate van hierdie navorsing bespreek.

## 7.3 KWANTITATIEWE DATA-INSAMELING

Tydens fase vier, is die intervensieprogram toegepas en die invloed van die onafhanklike veranderlike (die opleidingsprogram) op die veranderlike afhanklikes (kennis van voornemende pleegouers) toegepas. Tydens fase vyf, volgens Rothman en Thomas se model vir intervensienavorsing (1994:9-30), is die invloed van die opleidingsprogram bepaal deur die kwantitatiewe data wat uit vraelyste verkry is, te analiseer.

Die geïdentifiseerde populasie vir die kwantitatiewe studie was al die persone wat tydens die tydperk Februarie tot Junie 2006 by die Ondersteuningsraad van Pretoria as voornemende pleegouers aangemeld het, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, intellektuele vermoë, geslag, ras, geloof en kultuur. Al hierdie persone was ouer as 20 jaar, met geen limiet op hul ouderdom nie. Altesaam 53 respondente is by hierdie studie betrek. Al 53 respondente het ingestem om deel uit te maak van hierdie navorsingstudie en het die ingeligte toestemmingsvorm onderteken. Al die respondente was teenwoordig tydens elkeen van die opleidingsessies.

Daar is met al die respondente individuele aanmeldingsonderhoude gevoer, om behoeftes te bepaal en om die proses van hierdie studie aan hulle te verduidelik. Data is ingesamel met met behulp van ‘n selfontwerpte vraelys (Bylae 2). Die respondente het elkeen individueel ‘n vraelys voltooi, met die doel om hul huidige kennis van pleegsorg en die wetlike implikasies daarvan ten tye van die aanmelding (voor die intervensieprogram), te bepaal. Tydens hierdie onderhoude, is aansoekvorms (Bylae 1) aan die respondente gegee om te voltooi. Tydens ‘n opvolg tuisbesoek is die vraelys en aansoekvorm met die respondente deurgewerk, om volledige inligting te verkry van die gesin se maatskaplike funksionering. (Vergelyk hoofstuk ses.)

Die respondente is in drie groepe ingedeel wat elk drie opleidingsessies deurloop het. Hierdie sessies het elk ten minste drie ure geduur. Daar is sover moontlik gepoog om respondente met dieselfde intellektuele funksionering bymekaar te plaas, maar dit was nie in alle gevalle moontlik nie. Na afloop van die derde en laaste opleidingsessie, het respondente dieselfde selfontwerpte vraelyste (Bylae 2) voltooi, waar hierdie data met die

data van die voortoets vergelyk is, om die impak van die intervensie te bepaal. Altesaam 106 vraelyste se data is vir hierdie studie verwerk. Verdere opvolgonderhoude is ongeveer een maand na afloop van die onderskeie opleidingsessies met die respondente gevoer, om verdere inligting te verkry. Die onderwerpe op die vraelys is bespreek, maar dit was nie moontlik om die vraelys weer te voltooi nie. Die rede hiervoor was dat die respondente meestal beaam het wat gevra is en baie ongeletterd was.

Die opleidingsessies het met die nodige toestemming van die Ondersteuningsraad se bestuur, by die kantoor van die organisasie plaasgevind. Twee groepe se sessies het na-ure plaasgevind en een groep se sessies gedurende kantoorure. Dieselfde program is presies op dieselfde wyse by al drie groepe aangebied, sodat veranderlikes uitgeskakel kon word. Probleme is wel ondervind waar van die respondente probleme met vervoer ervaar het. Hierdie probleem is egter grootliks oorkom deurdat saamrygeleenthede gereël kon word.

Die impak van die program is ten opsigte van elke respondent individueel gemeet, met ander woorde elke individu se vraelys (voortoets) is met sy eie vraelys (natoets) vergelyk.

### 7.3.1 Vertrouenswaardigheid van die kwantitatiewe data

Ten einde betroubare en geldige data in kwantitatiewe navorsing te verseker, is dit nodig om selfs voor die studie, te verseker dat die meetprosedure en meetinstrument betroubaar is en geldige data-insameling sal genereer (Delport, 2002:166).

#### 7.3.1.1 Betroubaarheid

Volgens Delport (2002:162), behels betroubaarheid: “The reliability of a measurement procedure is the stability or consistency of the measurement.” Betroubaarheid verwys dus na die ooreenstemming van resultate wat verkry word deur meer as een toepassing van die meetinstrument onder soortgelyke omstandighede. Betroubaarheid het dus nie te doen met wat gemeet word nie, maar hoe goed dit gemeet word (Delport, 2002:168). Vanweë die menslike faktor, sal ‘n situasie egter nooit presies dieselfde wees nie, en kleiner verskille mag teenwoordig wees (Grinnell & Williams, 1990:101). In elke studie moet egter gestreef word na die hoogste moontlike mate van betroubaarheid (Strydom, 2003:215).

In hierdie studie is 'n selfopgestelde vraelys as meetinstrument benut. Betroubaarheid is verseker deur die doel van die meetinstrument en die proses aan die respondente te verduidelik voor dit toegepas is. Die noodsaaklikheid van eerlikheid is beklemtoon.

#### 7.3.1.2 Geldigheid

Babbie (2004:143) meen geldigheid is: "… the extent to which an empirical measure, accurately reflects the concept it is intended to measure." Geldigheid word dus beskryf as die mate waartoe enige meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet (Strydom, 2003:216). Delport (2002:167) verwys onder geldigheid na inhoudsgeldigheid, gesigsgeldigheid en konstrukgeldigheid. Die toepassing van hierdie geldigheidsaspekte word kortliks weergegee:

- ***Inhoudsgeldigheid***

Inhoudsgeldigheid verwys na die verteenwoordigendheid van die inhoud van die meetinstrument (Delport, 2002:167). 'n Totaal van tien aspekte van pleegsorg met al sy implikasies is gemeet, en dit is 'n samevatting van al die inligting wat tydens die opleidingsbyeenkomste deurgegee is. Die vraelys moes beperk (verkort) word, sodat respondente wat oor laer intellektuele vermoëns beskik, ook gemaklik geakkommodeer kon word. Die navorser is van mening dat dit spesifieke aspekte van die kennis van resondente ten opsigte van pleegsorg meet.

- ***Gesigsgeldigheid***

Gesigsgeldigheid verwys na wat die meetinstrument op die oog af meet. Om dus betroubare inligting te verkry, is dit nodig dat die respondente die korrekte inligting verskaf omdat hulle tevrede is dat die meetinstrument meet wat hulle glo dit meet (Delport, 2002:167). In hierdie studie was dit duidelik dat die selfopgestelde vraelys wat tydens hierdie studie benut is, die respondente se kennis meet van die omvang en wetlike implikasies van pleegsorg, verwagtinge, motiewe, verantwoordelikhede en pligte van pleegouers, asook die profiel van die pleegkind (hipotese).

- ***Konstrukgeldigheid***

Konstrukgeldigheid verwys na die mate waarin die meetinstrument daarin slaag om die teoretiese konstruk te meet. Aangesien die gedragswetenskappe meestal abstrakte begrippe meet, is dit baie ingewikkeld om te konstrueer en te omskryf. Konstrukgeldigheid verwys dus na die betekenis van die meetinstrument, naamlik wat dit meet en hoe en waarom dit saamgestel is soos dit wel is (Delport, 2002:168).

Die vraelys wat as meetinstrument tydens hierdie studie benut is, is in samewerking met die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria saamgestel. Die vraelys is gevoortoets deur drie respondente wat nie by die hoofondersoek betrek is nie. Oop vrae is na geslote vrae verander om die verwerking van data te vergemaklik. Vrae is ook eenvoudig gehou, om dit vir al die respondente verstaanbaar te maak.

- ***Opleidingsgeleenthede***

Drie opleidingsessies is met drie verskillende groepe aangebied. Die datums waarop genoemde sessies plaasgevind het, word in tabel 7.1 weergegee.

**TABEL 7.1: DATUMS VAN OPLEIDINGSESSIES**

| | **AANTAL LEDE** | **DATUMS VAN GROEPSESSIES** | | |
|---|---|---|---|---|
| Groep 1: Na-ure | 20 | 14/03/2006 | 15/03/2006 | 16/03/2006 |
| Groep 2: Kantoorure | 15 | 24/04/2006 | 25/04/2006 | 26/04/2006 |
| Groep 3 : Na-ure | 18 | 28/06/2006 | 29/06/2006 | 30/06/2006 |

Soos in bostaande tabel 7.1 uiteengesit, het die navorser altesaam nege opleidingsessies gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 by die Ondersteuningsraad van Pretoria aangebied. Weens die feit dat alle voornemende pleegouers se keuring en opleiding ‘n statutêre proses is, is opleiding as deel van die keuringsproses, verpligtend. Gevolglik is al die sessies deur al die respondente wat aangemeld het, bygewoon.

## 7.4 SOSIO-DEMOGRAFIESE KENMERKE VAN DIE RESPONDENTE

Die demografiese besonderhede van die respondente omvat hul geslagsverspreiding, kultuurgroep, ouderdomsverspreiding, huwelikstatus, inligting oor eie kinders, finansiële peil, opvoedkundige peil, bepaling of daar reeds kinders in hul sorg verkeer en of daar 'n verwantskap met die betrokke kinders is. Aandag is ook gegee aan die redes vir die sorgbehoewendheid van die kind(ers) wat by hulle geplaas is of geplaas gaan word, asook die getal plasings van die betrokke kind(ers).

- ***Geslagsverspreiding***

In die vraelys (Bylae 2) is aan die respondente gevra om hul geslag te spesifiseer. Tabel 7.2 gee 'n voorstelling van die geslagsverspreiding van die respondente.

**TABEL 7.2: GESLAGSVERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE**
***N=53 (100%)***

| MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|
| **Getal** | **Persentasie** | **Getal** | **Persentasie** |
| 23 | 43,4% | 30 | 56,6% |

Tabel 7.2 word skematies in figuur 7.1 voorgestel:

**FIGUUR 7.1: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN GESLAGSVERSPREIDING VAN RESPONDENTE**




'n Totaal van 30 respondente (56,6%) was vroulik, teenoor 23 (43,4%) manlike respondente. Die feit dat daar meer vroulike respondente as manlike respondente was, kan toegeskryf

word aan die feit dat daar tien enkelmoeders (geskei, weduwee en ongetroud) was wat as pleegouers aansoek gedoen het. Van die 23 manlike respondente, was 2 'n homoseksuele paar wat in 'n saamleefverhouding betrokke is.

Hierdie verspreiding stem dus ooreen met bevindinge deur ander navorsers dat voorkeur gegee word aan verwante pleegplasings, wanneer versorgingsmoontlikhede vir kinders buite die huis oorweeg word. By verwante pleegsorg gebeur dit meestal dat grootmoeders as substituut- of pleegouers optree (Schönteich, 2000; Gillwald, 2002).

- ***Kultuurgroepe***

Die respondente vir hierdie studie het uit die volgende kultuurgroepe bestaan: blank, swart en kleurling. Vervolgens word die verteenwoordiging van die kultuurgroepe in hierdie navorsingstudie, in tabel 7.3 voorgestel.

**TABEL 7.3: KULTUURGROEPE VAN DIE RESPONDENTE**

***N=53 (100%)***

| BLANK | | SWART | | KLEURLING | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Getal** | **Persentasie** | **Getal** | **Persentasie** | **Getal** | **Persentasie** |
| 34 | 64,16% | 17 | 32,07% | 2 | 3,77% |

Tabel 7.3 word skematies in figuur 7.2 voorgestel:

**FIGUUR 7.2: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN KULTUURGROEPE VAN DIE RESPONDENTE**



Persone van die blanke kultuur het die grootste deel van die respondente uitgemaak, naamlik 34 (64,16%). Persone van die swart kultuur was ongeveer die helfte minder, naamlik 17 (32,07%). Daar was slegs 2 (3,77%) respondente van die kleurling kultuur.

Die rede vir die hoër getal blankes teenoor die ander kultuurgroepe, kan daaraan toegeskryf word dat die grootste deel van die dienste wat by die Ondersteuningsraad van Pretoria gelewer word, tradisioneel by blankes geskied. Weens die onderskeie area-indelings tussen die verskillende welsynsorganisasies, is die areas waarvoor die Ondersteuningsraad van Pretoria verantwoordelik is, grootliks blanke gebiede. 'n Toename in swart pleegsorgplasings word wel opgemerk, maar bestaan die oorheersende gevallelading steeds uit blankes (Steenkamp, 2003).

- ***Ouderdomsverspreiding***

Daar is aan die respondente gevra om hul ouderdom te spesifiseer. Die ouderdomsverspreiding van die respondente soos uit die vraelys (Bylae 2) verkry, word in tabel 7.4 uiteengesit.

**TABEL 7.4: OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE**

| **OUDERDOM** | **GETAL** | **%** |
|---|---|---|
| 20-29 jaar | 1 | 1,88% |
| 30-39 jaar | 16 | 30,18% |
| 40-49 jaar | 22 | 41,51% |
| 50-59 jaar | 5 | 9,44% |
| 60-69 jaar | 5 | 9,44% |
| 70-79 jr | 4 | 7,55% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit tabel 7.4 is dit duidelik dat die meeste respondente (22 oftewel 41,51%) in die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar val. Die tweede grootste getal (16 oftewel 30,18%) is tussen 30 en 39 jaar oud. Dit blyk dus dat die grootste getal respondente tussen die ouderdom van 30 en 50 jaar is, met 'n totaal van 38 (71,69%). Volgens Louw, *et al.* (1998:575-577), is die biologiese kinders van volwassenes in hierdie ouderdomsgroepe in die volgende stadia:

- die interpreterende stadium (± 6-12 jaar);
- die interafhanklike stadium (adolessente jare); en
- die loodsingstadium (begin wanneer die oudste kind die huis verlaat).

Die feit dat daar selfs aansoeke van respondente in die ouderdomsgroepe 60 tot 69 jaar en 70 tot 79 jaar is, kan toegeskryf word aan die feit dat grootouers in die meeste gevalle aansoek doen om as pleegouers vir hul kleinkinders op te tree (Hitchcock, 2006).

Vorige navorsing (Blunden, 2005:223), wat gefokus het op 'n bindingsprogram vir verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders, het ook uitgewys dat die grootste getal respondente onder die ouderdom van 60 jaar was.

- ***Huwelikstatus***

Gegewens ten opsigte van die respondente se huwelikstatus is uit die vraelys (Bylae 2) verkry, en word vervolgens in tabel 7.5 uiteengesit.

**TABEL 7.5: HUWELIKSTATUS VAN RESPONDENTE**

| HUWELIKSTATUS | GETAL | % |
|---|---|---|
| Enkellopend (nooit getroud) | 3 | 5,66% |
| Enkellopend (geskei) | 7 | 13,22 |
| Enkellopend (weduwee/wewenaar) | 1 | 1,88% |
| Getroud | 40 | 75,47% |
| Homoseksueel | 2 | 3,77% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit tabel 7.5 kan duidelik gesien word dat 40 respondente (75,47%) getroud is, met ander woorde 20 pare het die opleidingsgroepe deurloop. 'n Totaal van 11 respondente (20,76%), is enkellopend. 'n Homoseksuele paar, met ander woorde 2 respondente (3,77%) het ook by die opleidingsgroepe ingeskakel. Daar kan duidelik gesien word dat geen voorkeur gegee is aan die respondente se huwelikstatus nie en dat almal wat as voornemende pleegouers aangemeld het, by die opleidingsessies ingeskakel is, ongeag hul huwelikstatus.

Die 11 enkellopende respondente (20,76%) bestaan uit die volgende:

- 2 swart materne grootmoeders (3,77%);
- 5 swart materne tantes (9,24%);
- 3 blanke materne grootmoeders (5,66%); en
- 1 nie-verwante blanke vrou.

In tabel 7.3 is aangedui dat die grootste getal respondente (34 oftewel 64,16%) van die blanke kultuur is. Die grootste getal enkellopende respondente bestaan egter uit die swart kultuur (7 oftewel 13,22%) teenoor 4 (7,55%) blankes.

Alhoewel daar 'n totaal van 13 respondente (24,53%) is wat nie getroud is nie, maak Louw, *et al.* (1998:563) die volgende stelling: "Getroude mense is oor die algemeen fisiek en sielkundig gesonder as diegene wat 'n huweliksmaat verlaat het, geskei is of nog nooit getroud is nie, of 'n eggenoot aan die dood afgestaan het." Uit hierdie stelling kan dus die afleiding gemaak word dat welsynsorganisasies eerder moet poog om kinders, waar moontlik, by egpare in pleegsorg te plaas, aangesien dit vir die kinders emosioneel meer voordele inhou.

Tydens die ondersoek het die navorser bevind dat die *egliede* se motiewe vir pleegsorg, grootliks met *mekaar* ooreenstem. Geen beduidende verskille kon waargeneem word nie.

- ***Biologiese kinders van respondente***

Gegewens ten opsigte van die uiteensetting van die respondente se biologiese kinders is uit die vraelys (Bylae 2) verkry, en word vervolgens in tabel 7.6 weergegee.

**TABEL 7.6: BIOLOGIESE KINDERS VAN RESPONDENTE**

| HOEVEELHEID BIOLOGIESE KINDERS | GETAL | % |
|---|---|---|
| 4 Kinders | 2 | 3,77% |
| 3 Kinders | 11 | 20,76% |
| 2 Kinders | 18 | 33,96% |
| 1 Kind | 18 | 33,96% |
| Kinderloos | 4 | 7,55% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit bostaande tabel 7.6 kan gesien word dat 4 respondente (7,55%) kinderloos is. Van die 4 (7,55%) kinderlose respondente, is 2 (3,77%) in 'n homoseksuele saamleefverhouding betrokke, en het gevolglik nie kinders nie. Die ander 2 (3,77%) respondente is 'n huwelikspaar wat weens mediese redes nie kinders van hul eie kan hê nie. 'n Totaal van 18 (33,96%) respondente het slegs 1 kind. Dit blyk dus dat by 49 respondente (92,45%), biologiese kinders teenwoordig is. Hierdie aspek het dus besondere klem ontvang tydens die opleidingsprogram.

Dit is belangrik dat kennis geneem word van bogenoemde inligting, aangesien dit 'n invloed kan hê op hul motief om hulself as pleegouers beskikbaar te stel. (Tabel 7.16.)

- ***Hoogste opvoedkundige peil***

Gegewens ten opsigte van die respondente se hoogste opvoedkundige peil is uit die vraelys (Bylae 2) verkry, en word vervolgens in tabel 7.7 uiteengesit.

**TABEL 7.7: HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE PEIL VAN RESPONDENTE**

| **SKOOLOPLEIDING/KWALIFIKASIE** | **GETAL** | **%** |
|---|---|---|
| Geen | 1 | 1,88% |
| Graad 4 | 1 | 1,88% |
| Graad 5 | 0 | 0 |
| Graad 6 | 3 | 5,66% |
| Graad 7 | 2 | 3,77% |
| Graad 8 | 6 | 11,33% |
| Graad 9 | 3 | 5,66% |
| Graad 10 | 8 | 15,08% |
| Graad 11 | 1 | 1,88% |
| Graad 12 | 15 | 28,32% |
| Naskool | 13 | 24,54% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit bostaande tabel 7.7 kan duidelik gesien word dat die grootste getal, naamlik 15 respondente (28,32%) gematrikuleer het. 'n Totaal van 13 (24,54%) respondente het na matrikulasie verder studeer. 'n Totaal van 7 (13,22%) respondente het slegs

laerskoolopleiding, van wie 1 (1,88%) respondent geen skoolonderrig ontvang het nie. Hierdie respondent kon ook glad nie lees of skryf nie. Weens hierdie lae opvoedingspeil, was dit vir die navorser noodsaaklik om sommige respondente se vraelyste namens hulle te voltooi, deur die vrae te verduidelik en die antwoorde namens hulle in te vul. Hierdie verskille in opvoedingspeil is 'n aanduiding van die respondente se lewenstyl. Louw, *et al.* (1998:503), meld: "... volwassenes se lewenstyl bepaal die mate waarin hulle kognitiewe vermoëns onaangetas sal bly."

Weens die groot gaping tussen die opvoedingspeil van die respondente, het die navorser sover moontlik gepoog om die groepe volgens die opvoedkundige peil van die respondente in te deel. Dit kon egter nie heeltemal realiseer nie, vanweë die feit dat die meeste van die verwysings vir die keurings wat deur kollegas na die navorser verwys is, aan keerdatums gekoppel was. Hierdie respondente moes dus in groepe ingedeel word wat voor die onderskeie keerdatums sou plaasvind.

Uit bostaande tabel 7.7 kan die afleiding dus gemaak word dat die steekproef verteenwoordigend is van 'n breë spektrum van verskillende intellektuele vlakke waaroor persone beskik.

Voornemende pleegouers wat reeds kinders in hul sorg het (plek van veiligheid), is ook na die navorser verwys vir die nodige opleiding en keuring. Dit is ook nodig om melding te maak dat die meeste persone wat hulself as pleegouers beskikbaar stel, 'n verwantskap met die betrokke kinders het wat hulle in hul pleegsorg wil neem.

- ***Respondente wat reeds kinders in hul sorg het (in plek van veiligheid of op privaatreëling)***

Gegewens ten opsigte van die getal respondente wat reeds kinders in hul sorg het (in plek van veiligheid of op 'n privaatreëling), is uit die vraelys (Bylae 2) bekom, en word vervolgens in tabel 7.8 weergegee.

**TABEL 7.8: RESPONDENTE WAT REEDS KINDERS IN HUL SORG HET (NIE BIOLOGIESE KINDERS NIE)**

| VERKEER DAAR REEDS KINDERS IN U SORG? | GETAL | % |
|---|---|---|
| JA | 44 | 83,02% |
| NEE | 9 | 16,98% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Tabel 7.8 word skematies in figuur 7.3 weergegee:

**FIGUUR 7.3: SKEMATIESE VOORSTELLING MET BETREKKING TOT KINDERS REEDS IN RESPONDENTE SE SORG**




Dit is duidelik dat 44 (83,02%) respondente reeds kinders in hul sorg het. Hierdie kinders verkeer by hulle in plek van veiligheid of op ‘n privaatreëling (tabel 7.13) terwyl die kinderhofondersoek, en dus die pleegouerondersoek, nog afgehandel moet word. Dit het die implikasie dat daar reeds dienste by hierdie gesinne of persone gelewer is, voordat hulle na die navorser verwys is vir die nodige keuring en opleiding. Gevolglik bestaan die moontlikheid dat hierdie persone reeds deur hul onderskeie maatskaplike werkers oor pleegsorg ingelig is, voordat hulle na die navorser verwys is. Dit kon dus ‘n invloed daarop gehad het om die impak van hierdie opleidingsprogram te evalueer, met ander woorde die voortoets kon nie noodwendig ‘n duidelike meting van die respondente se kennis van pleegsorg, reflekteer nie.

‘n Totaal van 13 respondente (24,54%) het aansoek gedoen om meer as 1 pleegkind in pleegsorg te neem, spesifiek by gevalle waar sibbe nie van mekaar geskei kon word nie. Die getal pleegkinders waarvoor aansoek gedoen is, word soos volg uiteengesit:

- 40 respondente (15 egpare en 1 homoseksuele paar; 8 enkelouers) het aansoek gedoen om 1 kind in pleegsorg te neem;
- 8 respondente (3 egpare; 2 enkellopendes) het aansoek gedoen om 2 kinders in pleegsorg te neem;
- 3 respondente (1 egpaar; 1 enkellopende) het aansoek gedoen om 3 kinders in pleegsorg te neem; en
- 2 respondente (1 egpaar) het aansoek gedoen om 4 kinders in pleegsorg te neem.

‘n Totaal van 46 kinders is by die pleegouerondersoeke betrokke. ‘n Totaal van 35 kinders verkeer reeds in hul voornemende pleegouers (44 respondente oftewel 83,02%) se sorg. Van die 46 kinders, verkeer 11 nog nie in hul voornemende pleegouers (9 respondente oftewel 16,98%) se sorg nie.

- ***Vorige opleiding deurloop***

Alhoewel daar reeds kinders in 44 (83,02%) respondente se sorg verkeer, is daar volgens die gegewens soos verkry uit die aansoekvorm (Bylae 1), by geen van hierdie respondente formele opleiding aangaande pleegsorg aangebied nie. Inligting is slegs op individuele basis aan hulle deurgegee deur hul onderskeie maatskaplike werkers. Gevolglik het die repondente nie genoegsame kennis van pleegsorg gehad voordat die kinders by hulle geplaas is nie. Die voordeel van opleiding is nie net daarin geleë dat dit pleegouers se kennis verbeter nie, maar dat dit ook die verhouding tussen die maatskaplike werker en die pleegouer verbeter (Rhodes, Orme & Buehler, 2001:88).

- ***Verwantskap met voornemende pleegkinders***

Tabel 7.9 gee ‘n aanduiding van die getal respondente wat aansoek gedoen het om kinders wat aan hulle verwant is, by hulle in pleegsorg te neem. Genoemde gegewens is uit die vraelys (Bylae 2) verkry.

**TABEL 7.9: VERWANTSKAP MET VOORNEMENDE PLEEGKINDERS**

***N =53 (100%)***

| VERWANT | | NIE-VERWANT | |
|---|---|---|---|
| **Getal** | **Persentasie** | **Getal** | **Persentasie** |
| 39 | 73,58% | 14 | 26,42% |

Tabel 7.9 word skematies in figuur 7.4 voorgestel:

**FIGUUR 7.4: SKEMATIESE VOORSTELLING MET BETREKKING TOT VERWANTSKAP MET VOORNEMENDE PLEEGKINDERS**




'n Totaal van 39 (73,58%) respondente het aansoek gedoen om kinders by hulle in pleegsorg te neem wat aan hulle verwant is, teenoor 14 (26,42%) wat nie aan hulle verwant is nie. In Suid-Afrika tref die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) geen onderskeid tussen verwante en nie-verwante pleegsorg. Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) maak wel onderskeid tussen verwante en nie-verwante pleegsorg, maar die betrokke Artikels van genoemde Wet is nog nie geïmplementeer nie.

Die meerderheid in verwante pleegsorgplasings kan toegeskryf word aan 'n toename in die aanmelding van weeskinders (Snyman, 2003). Dit kan ook toegeskryf word aan die feit dat minder mense bereid is om as pleegouers op te tree. By verwante pleegsorgplasings, is die kinders egter familie wat soms reeds jare lank by die pleegouers woon (Grogan-Kaylor, 2000:133). Grogan-Kaylor (2000:133) maak die volgende stelling: "Placement with kin may thus represent a way of finding new foster homes at a time when the child welfare system is confronted with increasing demands for its services in the face of declining resources." Al die *verwante* respondente (39 oftewel 73,58%) se kinders waarvoor hulle aansoek gedoen het as pleegouers, verkeer reeds in hul sorg, waarvan 17 van hierdie respondente, se plasings

privaatreëlings is (tabel 7.13). By die 14 (26,42%) *nie-verwante* respondente, is daar by 5 van hierdie respondente, reeds kinders in hul sorg.

- ***Finansiële peil***

Gegewens ten opsigte van die finansiële peil van die respondente is uit die aansoekvorm (Bylae 1) verkry, en word vervolgens in tabel 7.10 uiteengesit.

**TABEL 7.10: FINANSIëLE PEIL VAN INDIVIDUELE RESPONDENTE**

| MAANDELIKSE INKOMSTE | GETAL | % |
|---|---|---|
| Meer as R20 000 | 2 | 3,77% |
| R15 000 – R20 000 | 1 | 1,88% |
| R10 000 – R15 000 | 5 | 9,44% |
| R7 000 – R10 000 | 5 | 9,44% |
| R4 000 – R7 000 | 17 | 32,08% |
| R2 000 – R4 000 | 6 | 11,33% |
| R1 000 – R2 000 | 3 | 5,66% |
| Minder as R1000 | 4 | 7,55% |
| Geen (tuisteskepper; word deur eggenoot onderhou) | 8 | 15,08% |
| Geen (werkloos) | 2 | 3,77% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit bostaande tabel 7.10 kan gesien word dat 'n totaal van 17 (32,08%) respondente se finansiële peil tussen R4 000 en R7 000 lê. Van die 53 respondente, is 8 (15,08%) tuisteskeppers en word hulle deur hul eggenote onderhou. Slegs 2 (3,77%) respondente is werkloos en verdien geen inkomste nie. 'n Totaal van 4 (7,55%) respondente verdien 'n maandelikse inkomste van minder as R1 000, hoofsaaklik weens 'n staatspensioen en/of 'n staatsongeskiktheidspensioen. By huwelikspare, is daar meestal twee inkomstes ter sprake.

Dit is nodig om agtergrond te verkry ten opsigte van voornemende pleegouers se finansiële omstandighede, aangesien die feit dat pleegouers 'n pleegkindtoelaag van die staat ontvang, 'n moontlike motief vir aansoek om pleegsorg kan wees (Gillwald, 2002; Delport, 2007:36). Dit word veral gevind by familie wat reeds jare lank 'n kind versorg wie se biologiese ouers oorlede is, dat hulle aansoek doen om hierdie kind in pleegsorg te neem,

sodat 'n pleegkindtoelaag verkry kan word. Minkler (2003:207) stel dit soos volg: "For grandparents who become the primary caregivers for their grandchildren, the personal decision to care often has profound economic consequences."

- ***Redes vir die sorgbehoewendheid van die betrokke kinders***

'n Uiteensetting vir die redes vir die sorgbehoewendheid van die kinders waarvoor die respondente om pleegsorg aansoek gedoen het, volg in tabel 7.11. Hierdie getalle fokus op die *respondente* en nie die getal kinders nie, aangesien sibbe aan dieselfde omstandighede blootgestel was. Hierdie gegewens is verkry uit onderhoude wat met die respondente gevoer is tydens die tuisbesoeke wat onderneem is.

**TABEL 7.11: REDES VIR DIE SORGBEHOEWENDHEID VAN DIE BETROKKE KINDERS**

| **REDES VIR SORGBEHOEWENDHEID** | **GETAL** | **%** |
|---|---|---|
| Weeskinders (A) | 19 | 35,85% |
| Verlating deur of onopspoorbaarheid van ouers (B) | 14 | 26,42% |
| Fisiese en/of emosionele verwaarlosing/mishandeling (C) | 16 | 30,18% |
| Seksuele misbruik (D) | 4 | 7,55% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Bostaande tabel 7.11 word skematies in figuur 7.5 weergegee.

**FIGUUR 7.5: SKEMATIESE VOORSTELLING MET BETREKKING TOT DIE REDES VIR DIE BETROKKE KINDERS SE SORGBEHOEWENDHEID**



By 19 (35,85%) *respondente* is die kinders wat hulle by hulle in pleegsorg wil neem, se sorgbehoewendheid daarin geleë dat hul wees gelaat is weens die afsterwe van hul biologiese ouers. Dit is 'n aanduiding dat hierdie pleegsorgplasings permanent van aard sal wees. Die tweede grootste getal respondente, naamlik 16 (30,18%), wil kinders by hulle in pleegsorg neem wat weens fisiese en/of emosionele verwaarlosing of mishandeling, sorgbehoewend is. Slegs 4 (7,55%) respondente (2 ouerpare) is geïdentifiseer wat aansoek gedoen het om kinders by hulle in pleegsorg te neem wat weens seksuele misbruik sorgbehoewend is.

Tabel 7.9 het reeds aangedui dat die meeste respondente verwant is aan die voornemende pleegkinders; gevolglik dra die meeste respondente kennis van die redes vir die betrokke kinders se sorgbehoewendheid. Volgens Grogan-Kaylor (2000:133), is gevind dat: "…children placed in kinship foster care are reunified more slowly from foster care than children who are placed in foster homes with non-relatives." Verwante pleegouers meld dat hulle 'n lewenslange verantwoordelikheid teenoor hul pleegkinders het (Mason & Linsk, 2002:557).

- ***Aantal pleegplasings***

Gegewens aangaande die betrokke voornemende pleegkinders se vorige plasings (indien van toepassing) is uit die aansoekvorm (Bylae 1) verkry, en word vervolgens in tabel 7.12 uiteengesit.

**TABEL 7.12: GETAL PLASINGSOPSIE WAT DIE RESPONDENTE VIR HUL VOORNEMENDE PLEEGKINDERS IS**

| GETAL PLASINGSOPSIE (HOEVEELHEID PLASINGS) | GETAL | % |
|---|---|---|
| Eerste plasing | 29 | 54,70% |
| Tweede plasing | 13 | 24,54% |
| Derde plasing | 7 | 13,22% |
| Vierde plasing | 2 | 3,77% |
| Vyfde plasing | 2 | 3,77% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

By ‘n totaal van 29 (54,70%) respondente, word hulle as die eerste plasing gereken vir die betrokke ***kinders*** waarvoor hulle as pleegouers aansoek gedoen het (hierdie kinders kan ook reeds in hul sorg verkeer op privaatreëling of in plek van veiligheid). By 13 (24,54%) respondente is hulle die tweede plasingsgeleentheid vir die betrokke kinders. By 11 respondente (20,76%), word hulle as die derde of meer plasingsopsie vir hul voornemende pleegkinders gereken. Hierdie aspek moes spesiale aandag in die opleidingsprogram ontvang, naamlik die effek van verwydering op die kind en verwagte emosionele probleme. Fahlberg (1994:142) meen dat ‘n kind afstand skep tussen hom en sy versorgers vanweë herhaalde skeidings. Uit navorsing wat onderneem is (Delport, 2007:51), is twee van die vernaamste redes vir die mislukking van pleegsorgplasings die volgende:

- konflik tussen pleegouers en pleegkinders; en
- gedragsprobleme wat by pleegkinders voorkom.

Weens die verskuiwing van pleegkinders van een versorgingsposisie na ‘n ander, vind emosionele ontwrigting by die betrokke kind plaas. Kinders wat reeds verskeie kere van versorgingsposisie moes verskuif, ervaar ‘n bindingsversteuring. Dit dra daartoe by dat toekomstige plasings dus ook die risiko loop om te misluk, juis omdat hierdie kinders nie met hul pleegouers sal kan bind nie (Fahlberg, 1994:133).

By hierdie 13 *respondente* (45,3%) of voornemende pleegouers, wat dus kinders ontvang vir wie hulle ‘n tweede of meer plasingsopsie is, word aanbeveel dat die maatskaplike werker verdere indringende opvolgbesoeke doen. Spesiale temas vir voornemende pleegouers met sedere temas, sal in die program aangebring moet word.

- ***Veiligheidstoelaag/pleegkindtoelaag***

Tabel 7.8 bevestig dat 44 (83,02%) van die 53 respondente reeds kinders het wat in hul sorg verkeer. By al hierdie respondente, is die pleegouerondersoek met betrekking tot hierdie kinders nog nie afgehandel nie. Gegewens soos verkry uit die aansoekvorm (Bylae 1) ten opsigte van hierdie 44 plasings, word vervolgens in tabel 7.13 uiteengesit.

**TABEL 7.13: SOORT PLASING MET BETREKKING TOT KINDERS REEDS IN RESPONDENTE SE SORG**

| SOORT PLASING | GETAL | % |
|---|---|---|
| Plek van veiligheid | 27 | 61,36% |
| Privaatreëling | 17 | 38,64% |
| ***N =*** | ***44*** | ***100%*** |

Van die ***44 respondente*** (egpare en enkelouers) wat reeds kinders in hul sorg het en van wie die pleegouerondersoek nog steeds hangend is, is 27 (61,36%) van hierdie plasings, plek van veiligheid (***35*** van 'n totaal van ***46 kinders*** verkeer reeds in hul voornemende pleegouers se sorg). Gevolglik ontvang hierdie 27 respondente (voornemende pleegouers) slegs 'n veiligheidstoelaag. By die oorblywende 17 (38,64%) respondente, waar kinders by hulle op privaatreëling verkeer, word geen toelaag uitbetaal nie.

- ***Kriminele rekord***

Dit is teen die Ondersteuningsraad se beleid om pleegouers te keur wat 'n kriminele rekord het (Steenkamp, 2003). Uit inligting soos verkry vanuit die aansoekvorm (Bylae 1), blyk dit dat geen van die 53 respondente oor 'n kriminele rekord beskik nie. Hierdie gegewens is nie noodwendig 'n refleksie van die werklikheid nie, aangesien genoemde inligting wel deur respondente verswyg kon wees.

'n Oorsig van die sosio-demografiese aspekte van die respondente is in die bostaande tabelle en figure weergegee en bespreek. Aandag word vervolgens gegee aan die resultate soos verkry uit die voortoets en natoets. Hierdie gegewens word bespreek in die konteks van die opleidingsessies wat plaasgevind het. Die uitkomste van die voor- en natoetse word aan die hand van die inligting wat by elke sessie gehanteer is, bespreek.

## 7.5 OPLEIDING IN GROEPSVERBAND

Vervolgens word die sessies van die opleidingsprogram uiteengesit in terme van die doelstelling, doelwitte en verloop van elke sessie. Daarna volg 'n kort evaluering van die opleidingsessies.

### 7.5.1 Opleidingessie 1

#### 7.5.1.1 Doelstelling

Om respondente ten opsigte van die proses van die verloop van die opleidingsprogram te oriënteer en om hul kennis rakende pleegsorg soos in die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) te verbeter. (Kyk paragraaf 6.6.3.1.)

#### 7.5.1.2 Doelwitte

- om respondente aan mekaar voor te stel en om aan hulle die rede vir die opleidingsessies te verduidelik;
- om ‘n vertrouensverhouding daar te stel; en
- om aan die respondente volledige inligting deur te gee ten opsigte van pleegsorg.

#### 7.5.1.3 Verloop

- bekendstelling van lede aan mekaar en deurgee van inligting ten opsigte van die feit of daar reeds kinders in hul sorg verkeer al dan nie;
- sluiting van vennootskap tussen respondente en die aanbieder van die opleidingsessies (navorser) onderling;
- bespreking van gemeenskaplike behoeftes, soos deur die navorser bepaal, asook deur hulle individueel geïdentifiseer;
- bespreking van pleegsorg aan die hand van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), naamlik: plek van veiligheid, pleegsorg as substituutversorging, gesinsherenigingsdienste, mediese versorging, mediese onkostes, skoolfonds, pleegkindtoelaag en aanspreeklikheid;
- bespreking van die aanvaarbare en onaanvaarbare motiewe vir pleegsorg;
- bespreking van die redes vir die verwydering van kinders;
- bespreking van die fases van rou na die verwydering van kinders;
- hantering van vrae en probleemsituasies; en
- samevatting van die opleidingsessie.

### 7.5.1.4 Resultate van voor- en natoetse

Die volgende tabelle inkorporeer die kennis wat respondente opgedoen het van die *eerste sessie* van die opleidingsprogram, soos gemeet deur die selfopgestelde vraelys (Bylae 2), wat as voortoets en natoets gedien het.

- ***Kennis aangaande pleegsorg***

Vervolgens word die impak van die program op die individuele respondente se *kennis* aangaande pleegsorg, deurgegee aan die hand van tabel 7.14.

**TABEL 7.14: KENNIS AANGAANDE PLEEGSORG**

| KENNIS AANGAANDE PLEEGSORG | VOORTOETS | | NATOETS | |
|---|---|---|---|---|
| | **Getal** | **%** | **Getal** | **%** |
| Baie swak | 3 | 5,66% | 0 | 0 |
| Swak | 2 | 3,77% | 1 | 1,88% |
| Redelik goed | 37 | 69,82% | 9 | 16,98% |
| Goed | 10 | 18,87% | 14 | 26,42% |
| Baie goed | 1 | 1,88% | 25 | 47,17% |
| Uitstekend | 0 | 0 | 4 | 7,55% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** | ***53*** | ***100%*** |

Resultate soos verkry uit die voortoets, dui aan dat 3 (5,66%) respondente meen dat hulle kennis ten opsigte van pleegsorg baie swak is. Die natoets het uitgewys dat geen respondent se kennis pleegsorg as baie swak gereken is nie. 'n Totaal van 37 respondente (69,82%) wat hul kennis aanvanklik as redelik goed beskou het, het met die natoets na 9 (16,98%) gedaal. Dit kan 'n aanduiding wees dat respondente tydens die aanbieding van die program besef het dat daar wel 'n leemte in hul kennis bestaan. Die hoeveelheid respondente wat hul kennis as goed beskou het 10 (18,87%), het weer toegeneem met die natoets na 14 (26,42%). Dit kan verklaar word deur die feit dat van die respondente se kennis aangaande pleegsorg, van redelik goed na goed en/of baie goed verander het. Die grootste verskil word waargeneem waar 1 (1,88%) respondent se kennis as baie goed geëvalueer is, teenoor 25 (47,17%) respondente by die natoets. Genoemde is 'n aanduiding

dat daar wel verbetering van die respondente se kennis van pleegsorg bewerkstellig is, nadat die opleidingsprogram deurloop is.

Inligting verkry uit opvolgonderhoude: Al die respondente het beleef dat hul algemene kennis ten opsigte van pleegsorg dermate verbeter het, sodat hulle meer gereed is vir wat op hulle wag. Verder het al die respondente (N=53) laat blyk dat die program wel hul eie idees van pleegsorg verander het. Hulle voel ook positief daaroor dat hierdie program sterk fokus op die praktiese probleme wat kan voorkom en die hantering daarvan. Al die respondente se antwoorde ten opsigte van hul kennis aangaande pleegsorg, soos weergegee tydens die natoets, het ooreengestem met die antwoorde soos verkry uit die opvolgonderhoude. Uit gesprekvoering, kon die navorser ook duidelik agterkom dat ‘n algemene begrip ten opsigte van pleegsorg, dermate by al die respondente stewig gevorm is. Die volgende punte kan uitgelig word:

- die opleidingsessies sou van meer waarde gewees het as dit kon plaasvind voordat kinders geplaas word; en
- dit bied aan die respondente ‘n hele uitgebreide raamwerk van wat pleegsorg behels.

Die gevolgtrekking word dus deur die navorser gemaak, dat die opleidingsprogram wel ‘n beduidende impak op die verbetering van die respondente se kennis en begrip ten opsigte van pleegsorg, gemaak het.

- ***Tydperk van pleegsorg***

In tabel 7.15 word die respondente se respons ten opsigte van die tydperk van ‘n pleegplasing uiteengesit.

**TABEL 7.15: TYDPERK VAN 'N PLEEGPLASING**

| TYDPERK VAN 'N PLEEGPLASING | VOORTOETS | | NATOETS | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % |
| 6 maande | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 1 jaar | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 2 jaar | 38 | 71,69% | 47 | 88,67% |
| 5 jaar | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Permanent | 11 | 20,76% | 6 | 11,33% |
| Weet nie | 4 | 7,55% | 0 | 0 |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** | ***53*** | ***100%*** |

Tydens die voortoets, het reeds 38 (71,69%) respondente die korrekte tydperk vir pleegsorg, naamlik 2 jaar, weergegee. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat inligting reeds aan hulle deurgegee is, aangesien daar reeds kinders in 44 (83,02%) respondente se sorg verkeer. Tydens die voortoets het 4 (7,55%) respondente nie die tydperk van pleegsorg geweet nie, maar die natoets het uitgewys dat hierdie getal verminder is na geen respondent. Twee jaar is egter die tydperk van die *hofbeve*l wat gemaak word, maar Human (1994:103) meld dat dit nie maklik is om die tydsduur van pleegsorg te bepaal nie. Dit gaan dus hier nie oor 'n definitiewe tydsbestek nie, maar eerder oor die potensiaal van die ouers om hul onvermoë om vir hul kind te sorg, te oorbrug. 'n Pleegplasing kan dus wel permanent wees, grootliks waar pleegkinders wees gelaat is na hul biologiese ouers se afsterwe. Die hofbevel word steeds net vir twee jaar gemaak, maar word elke twee jaar ingevolge Art 16(2) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) weer verleng. Tabel 7.11 gee 'n aanduiding dat 19 (35,85%) respondente, kinders in pleegsorg wil neem wat wees is. In hierdie gevalle sal die pleegplasing waarskynlik permanent wees.

<u>Inligting verkry uit die opvolgonderhoude</u>: Verdere inligting wat uit hierdie onderhoude voortgespruit het, behels dat baie van die respondente familie is wat na kinders omsien wat wees gelaat is na die afsterwe van hul biologiese ouers. Dit dien om gemeld te word dat in hierdie gevalle pleegsorg wel permanent kan wees, waar daar dus slegs gefokus word op die verlenging van die aanvanklike hofbevel. Volgens die *South African National Council for Child and Family Welfare* (1987:15), kan langtermynpleegsorg wel plaasvind waar die biologiese ouers oorlede is.

- ***Kennis van die maatskaplike werker se rol***

In tabel 7.16 word die impak van die program ten opsigte van die respondente se kennis aangaande die maatskaplike werker se rol, uiteengesit.

**TABEL 7.16: KENNIS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE ROL**

| KENNIS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE ROL | VOORTOETS | | NATOETS | |
|---|---|---|---|---|
| | **Getal** | **%** | **Getal** | **%** |
| Baie swak | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Swak | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Redelik goed | 16 | 30,18% | 7 | 13,22% |
| Goed | 27 | 50,95% | 18 | 33,96% |
| Baie goed | 10 | 18,87% | 25 | 47,16% |
| Uitstekend | 0 | 0 | 3 | 5,66% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** | ***53*** | ***100%*** |

Tydens die voortoets het 16 (30,18%) respondente gemeld dat hul kennis ten opsigte van die maatskaplike werker se rol redelik goed is. Tydens die natoets het 7 (13,22%) respondente hul kennis ten opsigte van die maatskaplike werker se rol as redelik goed beskryf. 'n Totaal van 27 (50,95%) respondente het gemeld dat hul kennis ten opsigte van die maatskaplike werker se rol goed is teenoor 'n totaal van 18 (33,96%) tydens die natoets. By die voortoets het 10 (18,87%) respondente hul kennis ten opsigte van die maatskaplike werker se rol as baie goed beskryf teenoor 25 (47,16%) tydens die natoets. 'n Totaal van 3 (5,66%) respondente het hul kennis ten opsigte van die maatskaplike werker se rol as uitstekend geëvalueer tydens die natoets; dus 'n verbetering op die voortoets.

Die maatskaplike werker vervul 'n belangrik rol by ten opsigte van dienslewering by pleegsorg. Triseliotis, *et al*. (1995:83) noem: "The role of the child's social worker includes support, advice and assistance to the foster parent, in relation to that child." Rhodes, *et al.* (2001:88) stel dit soos volg: "Training and interaction with social workers increased foster parents' involvement." Navorsing wat deur Delport (2007:98) onderneem is, het bevind dat maatskaplike werkers gemiddeld een keer per jaar met hul pleeggesinne kontak maak. Delport (2007:98) noem egter: "Die doeltreffendheid van toesigdienste en ondersteuning aan pleegouers kan egter bevraagteken word as kontak slegs een keer per jaar geskied."

Inligting verkry uit opvolgonderhoude: Al die respondente het beleef dat hul kennis van die maatskaplike werker se rol, verbeter het. Vanweë die feit dat daar reeds kinders in die sorg van 44 (83,02%) respondente verkeer, het hulle reeds 'n basiese kennis en belewenis van die maatskaplike werker se rol en verantwoordelikhede verkry. Die volgende addisionele inligting is tydens die onderhoude aan die navorser deurgegee:

- die vennootskapsbeginsel tussen pleegouers en die betrokke maatskaplike werkers is beklemtoon;
- pleegouers is 'n hulpmiddel vir die maatskaplike werker om uiteindelik 'n gesamentlike doel te bereik, naamlik om die pleegkind te help om emosioneel en fisies weer heel en gesond te word;
- baie nuwe inligting ten opsigte van die rol van die maatskaplike werker is deurgegee;
- hulp en ondersteuning is beskikbaar, indien daar situasies in die plasing sou opduik wat die pleegouers nie opgewasse voel om te hanteer nie; en
- die beskikbaarheid van die betrokke maatskaplike werker bring gerusstelling.

Uit resultate verkry, kan die gevolgtrekking dus gemaak word dat die program wel 'n groot impak gehad het op die verbetering van die voornemende pleegouers se kennis van die rol van die maatskaplike werker. Dit is verder opvallend dat die maatskaplike werker se betrokkenheid vir hulle belangrik is.

- ***Kennis van byvoordele met betrekking tot pleegsorg***

Vervolgens word die impak van die intervensie ten opsigte van die voornemende pleegouers se kennis van die byvoordele wat pleegouers ontvang, in tabel 7.17 weergeggee.

**TABEL 7.17: BYVOORDELE WAT PLEEGOUERS ONTVANG**

Die korrekte antwoord: Pleegouertoelaag
Vryskelding van skoolgelde
Gratis mediese versorging by staatshospitaal

***N=53 (100%)***

| RESPONDENTE | DATA VAN VOORTOETS | DATA VAN NATOETS | EVALUERING: DATA VAN NATOETS |
|---|---|---|---|
| Respondent 1 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Verbetering op voortoets se resultaat***. |
| Respondent 2 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets. ***Verbetering op voortoets se resultaat***. |
| Respondent 3 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat***. |
| Respondent 4 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat***. |
| Respondent 5 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag | Geen verandering tussen voortoets en natoets nie. ***Geen impak nie***. |
| Respondent 6 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Respondent 7 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat***. |
| Respondent 8 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag | Geen verandering tussen die voortoets en die natoets nie.<br>***Geen impak nie.*** |
| Respondent 9 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie van die antwoorde by die natoets korrek, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 10 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Hierdie respondent het reeds tydens die voortoets al drie antwoorde korrek beantwoord.<br>***Impak kan nie gemeet word nie.*** |
| Respondent 11 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag | Geen verandering tussen die voortoets en natoets nie.<br>***Geen impak nie.*** |
| Respondent 12 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen inligting hieroor gehad voor die aanvang van die intervensie nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 13 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag | Slegs een van die drie antwoorde is korrek by die natoets. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | Het geen inligting voor die aanvang van die program gehad nie (tydens voortoets).<br>***Geringe impak.*** |
| Respondent 14 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie van die antwoorde by die natoets korrek beantwoord, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 15 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde korrek by die voortoets sowel as by die natoets.<br>Het reeds redelike kennis gehad tydens die aanvang van die program (tydens voortoets).<br>***Geringe impak.*** |
| Respondent 16 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het aldrie antwoorde by die natoets reg teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 17 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag | Geen verandering tussen die voortoets en die natoets nie.<br>***Geen impak nie.*** |
| Respondent 18 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Twee van die drie antwoorde by die natoets is reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 19 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag | Geen verandering tussen |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | die voortoets en die natoets nie.<br>***Geen impak nie.*** |
| Respondent 20 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag | Het een van die drie antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad met die aanvang van die program nie.<br>***Geringe impak.*** |
| Respondent 21 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by beide die voortoets en die natoets reg.<br>Het reeds redelike inligting gehad voor die aanvang van die program.<br>***Impak kan nie gemeet word nie.*** |
| Respondent 22 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die natoets korrek, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 23 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad voor die aanvang van die program nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 24 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het met die aanvang van die program reeds oor die nodige kennis beskik en het tydens die voortoets, al drie vrae reg beantwoord. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ***Impak kan nie gemeet word nie.*** |
| Respondent 25 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag<br>• Gratis mediese versorging | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 26 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>Het geringe kennis gehad voor die aanvang van die program.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 27 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 28 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie van die antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 29 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Vryskelding van kleuterskoolfonds | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die antwoorde by die natoets korrek, soos ook tydens die voortoets bepaal.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat deurdat 'n verkeerde antwoord by die natoets*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ***weggelaat is.*** |
| Respondent 30 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis tydens die voortoets gehad nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 31 | • Pleegouertoelaag<br>• Bustoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat, deurdat 'n verkeerde antwoord weggelaat is.*** |
| Respondent 32 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 33 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie van die antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>Het redelike kennis gehad voor die aanvang van die program.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 34 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Vryskelding van kleuterskoolfonds | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>Het redelike kennis gehad |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | voor die aanvang van die program.<br>Verkeerde antwoord tydens voortoets, is met natoets weggelaat.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 35 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 36 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag | Een van die drie antwoorde by die natoets is korrek.<br>Het geen kennis gehad voor die aanvang van die program nie.<br>***Geringe impak.*** |
| Respondent 37 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag | Geen verandering tussen voortoets en natoets nie.<br>***Geen impak nie.*** |
| Respondent 38 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Bustoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die voortoets sowel as die natoets reg.<br>Verkeerde antwoord tydens voortoets, is met natoets weggelaat.<br>***Geringe impak.*** |
| Respondent 39 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie van die antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad voor die aanvang van die program nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 40 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag | Het twee van die drie |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | • Vryskelding van skoolgelde<br>• Vryskelding van kleuterskoolfonds | antwoorde by die natoets reg (ook een verkeerde antwoord tydens natoets), teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Geringe verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 41 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie die antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 42 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets korrek, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 43 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die natoets korrek, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 44 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die natoets korrek, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 45 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Verbetering op die*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ***voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 46 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag | Geen verandering tussen voortoets en natoets nie. ***Geen impak nie.*** |
| Respondent 47 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 48 | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Vryskelding van kleuterskoolfonds<br>• Gratis mediese versorging | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die voortoets sowel as die natoets reg.<br>Een ekstra verkeerde antwoord by die voortoets is ook by die natoets weggelaat.<br>Het redelike kennis gehad voor die aanvang van die program.<br>***Geringe impak.*** |
| Respondent 49 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Gratis mediese versorging | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 50 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 51 | • Weet nie | • Pleegouertoelaag | Het een van die drie antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | voor die aanvang van die program nie. ***Geringe verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 52 | • Pleegouertoelaag<br>• Bustoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde<br>• Gratis mediese versorging | Het al drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord tydens die voortoets.<br>'n Verkeerde antwoord by die voortoets is met die natoets weggelaat.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 53 | • Pleegouertoelaag | • Pleegouertoelaag<br>• Vryskelding van skoolgelde | Het twee van die drie antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |

Uit bostaande tabel 7.17 blyk dit dat die impak van die program ten opsigte van die byvoordele wat pleegouers ontvang, by 3 (5,66%) respondente nie gemeet kon word nie. Dit is weens die feit dat hierdie respondente reeds voor die aanvang van die opleidingsprogram oor die nodige kennis aangaande hierdie onderwerp beskik het. Die program het geen impak (verandering) gehad by 7 (13,22%) respondente nie. By 43 (81,12%) respondente, het die opleidingsprogram ten opsigte van hierdie tema wel impak gehad, en kan die gevolgtrekking gemaak word dat hul kennis van die byvoordele wat pleegouers ontvang, wel verbeter/verhoog het.

Die pleegouertoelaag is 'n byvoordeel wat ook as motief vir pleegouers kan dien om aansoek te doen vir pleegsorg (tabel 7.18). Die verantwoordelikheid vir die uitbetaling van die pleegouertoelaes berus by die staat (Skelton, 1998:137).

Inligting verkry uit die opvolgonderhoude: Die volgende inligting is verkry:

- die behoefte bestaan aan vryskelding van kleuterskoolgelde, omdat kleuters ook nodige vaardighede moet aanleer - baie laerskole verkies om kinders in te neem wat in 'n kleuterskool was bo dié wat nie kleuterskoolonderrig ontvang het nie;
- deur die ontvangs van 'n toelaag asook die vryskelding van skoolfonds, word finansiële verligting wel gebring; en
- pleegkinders moet ingelig word oor die aanwending en die doel van die toelaag, aangesien van hulle meen die geld kom hulle elke maand toe.

- ***Positiewe motiewe vir pleegsorg***

In tabel 7.18 word die positiewe motiewe vir pleegsorg, soos deur die voornemende pleegouers geïdentifiseer, uiteengesit.

**TABEL 7.18: POSITIEWE MOTIEWE VIR PLEEGSORG**

Die korrekte antwoord: Barmhartigheidsdiens
Lief vir kinders
Hou van groot gesinne
Eie kinders is reeds uit die huis
Wil ouerskap uitleef

***N=53 (100%)***

| RESPONDENTE | DATA VAN VOORTOETS | DATA VAN NATOETS | EVALUERING: DATA VAN NATOETS |
|---|---|---|---|
| Respondent 1 | • Lief vir kinders<br>• Eie kinders is reeds uit die huis | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Eie kinders is reeds uit die huis | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 2 | • Lief vir kinders<br>• Is kinderloos | • Lief vir kinders<br>• Wil ouerskap uitleef | Het twee van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. Een verkeerde antwoord by die voortoets is met die natoets weggelaat. ***Verbetering op die*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ***voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 3 | • Lief vir kinders<br>• Eie kinders is reeds uit die huis<br>• Wil ouerskap uitleef | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne<br>• Eie kinders is reeds uit die huis<br>• Wil ouerskap uitleef | Het al vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 4 | • Barmhartigheids-diens | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Wil ouerskap uitleef | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 5 | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne<br>• Wil ouerskap uitleef | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 6 | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Soek 'n maatjie vir my eie kind | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>Een verkeerde antwoord by die voortoets is met die natoets weggelaat.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 7 | • Lief vir kinders<br>• Wil ouerskap uitleef | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Wil ouerskap uitleef | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets korrek, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ***voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 8 | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Wil ouerskap uitleef | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne<br>• Wil ouerskap uitleef | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 9 | • Lief vir kinders | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders | Het twee van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Geringe verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 10 | • Lief vir kinders | • Lief vir kinders<br>• Wil ouerskap uitleef | Het twee van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Geringe verbetering op die voortoets se resultaat*** |
| Respondent 11 | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne<br>• Eie kinders is reeds uit die huis | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 12 | • Barmhartigheids-diens | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets korrek, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 13 | • Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders | Het al vyf die antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | • Hou van groot gesinne<br>• Eie kinders is reeds uit die huis<br>• Wil ouerskap uitleef | by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 14 | • Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne<br>• Eie kinders is reeds uit die huis<br>• Wil ouerskap uitleef | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne<br>• Wil ouerskap uitleef | Het tydens die voortoets sowel as die natoets vier van die vyf antwoorde korrek.<br>***Geen impak nie.*** |
| Respondent 15 | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Eie kinders is reeds uit die huis | • Barmhartigheids-diens<br>• Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne<br>• Eie kinders is reeds uit die huis | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 16 | • Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne | • Lief vir kinders<br>• Hou van groot gesinne<br>• Eie kinders is reeds uit die huis<br>• Wil ouerskap uitleef | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
In die vorige ses hoofstukke is die teoretiese basis vir die ontwikkeling van ‘n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers uiteengesit, nadat bevind is dat daar nie ‘n resente, nagevorste opleidingsprogram vir gebruik deur maatskaplike werkers bestaan nie. Die teoretiese konsepte is ook van toepassing gemaak deur ‘n ooreenstemmende program te ontwikkel en uit te toets. In hierdie hoofstuk is die empiriese gegewens volgens die vyfde fase van Rothman en Thomas se model vir intervensienavorsing bespreek, en is dit kortliks soos volg:

- Nadat die rasionaal vir die gebruik van die kwantitatiewe enkelstelselontwerp verduidelik is, is die navorsingsproses en demografiese gegewens van die steekproef bespreek. Altesaam 53 respondente wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 by die Ondersteuningsraad van Pretoria as voornemende pleegouers aangemeld het, is by hierdie studie betrek. Die meeste respondente is tussen die ouderdom van 41 tot 49 jaar. ‘n Totaal van 14 respondente was nie verwant aan die kinders wat deur hulle in pleegsorg geneem sou word nie. Die feit dat daar ook meer vroulike respondente was, kan toegeskryf word aan die feit dat enkelmoeders ook deel van hierdie studie uitgemaak het.

- Die feit dat 44 van die 53 respondente reeds kinders in hul sorg het, het geïmpliseer dat hierdie respondente al 'n sekere hoeveelheid kennis van pleegsorg opgedoen het. Dit het tot gevolg dat die impak van die program by hierdie respondente nie altyd duidelik gemeet kon word nie. Tydens die opvolgonderhoude wat na afloop van die implementering van die program plaasgevind het, kon addisonele inligting egter bekom word.

- Tydens die voortoets, is 'n selfopgestelde vraelys tydens die aanmeldingsonderhoud individueel deur respondente ingevul. Weens die feit dat daar ook ongeletterde respondente was, moes die vraelys vereenvoudig word om hulle ook te kon akkommodeer. Die opleidingsprogram is daarna aangebied, wat drie opleidingsessies van drie ure elk behels het. Die respondente is ook in drie groepe opgedeel. Na die implementering van die opleidingsprogram, het die natoets gevolg, waar die respondente direk na afloop van die laaste opleidingsessie dieselfde vraelys moes voltooi. Die resultate van die natoets is met dié van die voortoets vergelyk. Al die respondente wat aangemeld het, het aan die navorsingstudie deelgeneem en het almal ook aan beide die voortoets en die natoets deelgeneem.

- Die resultate het getoon dat die respondente (voornemende pleegouers) se kennis van pleegsorg, met al die wetlike implikasies daaraan verbonde, asook die hantering van die pleegkind met sy spesifieke emosionele behoeftes, verbeter het. Die program kan dus as suksesvol beskryf word.

- Die data van die vraelyste is deur 'n statistikus verwerk. Die data sluit die volgende aspekte in: algemene kennis van pleegsorg, rol en taak van die maatskaplike werker, positiewe motiewe vir pleegsorg, hantering van pleegkinders se emosionele probleme, asook die respondente se algemene voorbereiding op pleegsorg.

Die samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings van die studie volg in hoofstuk agt.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 8

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 8.1 INLEIDING

Die navorser wou deur hierdie studie ‘n bydrae lewer tot die maatskaplikewerk-professie, waar daar ‘n behoefte bestaan aan ‘n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers. In hierdie studie is ondersoek ingestel na die moontlike inhoud van so ‘n opleidingsprogram, is ‘n maatskaplikewerk-intervensieprogram vir die opleiding van voornemende pleegouers ontwikkel en die impak van hierdie program ten opsigte van die kennis van voornemende pleegouers, bepaal.

In hoofstuk een is ‘n algemene oriëntering tot die studie gedoen. ‘n Teoretiese raamwerk is daargestel waarbinne die motivering en navorsingsprosedure vir die studie bespreek is. In hoofstuk twee is die algemene sisteemteorie as teoretiese fundering holisties benader. In hoofstuk drie is die sorgbehoewende kind met sy spesifieke eienskappe, kenmerke en emosionele probleme, bespreek. In hoofstuk vier is pleegsorg in Suid-Afrika, met al die wetlike aspekte daaraan verbonde, aan die hand van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), volledig gehanteer. Hoofstuk vyf fokus op die beleid en prosedures van verskillende welsynsorganisasies ten opsigte van pleegsorg. Hoofstuk ses omskryf die verfynde maatskaplikewerk-intervensieprogram met behulp van opleidingsessies, wat ontwerp en getoets is tydens hierdie studie. Ter aanvulling van die literatuurstudie, is ‘n empiriese studie onderneem. Hoofstuk sewe bevat die empiriese gegewens wat verkry is tydens die ondersoek van die maatskaplikewerk-opleidingsprogram, asook die bespreking en interpretering van die data.

In hierdie hoofstuk word samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak en word die doel van die studie, die doelwitte en die hipotese getoets.

## 8.2 ALGEMENE ORIëNTERING TOT DIE STUDIE

As inleiding, is die gebrek aan voldoende opleiding vir voornemende pleegouers bespreek. Die probleemformulering (1.2) vir hierdie studie behels: Daar bestaan nie 'n nasionale en eenvormige empiries getoetste opleidingsprogram vir voornemende pleegouers in Suid-Afrika nie. Die motivering vir hierdie studie vloei voort uit die probleemformulering en dit is ook 'n belangstellingsveld van die navorser. Uit gesprekke met kenners asook mede-kollegas, is bevind dat daar wel 'n behoefte aan so 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers bestaan. By nadere ondersoek, het dit geblyk dat die persepsie bestaan dat 'n groot aantal pleegplasings misluk, vanweë onvoldoende opleiding en voorbereiding van voornemende pleegouers met betrekking tot pleegsorg met al sy fasette. Hierdie persepsie het die basis gevorm vir die motivering tot hierdie studie.

Die doel van die studie is in 1.3 aangedui as:

***Om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel en empiries te toets.***

'n Hipotese is geformuleer, wat behels het dat voornemende pleegouers se kennis aangaande pleegsorg en die wetlike implikasies daaraan verbonde, asook hul kennis van die hantering van die pleegkind, sal verhoog indien hulle die opleidingsprogram deurloop het.

Toegepaste intervensienavorsing is vir hierdie studie benut en beskryf. Die kwantitatiewe enkelstelselontwerp A-B-A wat benut is, was waardevol om die impak van die program te toets. Die data van die voortoets en natoets kon met mekaar vergelyk word om te bepaal of die opleidingsprogram daartoe bygedra het om voornemende pleegouers se kennis van pleegsorg te verbeter. Deur opvolgonderhoude met respondente 'n maand na afloop van die implementering van die program te voer, kon die navorser addisionele inligting bekom ten opsigte van die voornemende pleegouers se kennis van pleegsorg, wat tydens die opleidingsessies bekom is.

Die navorsingsprosedure en werkwyse van die intervensienavorsingsmodel van Thomas en Rothman, is as riglyn vir hierdie studie gebruik. Hierdie stappe wat gevolg is, was haalbaar, realisties en het vir die navorser sin gemaak. Verder het hierdie stappe die navorser in

hierdie navorsing gelei en in staat gestel om die studie te onderneem. Die navorser is van mening dat intervensienavorsing moontlik is in maatskaplike werk en dat dit waardevol is vir die onderneming en implementering van 'n navorsingsprojek. Die fases van Rothman en Thomas se intervensienavorsingsmodel is bespreek, naamlik:

- Fase een - Probleemanalise en projekbeplanning: Gesprekke met maatskaplike werkers, kenners en welsynsorganisasies het die behoefte aan 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers onderstreep. Opleidingsessies is in groepsverband aangebied om koste en tyd te bespaar. Dit was ook as intervensiemetode effektief om hierdie program te implementeer. Dit bied aan deelnemers die geleentheid om bymekaar te leer en om ook hul ervaring en kennis met mekaar te deel. (Kyk 6.4.3.) Die inligtinginsameling deur gesprekke met kundiges was van groot nut om 'n duidelike kennisbasis van pleegsorg op te bou. Dit het ook daartoe bygedra dat die navorser hierdie studie kon rig.

  Die geïdentifiseerde populasie was alle aansoekers wat as voornemende pleegouers vir die Ondersteuningsraad wou optree en wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 by genoemde organisasie aangemeld het. Die aansoekers was ouer as 20 jaar tot onbeperk en geen onderskeid is getref ten opsigte van geloof, geslag, huwelikstatus, ras en kultuur nie. Altesaam 53 respondente is by die studie betrek. Die respondente is in drie groepe ingedeel, wat elk drie opleidingsessies van drie ure elk deurloop het. Hierdie opleidingsessies was voldoende ten opsigte van tyd en al die respondente (N=53) het hierdie sessies getrou bygewoon. Dit was duidelik uit die resultate dat die respondente baat gevind het by die aanbieding van die opleiding in groepsverband.

- Fase twee - Insameling van inligting en sintese: Nasionale en internasionale literatuur is geraadpleeg. Kenners is ook geraadpleeg vir verdere inligting en 'n geskikte teoretiese verwysingsraamwerk is opgestel. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en ander welsynsorganisasies is ook genader om inligting te bekom oor moontlike opleidingsprogramme, asook bestaande beleid en prosedures ten opsigte van pleegsorg. Die bestudering van die beleid en prosedures van verskillende welsynsorganisasies het daartoe bygedra dat die navorser 'n duidelike beeld kon kry van hoe voornemende pleegouers gekeur word en aan watter vereistes hulle moet voldoen vir die verskillende welsynsorganisasies. Hierdie inligting kon in die opleidingsprogram benut word.

- Fase drie - Ontwerp: Ontwerp word beskou as die proses waarvolgens die intervensie- en waarnemingsprosedure beplan word en dit gaan die hoofondersoek vooraf. Die inhoud van die opleidingsprogram is saamgestel en die effektiwiteit van die program is met behulp van selfopgestelde vraelyste vasgestel. Uit die empiriese ondersoek is dit duidelik dat die program wat ontwerp is, wel daartoe bygedra het om voornemende pleegouers se kennisbasis van pleegsorg te verbeter.

- Fase vier - Vroeë ontwikkeling en voorondersoek: Tydens die vierde fase is die intervensieprogram, naamlik die opleidingsprogram, ontwikkel. Genoemde program is oor ‘n tydperk van vyf jaar deur die navorser ontwikkel as deel van haar werkverpligting in hierdie spesialiteitspos. Verskeie opleidingsessies is voor die aanvang van hierdie studie deur die navorser aangebied en die program is ook daarvolgens aangepas en ontwikkel. Gesprekke met ander welsynsorganisasies het ook verskeie insette opgelewer wat by die program geïnkorporeer is. Deur hierdie program oor ‘n tydperk te ontwikkel, kon die navorser duidelik waarneem waar die leemtes in die program is, en die nodige aanpassings daarvolgens maak. Die waarde is dus daarin geleë dat die program deurlopend aangepas is, sodat alle fasette rakende pleegsorg by die program geïnkorporeer is.

- Fase vyf - Evaluering en gevorderde ontwikkeling: Opleidingsgroepe wat in die verlede deur die navorser onderneem is, het oor vier sessies gestrek. Voornemende pleegouers het egter daarop gewys dat hulle as gevolg van tyd en koste, nie bereid is om meer as drie opleidingsessies by te woon nie. Hierdie opleidingsessies is dus aangepas na slegs drie sessies, wat voldoende blyk te wees. Die implementering van die opleidingsprogram het dus drie agtereenvolgende dae (na-uurs) plaasgevind en hierdie sessies was elk ongeveer drie ure lank. Uitdeelstukke (Bylae 3) met betrekking tot die inhoud van die verskillende opleidingsessies is ook aan die respondente oorhandig, wat as handleiding vir hulle kon dien. Geen veranderinge is aan die program aangebring nie en is dit presies soos in hoofstuk ses beskryf, aan altesaam 53 respondente by die kantoor van die Ondersteuningsraad van Pretoria aangebied.

Etiese aspekte wat standaarde daarstel vir ‘n navorsingsprojek is deurgaans in hierdie studie nagestreef. Alhoewel opleiding vir alle voornemende pleegouers verplig is, het respondente vrywillig deel uitgemaak van hierdie studie. Die respondente is nie aan fisiese of psigiese ongemak blootgestel nie. Konfidensialiteit is gehandhaaf. Deur daarop te fokus om aan die

nodige etiese standaarde te voldoen, kon hierdie studie geïmplementeer word sonder die kommer dat dit enige negatiewe gevolge vir die respondente inhou.

Om hierdie studie te onderneem, het die navorser vooraf 'n kennisraamwerk onderliggend aan hierdie studie opgebou. Dit is in hoofstukke twee tot vyf uiteengesit en beskryf. Die navorser het van plaaslike sowel as internasionale bronne gebruik gemaak. Vanweë die beperkte bronne wat spesifiek oor pleegsorg in Suid-Afrika bestaan, is ook baie gesteun op inligting soos verkry vanaf kenners. Deur 'n volledige literatuurstudie te onderneem, kon die navorser 'n duidelike kennisbasis ten opsigte van pleegsorg opbou. Hierdie kennisbasis het daartoe bygedra dat die inhoud van die program saamgestel kon word en die opleidingsessies se beprekings kon fokus op feitegegewens. Die literatuurstudie word vervolgens onder punte 8.3, 8.4, 8.5 en 8.6 bespreek.

## 8.3 ALGEMENE SISTEEMTEORIE AS TEORETIESE FUNDERING IN PLEEGSORG

Elke maatskaplike werker behoort uit 'n bepaalde benadering te werk. 'n Benadering word gesien as die fundering of vertrekpunt, die fokuspunt van die maatskaplike werker se mensbeskouing. Die motivering vir die benutting van die sisteemteorie vir hierdie studie was die erkenning van die invloed van sisteme op die lewens van mense, in hierdie geval die pleegkind en die pleeggesin. Die pleegkind is deel van verskeie sisteme, naamlik biologiese gesin, pleeggesin, welsynsorganisasies, skool en gemeenskap. Die sisteembenadering word dus deur die navorser beskou as onontbeerlik in dienslewering met betrekking tot pleegsorgdienste.

Kennis van die filosofie van die algemene sisteemteorie is belangrik en sluit die volgende in: Newtoniaanse denke, kubernetika, tweede-orde kubernetika en konstruktivisme. Die hoofdoel van die sisteemteorie is dat dit wegbeweeg van individuele hulpverlening wat beteken dat assessering nie bestaan uit 'n studie van individuele lede van die biologiese of pleeggesin nie. Dit is dus noodsaaklik dat gefokus word op hoe die pleeggesin as sisteem funksioneer. Gedrag kan gekoppel word aan die gedrag en interaksie tussen die gesinslede onderling. Terapie is dus daarop gemik om die funksionering van die pleeggesin as sisteem te verander en om interaksiepatrone beter te verstaan. 'n Sistemiese denkraamwerk moet ontwikkel word om dus die gedrag van individue in verhouding met die voortdurende handelinge van die familiegroep te analiseer en te verstaan.

Alle lede in familiegroepe beïnvloed mekaar wedersyds. Dit bring gevolglik ‘n sisteem tot stand met sy eie unieke eienskappe, wat onderhewig is aan reëls wat rolle, kommunikasiepatrone, probleemoplossende vermoëns en onderhandelingstegnieke spesifiseer. Tydens ‘n pleegplasing word die pleegkind en sy biologiese ouers by ‘n gesinsisteem bygevoeg, wat ‘n invloed sal uitoefen op die hele sisteem. Voornemende pleegouers moet dus bewus wees van moontlike invloede van hierdie aard.

Subsisteme is kleiner sisteme wat deel uitmaak van ‘n groter sisteem. Dit is dus belangrik vir voornemende pleegouers om te besef dat die pleegkind deel kan wees van kleiner subsisteme binne sy familiesisteem, byvoorbeeld dat hy ‘n hegter verhouding met sy sibbe het as met sy biologiese ouers. Die drie subsisteme wat bestaan, naamlik die egliede-subsisteem, ouerlike-subsisteem en sibbe-subsisteem, gee ‘n aanduiding van die interaksie wat in die groter sisteem plaasvind. Waar pleegouers enkelouers is, kan subsisteme ook ontstaan, byvoorbeeld waar die pleegkind en sy pleegouer ‘n hegte band ontwikkel of handhaaf. Subsisteme kan daartoe bydra dat individue bemagtig word en vaardighede ontwikkel na aanleiding van die onderskeie rolle wat hulle vertolk. Die gevolgtrekking kan verder gemaak word dat die pleegkind nuwe rolle binne die pleeggesin moet aanleer om deel te kan word van hierdie nuwe sisteem.

Die beginsels van die algemene sisteemteorie sluit die volgende in: sirkulariteit, inligting/informasie, dubbelbeskrywing/geheel/holisme, patroon en vorm, stabiliteit en verandering en passing en konservasie/interafhanklikheid. Hierdie beginsels kan met groot waarde aangewend word by dienslewering met pleeggesinne, en maatskaplike werkers behoort hierdie beginsels toe te pas tydens die lewering van dienste aan pleeggesinne.

Deur kennis te dra van die kenmerke van sisteme, kan die funksionering van ‘n gesin wat as voornemende pleegouers aanmeld, baie duidelik geëvalueer word. Hierdie kenmerke van sisteme sluit die volgende in: entropie (positiewe en negatiewe entropie), openheid of geslotenheid van sisteme, grense, georganiseerde hiërargiese verhouding, inset-deurset-uitset en terugvoering en die ewewigstoestand. Indien die maatskaplike werker byvoorbeeld die oopheid of geslotenheid van ‘n sisteem evalueer, kan gesien word of hierdie gesin daartoe in staat is om die pleegkind met sy biologiese ouers te kan akkommodeer.

Vier vlakke van sisteme, naamlik mikrovlak sisteme (individue of klein groepe), middelvlak sisteme (formele groepe of komplekse organisasies), eksosisteme (gedistansieerde sisteem,

byvoorbeeld ouers se werkplek) en makrovlak sisteme (woonbuurte en gemeenskappe), gee 'n duidelike beeld van al die sisteme waaraan individue gekoppel is. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die navorser kon bepaal hoe die voornemende pleeggesin as sisteem binne groter sisteme funksioneer. Dit was ook behulpsaam om hul algehele maatskaplike funksionering te evalueer.

Deur die tegnieke van die sisteemteorie te benut, naamlik sirkulêre vraagstelling, genogram en ekokaart en metafore, kan die maatskaplike werker se dienslewering aan pleeggesinne meer effektief wees. Genoemde tegnieke kan van waarde wees by die hantering van die pleeggesin deur die maatskaplike werker. Deur hierdie tegnieke te gebruik, kan relevante inligting bekom word en kan die terapeut/maatskaplike werker die gesin behulpsaam wees om hulle eie interaksiepatrone beter te verstaan. In hoofstuk ses, tydens die beskrywing van die program, is onder andere 'n uiteensetting gegee van byvoorbeeld die dissiplinering van die pleegkind. Die waarde van hierdie tegnieke kan dus behulpsaam wees om oorsake vir gedrag en optrede te bepaal en hoe om dit effektief te hanteer.

Dit is dus die taak van die maatskaplike werker om by pleeggesinne, daarmee behulpsaam te wees om grense vas te stel, hul openheid of geslotenheid te reguleer en om 'n vennootskap met die pleeggesin aan te gaan.

Die gevolgtrekking word gemaak dat die sisteemteorie duidelike waarde vir pleegsorgdienste inhou. Die sisteemteorie kan daarmee behulpsaam wees om die kompleksiteit van gesinsisteme te verklaar. Die sisteemteorie verskaf 'n raamwerk om die nodige inligting te verkry vanaf die pleeggesin asook vanaf ander sisteme, byvoorbeeld die skool, die biologiese ouers en die pleegouers se onderskeie werkgewers. Dit is egter onmoontlik om aan al die subsisteme binne 'n groter sisteem aandag te gee en dit neem te veel tyd in beslag. Die sisteemteorie behoort die maatskaplike werker daarvan bewus te maak dat 'n probleem nie geïsoleerd kan staan of behandel kan word nie. Daar moet egter daarteen gewaak word dat die individu verlore gaan in die proses. Tydens die opleiding van voornemende pleegouers, kan die maatskaplike werker hulle van die beginsels van die sisteemteorie leer.

## 8.4 DIE SORGBEHOEWENDE KIND

Die uniekheid van die sorgbehoewende kind met sy spesifieke emosionele probleme moet te alle tye aan voornemende pleegouers beklemtoon word.

Uit die bespreking van terminologie en die definisie van 'n sorgbehoewende kind, is dit duidelik dat daar altyd met 'n kind gewerk word wie se regte geskend is en wat aan een of ander vorm van trauma blootgestel is. Die sorgbehoewendheid van 'n kind word bepaal deur die kinderhof en beteken dat 'n kind weens een of ander vorm van mishandeling, misbruik of verwaarlosing, uit sy biologiese ouers se sorg verwyder is.

Indien 'n kind sorgbehoewend bevind word, word een van vier plasingsopsies oorweeg, naamlik: herstel in ouerlike sorg op sekere voorwaardes, pleegplasing, kinderhuisplasing of nywerheidskoolplasing. Vir die doeleindes van hierdie studie, is pleegsorg as plasingsopsie diepgaande behandel. Dit is belangrik om te besef dat kinders nie sorgbehoewend verklaar word vanweë hul eie handelinge nie.

Ouers het 'n verantwoordelikheid teenoor hul kinders, naamlik om in 'n kind se fisiese en materiële behoeftes te voorsien, beskerming teen enige vorm van mishandeling en verwaarlosing te bied, intellektuele ontwikkeling aan te moedig, sosiale vaardighede aan te leer en om stabiele en aanvaarbare maatskaplike omstandighede te handhaaf.

Die beste belang van 'n kind moet altyd vooropgestel word, en dit word dit gemeet aan die regte wat 'n kind het. Hierdie regte sluit die volgende in: tot 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte, tot familie of ouerlike sorg of tot alternatiewe sorg wanneer verwydering uit ouers se sorg plaasvind, om beskerm te word teen verwaarlosing, mishandeling of degredasie en om nie opgesluit te word nie. Ander regte behels ook die volgende: liefde en aanvaarding van ouers, voldoende voeding en mediese versorging, geleenthede vir ontspanning en 'n omgewing wat verdraagsaamheid reflekteer.

Kinders het ook bepaalde behoeftes. Hierdie behoeftes behels die volgende: liefde en sekuriteit, nuwe ervarings, goedkeuring en erkenning, verantwoordelikheid en die behoefte om iewers te behoort. Voornemende pleegouers moet duidelik kennis dra van genoemde behoeftes, aangesien dit hul primêre taak as alternatiewe versorgers is om in hierdie behoeftes te voorsien.

Die kind as kliënt is belangrik. Dit is nodig dat die kind verstaan moet word. Dit is dus nodig om die leefwêreld van die kind te verken, aangesien kinders se algemene kenmerke van volwassenes s'n verskil. Wanneer met sorgbehoewende kinders gewerk word, is dit belangrik om die volgende in gedagte te hou: die kind se ontwikkelingsfase, konsep van tyd, interpretasie van gebeure, die interaksie tussen genetiese omgewingsfaktore, asook die kind se begrip vir familiebande.

Deur kennis te dra van die kenmerke, die soorte asook die oorsake van kinderverwaarlosing en -mishandeling, kan 'n begrip gevorm word van die emosionele en fisiese gevolge wat dit vir kinders inhou wat daaraan blootgestel is. Deur hierdie kennis te hê, is dit vir die maatskaplike werker moontlik om te bepaal of kinders wel aan mishandeling blootgestel word en wat die graad daarvan is.

Kennis van die effek van verwydering uit ouerlike sorg op die kind, is belangrik. Dit gee 'n aanduiding van die aspekte wat in dienslewering aandag moet geniet terwyl die kind in pleegsorg verkeer. Hierdie kinders beleef trauma, as gevolg waarvan hulle die volgende gevoelens ervaar: verwerping en waardeloosheid, skuldgevoelens, vyandigheid, verlating, vrees vir die onbekende, skaamte, onderbreking van identiteitsvorming, verlaging in selfbeeld, onstabiele selfkonsep, ander emosionele probleme, sosialiseringsprobleme, skolastiese of opvoedkundige probleme en gesondheidsprobleme. Voornemende pleegouers moet kennis dra van probleme wat by pleegkinders in hul sorg kan voorkom en deeglik daarop voorberei word.

Uit die studie is dit duidelik dat kinders 'n behoefte aan 'n primêre bindingsfiguur het. Dit gebeur in die praktyk dat maatskaplike werkers sorgbehoewende kinders tussen versorgers rondskuif, met die gevolg dat hulle verhoed word om met 'n bindingsfiguur te bind, 'n ernstige verlies beleef en moontlik meer as een keer deur 'n emosionele rouproses gaan, wat hul sosio-emosionele ontwikkeling ernstig kan benadeel. Dit impliseer dus dat pleegkinders die belangrikste verhouding in hul lewe verloor het, naamlik met hul biologiese ouers, en met terapie gehelp moet word om dit te verwerk.

Dit is dus belangrik dat diegene wat met pleegkinders werk, kennis moet dra dat kinders weens hierdie gebrek aan 'n bindingsfiguur, probleme kan ondervind om met hulle pleegouers te bind.

Sorgbehoewende kinders word uit hul biologiese ouers se sorg verwyder weens nadelige omstandighede wat gevaar en ernstige skade vir hulle inhou. Hoe hierdie kinders op die skeiding reageer, word grootliks bepaal deur die tipe binding wat hulle met hul bindingsfiguur gehad het, asook hul ouderdom. Kleuters reageer baie anders op die verlies van 'n bindingsfiguur as byvoorbeeld 'n tiener. Dit is dus belangrik dat kennis gedra moet word van die verskillende kinderontwikkelingsfases.

## 8.5 PLEEGSORG IN SUID-AFRIKA

Uit die literatuur en gesprekke met kundiges, blyk dit dat pleegsorg geweldig toeneem in Suid-Afrika. Uit hierdie studie is dit duidelik dat pleegsorg die grootste deel van die alternatiewe versorging vir sorgbehoewende kinders uitmaak. Aangesien pleegsorg altyd 'n wetlike (statutêre) handeling is, moet deeglik kennis gedra word van pleegsorg met al sy fasette en probleme, asook die voordele daaraan verbonde. Hierdie inligting moet volledig aan voornemende pleegouers oorgedra word, aangesien hulle die integrale hulpbron is om die sukses al dan nie van pleegsorg, te bepaal. Maatskaplike werkers moet die duidelike boodskap aan pleegouers oordra dat hulle 'n hulp is vir die Suid-Afrikaanse welsynsisteem.

Die doel van pleegsorg is om kinders te beskerm en te vertroetel deur aan hulle 'n veilige omgewing te bied, om in kinders se ontwikkelingsbehoeftes te voorsien, om kinders met die nodige vaardighede toe te rus om gesonde verhoudings te kan vorm, om die doel van permanensie te bevorder en om opvoeding en sosialisering van kinders ten opsigte van 'n suksesvolle oorskakeling na die lewe van jong volwassene, aan te moedig. Hierdie doel is ooreenkomstig met die regte waarop alle kinders kan aanspraak maak. Daar moet onderskei word tussen verwante en nie-verwante pleegsorg. Uit die literatuur blyk dit dat verwante pleegsorg by welsynsorganisasies baie meer voorkom as nie-verwante pleegsorg. Die verwante pleegsorg is hoofsaaklik waar kinders by grootmoeders, wat dikwels enkelouers is, geplaas word. In baie gevalle woon die kind reeds 'n geruime tyd by die grootmoeder/familie. Die grootmoeder/familie raak egter in 'n stadium bewus van die pleegkindtoelaag en doen dan aansoek vir pleegsorg. Die doel en motief vir pleegsorg moet dus deeglik deur die maatskaplike werker ondersoek word alvorens 'n pleegplasing oorweeg word.

Pleegsorgbeleid in Suid-Afrika fokus sterk daarop om die kind so spoedig moontlik met sy biologiese ouers te herenig. Gevolglik is die hofbevel nie permanent nie en duur twee jaar. In

hierdie tydperk fokus die maatskaplike werker in haar dienslewering daarop om die ouers aan te moedig om hul omstandighede te verbeter sodat hul kind in hul sorg herstel kan word. Dit behels dat pleegsorg korttermyn of langtermyn kan wees en dit is ‘n baie belangrike aspek waarvan pleegouers, veral in die geval van korttermynpleegsorg, bewus moet wees. Voornemende pleegouers moet van die begin af voorberei word op die kortstondigheid van pleegsorg, aangesien probleme kan ontstaan wanneer die kind by sy ouers teruggeplaas word en die pleegouers dan kan sukkel om hierdie verlies te verwerk.

Pleegsorg in ander lande is ook in hierdie studie bespreek, om ‘n konsep te kon vorm van hoe ander lande pleegsorg sien en hanteer. Pleegsorg in Botswana, Japan, die Verenigde State van Amerika en Engeland is bespreek. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat gefokus sal moet word op ‘n nasionale organisasie in Suid-Afrika wat hom daarop toespits om aan pleegouers ekstra ondersteunigsdienste te lewer en wat deur middel van verdere navorsing poog om probleme te hanteer en te bespreek. Die ontwikkeling van ‘n pleegsorgmodel moet ook aandag geniet.

Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) maak ‘n integrale deel van maatskaplike dienslewering uit en is die spilpunt waarom hierdie studie draai. Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) met al sy fasette, statutêre prosedures en voortgesette dienslewering is bespreek en hanteer. Voordat ‘n kind uit sy biologiese ouers se sorg verwyder kan word, moet die maatskaplike werker eers die omstandighede assesseer. Voorkomingsdienste word gelewer by gesinne waar probleme geïdentifiseer, is om te voorkom dat dit nodig is om die kind uit sy ouers se sorg te verwyder. Indien verwydering onafwendbaar is, word sekere stappe gevolg in die statutêre proses alvorens die kind in pleegsorg geplaas kan word. Die huidige Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) is hersien en die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) sal reeds vroeg in 2008 in werking tree. Slegs sekere Artikels van hierdie Wet is sedert Julie 2007 in werking, maar dit is slegs daardie Artikels wat nie direk op pleegsorg of op die gronde vir sorgbehoewendheid van toepassing is nie.

Die filosofie van pleegsorg sluit die volgende in: die natuurlike bande tussen ouer en kind word deurlopend erken, terugplasing van ‘n kind by sy ouers word altyd nagestreef, die staat het ‘n verantwoordelikheid na die verwydering van kinders, al die partye wat betrek word, moet gemoeid bly met die saak, en die inhoud van die hofbevel moet duidelik, volledig en verstaanbaar wees.

Voordat kinders by persone in pleegsorg geplaas word, moet pleegouers eers gewerf, gekeur en opgelei word. Aangesien die meeste voornemende pleegouers verwant is aan die pleegkind wat hulle in hul sorg wil neem, is hulle reeds vertroud met die omstandighede waaruit die betrokke kind verwyder is. Die belangrikheid van die opleiding van voornemende pleegouers moet deur welsynsorganisasies beklemtoon word. Al die partye moet ook voorberei word op die voorgenome plasing om verwarring, onsekerheid en vrees te verminder. Deur voornemende pleegouers te werf, te keur en op die voorgenome pleegplasing voor te berei, kan toekomstige probleme ten opsigte van pleegsorg wat kan ontstaan, in ‘n groter mate uitgeskakel word.

Voortgesette dienslewering na die plasing van kinders, behels pleegsorgtoesigdienste en gesinsherenigingsdienste, en word die spesifieke taak van die maatskaplike werker beklemtoon. Voortgesette dienslewering is belangrik, aangesien dit die taak van die maatskaplike werker is om toe te sien dat ‘n pleegplasing positief verloop en om pleegouers behulpsaam te wees indien hulle probleme met die pleegkind ondervind. Dienste aan biologiese ouers poog ook om daartoe by te dra dat die verhouding tussen hulle en die pleegkind in stand gehou word, sodat vervreemding in die ouer-kind-verhouding nie intree nie.

Die taak van pleegouers ten opsigte van die pleegkind behels die volgende: fisiese versorging, emosionele versorging, sosiale ontwikkeling, opvoedkundige ontwikkeling en samewerking met die maatskaplike werker. Daar word veral ook hierop klem gelê, aangesien dit die verwagting is wat aan voornemende pleegouers gestel word. Pleegouers moet duidelik ingelig word oor hul taak as pleegouers, sodat hulle as hulpbron vir die welsynsorganisasie daartoe kan bydra om die pleegkind binne die nuwe sisteem, emosioneel te heel.

Gesien in die lig van beperkte resente en relevante literatuur oor pleegsorg, en resente navorsing oor ‘n aspek van maatskaplike werk wat op die oomblik baie tyd en koste verg in die praktyk, word die gevolgtrekking gemaak dat pleegsorg nie baie aandag geniet het met betrekking tot die opleiding van voornemende pleegouers nie.

## 8.6 PLEEGSORGBELEID EN –PROSEDURES

Geen empiries getoetste, nasionale eenvormige opleidingsprogram kon gevind word nie. Uit hierdie studie is dit duidelik dat geen welsynsorganisasie oor 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers beskik nie. Verskeie pogings is deur die navorser aangewend om beleid en prosedures aangaande pleegsorg vanaf verskillende welsynsorganisasies te bekom. Slegs die Ondersteuningsraad, die Christelike Maatskaplike Raad en die Kinder- en Gesinsorgvereniging van Suid-Afrika kon aan die navorser se versoek voldoen om hierdie skriftelike beleid deur te gee. Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie het laat blyk dat hulle nie oor skriftelike beleid beskik nie en dat dit in proses is om hersien te word. Hierdie verskillende beleid en prosedures is ook baie volledig geëvalueer, sodat die navorser 'n duidelike beeld kon kry van die verskillende welsynsorganisasies se vereistes waaraan pleegouers moet voldoen en waar daar moontlike leemtes kon wees. Hierdie beleid en prosedures is ook bestudeer vir insluiting in die opleidingsprogram.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het laat blyk dat hulle ook nie oor 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers beskik nie. Dit was ook moeilik om enige beleid en prosedures ten opsigte van pleegsorg by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te bekom. 'n Konsepdokument soos opgestel deur Scholtz (1997:13-24), is egter na tien jaar nog nie goedgekeur nie. Die riglyne soos in die dokumente uiteengesit, is wel in hierdie studie bespreek. Ander dokumente en riglyne van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling is in ag geneem.

Gesien in die lig van die verskille tussen die beleid van die welsynsorganisasies ten opsigte van pleegsorg, blyk dit noodsaaklik te wees dat hierdie saak dringend op nasionale vlak aandag moet geniet. Die navorser maak die gevolgtrekking dat die formuleerder van beleid oor pleegsorg, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is, met insette van ander welsynsorganisasies. Gesien in die lig van die groot getal kinders wat pleegsorgdienste benodig, sal 'n nasionale beleid dringend aandag moet geniet. Ten einde mislukte pleegsorgplasings te verhoed, moet voornemende pleegouers opgelei word. Baie koste en tyd kan gespaar word indien 'n nasionale opleidingsprogram beskikbaar gestel word. 'n Empiries nagevorste opleidingsprogram kan ook meer gerusstellend wees vir maatskaplike werkers - veral jong, nuwe maatskaplike werkers wat in die poste aangestel word en die dienste moet lewer.

Die verskillende beleid en prosedures van die verskillende welsynsorganisasies en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, fokus hoofsaaklik op wat die vereistes is waaraan pleegouers moet voldoen, byvoorbeeld ten opsigte van hul ouderdom, aantal jare getroud, enkelouerskap, dagmoeders wat as pleegouers wil optree en kinderloosheid. Werkwyses by die plasing van kinders is ook bespreek, asook die verskillende regte en verwagtinge van al die betrokke partye. Die drie genoemde organisasies se verskillende beleid is redelik volledig uiteengesit, maar maak slegs voorsiening vir die aanbeveling dat voornemende pleegouers wel opleiding moet deurloop. Die inhoud oor wat ‘n opleidingsprogram moet behels, vorm nie deel van enige van genoemde organisasies se beleid nie.

Uit hierdie studie is dit weereens bevestig dat die behoefte aan ‘n eenvormige, nagevorste opleidingsprogram vir voornemende pleegouers groot is en dat alle welsynsorganisasies by so ‘n program kan baatvind. ‘n Eenvormige opleidingsprogram kan baie tydbesparend wees vir maatskaplike werkers wat reeds groot gevalleladings moet hanteer.

Die opleiding van voornemende pleegouers stel eiesoortige uitdagings aan maatskaplike werkers en spesiale kennis van pleegsorg, kinderontwikkeling en emosionele behoeftes van die sorgbehoewende kind, word vereis.

## 8.7 ‘N OPLEIDINGSPROGRAM VIR VOORNEMENDE PLEEGOUERS

Die opleidingsprogram wat vir die opleiding van voornemende pleegouers ontwikkel is na aanleiding van inligting wat verkry is uit die literatuur, vorige navorsing, jare se ondervinding in die pos, gesprekke met kenners en ander maatskaplike werkers, is saamgestel.

Dit blyk dat die intervensiemetode wat vir die implementering van die program aangewend behoort te word, opleiding in groepe behels. Opleiding in groepe is meer koste- en tydeffektief. Voornemende pleegouers kan as ondersteuningsisteem vir mekaar dien. Die opleidingsessies was egter nie terapeuties van aard nie, maar die fokuspunt was die uitbouing van hul kennisraamwerk ten opsigte van pleegsorg met al sy fasette. Opleiding van voornemende pleegouers in groepsverband word dus aanbeveel om die program effektief en doelgerig aan te bied.

Die opleidingsprogram het bestaan uit drie opleidingsessies van drie ure elk wat met drie groepe aangebied is. Hierdie sessies was voldoende vir die besprekings wat plaasgevind het en daar was ook genoeg tyd vir vrae en die hantering van probleemaspekte. By die respondente wat intellektueel meer beperk was, was die tyd egter te kort. Dit sou dus van waarde wees om persone wat intellektueel laer funksionerend is, in 'n ekstra sessie te akkommodeer. Meer verduideliking kan ook in die opleidingsessies gedoen word aan die hand van gevallestudies. Dit maak die inligting wat deurgegee word, meer prakties en verstaanbaar. Die enkelstelselontwerp behoort tydens alle intervensie deur maatskaplike werkers benut te word om die dienste te meet. Individuele opvolgonderhoude is 'n maand na afloop van die opleidingsessies met al die respondente gevoer, om verdere verheldering ten opsigte van die impak van die program te verkry. Die waarde van hierdie onderhoude behels dat respondente wat reeds kinders in hul sorg het, terugvoer kon gee van hoe die kennis wat opgedoen is, toegepas word. Hierdie opleidingsprogram kan wel eenmalig aangebied word, maar dit kan beteken dat al die inligting wat deurgegee word, baie oorweldigend vir voornemende pleegouers kan wees. Hierdie eenmalige opleidingsessie moet dan ook verkieslik oor 'n naweek plaasvind aangesien die meeste voornemende pleegouers deur die week werk en nie 'n werksdag daarvoor sal kan afstaan nie.

Na aanleiding van die navorsing, behoort die volgende onderwerpe ingesluit te word in 'n opleidingsprogram:

- wetlike aspekte van pleegsorg;
- positiewe en negatiewe motiewe vir pleegsorg;
- redes vir die verwydering van kinders;
- fases van rou na die verwydering van kinders;
- verwagtinge wat aan al die partye gestel word;
- regte van al die betrokke partye;
- doel en struktuur van kontak tussen die pleegkind en sy biologiese ouers;
- strafmaatreëls en alternatiewe dissiplineringsmetodes;
- emosionele probleme en behoeftes wat by die pleegkind kan voorkom en die hantering daarvan;
- hantering van die kind met MIV/VIGS;
- taak van pleegouers;
- hoe die gesin as sisteem benut kan word om kinders te heel;
- ouerskapsvaardighede;

- positiewe ouer-kind-verhouding;
- rol van die maatskaplike werker;
- rol van pleegsorgtoesigdienste; en
- byvoordele wat pleegouers ontvang.

Doelstellings en doelwitte is vir elke opleidingsessie gestel en toepaslike inligting ten opsigte van bogenoemde aspekte is tydens groepbesprekings aan die respondente deurgegee. Dit is noodsaaklik dat vrae en probleemaspekte deurlopend hanteer word, om enige onsekerhede uit te skakel. Inligtingstukke is ook tydens die opleidingsessies aan respondente deurgegee vir toekomstige verwysings, indien nodig. Die doelstellings en doelwitte vir die opleidingsessies is suksesvol bereik tydens die intervensieprogram, soos uit die navorsingsresultate blyk. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die opleiding van voornemende pleegouers, in groepsverband, daartoe lei dat hul kennisbasis van pleegsorg met al sy fasette, verbeter word.

Die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers wat tydens hierdie studie ontwikkel is, kan 'n bydrae lewer tot die maatskaplikewerk-praktyk.

## 8.8 EMPIRIESE RESULTATE

Leemtes is tydens hierdie studie waargeneem, wat in hoofstuk een bespreek is. Leemtes behels onder andere dat resente literatuur oor spesifiek pleegsorg in Suid-Afrika, moeilik bekombaar is, en moes daar dus baie op kenners se inligting staatgemaak word. Die literatuur is nie baie resent nie.

Sommige respondente funksioneer intellektueel op 'n baie lae vlak. Dit was dus nodig dat die navorser by hierdie gevalle, namens hulle die aansoekvorm asook die vraelyste moes voltooi.

Die insameling van kwantitatiewe, data asook die kwantitatiewe meting van die impak van die opleidingsprogram op die opleiding van voornemende pleegouers, het bewys gelewer dat die program wel 'n impak gehad het op die verbetering van voornemende pleegouers se kennis aangaande pleegsorg. Die insameling van die kwantitatiewe data is vergemaklik

deurdat alle respondente reeds tydens hul eerste aanmeldingsonderhoud versoek is om die vraelys in te vul en weer direk na afloop van die laaste opleidingsessie.

‘n Opleidingsprogram is uit die literatuur, vorige navorsing en uit die ondervinding en kennis van kundiges ontwikkel en toegepas, en resultate kon verkry word deur meting met ‘n vraelys. Die enkelstelselontwerp was waardevol en kon suksesvol benut word in hierdie studie.

Die evaluering van die individuele respondente is in die vorm van tabelle en grafieke weergegee en die impak van die program is bepaal uit ‘n vergelyking tussen die voor- en natoets. Kwantitatiewe data is verkry deur die voltooiing van ‘n selfopgestelde vraelys wat die respondente se kennis van pleegsorg gemeet het. Opvolgonderhoude wat ‘n maand na afloop van die program onderneem is, het addisionele inligting verskaf. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die opleidingsprogram wel verbetering in die voornemende pleegouers se kennis teweeggebring het.

Uit die kwantitatiewe data kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Van die totale respondente (N=53), was 43,4% manlik teenoor 56,6% vroulik. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat daar ook enkelmoeders is wat aansoek gedoen het as pleegouers.

- ‘n Totaal van 54,70% respondente is die eerste plasing vir die voorgenome pleegkinders, terwyl 24,54% respondente die tweede plasing is. Ongeveer die helfte van die respondente is dus nie die eerste plasing vir die voorgenome pleegkinders nie, weens vorige pleegplasings wat misluk het. Hierdie voornemende pleegkinders beskik dus reeds oor ervaring van ‘n pleeggesin en die mislukking van ‘n pleegplasing. Negatiewe belewenisse soos verwerping mag dus aanwesig wees.

- Uit die voortoets, het 1,88% respondente gemeld dat ‘n *baie goeie* kennis van pleegsorg bestaan. Tydens die natoets, het 47,17% respondente gemeen dat hul kennis van pleegsorg baie goed is. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die opleidingsprogram verandering teweeggebring het.

- ‘n Totaal van 83,02% respondente het reeds kinders in hul sorg gehad en hulle het dus reeds oor die basiese inligting aangaande pleegsorg beskik. Dit was dus moeilik om hier die impak van die program werklik te meet. Ten spyte hiervan het hulle kennis, soos hierbo genoem, aansienlik verbeter.

- Dit was opvallend dat 71,69% van die respondente tydens die voortoets geweet het wat die tydperk van pleegsorg is. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat daar reeds kinders in hul sorg verkeer. Tydens die natoets, het 88,67% respondente die tydperk van pleegsorg korrek weergegee.

- ‘n Totaal van 73,58% respondente het aansoek gedoen om kinders by hulle in pleegsorg te neem wat aan hulle verwant is, teenoor 26,42% respondente wat aansoek gedoen het vir kinders wat nie aan hulle verwant is nie. Hierdie resultate word deur die literatuurstudie ondersteun, naamlik dat verwante pleegsorg meer voorkom as nie-verwante pleegsorg. Die rede hiervoor is dat min mense kans sien vir pleegsorg en gevolglik word op familie gesteun om kinders in pleegsorg te neem.

- ‘n Totaal van 18,87% respondente het tydens die voortoets gemeld dat hulle kennis aangaande die rol van die maatskaplike werker *baie goed* is, teenoor 47,17% respondente wat tydens die natoets hul kennis hieroor, as baie goed beskryf het. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die *vennootskapsbeginsel* tussen die respondente en die maatskaplike werker, gevestig is.

- ‘n Totaal van 81,12% respondente het ‘n verbetering in hul kennis getoon ten opsigte van die byvoordele wat pleegouers ontvang. By 13,22% het die program geen impak gehad nie, en kan dit ook toegeskryf word aan die feit dat die meeste van die respondente reeds kinders in hul sorg het.

- Kennis van die positiewe motiewe vir pleegsorg (wat insluit: barmhartigheidsdiens, liefde vir ‘n kind, eie kinders wat reeds uit die huis is, voorkeur vir groot huisgesinne en uitlewing van ouerskap), het by 83,02% respondente verbeter, terwyl daar by 15,08% geen verandering was nie. Slegs by 1,88% van die respondente kon die impak van die program nie gemeet word nie. Dit was tydens die onderhoude duidelik dat van die respondente hierdie vraag uit hul eie motiewe vir pleegsorg beantwoord het. Slegs by 1,88% van die respondente kon die impak van die program nie gemeet word nie.

- Kennis van die kontak wat tussen pleegkinders en hul biologiese ouers plaasvind (wat die volgende insluit: kantoorbesoeke sonder toesig, kantoorbesoeke met toesig, dagbesoeke, naweekbesoeke en vakansiebesoeke), het by 98,12% van die respondente verhoog. Die respondente het dus bewus geword van die feit dat nie net die pleegkind nie, maar ook sy biologiese ouers, onlosmaaklik deel van mekaar is. ‘n Pleegplasing neem nie die ouer-kind-binding weg nie.

- Kennis van emosionele probleme en behoeftes wat by pleegkinders voorkom, is tydens die voortoets, deur 16,98% respondente as *baie goed* beskryf, teenoor 64,15% respondente tydens die natoets. Tydens die voortoets, het 1 (1,88%) respondent sy/haar kennis as *uitstekend* beskryf, teenoor 5,66% tydens die natoets. Uit die onderhoude wat gevoer is, blyk dit dat baie van die respondente meen dat hulle reeds kennis ten opsigte van die kinders in hul sorg het weens hul verwantheid en dat hulle wel opgewasse voel om dit te hanteer.

- ‘n Totaal van 35,85% respondente het tydens die voortoets gemeld dat hulle *goed* op pleegsorg voorberei is, teenoor 43,39% tydens die natoets. Slegs 1 (1,88%) respondent het tydens die voortoets gemeld dat hy/sy *baie goed* op pleegsorg voorberei is, teenoor 32,08% tydens die natoets. Dit blyk dus dat die respondente meer voorbereid op pleegsorg is nadat die opleidingsprogram geïmplementeer is.

- Wanneer die resultate van die groepe tydens die voortoets en natoets vergelyk word, kan die afleiding gemaak word dat daar oor die algemeen ‘n verbetering was in die respondente se kennis aangaande pleegsorg vanaf die voortoets tot die natoets, as gevolg van die implementering van die opleidingsprogram.

- Die positiefste verandering het plaasgevind ten opsigte van hul algemene kennis van pleegsorg. Tydens die natoets, het 47,17% respondente hul kennis van pleegsorg as baie goed beskryf, teenoor 1,88% tydens die voortoets.

- Uit die resultate van die navorsing is dit duidelik dat al die respondente se kennis van een of ander aspek van die opleidingsprogram verbeter het.

Verdere gevolgtrekkings behels die volgende:

- Na aanleiding van die eerste doelwit, kan die gevolgtrekking gemaak word dat ‘n deeglike literatuurstudie ‘n voorvereiste is vir enige studie en vir die opstel van ‘n vraelys.

- Soos blyk uit hierdie navorsing, is gesprekke met kundiges uiters noodsaaklik vir resente kennis van die onderwerp.

- Veral in die geval van navorsing in ‘n professie soos maatskaplike werk, is praktiese ervaring van kundiges op grondvlak, net so belangrik soos ‘n literatuurstudie.

- ‘n Behoeftebepalingstudie - oor ‘n bepaalde onderwerp, soos in hierdie geval ‘n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers, reeds op meestersgraadvlak - kan baie tydbesparend wees en die navorser reeds van ‘n sekere graad van kennis voorsien vir ‘n doktorale studie waar byvoorbeeld ‘n program ontwikkel word.

- ‘n Nasionale opleidingsprogram wat nagevors en eenvormig is, kan vir alle welsynsorganisasies koste- en tydbesparend wees.

- Na aanleiding van ‘n uitspraak van die voornemende pleegouers, word die gevolgtrekking gemaak dat ‘n ondersteuningsnetwerk vir voornemende pleegouers noodsaaklik is.

## 8.9 AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN HIERDIE NAVORSING

Die volgende aanbevelings word nou gemaak en voorstelle vir verdere navorsing geformuleer:

- Dit word aanbeveel dat die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers bekend gestel word aan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling vir gebruik deur ander welsynsorganisasies op nasionale, provinsiale, streeks- en substreeksvlakke.

- Dit word aanbeveel dat die opleidingsprogram deur ander maatskaplike werkers by verskillende welsynsorganisasies toegepas en geëvalueer word.

- Dit word aanbeveel dat hierdie program voortaan by alle kantore van die Ondersteuningsraad vir alle voornemende pleegouers aangebied word.

- Hierdie opleidingsprogram sal toepaslik wees om alle voornemende pleegouers volkome op pleegsorg voor te berei.

- Die opleidingsprogram kan deel uitmaak van die nasionale pleegsorgbeleid.

- Eenvormige beleid ten opsigte van pleegsorg behoort by alle welsynsorganisasies van toepassing gemaak te word.

The Constitution of South Africa. 2005. [O].
Beskikbaar: http://www.southafrica.info/ess.info/sa.glance/constitution
Toegang op 2006/08/24

The rights of the child. 2005. [O].
Beskikbaar: http://www.unicef.org/crc/introduction.htm
Toegang op 2006/08/24

Theron, H. 1982. *Werwing van pleegouers by die Pretoriase Kinder- en Gesinsorgvereniging.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (MA Verhandeling).

Thoburn, J. 1988. *Child placement: Principles and practice*. Boston: Wildwood House.

Thomas, R.M. 1996. *Comparing theories of child development.* 4th ed. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Thomas, S.S. 1991. The American way of child abuse. *Community care,* 7: 470-475.

Thomlinson, B. 2002. *Family assessment handbook: An introductory guide to family assessment and intervention.* California: Brooks/Cole Publishing Company.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1992. *Counseling children.* 3rd ed. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Triseliotis, J., Sellick, C. & Short, R. 1995. *Foster care: Theory and practice*. London: Redwood Books.

Tully, F.C. & Brendtro, L.K. 1999. Reaching angry and unattached kids. *Child Youth Care,* March 7(3): 13-14.

United Kingdom (UK) Fostering Agency. 2007. *Training for foster carers.* [O].
Beskikbaar: http://www.thefca.co.uk/training_service.php
Toegang op 2007/09/14

United Nation's Children Fund (UNICEF). 1989. *Charter on the rights of a child.* [Sl:sn].

Vallender, I. & Fogelman, K. 1987. *Putting children first.* Great Britain: The Falmer Press.

Van der Merwe, C.J. 1992. *'n Maatskaplikewerk-ondersoek na die invloed van verwaarlosing op die selfbeeld van die kind in sy middelkinderjare*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (MA Verhandeling).

Van der Merwe, M. 2001. Basic components of play therapy. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 2001. *Entering the child's world: A playtherapy approach*. Interim ed. Pretoria: Kagiso Tersiêr.

Van der Westhuizen, C.H.J. 1994. *Gesinsterapie.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif).

Van der Westhuizen, C.H.J. 1998. *Gesinsterapie.* Pretoria: [sn].

Van Heerden, L. 2000. Can the Law make better parents? *Children first,* December 1999/January 2000: 37-38.

Van Niekerk, H.J. 1998. *Child welfare legislation and practice.* Durbanville: Van Gent Publishers.

Van Rooyen, I.J.J. & Combrink, M.J. 1980. *Gevallewerk: 'n Integrerende benadering*. Pretoria: Academica.

Venter, P.J. 2007. Onderhoud met die Kommissaris van Kindersorg, Mpumalanga Provinsie. [Transkripsie]. 16 Augustus. Secunda.

Wakefield, C.J. 1996. Does social work need the eco-systems perspective? *Social Service Review,* Spring (2): 28-36.

Wallace, H. 1996. *Family violence: Legal, medical and social perspectives*. Boston: Allyn & Bacon.

Walsh, F. 1983. Family therapy: A systematic orientation to treatment. In Rosenblatt, A. & Waldfogel, D. (Eds.) 1983. *Handbook of clinical social work.* London: Jossey-Bass Publishers.

Warren, D. 1999. Setting new national standards for foster care. *Adoption and fostering,* 23(2): 48-56.

Webster-Stratton, C. & Herbert, M. 1994. *Troubled families – problem children. Working with parents: A collaborative process.* New York: John Wiley & Sons.

Wenar, C. & Kerig, P. 2000. *Developmental psychopathology: From infancy through adolescence.* 4th ed. New Jersey: McGraw-Hill Inc.

Westman, J.C. 1994. *Licencing parents: Can we prevent child abuse and neglect?* New York: Insight Books – Plenum Press.

White Paper of Social Welfare. Notice 1108 of 1997. *Government Gazette,* Vol. 386, No. 18166 (8 August). Pretoria: Government Printer.

Wiebe, V.R. 1996. *Working with child abuse and neglect: A primer.* London: SAGE Publishers.

Wikipedia, 2007. *Systems Theory*. [O].
Beskikbaar: http://en.wikipedia.org/wiki/systemstheory
Toegang op 2007/05/29

Wilhelmus, M. 1998. Mediation in kinship care: Another step in the provision of culturally relevant child welfare services. *Social work,* 43(2):117-126.

Wilson, D.B. & Chipungu, S.S. 1996. Introduction. *Child welfare,* 75(5):387-395.

Winship, R. 1998. *Child abuse and neglect: Biosocial dimensions*. New York: Aldine de Gruyter.

Winter, C.M. 2000. *Gestaltgroepwerk met die middestadkind in die middelkinderjare na egskeiding van die ouers.* Universiteit van Pretoria. (Mini-Verhandeling).

Wissom, L.S. 1990. *Child advocacy for the clinical: An approach to child abuse and neglect.* Baltimore: Williams & Wilkens.

Woodward Cautley, P. 1980. *New foster parents: The first experience.* New York: Human Sciences Press.

Yegidis, B.L. & Weinbach, R.W. 1996. *Research methods for social workers*. Boston: Allyn & Bacon.

Zastrow, C. 1992. *The practice of social work*. Pacific Grove, California: Brooks/Cole Publications.

Zastrow, C. 2007. *The practice of social work: A comprehensive text*. Wisconsin: Thomson Brooks/Cole.

Zastrow, C. & Kirst-Ashman, K.K. 2002. *Understanding human behaviour and the social environment.* Student ed. Pretoria: Content Solutions Online.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VRAELYS

## Opleiding van voornemende pleegouers

**INSTRUKSIES**

Trek 'n kruisie in die blokkie waar van toepassing.

**1. AFDELING A: ALGEMENE BESONDERHEDE**

**1.1 Geslag**

| | |
|---|---|
| Manlik | |
| Vroulik | |

**1.2 Tot watter kultuurgroep behoort u?**

| | |
|---|---|
| Blank | |
| Swart | |
| Kleurling | |
| Indiër | |

**1.3 Tot watter ouderdomsgroep behoort u?**

| | |
|---|---|
| 20-29 jaar | |
| 30-39 jaar | |
| 40-49 jaar | |
| 50-59 jaar | |
| 60-69 jaar | |
| 70-79 jaar | |

**1.4 Wat is u huwelikstatus?**

| | |
|---|---|
| Enkellopend (nooit getroud) | |
| Enkellopend (geskei) | |
| Enkellopend (weduwee/wewenaar) | |
| Getroud | |
| Ander (Spesifiseer): | |

**1.5 Hoeveel <u>biologiese</u> kinders het u?**

| | |
|---|---|
| Geen (kinderloos) | |
| 1 Kind | |
| 2 Kinders | |
| 3 Kinders | |
| 4 Kinders | |
| Meer as 4 kinders | |

**1.6 <u>Hoogste</u> skoolopleiding/kwalifikasie (Merk slegs <u>een</u>)**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| Graad 1 | |
| Graad 2 | |
| Graad 3 | |
| Graad 4 | |
| Graad 5 | |
| Graad 6 | |
| Graad 7 | |
| Graad 8 | |
| Graad 9 | |
| Graad 10 | |
| Graad 11 | |
| Graad 12 | |
| Naskool | |

## 2. AFDELING B: STATISTIEK

### 2.1 Verkeer daar reeds ander kinders (biologiese kinders uitgesluit) in u sorg?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | |

### 2.2 Wat is u verwantskap met u voornemende pleegkind(ers)?

| | |
|---|---|
| Verwant | |
| Nie-verwant | |

### 2.3 Hoe sou u u kennis ten opsigte van pleegsorg beskryf?

| | |
|---|---|
| Baie swak | |
| Swak | |
| Redelik goed | |
| Goed | |
| Baie goed | |
| Uitstekend | |

### 2.4 Wat is die tydperk van 'n pleegplasing?

| | |
|---|---|
| 6 maande | |
| 1 jaar | |
| 2 jaar | |
| 5 jaar | |
| Permanent | |
| Weet nie | |

**2.5 In watter mate verstaan u die maatskaplike werker se rol?**

| | |
|---|---|
| Baie swak | |
| Swak | |
| Redelik goed | |
| Goed | |
| Baie goed | |
| Uitstekend | |

**2.6 Watter byvoordele ontvang pleegouers? (Merk almal wat van toepassing is)**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| Pleegouertoelaag | |
| Vryskelding van skoolgelde | |
| Gratis mediese versorging by Staatshospitaal | |
| Vryskelding van kleuterskoolfonds | |
| Bustoelae | |
| Weet nie | |

**2.7 Wat is <u>positiewe</u> motiewe vir pleegsorg? (Merk almal wat van toepassing is)**

| | |
|---|---|
| Barmhartigheidsdiens | |
| Lief vir kinders | |
| Hou van groot gesinne | |
| Is kinderloos | |
| Soek 'n maatjie vir my eie kind | |
| Om die plek van 'n gestorwe kind in te neem | |
| Eie kinders is reeds uit die huis | |
| Wil ouerskap uitleef | |
| Weet nie | |

**2.8 Watter tipes kontak vind tussen pleegkinders en hul biologiese ouers plaas? (Merk almal wat van toepassing is)**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| Weet nie | |
| Slegs telefoniese kontak | |
| Kantoorbesoeke sonder toesig | |
| Kantoorbesoeke met toesig | |
| Dagbesoeke | |
| Naweekbesoeke | |
| Vakansiebesoeke | |

**2.9 In watter mate sal u die pleegkind met sy emosionele behoeftes/probleme kan hanteer?**

| | |
|---|---|
| Baie swak | |
| Swak | |
| Redelik goed | |
| Goed | |
| Baie goed | |
| Uitstekend | |

**2.10 In hoe 'n mate is u op pleegsorg voorberei?**

| | |
|---|---|
| Baie swak | |
| Swak | |
| Redelik goed | |
| Goed | |
| Baie goed | |
| Uitstekend | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 1

## PLEEGSORG/PLEK VAN VEILIGHEID

### PLEK VAN VEILIGHEID

- Dit is 'n ***tydelike plasing*** van kinders terwyl die kinderhofondersoek nog steeds hangend is.
- Kinders mag nie oorslaap sonder toestemming van die maatskaplike werker nie, selfs al is die kinders, veiligheidsouers en biologiese ouers aan mekaar verwant.
- Besoeke vind wel tussen die kind en sy biologiese ouers plaas en maak dit 'n belangrike deel van die kinderhofondersoek uit.
- Daar is ook vryskelding van skoolfonds selfs al verkeer die kind steeds net in plek van veiligheid.
- 'n Veiligheidstoelaag deur die staat is ook betaalbaar aan die veiligheidsouers of veiligheidsplek.

### PLEEGSORG

- Hierdie plasing kan gesien word as die plasing van sorgbehoewende kinders nadat kinderhofverrigtinge afgehandel is.
- Die hofbevel is net vir *twee jaar* geldig.
- Pleegsorgtoesigdienste vind deurlopend plaas vir solank die kind in pleegouers se sorg verkeer.
- Besoeke tussen die pleegkinders en hul biologiese ouers word aangemoedig en gestruktureer deur die betrokke maatskaplike werker.
- Pleegouers het die magtiging om toestemming te gee ten opsigte van die volgende:
  - algemene mediese versorging waar die kind nie narkose nodig het nie
  - skolastiese opvoeding, byvoorbeeld eie keuse van kleuterskool en skool (sluit in die gee van toestemming vir skooluitstappies, buitemuurse aktiwiteite en skooltoere en skoolkampe)

- algemene dissiplinering van die kind
- oopmaak van bankrekening vir die kind

- Pleegouers verkry nie *voogdyskap* oor hul pleegkind nie; dit bly by die ouers.
- Indien 'n pleegplasing misluk, word die kind met 'n bevel uit die pleegouers se sorg verwyder en weereens in plek van veiligheid geplaas.
- Pleegkinders word ook vrygeskeld van skoolfonds.
- 'n Pleegkindtoelaag ten bedrae van R580 per pleegkind is op maandelikse basis betaalbaar.
- Aansoek vir pleegkindtoelaag: By die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Pensioene-afdeling.
- Wat het ek nodig vir die aansoek vir die toelaag?
  - bankbesonderhede
  - die oorspronklike hofbevel
  - identiteitsdokumente van die pleegouers
  - bewys van adres (byvoorbeeld water en elektrisiteitsrekening)
  - geboortesertifikaat van die pleegkind
  - bewys van pleegkind se skoolbywoning

## GESINSHERENIGINGSDIENSTE

- Gedurende ***die pleegsorgtydperk (2jaar)*** word daar ook dienste aan die biologiese ouers gelewer.
- Besoeke tussen die pleegkinders en hul biologiese ouers word aangemoedig en gestruktureer deur die betrokke maatskaplike werkers.
- Dienste wat aan ouers gelewer word, behels byvoorbeeld finansiële beplanning, aanleer van ouerskapsvaardighede, motivering tot stabiele maatskaplike funksionering, inskakeling vir huweliksberaad (indien van toepassing), ensovoorts.
- Die doel is om altyd te fokus op die rehabilitasie van die ouers sodat hul kind(ers) weer in hul sorg herstel kan word.
- Die omstandighede word deurlopend gemoniteer en word daar binne die twee jaar, 'n aanbeveling gemaak:
  - die kind bly in pleegsorg of
  - word in sy ouers se sorg herstel.

- Indien terugplasing van die kinders in hul biologiese ouers se sorg aanbeveel word, word die volgende in ag geneem:
  - proefperiode van ses maande in ouers se sorg
  - pleegouers is steeds "administratief" die versorger, sodat die kind weer by hulle geplaas kan word indien die plasing by die ouers tydens die proefperiode misluk
  - na afloop van die proeftydperk word 'n finale aanbeveling gemaak
- Die biologiese ouers se toestemming word dus steeds by die volgende gevalle benodig:
  - tot hul kind se aanneming
  - tot hul kind se huwelik, indien onder die ouderdom van 18 jaar (volgens die nuwe Kinderwet)
  - tot die kind se aansoek om 'n paspoort
  - tot die vervreemding of die verkoop van enige vaste eiendom
  - tot die kind se verwydering uit die land
  - tot mediese versorging waar die kind narkose nodig het

## MEDIESE ONKOSTE

- Die keuse vir die dra van die onkostes verbonde aan mediese versorging vir die pleegkind berus by die veiligheidsouers/pleegouers.
- Die volgende opsies bestaan:
  - *staatshospitaal:* gratis mediese versorging by die vertoon van die hofbevel
  - *mediese fondse:* sommige fondse laat pleegkinders as medelid of afhanklike lid toe
  - *privaat:* eie keuse en finansiële verantwoordelikheid

## MEDIESE BEHANDELING

- Toestemming van biologiese ouers vir mediese behandeling wanneer narkose benodig word.
- Indien ouers onopspoorbaar is moet maatskaplike werker gekontak word sodat sy die nodige toestemming vanaf die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling kan verkry.

- Tydens 'n noodgeval wanneer die pleegkind narkose benodig en die ouers en maatskaplike werker kan nie gekontak/bereik word nie, kan die superintendent van die hospitaal die nodige toestemming vir narkose verleen.

## SKOOLFONDS

- Vryskelding van skoolfonds vir alle kinders in pleegsorg en plek van veiligheid.
- Daar moet ***jaarliks*** vir vryskelding van skoolfonds by skole aansoek gedoen word.
- Vryskelding van skoolfonds geld egter nie vir privaatskole, kolleges, kleuterskole en koshuise nie.
- Alle ander uitgawes verbonde aan die skool is die veiligheidsouers/pleegouers se eie verantwoordelikheid, naamlik: jaarlikse administrasiefooi, finansies vir buitemuurse aktiwiteite, skryfbehoeftes, skoolklere, ensovoorts.

## AANSPREEKLIKHEID

- Geen wetlike aanspreeklikheid vir veiligheidsouers/pleegouers indien die betrokke kind ernstig beseer word nie (byvoorbeeld deur in 'n motorongeluk te beland of die opdoen van beenbreuke en beserings).
- Veiligheidsouers/pleegouers word wel aanspreeklik gehou waar hulle nalatig was (byvoorbeeld waar opsetlike beserings opgedoen word in 'n motorongeluk weens dronkbestuur, mishandeling en/of verwaarlosing).

## VAKANSIES

- Stel die maatskaplike werker ***altyd*** in kennis van enige vakansiereëlings waar die pleegouers/veiligheidsouers tydens vakansies wil weggaan.
- Betrokke kinders moet verkieslik by vakansiereëlings ingesluit word, behalwe vir kinders wat hul ouers tydens vakansies besoek.

- Wanneer veiligheidsouers/pleegouers met vakansie oor die landsgrense heengaan, moet die volgende in ag geneem word:
  - aansoeke moet reeds ***twee*** maande vooraf by die betrokke maatskaplike werker ingedien word
  - aansoeke moet vergesel word van die nodige toestemming deur die biologiese ouers (indien van toepassing), volledige besonderhede van reisreëlings, verblyfreëlings en kontaknommers
  - 'n bevel word uitgereik indien die aansoek suksesvol is en geen kind mag die land verlaat sonder hierdie bevel nie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 2

## MOTIEWE VIR PLEEGSORG

### AANVAARBARE MOTIEWE

- liefde vir 'n kind
- wil graag ouerskap uitleef
- wil baie kinders hê; hou daarvan om kinders te versorg
- hou van groot huisgesinne
- het positiewe ervaring van pleegsorg
- ken vriende/familie wat kinders in pleegsorg het en dit geniet
- wil 'n naastediens lewer
- eie kinders is reeds uit die huis
- wil graag vir 'n kind in nood 'n liefdevolle ouerhuis bied

### ONAANVAARBARE MOTIEWE

- wil hê die pleegkind moet die plek van 'n gestorwe kind inneem
- wil inkomste aanvul met toelaag
- soek 'n maat vir eie kind
- om eie onvervulde aspirasies deur middel van 'n pleegkind te bereik
- om 'n huwelik te red
- om eensaamheid te verdryf
- het mislukking gemaak van die opvoeding van eie kinders en wil hulself bewys as ouers
- vir aansien in die gemeenskap; benodig die aandag

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 3

## REDES VIR DIE VERWYDERING VAN KINDERS

**Omstandighede van ouers wat aanleiding gee tot die verwydering van hul kinders (Profiel van disfunksionele ouers)**

- onwilligheid of onvermoë om vir hul kinders te sorg
- fisiese en/of emosionele verwaarlosing en mishandeling van hul kinders
- arrestasie of gevangesetting van die versorgende ouer
- ernstige gesinskonflik en gesinsgeweld
- verslawing aan alkohol en/of dwelmmiddels
- onstabiele maatskaplike funksionering, byvoorbeeld swerf rond/geen inkomste
- gebrekkige ouerskapsvaardighede wat daartoe lei dat veral kleiner kinders emosioneel en fisies verwaarloos word
- swak of geen skoolbywoning van skoolgaande kinders
- seksuele misbruik van kinders
- geestesprobleme kom voor, byvoorbeeld persoonlikheidsafwyking/skisofrenie
- emosionele onstabiliteit byvoorbeeld aanhoudende woede-uitbarstings, selfmoordpogings en depressie
- chroniese materiële nood, veral by ouers wat geen heenkome het nie en waar kinders weens die nood, ondervoed is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 4

## FASES VAN ROU NA DIE VERWYDERING VAN KINDERS

### ❑ EERSTE FASE: WITTEBROODSFASE

- Kinders wat in alternatiewe sorg geplaas is kan voorgee dat hulle geen probleme het nie.
- Hulle is baie gehoorsaam en doen alles wat hul pleegouers van hulle verwag.
- Hierdie periode kan 'n paar weke of selfs 'n paar maande duur.
- Die maatskaplike werker en die pleegouer voel gerus dat die plasing en aanpassing van die kind bevorderlik verloop.
- Hierdie gedrag is dikwels nie 'n refleksie van hul werklike aanpassing nie, maar eerder 'n refleksie van hul vrees en angs wat hulle nie kan verwerk of hanteer nie.
- Daar moet gewaak word teen die versoeking om hierdie "skyn" as die ware aanpassing te sien.

### ❑ TWEEDE FASE: TRAUMA EN ROU

- Kinders rou of treur wanneer hulle uit hul ouers se sorg verwyder word.
- Kinders beleef hartseer en rou weens verlies en skeiding.
- Hulle kan ook trauma beleef weens die mishandeling en/of verwaarlosing waaraan hulle in hul ouerhuis blootgestel was.
- Die betrokke kind verloor sy gevoel van emosionele en psigologiese sekuriteit weens die onbekende omgewing.
- Hierdie fases is soos volg:

  - **Skok:**
    - bewuswordingsfase waar die kind ingelig word oor die redes vir verwydering
    - besef ontstaan dat daar geen ander uitweg vir hom is nie

- **Ontkenning:**
  - fase van verwarring vir die kind
  - gevoelens van ongeloof en onwerklikheid word beleef
  - die kind verstaan nie altyd wat besig is om te gebeur nie
  - inligting is vir die kind flitsend van aard
  - kind kan byvoorbeeld praat asof hy die volgende dag huistoe gaan

- **Woede en protestering:**
  - sterk emosionele reaksie wat ontlok word deur situasies soos fisiese inperkinge, inmenging, verwydering van besittings en om aangeval of bedreig te word
  - voel kwaad oor dit wat met hom gebeur het, aangesien dit nie iets is wat deur hom voorkom kon word nie
  - woede en opstandigheid word dikwels op ander persone geprojekteer
  - woede kan ook op hulself gerig wees weens skuldgevoelens en hul verlies aan beheer oor omstandighede
  - die kind verwerp dikwels hulp

- **Wanhoop en depressie:**
  - gevoelens van terneergedruktheid, angs en spanning
  - lei tot sosiale isolasie, gevoelloosheid, hulpeloosheid, eensaamheid, gebrek aan konsentrasie en onvermoë om sy huidige situasie as positief te beleef
  - neig om hom te onttrek van ander
  - gedrag tydens hierdie fase kan verkeerdelik geïnterpreteer word as 'n herstelfase

## ❑ DERDE FASE: AANPASSING (LOSMAKING)

- Kind beleef aanpassing in sy pleeggesin nadat hy sy verlede en die hede deurworstel het.
- Die kind kan hom nou op die toekoms kan rig.
- Geleidelike afname in rou by die kind.
- Intensiteit van emosies wat by die vorige fases voorgekom het, verswak.

- Akute aanvalle van hartseer kan wel nog voorkom, maar tree die verlangde emosie weer op die voorgrond.
- Die kind begin weer in ander en sy omgewing belangstel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 5

## VERWAGTINGE WAT AAN PLEEGOUERS GESTEL WORD

- dat hulle saam met die maatskaplike werker in vennootskap sal tree om in die behoeftes van die betrokke kind te voorsien
- dat hulle die kind sal versorg ten opsigte van sy gesondheid, asook psigiatriese, sielkundige of ander gespesialiseerde dienste, indien nodig
- om die kind te help en die geleentheid te gee om deel te neem aan sportaktiwiteite en ontspanning
- om die kind die geleentheid te bied om 'n positiewe sosialiseringsproses te ervaar
- om die kind voldoende te klee
- om die pleegkind van sakgeld te voorsien
- om die pleegkind se biologiese ouers met besoeke te akkommodeer
- om nie die pleegkind se ouers by hom af te kraak nie, maar eerder hul beeld by die pleegkind te versterk
- die kind toelaat om vir sy familie en vriende te gaan kuier
- indien die kind se familie siek is of afsterwe, moet die pleegouers die kind self vertroos en neem vir besoeke of die begrafnis
- om die maatskaplike werker in kennis te stel van enige adresverandering
- die pleegouer moet altyd bereid wees om probleme wat mag opduik in die pleegsorgsituasie, met die maatskaplike werker te bespreek
- die pleegouer moet meehelp dat die band tussen die ouer en die kind nie verbreek word nie en die kind sal ondersteun ten opsigte van terugplasing in sy ouers se sorg
- dat die pleegouer bereid sal wees om verdere opleidingsprogramme te deurloop wat die organisasie kan aanbied ten opsigte van die voorbereiding en beoefening van pleegouerskap

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 6

## VERWAGTINGE WAT AAN BIOLOGIESE OUERS GESTEL WORD

- dat hulle samewerking aan die maatskaplike werker sal bied met die oog daarop om hulle met hul kind te herenig
- dat hulle die pleegouers as die primêre versorgers van hul kind sal eerbiedig
- dat hulle die maatskaplike werker in kennis sal stel van enige adres- en werksverandering
- om gereeld besoeke na te kom wat deur die maatskaplike werker gereël is
- om nie die pleegouers by die kind af te kraak nie en die kind behulpsaam te wees om aan sy pleegouers die nodige respek te toon
- dat hulle bereid sal wees om verdere programme te deurloop wat die organisasie aanbied ten opsigte van verryking, opleiding en beoefening van positiewe ouerskap

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 7

## VERWAGTINGE WAT AAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER GESTEL WORD

- dat die keuse van 'n pleegkind eerbiedig sal word
- dat die maatskaplike werker die pleegouers se vrae sal beantwoord rondom pleegsorg en die pleegkind
- om ondersteuning en onderskraging te bied ten opsigte van die pleegouers se rol en verantwoordelikheid as pleegouer
- om bystand te verleen aan die pleegouers met betrekking tot probleme en gedrag van die biologiese ouers asook wyses oor hoe om die biologiese ouers te hanteer
- om al die betrokke partye met die nodige respek te behandel
- die maatskaplike werker moet beskikbaar en bereikbaar wees
- dat die organisasie gereeld opleidingskursusse sal aanbied wat voorsien in die betrokke partye se behoeftes
- dat die maatskaplike werker dienste sal lewer aan al die betrokke partye ten opsigte van behoeftes en probleme wat bestaan
- dat daar oop kommunikasie sal wees tussen die maatskaplike werker en al die betrokke partye
- dat gesamentlike beplanning van die pleegkind se toekoms deur die maatskaplike werker, die pleegouers asook die biologiese ouers sal geskied
- dat die maatskaplike werker voldoende inligting aan die pleegouers ten opsigte van die pleegkind en sy omstandighede sal verskaf, sodat pleegouers sal weet hoe om die pleegkind te hanteer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 8

## REGTE VAN PLEEGKINDERS

- om met respek en agting behandel te word
- om van hul regte, asook die toepassing daarvan in kennis gestel te word
- om binne 'n gesin wat opgelei is om in sy behoeftes te voorsien, groot te word
- om kwaliteit opvoedkundige opleiding en mediese dienste te ontvang
- om sover moontlik kontak te behou met die gesin van oorsprong
- pleegkinders het die reg tot professionele ondersteuning en dienste om in hul behoeftes te voorsien
- om in besluitneming rondom hul toekoms, deel te neem
- om in dieselfde gemeenskap of 'n toepaslike gemeenskap waarin hulle ouers is, geplaas te word
- om teen enige vorm van mishandeling, verwaarlosing, verlating, wreedheid of enige vorm van uitbuiting, beskerm te word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 9

## REGTE VAN PLEEGOUERS

- om as individu met respek en agting behandel te word
- om opgelei te word in die pleegsorgpraktyk en voorberei te word op moontlike veranderinge wat in hul gesin kan intree wanneer 'n kind by hulle geplaas is
- om 'n duidelike aanduiding te gee oor die verwagte tydperk van die plasing
- om deurlopend ondersteuning en leiding te ontvang, soos wat die pleegsorgproses verloop
- om voor die pleegsorgplasing toegang te hê tot tersaaklike inligting rondom die kind
- ontvang 'n pleegkindtoelaag as finansiële bystand om die kind te versorg
- biologiese ouers het nie vrye toegang tot die pleegouers se woning of tot die kind nie
- pleegouers verkry nie voogdyskap oor die kind nie:
  - kan nie toestemming verleen vir narkose by mediese behandeling
  - kan nie toestemming verleen vir die kind se huwelik nie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 10

## REGTE VAN BIOLOGIESE OUERS

- om met respek en agting behandel te word
- om deur middel van telefoonoproepe, briewe en besoeke soos geskeduleer, toegang tot hul kind te hê
- om op hoogte gehou te word oor hul kind se vordering en by spesiale gebeurtenisse ingesluit te word
- om deel te wees van die beplanning van dienste
- inskakeling by gesinsherenigingsdienste om die hereniging van die gesin te bevorder
- moet steeds toestemming verleen tot:
  - narkose by mediese behandeling
  - vir hul kind se huwelik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 11

## STRAFMAATREëLS/ALTERNATIEWE DISSIPLINERINGSMETODES

## ALGEMENE RIGLYNE

- pleegkinders is "andermanskinders"
- lyfstraf in watter vorm ookal, is onwettig
- dissipline in die vorm van lyfstraf kan deur pleegkinders as mishandeling beleef word, veral as hulle in hul ouerhuis aan fisiese mishandeling blootgestel was
- pleegkinders mag nie gedreig word met verwydering as hulle ongehoorsaam is nie, aangesien dit net tot verdere gevoelens van verwerping en vrees by die kind sal lei
- pleegkinders mag ook nie gestraf word deur die weiering van toegang of kontak met hul ouers nie, of om hulle sonder kos bed toe te stuur nie

## ALTERNATIEWE DISSIPLINERINGSMETODES

- stel duidelike grense, met ander woorde moet aanvanklik nie onaanvaarbare gedrag laat begaan omdat hulle vir die kind jammer voel nie
- die straf moet onmiddellik wees, selfs al beteken dit die kind moet dít waarmee hy besig is, eers los om sy straf "uit te dien"
- moet nooit in 'n woordewisseling ("shouting match") met die kind betrokke raak nie
- waak daarteen om jouself te herhaal, waar die kind byvoorbeeld gevra word om iets te doen – tree onmiddellik op as die kind na die eerste waarskuwing nog nie gereageer het nie
- ontneem die kind van voorregte en hou daarby
- prys goeie gedrag deur byvoorbeeld sekere belonings te bied vir goeie gedrag
- "time-out", waar die kind op 'n stoel moet sit en na die muur kyk – hy mag ook nie praat of daarvan af opstaan nie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 12

## KONTAK TUSSEN DIE PLEEGKIND EN SY BIOLOGIESE OUERS

- **REDES VIR KONTAK**

- dit bespoedig die terugplasing van die kind in sy ouers se sorg – dit is tog die uiteindelike doel van pleegsorg
- dit bevorder die kind se gevoel van welwees – die kind beleef nie dat sy ouers hom weggegooi het nie
- dra by tot gesonde identiteitsontwikkeling
- hou die band van gehegtheid in stand
- die kind beweeg gouer deur sy roufase

- **TIPES KONTAK**

- briefwisseling/e-pos
- telefoniese kontak/sms-boodskappe
- kantoorbesoeke (sonder of met toesig van 'n maatskaplike werker)
- besoeke aan huis van die pleegouers
- dagbesoeke
- oorslaapbesoeke (naweke, langnaweke en/of vakansies)

- **ONTHOU-**

- ***Kontak kan gestruktureerd of ongestruktureerd wees.***
- ***Die maatskaplike werker moet die nodige toestemming vir kontak en besoeke verleen selfs by <u>verwante</u> pleegplasings.***

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 13

## EMOSIONELE PROBLEME EN DIE HANTERING DAARVAN

- **LAE SELFBEELD**

- Die pleegkind met 'n lae selfbeeld erken nie sy vermoëns nie en maak ook nie vrede met sy onvermoëns nie.
- Selfaanvaarding is dus belangrik vir positiewe sosiale funksionering.
- Ouerlike liefde, aanvaarding, respek, ondersteuning en belangstelling is belangrik vir positiewe gevoelens teenoor die self.
- Ontbering/ontneming van bogenoemde manifesteer by die kind in die vorm van 'n lae selfbeeld en eie waarde, wat weer lei tot twyfel, vrese en 'n behoefte aan sekuriteit.

- **Hantering**

- deur die pleegkind onvoorwaardelik te aanvaar
- bied aan hom sekerheid ten opsigte van hulle as (pleeg)ouers
- prys hom vir klein dingetjies wat hy baasraak
- waak daarteen om té hoë verwagtings aan die pleegkind te stel
- wees hom behulpsaam om take te bemeester (byvoorbeeld om eerder vir hom take te gee wat binne sy vermoë en op sy intellektuele vlak is)

- **GEBREK AAN 'N EIE IDENTITEIT**

- 'n Kind wil sekerheid hê ten opsigte van die vraag: "Wie is ek?"
- Hy wil ook sekerheid hê oor sy sosiale identiteit en oor sy eie waarde en ideale.
- 'n Pleegkind identifiseer hom met sy biologiese gesin; dit kan vir hom verwarrend wees om in 'n nuwe gesin aan te pas.
- Hierdie kind weet dus nie wie hy is of waar hy tuishoort nie.

## Hantering

- die kind moet die geleentheid hê om self keuses te maak
- fokus op sy smake en belangstellings, met ander woorde om hom te help om 'n eie identiteit te ontwikkel
- wys die kind daarop as daar spesifieke eienskappe aan homself is wat hom uniek maak en as hy eienskappe het wat hom vir ander aanvaarbaar maak
- die pleegkind moet beleef dat hy êrens behoort

## AGGRESSIE

- aggressie is 'n instinktiewe respons wat by alle mense voorkom; dit dra by tot oorlewing en voortbestaan
- wanneer iemand nie sy sin kry nie, kan frustrasie ervaar word waarop dan met aggressie gereageer word
- aggressie is die gevolg van 'n onvermoë om sosiale inligting toereikend te verstaan
- aggressiewe gedrag word aangeleer deur die ***versterking*** van aggressiewe optrede en die nabootsing van aggressiewe modelle
- aggressie verkry ander mense se aandag
- kinders wil graag kwaad bly, aangesien hulle dit as 'n "wapen" beskou
- kinders wil beheer verkry deur byvoorbeeld uiting te gee aan woede-uitbarstings
- woede kan 'n kind bemagtig
- dit word gebruik as verskoning vir 'n kind se onwilligheid om iets te doen
- soms word die kind se woede jeens homself gerig

## Hantering

- **Bewuswording:**
  - laat die kind oor sy aggressie praat, dit noem, meld waar dit vandaan kom en hoe hy op die oomblik voel
  - laat die kind praat oor hoe hy dit sal wil uitdruk

- **Luister:**
  - luister baie aandagtig na die kind
  - hou in gedagte dat die kind met 'n rede aggressie openbaar
  - luister na die boodskap agter die woorde

- **Uitdrukking van negatiewe energie:**
  - byvoorbeeld deur 'n telefoonboek stukkend te skeur, teen 'n koerantpapier te slaan, 'n kussinggeveg te hou, 'n slaansak aan te skaf vir die kind, mekaar te gooi met waterbalonne, om die blok te hardloop, ensovoorts

- **Erken die woede:**
  - gee 'n samevatting aan die kind oor wat die pleegouers by hom hoor

- **Vra verskoning vir die woede:**
  - die pleegouers kan byvoorbeeld vir die pleegkind noem dat hulle namens die pleegkind se biologiese ouers vir hom om verskoning vra vir die emosionele pyn wat hy ervaar en hom die versekering gee dat hy dit nie verdien het nie

- **Stem saam met die woede:**
  - moedig die kind aan dat hy sy woede fisies en emosioneel beleef
  - die kind kry dus toestemming om aan sy woede uiting te gee op 'n sosiaal aanvaarbare wyse

- **Keuse vir die uitdrukking van woede:**
  - vra die kind wat hy nodig het om vir die persoon te sê vir wie hy kwaad is
  - 'n kind kan gehelp word om sy woede uit te "speel"

## GEBREK AAN BINDING

- Pleegkinders het gewoonlik nooit normale bindings met hul biologiese ouers gehad nie.
- Hulle het geen ervaring ten opsigte van emosionele gebondenheid nie.

- 'n Kind met ernstige bindingsprobleme weens die onverwerkte verlies van 'n primêre bindingsfiguur (ouer) , het 'n bindingsversteuring.
- Kinders met 'n bindingsversteuring ervaar veral emosies van vrees, woede, hartseer, pyn en skaamte weens die verlies aan 'n bindingsfiguur (ouer).
- Hierdie kinders vertrou nie volwassenes nie, wys hulle toenadering af en isoleer hulself.
- Pleegouers kan frustrasie beleef en radeloos voel as hulle heeltyd liefde gee en niks terug van die kind af ontvang nie.
- Die pleegouers kan hierdie kind as ondankbaar beskou.

## Hantering

- moet nie die pleegkind ignoreer of verwyt nie
- laat die kind sy "terugtrekking" verdien deur eers vir 'n paar minute by die pleegouers deur te bring voordat hy mag kamer toe gaan
- as 'n kind wat afkeer toon aan omhelsing en hom daaruit losmaak kan gesê word: "Jy wil wegkom, seker omdat ek jou so lanklaas 'n drukkie gegee het, daarom moet jy nou 'n ekstra een kry"
- as die kind byvoorbeeld 'n soen wat hy kry afvryf, kan gesê word: "O, jy dink jy vee die soen af, maar eintlik vryf jy dit dieper in
- oogkontak is belangrik

## LEUENTAAL

- Leuens kan gebruik word om onaanvaarbare gedrag te verbloem of om konfrontasie te vermy.
- Tipes leuens:
  - fantasieleuens
  - leuens om aandag te trek
  - verdedigingsleuens (jok om uit die moeilikheid te kom)
  - kompenserende leuens (kind vertel aan sy maats hoe sterk sy vader is)
  - wraaksugtige leuens (die doel is om iemand in onguns te bring)
  - patologiese leuens (doelbewuste verdraaiing van die waarheid)

## Hantering

- wys die pleegkind daarop as hy leuens vertel
- moet nie die leuens ignoreer nie.
- dieselfe dissiplineringsmetodes soos in die vorige sessie bespreek, kan ook hier aangewend word
- die pleegkind moet duidelik verstaan dat aanhoudende leuentaal onaanvaarbaar is

## ENURESE EN ENKOPRESE

- **Enurese:** Onwillekeurige urinering in die slaap wat gewoonlik by kinders voorkom, deur fisiese of psigiese faktore veroorsaak word en wat meestal van verbygaande aard is.
- **Enkoprese:** Onwillekeurige ontlasting wat nie deur siekte of enige organiese wanfunksionering veroorsaak word nie, maar met swak toiletonderrig of emosionele probleme geassosieer word.
- Enurese kom meer gereeld by getraumatiseerde kinders voor as enkoprese.
- Enkoprese kan ook gesien word as 'n onbewuste poging van die kind om beheer uit te oefen in 'n situasie wat vir hom bedreigend is en kan dit ook 'n wyse wees van die uitdrukking van aggressie.

## Hantering

- neem die kind eerstens vir 'n mediese ondersoek sodat enige onderliggende mediese toestande as oorsaak daarvoor, uitgeskakel kan word
- moet nooit met woede reageer as die kind die bed benat of homself bevuil nie
- beloon die kind vir elke aand wat hy byvoorbeeld nie sy bed natgemaak of homself bevuil het nie
- moet nooit spanning by kind laat ontstaan waar hy byvoorbeeld elke keer verneder word wanneer hy homself bevuil of natmaak nie
- vermy vloeistowwe kort voor slaaptyd
- maak die kind in die middel van die nag wakker om "glipsies" te voorkom

## PSIGOSOMATIESE SIEKTETOESTANDE

- Term verwys na siektes wat nie werklik bestaan nie.
- Daar is geen fisiese rede vir die pyn of siekte nie.
- Dis 'n manier waarop die kind aan sy omgewing weergee dat hy 'n emosionele probleem ondervind.
- 'n Kind kan psigosomatiese siekte openbaar wanneer hy emosionele spanning beleef of wanneer aandag gesoek word.

## Hantering

- deur die nodige emosionele aandag aan die pleegkind te bied, sal die toestand vinnig verdwyn

## EETVERSTEURINGS

### Anorexia nervosa:

- abnormale vrees om vet te wees
- simptome daarvan is vinnige en abnormale gewigsverlies, weiering om 'n normale liggaamsmassa te handhaaf en 'n verwronge siening van die liggaam
- is gepreokkupeerd daarmee om heeltyd in 'n spieël te kyk
- oordoen deurlopend oefeninge

### Bulimie:

- word gekenmerk deur episodes van ooreting en 'n gevoel van neerslagtigheid na die ooreetsessie
- hierdie ooreetsessies word meestal beplan en weggesteek van ander
- na afloop van die ooreetsessies, word al die voedsel weer opgebring
- lakseermiddels word ook misbruik

## Ander situasies:

- kinders wat aan ernstige verwaarlosing blootgestel was, vergryp hulself dikwels in hul nuwe versorgingsposisies aan voedsel
- hulle weet nie wanneer hulle versadig is en moet stop nie
- hulle sal byvoorbeeld eet totdat hulle siek is
- hierdie optrede moet nie met bulimie verwar word nie
- kinders wat verwaarloos was, reageer op instink en oorlewing en sal baie eet uit vrees dat daar vir 'n lang tydperk nie weer voedsel sal wees nie
- hierdie is egter nie 'n ernstige probleem nie

## Hantering

### Anorexia nervosa en bulimie:

- die kind moet geneem word vir 'n mediese ondersoek
- benodig sielkundige/psigiatriese behandeling
- dit sal nie help om die kind byvoorbeeld te dwing om te eet nie

### Ander situasies:

- wys die kind daarop dat hy genoeg gehad het om te eet
- verseker die kind dat daar met die volgende maaltyd weer genoeg voedsel sal wees
- vasgestelde etensure sal die kind ook mettertyd gerusstel en sal die kind binnekort weer normaal begin eet

## DEPRESSIE

- gevoel van intense neerslagtigheid
- die depressiewe gevoel kan wissel van 'n relatief ligte melancholie tot 'n gevoel van totale hulpeloosheid, wanhoop en eensaamheid
- die gevoel van depressie klaar ook nie op soos in die geval van normale bedruktheid nie
- simptome van depressie:
  - eet- en gewigsversteurings
  - slaapversteurings

- verlies aan belangstelling of genot
- psigomotoriese versteurings: persoon is uitermate lusteloos of uitermate rusteloos
- verlies aan energie
- isolasie
- angs en spanning
- lae eiewaarde en skuldgevoelens
- geen toekomsvisie en –beplanning
- probleme om te dink of te konsentreer
- herhalende gedagtes rakende die dood of selfmoord

## ❑ Hantering

- ➢ die simptome moet nie geïgnoreer word nie
- ➢ moet nie ongeduldig raak met die kind nie
- ➢ moenie die gevoelens as niksseggend beskou nie
- ➢ indien daar meer as twee van bogenoemde simptome by die kind bespeur word, is dit nodig dat die kind na 'n sielkundige of psigiater verwys word
- ➢ behandeling kan dalk terapie en/of medikasie behels

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 14

## HANTERING VAN DIE KIND MET MIV/VIGS

### FEITE GEGEWENS

- VIGS word veroorsaak deur 'n virus, genoem MI.
- Hierdie virus is bekend daarvoor dat dit die immuniteit verswak.
- Hierdie virus dring die liggaam se selle binne, wat die liggaam teen infeksies en siektes moet beskerm, en vernietig dit.
- Hierdie selle vervaardig dan meer van die virus.
- Die MI-virus kan oorgedra word deur middel van semen, bloed en moedersmelk.
- 'n Persoon wat met die virus besmet is, kan nog vir baie jare 'n gesonde lewe lei, mits die persoon 'n positiewe lewenstyl handhaaf.
- Die redes vir die toename is ***verwante*** pleegplasings in Suid-Afrika, is dat baie kinders wees gelaat word weens hul ouers se afsterwe as gevolg van VIGS-verwante siektes

### Hantering

- pleegouers moet besef dat MIV/VIGS 'n realiteit is
- hierdie harde werklikhede moet aan die pleegkind oorgedra word
- pleegkinders wat MIV positief is, moet 'n gesonde lewenstyl handhaaf deur 'n gesonde en gebalanseerde dieët te volg, hul anti-retrovirale middels korrek en getrou te neem en vir mediese ondersoeke te gaan
- hierdie kind moet nooit voel dat hy verwerp of geëtiketteer word nie
- aanvaarding en liefde is baie belangrik
- pleegouers moet daarteen waak om bevooroordeeld te wees
- dit is ook die pleegouers se plig om hierdie kinders op te voed met die wete dat hulle daarvoor verantwoordelik is om "veilig" te wees vir ander kinders en persone om hom:
  - hierdie kinders moet besef dat losbandigheid vir seksmaats ook 'n risiko inhou
  - ander mense mag nie in direkte aanraking met hul bloed kom nie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 15

## ROL EN TAAK VAN PLEEGOUERS

### ➢ Fisiese versorging van die pleegkind:

- dit sluit in voldoende voeding, kleding en beskutting van die pleegkind
- behels ook alle gesondheidsorg en skolastiese opvoeding

### ➢ Emosionele versorging van die pleegkind:

- kinders benodig ook liefde en sekuriteit
- 'n kind wat in pleegsorg geplaas word, is gewoonlik emosioneel geskaad
- pleegouers is meestal eerste om emosionele probleme by die pleegkind te identifiseer
- ondersteuning van die pleegkind vir solank hy in hul sorg verkeer
- help hom om die verlies aan sy biologiese ouers te bowe te kom

### ➢ Sosiale ontwikkeling van die pleegkind:

- die pleegkind is 'n individu met die behoefte om te sosialiseer, sosiaal aanvaarbaar te wees en om sy eie identiteit te behou
- die pleegouers moet die kind aanvaar soos wat hy huidiglik is, maar met erkenning van sy verlede en agtergrond
- die pleegouers moet dus ook die biologiese ouers aanvaar
- help die pleegkind om positiewe en hegte bande met hul eie kinders te vestig

### ➢ Opvoedkundige ontwikkeling van die pleegkind:

- vergesel die kind op sy eerste dag by die nuwe skool, om aanpassing in 'n nuwe skool vir die pleegkind te vergemaklik
- lig die skoolhoof en onderwysers in oor die kind se omstandighede en die rol wat hulle as sy pleegouers vervul
- toon belangstelling in die kind deur hom te help met sy huiswerk, reëlings te tref vir remediërende klasse, en deur die kind aan te moedig om deel te neem aan sport en ander skoolaktiwiteite

- opvoedingstake: aanleer van sosiaal aanvaarbare gedrag, aanleer van maniere, padveiligheid en higiëne

## ➢ Samewerking met die maatskaplike werker:

- pleegouers moet hul volle samewerking aan die betrokke maatskaplike werker gee
- effektiewe dienste kan slegs gelewer word waar daar 'n goeie verhouding tussen die pleegouers en die maatskaplike werker bestaan
- inligting vanaf die pleegouers ten opsigte van die pleegkind se aanpassing en algemene gedrag is van groot waarde vir die maatskaplike werker

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UITDEELSTUK 16

## GESIN AS SISTEEM OM KINDERS TE HEEL

- **KENMERKE VAN 'N GESIN**

- Gesinne het 'n sekere graad van emosionele binding.
- Gesinne het vaste rigting en doelwitte vir die toekoms.
- Gesinne kan en kan ook nie, biologies aan mekaar verwant wees.

- **GESONDFUNKSIONERENDE GESINNE BIED -**

### Stabiliteit en veiligheid vir die kind sowel as die gesin:

- Skep 'n deurlopende warm, omgee omgewing.
- Die kind ontwikkel gevolglik 'n gesinsidentiteit, 'n gevoel van behoort en binding.
- Die kind moet veilig voel en wees in die gesinsomgewing.
- Stabiliteit word ook gekoppel aan finansiële sekuriteit, wat voldoende beskutting, voeding en kleding behels.

### Gesondheid en opvoeding:

- Gesinne sorg vir gesondheid en verskaf goeie voeding, gesonde groei en opvoeding.
- Gesinne leer ook moraliteit, respek, publieke aanvaarding en selfversorging.
- Sosiale rolle word binne die gesin as sisteem aangeleer.

### Bevoegdheid:

- Gesinne voorsien emosionele ondersteuning sodat die sosiaal emosionele bevoegdheid van die lede in die gesin, op die voorgrond tree.
- Dis ook 'n bron van selfbeeld, motivering vir prestasie en dien ook as motivering vir sy lede.
- Dit bied aan die lede geestelike en spirituele oriëntasie, gesinsbande en waardes.